

Troos, troos my volk

(Jes 40:1)

Die enigste troos van die Heidelbergse Kategismus

Handleiding by die Heidelbergse Kategismus

Deur

Dr AH Bogaards

© Kopiereg: AH Bogaards

troos333@gmail.com

Selnommer 0814186362

Tweede uitgawe

2021

Opgedra aan my kinders, Henk en Marlene, en my kleinkinders, Moné en Mika.

Ps 119:9-14: Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord. Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooie nie. Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. Lofwaardig is U, o HERE! Leer my u insettinge! Ek het met my lippe vertel al die verordeninge van u mond. Ek is vrolik in die weg van u getuienisse soos oor allerhande rykdom.

Voorwoord

“Die Heidelberger, die eenvoudige Heidelberger, hou daaraan vas, my kinders!” Dit was die woorde van Hermann Friedrich Kohlbrugge (1803-1875) op sy sterfbed. Dit is ook my oproep aan ons jeug en aan elkeen wat hierdie boek lees.

Die Heidelbergse Kategismus is ’n skatkamer. Dit put sy rykdom uit die goudmyn van die Woord.

Ons belydenis wil die Skrif naspreek. Wie daarom die Kategismus wil verklaar, moet dit vanuit die Woord doen.

Ons belydenis wil die Woord naspreek. Daarom is dit ’n geweldige eenheid. Wie daarom die Kategismus wil verklaar, moet Kategismus met Kategismus verklaar.

Christus word hierin verheerlik. Vraag en antwoord 1 laat ons sien wat God in Christus gedoen het en nog doen en soos ’n goue draad loop dit deur tot aan die einde van Sondag 52.

Verskeie persone het die verskyning hiervan moontlik gemaak deur hulle finansiële bydrae en aanmoediging. My hartlike dank aan elkeen van hulle.

Mevrou Hermien Söhnge het met groot toewyding en deeglikheid die taalkundige versorging gedoen.

My vrou en seun se ondersteuning deur die jare heen was kosbaar en onmisbaar.

Bo alles wil ek die Here dank vir sy hulp. Hy alleen ontsluit die skatkamer van die Skrif vir ons en Hy alleen gee ons oë om sy Seun te sien.

Dr AH Bogaards

Contents

Troos, troos my volk	1
Voorwoord	3
Sondag 1.....	22
Ons enigste troos.....	22
Vraag 1.....	23
Antwoord 1	23
Vraag 2.....	25
Antwoord 2	26
Sondag 2.....	27
Christus openbaar deur sy wet ons ellende	27
Vraag 3.....	28
Antwoord 3	28
Vraag 4.....	29
Antwoord 4	29
Vraag 5.....	29
Antwoord 5	29
Sondag 3.....	31
Christus openbaar deur sy Woord die oorsprong van ons sonde en ellende.....	31
Vraag 6.....	31
Antwoord 6	32
Vraag 7.....	33
Antwoord 7	33
Vraag 8.....	34

Antwoord 8	34
Sondag 4.....	36
God straf ons sondes en daarin is Hy absoluut regverdig.....	36
Vraag 9.....	37
Antwoord 9	37
Vraag 10.....	38
Antwoord 10	38
Vraag 11.....	38
Antwoord 11	38
Sondag 5.....	41
Daar is net een manier om van die regverdige straf vry te kom: deur te betaal.....	41
Vraag 12.....	42
Antwoord 12	42
Vraag 13.....	43
Antwoord 13	43
Vraag 14.....	43
Antwoord 14	43
Vraag 15.....	44
Antwoord 15	44
Sondag 6a.....	45
Christus openbaar in sy Woord die vereistes vir die middelaar en wie hierdie verlosser is	45
Vraag 16.....	46
Antwoord 16	46

Vraag 17.....	46
Antwoord 17	47
Vraag 18.....	47
Antwoord 18	47
Sondag 6b.....	49
God maak die Middelaar bekend deur die Woord.....	49
Vraag 19.....	49
Antwoord 19	49
Sondag 7.....	52
Deur die geloof kry ons deel aan die Middelaar	52
Vraag 20.....	53
Antwoord 20	53
Vraag 21.....	54
Antwoord 21	54
Vraag 22.....	55
Antwoord 22	55
Vraag en Antwoord 23.....	56
Sondag 8.....	57
Die indeling van die Twaalf Artikels: God Drie-enig	57
Vraag 24.....	57
Antwoord 24	57
Vraag 25.....	59
Antwoord 25	60
Sondag 9.....	61

Die troos van God se Vaderskap.....	61
Vraag 26.....	61
Antwoord 26	61
Sondag 10.....	66
Die troos van God die Vader se voorsienigheid	66
Vraag 27.....	66
Antwoord 27	67
Vraag 28.....	69
Antwoord 28	69
Sondag 11.....	71
Die Naam Jesus.....	71
Vraag 29.....	71
Antwoord 29	71
Vraag 30.....	73
Antwoord 30	74
Sondag 12a.....	75
Die Naam Christus.....	75
Vraag 31.....	75
Antwoord 31	76
Sondag 12b.....	81
Die naam Christen.....	81
Vraag 32.....	81
Antwoord 32	81
Sondag 13.....	86

Jesus die eniggebore Seun van God en ons Here.....	86
Vraag 33.....	86
Antwoord 33	86
Vraag 34.....	88
Antwoord 34	89
Sondag 14.....	91
Die neerdalende lyn (1): die geboorte van ons Here.....	91
Vraag 35.....	92
Antwoord 35	92
Vraag 36.....	94
Antwoord 36	95
Sondag 15.....	96
Die neerdalende lyn (2): lyding onder Pilatus en kruisiging	96
Vraag 37.....	97
Antwoord 37	97
Vraag 38.....	99
Antwoord 38	99
Vraag 39.....	100
Antwoord 39	101
Sondag 16a.....	103
Die neerdalende lyn (3): dood, begrafnis.....	103
Vraag 40.....	104
Antwoord 40	104
Vraag 41.....	104

Antwoord 41	105
Vraag 42.....	105
Antwoord 42	105
Vraag 43.....	106
Antwoord 43	106
Sondag 16b.....	108
Die neerdalende lyn (4): neerdaling na die hel	108
Vraag 44.....	108
Antwoord 44	108
Sondag 17.....	112
Die opstygende lyn (1): die opstanding van Christus	112
Vraag 45.....	112
Antwoord 45	112
Sondag 18.....	117
Die opstygende lyn (2): die hemelvaart van Jesus.....	117
Vraag 46.....	118
Antwoord 46	118
Vraag 47	119
Antwoord 47	119
Vraag 48.....	120
Antwoord 48	120
Vraag 49.....	120
Antwoord 49	121
Sondag 19a.....	123

Die opstygende lyn (3): Christus het gaan sit aan God se regterhand	123
Vraag 50.....	123
Antwoord 50	123
Vraag 51.....	124
Antwoord 51	124
Sondag 19b.....	127
Die opstygende lyn (4): Christus kom weer om te oordeel	127
Vraag 52.....	127
Antwoord 52	128
Sondag 20.....	132
Wat ons glo van die Heilige Gees.....	132
Vraag 53.....	132
Antwoord 53	132
Sondag 21.....	137
Die kerk, die gemeenskap van die heiliges en die vergewing van sondes.....	137
Vraag 54.....	138
Antwoord 54	138
Vraag 55.....	143
Antwoord 55	143
Vraag 56.....	144
Antwoord 56	144
Sondag 22.....	146
Die opstanding van die vlees en die ewige lewe.....	146
Vraag 57.....	146

Antwoord 57	147
Vraag 58.....	149
Antwoord 58	150
Sondag 23.....	152
Deur die geloof geregverdig	152
Vraag 59.....	153
Antwoord 59	153
Vraag 60.....	153
Antwoord 60	153
Vraag 61.....	156
Antwoord 61	156
Sondag 24.....	158
Ons goeie werke.....	158
Vraag 62.....	158
Antwoord 62	159
Vraag 63.....	160
Antwoord 63	160
Vraag 64.....	161
Antwoord 64	161
Sondag 25.....	162
Die Woord en die sakramente.....	162
Vraag 65.....	163
Antwoord 65	163
Vraag 66.....	164

Antwoord 66	165
Vraag 67	166
Antwoord 67	166
Vraag 68.....	167
Antwoord 68	167
Sondag 26.....	168
Die sakrament van die doop.....	168
Vraag 69.....	169
Antwoord 69	169
Vraag 70.....	170
Antwoord 70	170
Vraag 71.....	173
Antwoord 71	173
Sondag 27.....	174
Waarheen die doop wys; die kinderdoop.....	174
Vraag 72.....	175
Antwoord 72	176
Vraag 73.....	176
Antwoord 73	176
Vraag 74.....	177
Antwoord 74	177
Sondag 28.....	180
Die heilige nagmaal	180
Vraag 75.....	181

Antwoord 75	182
Vraag 76.....	183
Antwoord 76	183
Vraag 77 en Antwoord 77	183
Sondag 29 en 30a.....	184
Die verskil tussen die nagmaal en die Roomse mis	184
Vraag 78.....	185
Antwoord 78	185
Vraag 79.....	186
Antwoord 79	186
Vraag 80.....	187
Antwoord 80	188
Sondag 30b.....	191
Wie mag en wie mag nie aan die nagmaal kom nie.....	191
Vraag 81.....	191
Antwoord 81	192
Vraag 82.....	197
Antwoord 82	197
Sondag 31.....	198
Die sleutels van die hemelryk	198
Vraag 83.....	199
Antwoord 83	199
Vraag 84.....	201
Antwoord 84	201

Vraag 85.....	202
Antwoord 85	202
Sondag 32.....	204
Die noodsaak van goeie werke	204
Vraag 86.....	204
Antwoord 86	205
Vraag 87	208
Antwoord 87	208
Sondag 33.....	210
Die bekering.....	210
Vraag 88.....	211
Antwoord 88	211
Vraag 89.....	214
Antwoord 89	214
Vraag 90.....	215
Antwoord 90	215
Vraag 91.....	216
Antwoord 91	216
Sondag 34.....	218
Die Wet. Die Eerste Gebod: Ons moet die HERE alleen dien	218
Vraag 92.....	220
Antwoord 92	220
Vraag 93.....	221
Antwoord 93	221

Vraag 94.....	222
Antwoord 94	222
Vraag 95.....	223
Antwoord 95	224
Sondag 35.....	226
Die Tweede Gebod: Ons moet die HERE slegs dien soos Hy dit in sy Woord beveel ..	226
Vraag 96.....	226
Antwoord 96	227
Vraag 97	232
Antwoord 97	232
Vraag 98.....	232
Antwoord 98	233
Sondag 36.....	235
Die Derde Gebod: Die Naam van die HERE.....	235
Vraag 99.....	235
Antwoord 99	238
Vraag 100.....	241
Antwoord 100	241
Sondag 37.....	242
Die Derde Gebod: Die Godvresende eed.....	242
Vraag 101.....	242
Antwoord 101	242
Vraag 102.....	244
Antwoord 102	245

Sondag 38.....	246
Die Vierde Gebod: Die dag van die HERE	246
Vraag 103.....	246
Antwoord 103	247
Sondag 39.....	251
Die Vyfde Gebod: Gesag.....	251
Vraag 104.....	251
Antwoord 104	252
Sondag 40.....	257
Die Sesde Gebod: Respek vir lewe	257
Vraag 105.....	258
Antwoord 105	259
Vraag 106.....	261
Antwoord 106	261
Vraag 107.....	261
Antwoord 107	261
Sondag 41.....	264
Die Sewende Gebod: Kuisheid binne én buite die huwelik.....	264
Vraag 108.....	264
Antwoord 108	264
Vraag 109.....	269
Antwoord 109	269
Sondag 42.....	271
Die Agste Gebod: Ons en ons naaste se besittings	271

Vraag 110.....	271
Antwoord 110	271
Vraag 111.....	276
Antwoord 111	276
Sondag 43.....	279
Die Negende Gebod: Ons woord en ons naaste se goeie naam	279
Vraag 112.....	279
Antwoord 112	279
Sondag 44.....	284
Die Tiende Gebod en ‘n terugblik op die Wet.....	284
Vraag 113.....	285
Antwoord 113	285
Vraag 114.....	286
Antwoord 114	286
Vraag 115.....	287
Antwoord 115	287
Sondag 45.....	290
Die gebed	290
Vraag 116.....	292
Antwoord 116	292
Vraag 117.....	293
Antwoord 117	293
Vraag 118.....	294
Antwoord 118	295

Vraag en antwoord 119.....	295
Sondag 46.....	297
Die Onse Vader: Die aanhef	297
Vraag 120.....	297
Antwoord 120	297
Vraag 121.....	300
Antwoord 121	300
Sondag 47.....	302
Die eerste bede: Laat u Naam geheilig word	302
Vraag 122.....	302
Antwoord 122	303
Sondag 48.....	308
Die tweede bede: Laat u koninkryk kom	308
Vraag 123.....	308
Antwoord 123	308
Sondag 49.....	314
Die derde bede: Laat u wil geskied.....	314
Vraag 124.....	314
Antwoord 124	314
Sondag 50.....	319
Die vierde bede: Gee ons ons daaglikse brood	319
Vraag 125.....	319
Antwoord 125	320
Sondag 51.....	324

Die vyfde bede: Vergeef ons ons skulde.....	324
Vraag 126.....	324
Antwoord 126	325
Sondag 52.....	329
Die sesde bede en slot van ons gebed	329
Vraag 127.....	330
Antwoord 127	330
Vraag 128.....	334
Antwoord 128	334
Vraag 129.....	336
Antwoord 129	336
Enkele geraadpleegde bronne	337
Bylaag oor Sondag 1	340
Tot roem en prys van Gods genade.....	340
Sondag 1 'n voorlied van die skrywer	340
1. Vraag en antwoord 1 is 'n lied oor God se werk in Christus.....	340
2. Vraag 2 tot 129 'n verdere uitwerking van die lied van God se daad.....	341
3. Die hart van hierdie lied is wat God gedoen het in Christus	341
4. Psalm 25, 'n gebedspsalms.....	341
5. Om die lied van die Kategismus te verstaan, is 'n gebedsaak	342
6. Die verheerliking van Christus is my lewenslied dwarsdeur die lesse	343
Inleiding: die goue draad	344
1. Hou hierdie kosbare belydenis vas	344
2. Christus word in die Kategismus verheerlik	344

3. Die Vader en die Heilige Gees word in Christus ten hoogste geëer en verbly ...	344
4. Hoe ons die Kategismus moet verstaan en verklaar	344
Les 1: Vraag 1. Ons enigste Troos.....	346
1. Die groot belangrikheid van die voorwoord van die Kategismus.....	346
2. Vraag 1: troos, enigste, in lewe en in sterwe, jou	346
Les 2: Antwoord 1a. Die hoofgedagte: die eiendom van my getroue Saligmaker!	350
INLEIDING: Die hoofsin of hoofgedagte van vraag en antwoord 1 is: ek is die eiendom van my getroue Saligmaker Jesus Christus.....	350
1. Ek wás voorwerp van God se toorn en slaaf van die duiwel	350
2. nou is ek die kosbare eiendom van my getroue Saligmaker Jesus Christus	351
3. My Eienaar is my getroue Saligmaker Jesus Christus	352
4. Nou moet ek ook hierdie eiendomskap beleef en uitelef	353
Les 3: Antwoord 1b. Hoé ek sy eiendom geword het en hoé ek altyd sy eiendom sal bly	355
1. Dit is <i>nét</i> deur die werk van Christus dat ek eiendom word en bly – <i>nét</i> <i>Hý</i>	355
2. Hoé ek eiendom geword het deur die werk van Christus	356
3. Hoé ek eiendom bly deur die werk van Christus	358
4. Christus se bewaring en my beproewings.....	360
5. God die Vader in Christus deur die Heilige Gees is ons enigste troos	361
6. 'n Grafiese voorstelling van Christus se werk	361
Les 4: Antwoord 1c. Daarom: geloofssekerheid en geloofsgewilligheid omdat Christus ons skuld betaal, ons verlos, ons bewaar	362
1. Daarom – 'n klein woordjie met 'n groot inhoud	362
2. Daarom – deur Woord en Gees.....	363
3. Daarom - ook ons doopsformulier	365

Les 5: Vraag en antwoord 2. Noodsaaklike kennis.....	366
1. Lewens-noodsaaklik en sterwens-noodsaaklike geloofs-kennis.....	366
2. Nie maar net verstandswete of – kennis nie.....	367
3. Die drie dele van hierdie noodsaaklike geloofskennis.....	367
4. Die oorsprong van die driedeling van die Kategismus	367
5. Ellende, Verlossing, dankbaarheid	368
6. Moet die drie beslis nooit losmaak van mekaar nie.....	375
7. Die hele Kategismus, die hele Reformasie, die hele Evangelie in 'n neutedop ..	376

Sondag 1

Ons enigste troos

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar (f) my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.

Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9, 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12; 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15.

INLEIDING TOT DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Sondag 1 is die inleiding tot die Kategismus:

- Hier word 'n kort **opsomming** (v/a 1) en
- **indeling** (v/a 2) van die hele Kategismus gegee.

Vraag 1

ONS HARTSEER EN ONS ENIGSTE TROOS IN LEWE ÉN IN STERWE

Ons het **troos** nodig. Dit beteken: Daar is iets wat ons hartseer maak. Die **sonde** maak ons hartseer, want:

- deur ons sonde is God vertoornd op ons en ons verdien sy straf;
- deur die sonde is ons verhouding met ander mense stukkend, en
- deur die sonde is daar siekte en dood.

Ons soek troos **in lewe** én **in sterwe**. Immers,

- **in** (hierdie) **lewe** kry ons te make met die sonde: die toorn van God oor ons sondes, stukkende mensverhoudings en die gevolge van die sonde soos siekte en
- **in sterwe**, wanneer ons sterf, kom ons met ons sondeskuld voor die regterstoel van God te staan.

Die troos word beskryf as die **enigste**. Daar is net een troos.

Reeds by die toegangspoort tot die reformatoriese Heidelbergse Kategismus en met name in die woord **enigste** hoor ons die eggo van die Reformasie van Luther en Calvyn met sy **alleen** (enigste, Latyn **sola**): die Woord alleen, Christus alleen, die geloof alleen, genade alleen, aan God alleen die eer.

Antwoord 1

DRIE MAAL CHRISTUS

Drie maal word daar gepraat van **Hy**: Hierdie **Hy** is **Christus**.

1. **Hy betaal** my sondeskuld en **verlos my** van die heerskappy van die duiwel, van die mag van die sonde,
2. **Hy bewaar** my, en

3. **Hy verseker** my van die ewige lewe en **maak** my **bereid** om voortaan vir Hom te lewe.

GOD DIE VADER IN CHRISTUS DEUR DIE HEILIGE GEES IS ONS ENIGSTE TROOS

Antwoord 1 praat ook van die **Vader** en die **Heilige Gees**:

- Christus bewaar my op so 'n wyse **dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.**
- Christus **verseker** my ook **deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.**

Ons kan dus sê: God in Christus deur die Heilige Gees is ons **enigste troos**. Niemand anders kan ons van die sonde verlos en dinge tussen ons en God en tussen ons en ons medemens regmaak nie. Christus alleen verlos ons; Hy alleen maak alles tussen ons en die Vader weer reg, en Hy werk deur die Gees in ons.

CHRISTUS SE BEWARING EN MY BEPROEWINGS

Christus se bewaring beteken nie dat daar nooit beproewings op my lewenspad kom nie. Christus bewaar my so dat **alles**, ook die beproewings, **tot my saligheid moet dien**. Die geskiedenis van Josef is 'n mooi voorbeeld: “Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing” (Gen 45:7). Christus se bedoeling met **alles** wat Hy oor Josef se pad gebring het, was die verlossing, die **saligheid**, van die huis van Jakob.

DAAROM

Met die woord **daarom** word die **verseker**-werk én die **gewillig-maak** van Christus deur die Heilige Gees ten nouste verbind aan die werk van Christus in die eerste deel van die antwoord (die **betaal**, **verlos** en **bewaar**). Ek kan dit ook so omskryf: Omdat Christus vir my sondes betaal het, my verlos en my bewaar, **daarom** (om daardie rede):

- **verseker Christus my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe;** omdat Christus met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal het, en
- **maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe;** omdat Christus my verlos het van die heerskappy van die duiwel.

Nog anders gesê:

- My **sekerheid** van die **ewige lewe** lê in die skuldbetalende, verlossende en bewarende werk van Christus.
- Die **geheim** van **my van harte gewillig en bereid wees om voortaan vir Hom te lewe** lê in die krag van Christus se kruis.

In die Reformasie is daar die nouste verband gelê tussen **Woord** en **Gees**. Die Gees is die Gees van die Woord, wat met die Woord na ons toe kom. Hy is die Gees van Christus, wat Christus na ons toe bring. Presies dit kry ons hier: Die Heilige Gees kom in en met die Woord na ons toe en op grond van die verlossing en bewaring van Christus verseker Hy ons van die ewige lewe en maak Hy ons dankbaar.

Die Heilige Gees is die ander Trooster (Joh 14:16), die Gees van die waarheid (Joh 14:17), wat die Vader in die Naam van Christus gestuur het (Joh.14:26). Christus is die waarheid (Joh 14:6), wat die Gees van die waarheid aan ons verkondig. Die Gees troos ons met Christus. Hy leer ons alles en herinner ons aan alles wat Christus gesê het (Joh 14:26). Die Gees doen niks liever as om Christus aan ons te verkondig nie: "Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig" (Joh 16:14).

Kyk ook hoe nou verbind ons **doopsformulier** die werk van die Heilige Gees met die werk van Christus: As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, "verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor 12:13) deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwings van ons lewe ..."

Vraag 2

Wat moet ek **weet** om deel te kry aan die troos waarvan vraag en antwoord 1 praat?

Antwoord 2

1. DRIE DINGE

Ek moet drie dinge **weet**:

- wat my hartseer maak: die sonde
- hoe ek van die hartseer gered kan word, dit wil sê getroos kan word
- hoe ek God dankie moet sê vir hierdie troos

Hierdie drie dinge (sonde, verlossing, dankbaarheid) is die drie hoofstukke waaroor die Kategismus gaan.

2. HIERDIE DRIE DINGE HANG SAAM

Ons moet nooit die sondekennis (deel 1) en die dankbaarheidskennis (deel 3) losmaak van die verlossingskennis (deel 2) nie. Waarom nie? Omdat ons eers 'n besef kry van ons sonde as Christus verlossend in ons werk, en alleen deur die krag van Christus kom daar dankbaarheid in ons lewe.

3. WEET MET DIE VERSTAND ÉN MET DIE HART

Hierdie **weet** is nie maar net 'n weet met die verstand nie, maar ook met die hart. Dit is geloofskennis. Deur die geloof **weet** ons.

Die eerste deel of hoofstuk: SONDEKENNIS

(Sondag 2-4)

Sondag 2

Christus openbaar deur sy wet ons ellende

Vraag 3: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: Uit die wet van God (a).

(a)Rom 3:20.

Vraag 4: Wat eis die wet van God van ons?

Antwoord: Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete* (a).

(a)Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27.

Vraag 5: Kan jy dit alles ten volle nakom?

Antwoord: Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b).

(a)Rom 3:10, 20, 23; 1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.

Vraag 3

Hoe weet jy dat jy 'n sondaar is en dat jy die straf van God verdien? Weet jy dit sommer vanself? Weet alle mense, ook ongelowiges, dit? Vraag en antwoord 3 lei ons na die antwoord.

Ellende. Met hierdie woordjie word bedoel: ons sonde en die gevolge daarvan. Die woord "ellende" het oorspronklik die betekenis gehad van **uit-land-ig**, buite jou vaderland wees, weg van jou dierbare land. Dit is waarin ons ellende ten diepste bestaan: As gevolg van ons sonde is ons uitgewerp uit die dierbare koninkryk (land) en die heerlike gemeenskap van God.

Antwoord 3

1. DIE WET: KENBRON VAN ONS ELLENDE

Die wet van God is ons kennisbron. Uit onself weet ons nie dat ons sondaars is en dat ons die oordeel van God verdien nie. God moet ons oë daarvoor oopmaak.

God doen dit deur sy wet: **Uit die wet van God**. In 'n spieël sien ons dat ons gesig vuil is en dat ons 'n was nodig het. Die wet is die spieël van God. Paulus sê: "... deur die wet is die kennis van sonde" (Rom 3:20) en "... ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie" (Rom 7:7).

Maar nou moet ons baie goed besef: Blinde mense kan nie hulle gesig in 'n spieël sien nie, hoe mooi die spieël ook al is. Geestelik is ons blind vir die spieël van die wet. God moet ons die oog van die geloof gee om in hierdie spieël te kan kyk. Eers deur die geloof besef ons dat ons oortreders van die wet is en hoe vuil ons is. Baie mense, ook kerkmense, lees en hoor die wet, maar dit sê vir hulle niks nie.

2. DIE WET: SPIEËL IN CHRISTUS SE HAND

- Christus se verlossing begin nie eers in Sondag 5-31 (deel 2, die deel oor die verlossingskennis) nie. Hier reeds (deel 1, sonde- en ellendekennis) is die Seun van God reddend aan die werk, want dit is ons Here Jesus self wat ons deur sy Gees en Woord oortuig dat ons verlossing nodig het. Die wet is deel van die Woord. Die

wet van die HERE is die spieël in Christus se hand. Ons moet Christus agter die wet sien staan en ons moet sy stem in die wet hoor. As ons dit weet, besef ons dat die wet genade is.

- Dit is 'n Godswonder, 'n wonder wat God deur sy Seun bewerk, as ons tot die oortuiging kom dat ons sondebaars is en dat ons die ewige straf van God verdien.

Vraag 4

Wat is die diepste eis van die wet?

Antwoord 4

Die eis van die wet kan in een woord saamgevat word: **liefde**. God vra van ons liefde: Liefde vir God en liefde vir ons naaste. Die liefde vir God en die liefde vir ons naaste hang met mekaar saam: Wie sy medemens nie liefhet nie, het God ook nie lief nie.

Hele. God eis 100%. Hy is met niks minder as dit tevrede nie. “Jy moet die Here jou God liefhê met jou **hele** hart en met jou **hele** siel en met jou **hele** verstand” (Matt 22:37).

Vraag 5

Wat sien ons as ons in die spieël van God kyk?

Antwoord 5

1. HAAT IN PLAAS VAN LIEFDE

In hierdie antwoord word gesê **wat ons sien** as ons gelowig **in die spieël** van God kyk: Ek is van nature geneig om God en my naaste te **haat** – haat in plaas van liefde.

Van nature. So het die mens deur die sondeval geword.

2. EK!

- Ons moet tog onthou oor wie dit hier gaan. Die Kategismus sê: **ek**. Dit is hoe ek, die gelowige, lyk as ek in die spieël van Christus kyk.

- Deur die geloof leer ons sê: **Ek**, ek is van nature geneig om te haat. Christus lê die **ek** op my lippe deur die spieël van die wet voor my te hou.

Sondag 3

Christus openbaar deur sy Woord die oorsprong van ons sonde en ellende

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God, sy Skepper, reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c).

a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3:10; Kor 3:18.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).

(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3.

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

(a) Gen 8:21; 6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

Vraag 6

Die groot vraag waarom dit in hierdie Sondag gaan, is: Waar kom ons sondige geaardheid (HK 2:5) vandaan?

Is dit miskien God se skuld? **Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?** So is ons: Ons probeer altyd die skuld op iemand anders pak. Ons huiwer ook nie om die skuld op God te pak nie (Gen.3:12).

Antwoord 6

1. DIE OORSPRONG VAN ONS ELLENDE NIE BY GOD NIE

Om die antwoord op die oorsprong van ons sonde en ellende te weet, moet ons na die Bybel toe gaan. Net in die Woord – en nêrens anders nie – kry ons die antwoord. In die Skrif is Christus, ons hoogste Profeet en Leraar (HK 12:31), aan die woord.

In hierdie antwoord wil die Kategismus ons laat sien: Dit is nie God se skuld is dat ons is soos wat ons is nie.

2. GOD HET ONS GOED EN NA SY EWEBEELD GESKAPE

God het die mens nie **so sondig en verkeerd geskep** nie. Inteendeel, God het die mens **goed** geskape. Verskeie male word in Genesis 1 gesê dat God gesien het dat wat Hy gemaak het, goed is. Met **goed** word bedoel: Dit het ***aan sy doel beantwoord***.

Hy het die mens **na sy ewebeeld** geskape. Ons kan die woord **ewebeeld** ook verklaar as: ***onderkoning***. God het die mens geskep as sy onderkoning hier op aarde.

Die Kategismus vertel ons as hoe 'n onderkoning die mens geskape is: in **ware geregtigheid** (hy het in die regte verhouding tot sy Koning, die HERE, gestaan; hy is geskape as 'n onderdanige en gehoorsame onderkoning) en **heiligheid** (die mens se lewe voor die sondeval was gekenmerk deur absolute toewyding of heiliging aan God; die mens was vol ware liefde).

God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape, **sodat** (met die doel dat) die mens God **kon ken** en **liefhê**.

Sien julle: God het die mens nie sleg, as 'n opstandige onderkoning (dit wil sê in ***ongeregtigheid*** en ***onheiligheid***) geskape nie, maar Hy het die mens **goed** geskape, dit wil sê dat hy aan sy doel as onderkoning kan beantwoord.

3. GOD GEE DIE GAWES OM 'N GOEIE ONDERKONING TE WEES

God gee die mens alles, al die **gawes**, wat nodig is om 'n goeie onderkoning te wees: Hy skep die mens so dat Hy aan die doel waartoe hy geskape is (om beeld van God te wees, onderkoning te wees) kan beantwoord. God het die mens so geskape dat hy dit **kon** doen. Nou **eis** God ook dat die mens Hom reg sal ken en liefhê.

Vraag 7

Maar waar kom die verdorwe natuur van die mens dan vandaan as God die mens goed gemaak het?

Antwoord 7

DIE OORSPRONG VAN ONS SONDIGE NATUUR

Uit die Bybel, en met name Genesis 3, leer die Kategismus ons waar ons sondige natuur vandaan kom. Dit kom **van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys**.

Maar, sê julle miskien, dit was tog Adam en Eva! Dit was nie ek nie! Hoekom word ek dan geraak deur dit wat 'n ander gedoen het?

Laat ek dit verklaar: Adam was nie maar 'n losstaande individu, 'n enkeling nie. **Adam** was die **hoof en die verteenwoordiger** van die ganse menslike geslag. Die hele mensheid, ook ons, was by hom ingesluit. Daarom, toe hy geval het, het ons saam met hom geval.

Ons leer dit onder andere uit Romeine 5:12: Deur een mens (Adam) het die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood. En hoekom? Dan sê Paulus: Omdat almal gesondig het. In die een mens, Adam, het ons almal gesondig en die dood skuldig geword. In vers 19 sê Paulus verder dat "... **deur die** ongehoorsaamheid van die **een mens** baie tot sondaars gestel is..." Dit beteken: deur die ongehoorsaamheid van die een mens is ons almal, sondaars, skuldiges.

Vraag 8

Hierdie vraag en antwoord wil ons leer hoe erg ons sondetoestand, ons verdorwenheid is: Dit is so erg dat ons **glad nie** in staat is om **iets goeds** te doen nie en tot **alle kwaad** geneig is. Kyk hoe sterk word dit gestel: glad nie en niks goeds nie; intendeel, alle kwaad.

Antwoord 8

TWEE GEBOORTES: DIE GEWONE GEBOORTE EN OPNUUT GEBORE WORD

Ons is hopeloos en totaal onbekwaam tot enige goed, **behalwe** as God ingryp: Ons moet **deur die Gees van God weergebore word**. God moet ons te hulp kom. 'n Nuwe geboorte moet plaasvind.

In Sondag 3 is daar van **twee geboortes** sprake:

- In antwoord 7 hoor ons van die **eerste geboorte**. Dit is ons **liggaamlike geboorte**.

Daarvan sê die Kategismus: Ons word **almal in sonde ontvang en gebore**. Om in sonde ontvang in gebore te word, beteken eerstens: Adam se sondeskuld word reeds by ons geboorte op ons rekening geskryf. Ons praat van **erfskuld**. Tweedens beteken dit: Ons word gebore as mense wat sondaars is en niks anders as sonde kan doen nie. Ons praat van **erfsmet**.

- In vraag 8 kom die **tweede geboorte** ter sprake. Dit is die **wedergeboorte** (opnuut gebore word) in Christus deur die Heilige Gees.

Dit is ons **geestelike geboorte**: die geboorte in Christus. Christus is die tweede Adam. Deur die Heilige Gees word ons in Christus ingelyf. Dan word ons nuwe mense, mense wat ewig lewe, geestelik lewe.

GEBOORTE DEUR WOORD EN GEES

Die wedergeboorte is vrug van Woord en Gees. Ons mag die werk van die Gees nooit losmaak van die Woord, van die kruis, van die geloof nie.

In Johannes 3 (verse 4 - 9) vra Nikodemus twee maal na die hóé, die manier van die wedergeboorte :

- Op die eerste hoe (vers 4) wys Jesus hom op die **Heilige Gees** (verse 5,8) en sy **stem** (vers 8: geluid).
- Op die tweede hoe (vers 9) wys Jesus Nikodemus op **sy kruis** (vers 14) en op die **geloof** (vers 15).

Uit 1 Petrus 1:23 leer ons eweneens dat ons deur die Woord wedergebore word: "... julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly".

ADAM EN CHRISTUS

Die kerkvader Augustinus het gesê: "Ons moet twee mense ken: Adam en Christus".

- **Ons moet Adam ken.** Ons moet op grond van die Skrif weet: ons is by Adam ingesluit; hy is die hoof en verteenwoordiger van die hele menslike geslag en in hom word ons almal met erfskuld en erfsmet ontvang en gebore.
- **Ons moet Christus ken.** Ons moet glo: deur Christus word ons van die erfskuld en erfsmet in Adam verlos. Hy verlos ons van sondeskuld en sondemag.

Sondag 4

God straf ons sondes en daarin is Hy absoluut regverdig

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

(a) Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen. Hy wil dit tydelik en ewig met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: *Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie* (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Ex 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is, ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

(a) Ex 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Ex 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

Vraag 9

Die mens beskuldig God van onregverdigheid. Hoe kan God nou eintlik van ons vra om die wet te hou, terwyl ons totaal en al onbekwaam is daartoe (HK 2:5 en 3:8)? Is dit nie onregverdig nie?

Antwoord 9

Ons kan die antwoord in twee dele verdeel. God is nie onbillik en onregverdig nie, want:

1. God het die mens so geskep dat hy die wet kon doen

As iemand as mynwerker opgelei is en sy werkgewer sou van hom eis om die boekhouding van die myn te doen, is dit 'n onredelike eis. Die werker is tog nie toegerus vir daardie opdrag nie. Hy het nie die gawes daarvoor nie. In so 'n geval kan die werkgewer hom nie later verwyt as hy nie bekwaam is om die werk te doen nie. Dit is egter 'n ander saak as die werker dronk by die werk kom en sy werk as myner daarom nie kan doen nie. Dan is dit wel sy eie skuld.

Presies daarop kom die antwoord van die Kategismus neer: **God het die mens so geskep dat hy dit (die wet) kon doen**. God het Hom al die gawes gegee wat nodig was om 'n goeie onderkoning, beelddraer van die HERE, te wees (sien HK3:6).

2. Dat die mens dit nie meer kan nie, is die duiwel se skuld én die mens se eie skuld

As gevolg van die aanhitsing van die duiwel. Die duiwel het 'n hand gehad in die mens se val. Hy het Eva aangehits om te eet van die boom.

En deur moedswillige ongehoorsaamheid. Ons kan die skuld nie net op die duiwel se skouers pak nie. Die mens het self ook die verkeerde gewil. Dit was **moedswillige ongehoorsaamheid** van die mens. Ons het geen verskoning nie.

Van hierdie gawes beroof. Toe God die mens geskape het, het Hy hom so geskape en toegerus **dat die mens die wet kon onderhou**. Dit is die **gawes** waarvan hier gepraat word. Hierdie gawes het die mens deur eie skuld en moedswilligheid verloor.

Vraag 10

God wil beslis nie ons ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly nie.

Antwoord 10

Sy toorn is verskriklik. Ons sonde is vir God geen kleinigheid nie. In sy tydelike en ewige straf sien ons sy verskriklike toorn en die verskriklike van sy toorn geopenbaar.

Tydelike straf. Ons kan hierby dink aan dinge soos natuurrampe en siektes.

In hierdie tydelike strawwe sit daar ook 'n genade-element vir God se kinders. Die Here tugtig hom wat Hy liefhet (Heb 12:5-11). Wanneer God ons met natuurrampe en siektes straf oor ons sondes moet ons dit sien as boodskappers van die groot en vreeslike dag van die Here wat kom. Dit is alarmsiniale van God wat ons oproep tot bekering, wat ons oproep om na Jesus te gaan as ons sy ewige straf wil ontvlug.

Dit beteken natuurlik nie dat elke ramp en teenslag 'n straf is nie. Dit kan ook bedoel wees as toetsing van ons geloof, om ons afhanklikheid te leer, ensovoorts.

Ewige straf. As ons in ongeloof sterf en as Christus weer kom, sal ons die volle straf ontvang: die hel of ewige dood (2 Tess 1:9).

Die erfsonde. Die sondeskuld van Adam word ook op ons rekening geskryf.

Die sonde wat ons self doen. Dit is die sonde wat ons self elke dag doen.

Vraag 11

Is God dan nie ook barmhartig (liefde) nie? Sal Hy nie in sy liefde ons sondes maar deur die vingers sien en dit ongestraf laat nie?

Antwoord 11

1. DIE REGVERDIGHEID VAN GOD

Dit is tipies van die mense van ons tyd: Hulle wil niks daarvan hoor dat God die sondes straf nie. God is liefde, sê hulle. En dan haal hulle so graag die tekste aan wat daaroor praat dat God liefde is. Kyk nou maar na Exodus 34:6,7 waar daar staan: "HERE, HERE,

barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende ..." Ja, dis waar dat dit daar staan, maar daar staan ook meer nl. dat die HERE "... ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, **maar nooit ongestraf laat bly nie.**"

Regverdig, geregtigheid. Ons kan hierdie woorde ook vertaal met "verbondstrou". Die HERE is getrou aan sy verbond. Hy bly by dit wat Hy in sy Woord gesê het. Hy hou Hom by sy verbondswoord: die straf op die sonde is die dood (Gen 2:17; Rom 6:23).

Teen die allerhoogste majesteit van God. Met hierdie woorde laat die Kategismus ons die volle erns van ons sonde sien. As ons sondig – teen God of medemens – kom ons nie maar net mense te na nie, maar ons sonde is sonde teen die allerhoogste majesteit van God. Dawid sê van sy sonde met Bátseba: “**Teen U alleen** het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou” (Ps 51:6). Daarom eis God dat dit ook **met die swaarste straf gestraf moet word.** Hierdie swaarste straf is **die ewige straf aan liggaam en siel.**

Dit is belangrik om te sien dat God se **ewige straf** nie net ons siel raak nie, maar ook ons **liggaam**. Beide, **liggaam en siel**, moet dus verlos word. Christus het met sy lyding, wat 'n lyding na **liggaam** en siel was, ons **liggaam** en siel van die **ewige verdoemenis** verlos, sê antwoord 37.

2. DIE LYN VAN GOD SE REGVERDIGHEID, DIE LYN VAN SY BARMHARTIGHEID, EN DIE KRUIS

Die twee lyne, God se barmhartigheid en God se regverdigheid, loop saam op Golgota. Daar is op die heerlikste wyse die regverdigheid en die barmhartigheid (liefde) van God geopenbaar. Enersyds was die kruis 'n openbaring van sy regverdigheid: Eerder as om die sonde ongestraf te laat, het Hy dit gestraf aan sy eie Seun (vgl. ons Nagmaalformulier en Rom 3:25). Andersyds was Golgota die allerheerlikste openbaring van God se barmhartigheid: So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons oorgegee het aan die bittere en smadelike dood van die kruis. Golgota is die hoogste bewys van God se liefde én regverdigheid.

Die tweede deel of hoofstuk: VERLOSSINGSKENNIS**(Sondag 5-31)****Sondag 5****Daar is net een manier om van die regverdige straf vry te kom: deur te betaal**

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons òf deur onself òf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Ex 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen blote skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Vraag 12

Hoe kan ons van hierdie absoluut regverdige straf verlos word en weer in genade aangeneem word?

Dit gaan om die belangrike vraag: Hoe kan ons verhouding met die Here weer herstel word?

Julle moet asseblief nie die woordjie **ons** in hierdie Sondag mislees nie. Dit gaan oor **ons**: dat **ons** die straf verdien het en hoe **ons** daarvan verlos kan word.

Antwoord 12

In Sondag 5 is daar **drie belangrike woorde: geregtigheid** (a 12), **skuld** (a 13 en a 14) en **betaal** (a 12, v 13, v 14).

Geregtigheid. Ons het die woord **geregtigheid** al in die laaste vraag en antwoord (11) van Sondag 4 gehoor. Toe het die mens nog probeer om 'n uitvlug te soek deur te vra: God is tog barmhartig (liefde)? Sal Hy dan nie miskien die sonde deur die vingers sien en vergeet van sy regverdige straf nie? Antwoord 11 het 'n streep getrek deur daardie uitvlug: Dit is waar dat God barmhartig is, maar Hy is ook regverdig. **Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde ... gestraf moet word.** Hier in v/a 12 hoor ons dit weer: **God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word.** God **eis** en God **wil**!

Wat is hierdie **geregtigheid** van God? Daarmee bedoel die Bybel die trou van die HERE aan sy verbond. God bly by die woorde van sy verbond. Hy sien nie af van sy eis dat sy wet 100% gehou en die straf vir ons oortredings volkome gedra moet word nie. Dit is die enigste weg terug na die paradys. Dit is die pad van geregtigheid.

Vraag 13

Nou word daar na iemand gesoek wat kan betaal:

Kan ons – **die mens** – self betaal?

Antwoord 13

Deur die eeue heen was daar mense wat gedink het dat hulle self kan betaal. Om maar te begin by die Fariseërs in die tyd van Jesus: Hulle gedagtegang kan verduidelik word met die beeld van 'n weegskaal met twee bakkies. In die een word jou sondes geplaas, in die ander jou goeie werke. Nou moet jy net sorg dat die bakkie met die goeie werke meer weeg as die sondebakkie, dat die gewig dus oorhel na die regte kant toe. Om dit te kon bereik, het die Fariseërs talle wette en verordeninge opgestel. As die mense dit gehoorsaam sou onderhou, dan sou die koninkryk van die hemel op die aarde neerdaal!

In ons tyd het die mens nog nie verander nie. Duisende kerkmense glo as jy maar net goed leef en genoeg doen vir die kerk en sorg dat jou bydrae goed is, dan sal jy salig word. Die mens kan dus self betaal, of dan ten minste wel 'n gedeelte.

Maar kan die mens self betaal?

Die antwoord is **nee**, en dit word baie sterk gestel: **glad nie**. Waarom kan ons glad nie betaal nie? Want **ons maak juis ons skuld elke dag nog groter**. Ons doen elke dag nog sonde. Daarom word ons skuld net meer en nie minder nie. Ons sal nooit aan die einde van die betaling van ons skuld kom nie.

Vraag 14

Wie kan dan betaal?

Kan enige ander skepsel – '**n engel** miskien – betaal?

Antwoord 14

Om twee redes kan 'n ander skepsel **nie** vir ons betaal nie:

1. **God wil aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie.**
Die HERE het sy **verbond** in die paradys (Kyk Gen 2 en Hos 6:7) **met die mens opgerig** en die mens het dit gebreek. Daarom moet die mens gestraf word.
2. **Geen blote skepsel kan die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.** Ons het **nie** met **gewone straf**, die straf van mense, te make nie, maar met die **straf van God**. Daarom kan 'n gewone skepsel ('n mens, dier of engel) ons nie daarvan verlos nie. Die straf is te groot en te swaar.

Vraag 15

Maar wie kan dan betaal?

Aan watter **vereistes** moet die middelaar en verlosser voldoen?

Middelaar. Iemand wat in die middel (middel-laar) staan, tussen twee strydende partye, en vrede tussen hulle bring.

Antwoord 15

Die middelaar moet aan die volgende **vereistes** voldoen: Hy moet

- **ware en regverdige mens** en
- **ware God** wees.

Op hierdie vereistes gaan Sondag 6 dieper in.

Sondag 6a

Christus openbaar in sy Woord die vereistes vir die middelaar en wie hierdie verlosser is

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens, wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).

(a) Eseg 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb 7:26, 27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18.

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).

(a) Jes 9:5; 63:3. (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11. (d) Jes 53:5, 11.

Vraag 18: Wie is hierdie middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).

(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1. (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22; 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9. (e) 1 Kor 1:30.

Vraag 16

Die **eerste vereiste** is dat die middelaar **ware en regverdige mens** moet wees.

Ware mens. 'n Regte mens, dit wil sê nie 'n engel of 'n dier nie.

Regverdige mens. 'n Sodelose mens.

Antwoord 16

Hier word verklaar waarom die middelaar 'n ware en 'n regverdige mens moet wees:

- **Ware mens. Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal.** Hier hoor ons weer van die **geregtigheid** (verbondstrou) van God. God het sy verbond met die mens (**menslike natuur**) opgerig en daarom eis die HERE in sy regverdigheid dat **die menslike natuur wat gesondig het**, moet betaal. God is absoluut regverdig. In Esegïël 18:4 sê die HERE: "... die siel wat sondig, dié moet sterwe". En ... die mens het die verbond oortree. Daarom moet **die méns** die skuldbrief ontvang en die skuld betaal. Daardie mens is ons, jy en ek.
- **Regverdige mens. Want die mens, wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie.** Die mens wat self sondaar is, kan nie vir 'n ander betaal nie. Iemand wat self bankrot is, kan nie 'n ander se skuld betaal nie. Trouens, 'n bankrot skuldenaar kan sy eie skuld nie eens betaal nie, laat staan nog 'n ander uit die skuld help. En ons posisie is deur die sondeval nog veel en veel erger, sê die Heidelbergse Kategismus: Ons **het** nie net skuld nie, maar ons **vermeerder** dit ook nog. Ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (v/a 13). Ons kan nie anders as om net skuld te maak nie. Ons is onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad (v/a 8).

Vraag 17

Die **tweede vereiste** waaraan die middelaar moet voldoen, is dat Hy **ware God** moet wees.

Antwoord 17

Die las van die toorn van God. Ons moet dit goed verstaan: Ons het nie te make met gewone, menslike toorn nie. Inteendeel; **God is vertoorn op ons**. Ons het dus te doen met die ondraaglike groot las van sy toorn. 'n Gewone mens kan dit nie dra of betaal nie. Nahum 1:5,6 leer ons dit duidelik: "Die berge bewe voor Hom, en die heuwels smelt weg; en die aarde rys op voor sy aangesig, ja, die wêreld en almal wat daarin woon. Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom."

Deur die krag van sy Godheid. Die middelaar moet ware God wees, om deur sy Goddelike krag die Goddelike toorn te kan dra.

Vraag 18

Nou word gevra **wie** hierdie middelaar is wat ware en regverdige mens en ook ware God is.

Antwoord 18

Hierdie Middelaar is **ons Here Jesus Christus**.

God die Vader **het** Hom vir ons **gegee**, sê Jesus (Joh 3:16). Die Middelaar is 'n geskenk van bo: Die Vader het sy eniggebore Seun vir ons gegee. Die verlossing kom van bo. Die Vader gee sy Seun, die kosbaarste wat Hy het, vir ons, vir sondaars.

In 1 Kor 1:30 skryf Paulus dat ons deur God die Vader in Christus Jesus is en dat Christus Jesus "vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing". Dit is waar ons Kategismus die woorde kry dat God (die Vader) ons Here Jesus aan ons gegee het **tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing**.

- Hy is gegee tot **wysheid**: Christus is God se meesterplan tot ons verlossing. Christus wat gekruisig is, is God se wysheid.

- Christus is die wyse plan van God, want Hy is gegee tot **geregtigheid**: Christus vervul die geregtigheid wat God eis deur die straf te dra en die gebooie te vervul (Matt 5:17). So word ons verhouding met God herstel.
- Christus is die wyse plan van God, want Hy is gegee tot **heiligmaking**: Christus se volkome gehoorsaamheid aan God se wet (sy heiligheid) word ons toegereken en geskenk.
- Christus is gegee tot **verlossing**. Eintlik staan daar in die Grieks **loskoping**. Christus is gegee tot loskoping. Iemand wat 'n slaaf was of die dood verdien, is losgekoop deur die betaling van 'n losprys. In Matthéüs 20:28 word van Christus gesê dat Hy gekom het om sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Verskeie male in Sondag 5 en 6 het ons gehoor: betaal, **betaal**. Ons moet ten volle betaal. Hier het ons die wonder: God betaal self. Die loskoping vind plaas deur die bloed van Christus (Ef 1:7).

In antwoord 6 het ons Kategismus bely dat ons geskape is na die beeld van God. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid. Adam het homself en sy nakomelinge egter van hierdie gawes, die geregtigheid en heiligheid, beroof (a 7). Christus is die tweede Adam, wat hierdie gawes van **geregtigheid** en **heiligmaking** weer vir ons verwerf het.

Sondag 6b

God maak die Middelaar bekend deur die Woord

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).

(a) Gen 3:15. (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41; Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:7; Joh 5:46. (e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

Vraag 19

In die vorige vraag is die Middelaar wat ware (regte) en regverdige (sondelose) mens en terselfdertyd ware God is, vir ons aangewys.

Nou gaan dit oor die belangrike vraag: **Waaruit weet jy dit** dat Christus hierdie Middelaar is, wat ware en regverdige mens is en tegelyk ook ware God? Waar kom jy daaraan?

Antwoord 19

In Matthéüs 16:16 bely Petrus van Jesus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Hoe het Petrus dit geweet? Was dit aan Jesus se uiterlike te sien? Het Hy gelyk soos 'n God? Soos 'n Koning? Nee, Hy het immers in die gestalte van 'n dienskneg gekom: "Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie." (Jes 53:2)

Kon Petrus dit afgelei het uit Jesus se wonderwerke? Ewe min. Immers, hoeveel mense in daardie tyd het dit ook nie gesien nie, en – al wat hulle van Jesus kon sê, was: Hy is

Johannes die Doper of Jeremia of een van die profete. Hoeveel het nie sy prediking gehoor nie, en tog het weinig dit geglo!

Daarom sê Jesus eers vir Petrus waar hy **nie** aan hierdie suiwer kennis gekom het nie: "... vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie ...". (Matt 16:17) Daarmee sê Jesus vir Petrus en ook vir ons: met ons menseverstand en met ons redenasies kom ons nie tot die oortuiging en erkenning dat Jesus die Christus, die Seun van God is nie.

Ook in ons tyd gaan dit so: Jaar in en jaar uit hoor ons die prediking van Christus deur sy gesante. Tog is dit helaas so dat vele hoorders – kerkmense ingesluit – nie onder die indruk kom dat Jesus die Christus is nie. Weinig kom so ver om te sê: Here, by U alleen is die Woorde van die ewige lewe. U alleen kan ons salig maak.

Dan wys Jesus waar Petrus **wel** die suiwer belydenis ontvang het: "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, **maar my Vader wat in die hemele is**". Daarmee sê Christus vir Petrus: Hierdie belydenis van hom is nie van menslike herkoms nie, maar dit is van hemelse oorsprong, van die Vader.

Die geloof is 'n gawe van God (Ef 2:8). Dit is iets wat ons as genadegeskenk uit die hemel ontvang. Dit bly 'n skeppingswerk van God waaroor ons ons nooit genoeg kan verwonder nie en waarvoor ons die Here nooit genoeg kan dank nie. Die Vader moet dit aan ons onthul. Die Vader moet dit aan ons openbaar, sodat ons kan sien dat Jesus die Christus, **my** Verlosser en **my** Saligmaker is.

Die Vader onthul hierdie heerlike waarheid aan ons. Natuurlik, dit beteken nie dat dit sommer so direk uit die hemel in ons harte val nie. God oortuig ons en maak hierdie geheimenis aan ons bekend **deur sy Woord**.

Hier in **Matthéüs 16** doen die Vader dit onder andere deur **die Skrifwoord van Psalm 2** – deur 'n woord uit die Ou Testament. Hy open Petrus se oë vir die woord van Psalm 2 en Hy laat Petrus sien hoe daardie Psalm in Christus vervul is. Gaan lê maar Psalm 2 langs Matthéüs 16. Dan sal julle sien hoe die woorde van Psalm 2 deurklink in Matthéüs 16:

- **“U is die Christus”**, sê Petrus. Dit kom uit Psalm 2. In Psalm 2:2 sê die HERE dat die konings van die aarde teen die HERE en sy Gesalfde (sy Christus), opstaan.

- Wanneer Petrus verder sê “***U is die Seun van die lewende God***”, is dit eweneens ontleen aan Psalm 2. In Psalm 2:7 sê die HERE van sy Christus: "U is my Seun". Dit wil sê: U is Seun van Jahwe, U is Seun van die lewende God. Die woorde ***die lewende God*** is 'n vertaling van die Naam HERE in Psalm 2:7.

Petrus is ook sekerlik daarvan oortuig deur die Woord wat Jesus gepreek het.

Deur die Woord doen God dit. Nog steeds werk God op dieselfde manier: Hy gee ons die Bybel waarin Christus tot ons spreek. Christus spreek tot ons in die prediking. Daar is niks heerliker as om die Bybel te kan lees en om Sondae na die prediking van Christus se boodskappers te luister nie. Daardeur gaan ons oë en harte oop vir die werk van Christus en dat Hy die beloofde Middelaar is.

Evangelie. Waaruit weet jy dat ons Here Jesus Christus die Middelaar, jou Verlosser is? Daarop antwoord die Kategismus: **Uit die heilige evangelie.**

Ons is geneig om by die woord **evangelie** net te dink aan die vier evangelies (Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes) of die Nuwe Testament.

Ons Kategismus sê egter: ***Reeds in die Ou Testament*** het God sy **evangelie** bekendgemaak:

- **Reeds in die paradys**, met die aankondiging van die koms van die Vrouesaad wat die kop van die slang sal vermorsel, het God die evangelie verkondig (Gen 3:15).
- Aan die **aartsvaders** (Abraham, Isak en Jakob) is Christus belowe. Dink maar aan die ram wat in die plek van Isak geoffer is (Gen 22).
- Die **profete** het van Hom geprofeteer. Jesaja profeteer van die Lam wat na die slagplek gelei word (Jes 53:7).
- Die kruisoffer is afgebeeld in al die **offers** van die Ou Verbond (o.a. Lev 1-7).
- Die **seremonies van die wet**, soos die besnydenis en die pasga, het Christus uitgebeeld.

Uiteindelik het God dit wat beloof en afgebeeld is in die Ou Testament **vervul** in die **Nuwe Testament** deur die koms van sy **eniggebore Seun**.

Sondag 7

Deur die geloof kry ons deel aan die Middelaar

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee, (a) maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).

(a) Matt 7:14; 22:14. (b) Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16, 18, 36; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:6.

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie (a), maar ook 'n vaste vertrouwe (b), wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus (e) vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.

(a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.

Vraag 22: Wat moet 'n Christen glo?

Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

(a) Joh 20:31; Matt 28:19; Mark 1:15.

Vraag 23: Hoe lui die artikels?

Antwoord: (1) *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.* (2) *En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;* (3) *wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;* (4) *wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;* (5) *wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;* (6) *opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,* (7) *waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.* (8) *Ek glo in die Heilige Gees;* (9) *ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;* (10) *die vergewing van sondes;* (11) *die opstanding van die liggaam* (12) *en 'n ewige lewe.*

Vraag 20

In die vorige Sondae het ons geleer: **Alle mense**, sonder uitsondering, **het deur Adam**, die hoof en verteenwoordiger van die menslike geslag, **verlore gegaan**, dit wil sê **ramp-salig** geword. **Deur Christus** word die rampsalige mens **weer salig**.

Die groot vraag is egter: Word **al** die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord 20

Die antwoord van die Kategismus is verdoemend: Nee, nie alle mense word salig nie, maar **slegs die wat glo**.

In Johannes 3:36 lees ons: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom".

In Hebreërs 3 en 4 word vertel dat van die Israeliete, die verbondsvolk, die vervulling van die belofte van die land Kanaän nie ontvang het nie. Die rede is duidelik. Deur ongeloof kon hulle nie ingaan nie (Heb 3:19). Die evangelie is aan hierdie Israeliete in die woestyn verkondig. Die evangelie het hulle egter nie gebaat nie, omdat hulle nie geglo het nie (Heb 4:2).

Die geloof is van kardinale belang. **Die geloof is die hand waarmee ek Christus ontvang.** As ek nie 'n hand het nie, kan ek nie die sak geld neem wat vir my aangebied word nie. Die hand is noodsaaklik; so ook die hand van die geloof. Die geloofshand self red my egter nie, maar dit wat in daardie geloofshand is, naamlik Christus.

Deur die ware geloof word ons **in Hom ingelyf**. In die woord **ingelyf** hoor ons die woord **lyf** of liggaam. Christus is die Hoof van die kerk en die kerk is sy liggaam (Ef 1:22-23). Deur die geloof word ons in sy liggaam ingelyf en kry ons deel aan al die rykdom wat Hy vir ons verwerf het. As 'n koning gekroon word, is dit tog nie net sy kop, waarop die kroon geplaas word, wat die voordele van die koningskap geniet nie, maar ook sy liggaam deel daarin. So is dit ook met Christus (die Hoof) en almal wat in Hom glo (sy liggaam). Soos die lede van 'n liggaam deel in alles wat die hoof besit, so deel almal wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is aan dit wat Hy vir ons verdien het.

Ons moet **al sy weldade aanneem**. Met **al sy weldade** word bedoel alles wat Hy vir ons gedoen en verwerf het. Met die hand van die geloof neem ons dit aan.

Vraag 21

Hoe lyk die ware geloof?

Antwoord 21

Ons kan die ware geloof in twee dele saamvat: **kennis** en **vertroue**.

Die ware geloof is:

- **Kennis:** Om te kan glo, moet ons Jesus Christus ook ken. Ons moet weet wat Hy vir ons gedoen het en waarom ons Hom so nodig het. Hierdie kennis is allermins bloot net 'n verstandskennis. Die woord **ken** in die Bybel is 'n **tipiese verbondswoord**. Dit beteken soveel as om **liefdevol te ken**. Geloof is om vol liefde kennis te neem van ons Here Jesus Christus. Die kennis van sy kruis en van sy bittere lyding – dit is 'n kennis wat ons hart aangryp.

Dit is ook 'n **vasstaande** kennis: Die ware geloof twyfel nie aan dit wat in die Bybel staan nie. Die egte geloof aanvaar **alles** wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar.

- **Vertroue:** Geloof is 'n **vaste** vertroue. Dit waarop ek vas vertrou, is **dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het**. Die woorde **ook aan my** is uitermate belangrik. Die ware geloof sê: **ook aan my**. Dit staan vir my vas: Christus het gesterf en Hy het dit ook vir my gedoen.

Die Kategismus sê ook vir ons **waar die geloof vandaan kom**:

- **Die Heilige Gees werk dit deur die evangelie in my hart.** Deur **Gees** en Woord (**evangelie**) werk God die geloof in ons. Ewe min as wat óns ons hand geskep het, ewe min het ons die hand van die geloof geskep. Soos God aan die begin alles uit niks geskep het deur sy Gees en Woord, so skep Hy in ons leë, dooie harte deur Gees en Woord die geloof.

Vraag 22

Hier gaan die Kategismus breedvoeriger in op die **inhoud** van die geloof: **Wat is dan vir 'n Christen nodig om te glo?** Dit gaan om die **kennis** wat noodsaaklik is en dit waarop ons moet **vertrou**.

Antwoord 22

1. Die Heidelbergse Kategismus sê eerstens: Ons moet glo **alles wat in die evangelie aan ons beloof word: God se beloftes** is die vaste grond, die fondament, waarop die voete van ons geloof onwankelbaar vas staan.
2. Die Kategismus sê tweedens: Ons moet glo **wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof** (die Twaalf Artikels) **ons in hoofsaak leer**. Voeg

die Kategismus nou nog iets **by** die **evangelie**? Nee. Die Twaalf Artikels of Apostoliese Geloofsbelydenis kom nie met iets nuuts nie. Dit wil slegs 'n **samevatting** gee van die beloftes van die evangelie.

Die Twaalf Artikels is beslis nie 'n droë belydenis nie. Inteendeel; dit is 'n opsomming van God se heerlike en troosryke beloftes. Dit is 'n vertoonvenster waarin die rykdom van God se beloftes vir ons uitgestal word:

- a) die **belofte** van God die **Vader** se sorg;
- b) die **belofte** van skuldvergifenis deur die bloed van die **Seun**, en
- c) die **belofte** van die reinigende werk van die **Heilige Gees**.

Vraag en Antwoord 23

Hier word die Twaalf Artikels of Apostoliese Geloofsbelydenis gegee. In die Twaalf Artikels sien ons wat die inhoud van God se beloftes aan ons is: God beloof nie maar net iets aan ons nie, maar Homself: Die Vader, die Seun en die Heilige Gees word aan ons beloof. Op hierdie weelde, hierdie inhoud van ons geloof, sal die Kategismus nou in die volgende aantal Sondae (Sondag 8 tot 24) in diepte ingaan.

Sondag 8

Die indeling van die Twaalf Artikels: God Drie-enig

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

(a) Deut 6:4; Ef 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; 1 Joh 5:7; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Ef 2:18; Tit 3:5, 6.

Vraag 24

Met **hierdie artikels** word die Twaalf Artikels bedoel. In hierdie Sondag gaan dit oor die indeling van die Twaalf Artikels.

Antwoord 24

Die Kategismus is 'n wonderlike eenheid. In vraag 22 is die vraag gestel: "**Wat** moet 'n Christen glo?" Daarop was die antwoord kort en kragtig: God se **belofte** in die evangelie.

Maar **wat presies beloof** God in die Woord? Dit wil ek so antwoord: Hy beloof nie maar net **iets** nie, maar **Homself**. In Genesis 17:7 sê die HERE vir Abraham: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige

verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou". **God self is die inhoud van ons geloof.** Op Hom steun ons deur die geloof. Aan Hom hou ons vas.

Nou gaan ons 'n stappie verder: **Hierdie belofte** word **opgesom in die Twaalf Artikels**. In vraag 24 word die vraag gestel: Hoe word hierdie artikels ingedeel? Dan volg die antwoord: In drie dele:

- die eerste handel oor **God die Vader** en ons skepping;
- die tweede oor **God die Seun** en ons verlossing;
- die derde oor **God die Heilige Gees** en ons heiligmaking.

Dit is nie sommer maar net 'n indeling nie. Dit is 'n indeling wat vir ons saamvat waarom die Twaalf Artikels gaan. Dit leer ons: **Die Twaalf Artikels handel oor God, God Drie-enig**. Die Apostoliese Geloofsbelydenis het as inhoud God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

Die Drie-enige God is die inhoud van ons geloof.

Ons bely dat God die Drie-enige God is. As ons bely dat God die Drie-enige is, mag ons belydenis nooit bloot 'n stukkie verstandskennis wees nie. Ons bely nie alleen Wie en wat God is nie, maar Wie en wat God Drie-enig **vir ons** is: wat Hy **vir ons** doen en **vir ons persoonlik beteken**. In antwoord 24 hoor ons drie maal die woord **ons**: "God die Vader en **ons** skepping; God die Seun en **ons** verlossing; God die Heilige Gees en **ons** heiligmaking".

Kom ek vat dit eenvoudig saam wat God Drie-enig vir ons persoonlik beteken. Ons druk in hierdie belydenis dus uit:

- dat God die **Vader ons** geskep het en onderhou;
- dat God die **Seun ons** Verlosser is deur sy bloed, en
- dat God die **Heilige Gees ons** reinig en heilig.

God Drie-enig beloof Homself aan ons. Dit sê ons ook in **ons doopsformulier**. In hierdie ryk formulier word vir ons uitgespel wat dit inhou as God Drie-enig Homself aan ons beloof:

1. As ons in die Naam van die **Vader** gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig (Gen 17:7, Gal 4:6,7), ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.
2. En as ons in die Naam van die **Seun** gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was – waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf – dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word (1 Kor 1:30).
3. Net so ook as ons in die Naam van die **Heilige Gees** gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor 12:13) deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word (Rom 8:9, 15, 16).

Toe ons gedoop is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, is al hierdie dinge aan ons persoonlik beloof.

Die Kategismus gaan nou in die volgende veertien Sondae hierdie Twaalf Artikels in besonderhede behandel:

- Oor die Vader: Sondag 9-10.
- Oor die Seun: Sondag 11-19.
- Oor die Heilige Gees: Sondag 20-22.

Vraag 25

In hierdie vraag gaan dit daaroor dat daar **net een, enige goddelike Wese** is. Tog lees ons in die Bybel van **drie Persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees**. Ons praat in die

verband van die **Drie-eenheid**. In die woord Drie-eenheid hoor ons die twee woorde: drie en een. God is drie Persone, maar tog is daar net een God.

Antwoord 25

Hoe kan ons so praat? Daarop antwoord die Kategismus: **Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het.**

Die Kategismus probeer hierdie groot geheimenis **nie verklaar nie**, maar stel net doodeenvoudig: Die **Woord** leer ons God so ken. Daarmee moet ons tevrede wees. Ons klein menseverstandjie kan die groot God nie volkome begryp nie.

DIE WOORD LEER ONS DAT DAAR DRIE PERSONE IS

Op verskillende plekke in die Bybel hoor ons van die drie Persone.

Matthéüs vertel in hoofstuk 3:13 tot 17 aan ons hoe Jesus deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop is. Toe die Here Jesus uit die water opgeklim het, het daar iets heel besonders gebeur: Die hemele het meteens vir Hom oopgegaan en die Gees van God het "soos 'n duif" op Jesus neergedaal. Daarop het 'n magtige stem, die stem van die Vader, uit die hemel gesê: "Dit is my geliefde Seun in wie ek 'n welbehag het."

DIE WOORD LEER ONS OOK DAT DAAR NET EEN GOD IS

In Deuteronomium 6:4 sê Moses: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE" (enig = een).

In die Nuwe Testament hoor ons dieselfde: "Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een" (1 Kor 8:4).

Sondag 9

Die troos van God se Vaderskap

Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?*

Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is (c). Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Ex 20:11; Job 33:4, 38, 39; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Ef 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Ef 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28. (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

Vraag 26

In hierdie vraag en in Sondag 10 gaan dit oor die eerste artikel van die Twaalf Artikels: ***Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.***

Antwoord 26

DIE HOOFGEDAGTE: DIE SKEPPER MY VADER

Wat wil hierdie antwoord ons leer?

- Kom ek vertel julle eers ***wat die Kategismus hier nie wil doen nie***: Antwoord 26 wil nie in besonderhede uitwei oor die skeppingswerk van God die Vader nie.

Anders gestel: Die hoofsaak hier is nie dat God alles gemaak het en veral nie hóé Hy alles gemaak het nie.

- Wat is dan wel die **hoofgedagte**? Dat die God wat alles geskep het en alles nog versorg en in sy hande hou **my Vader** is. Die Kategismus wil ons hier **troos** met die gedagte: **God, die Almagtige, die God wat so sterk is dat Hy alles uit niks gemaak het – die God is my Vader.**

DEUR CHRISTUS ONS VADER

"Ek glo dat die ewige Vader ... **ter wille van sy Seun Christus** my God en Vader is".

Ter wille van – drie klein woordjies, maar gelaaide woorde. Laat ek verduidelik:

Die **ter wille van sy Seun Christus** gee ons **die rede waarom God ons Vader is**: Dit is **danksy** Christus, danksy sy offerande. Deur sy kruis is ons verander van slawe van die duiwel tot kinders van ons hemelse Vader.

Die woorde **ter wille van sy Seun Christus** sê ook: Dit is **nie ter wille van iets in onself** dat God ons Vader is nie. Dit is nie omdat ons sulke goeie mense is nie, nie omdat ons sulke voortreflike eienskappe het of omdat ons so hard vir die koninkryk van God werk dat ons kinders van die Here is nie. Intendeel, die Bybel laat ons sien dat ons die reg op kindskap van God deur ons sonde in die paradys verbeur het en dit nog elke dag verbeur deur ons sondes. God sou volkome regverdig gewees het as Hy ons vir altyd uit die Vaderhuis met die vele woninge uitgesluit het en as ons vir ewig die lieflikheid van sy Vaderskap en die voorreg van sy Vaderlike sorg moes ontbeer.

Maar God sy dank! Of liewer: Die Vader sy dank, want so lief het God die Vader die wêreld gehad dat Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het aan die bittere en die smadelike dood van die kruis. Hy het sy eie Seun gegee om deur Hom die deur weer vir ons te open. Christus se offer was die sleutel tot die Vaderhuis. Ter wille van Hom wil God weer ons Vader wees.

In die **ter wille van Christus** lê ook vir my die **sekerheid** dat God my Vader wil wees en elke dag vir my wil sorg. Deur Christus is God se Vadersorg en Vaderliefde **gewaarborg**.

VERTROU SONDER OM TE TWYFEL

Op Hom **vertrou** ek so, sê die Kategismus, dat ek **nie daaraan twyfel** nie dat Hy my met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg.

ONS VADER EN DIE KWAAD IN ONS LEWE

Baie mense het probleme met God se Vaderskap en die swaar of **kwaad** in ons lewe.

Van die kwaad en God se Vaderskap bely die Kategismus: **Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik** (vir) **my ten goede keer**. Ook daarin **vertrou** ons op ons Vader **sonder om te twyfel**.

Hier moet twee punte uitgelig word:

- Eerstens word bely dat **Hy**, die Vader, die kwaad oor my **beskik**;
- tweedens bely ons dat Hy daardie kwaad vir **my** (ons) **ten goede keer**.

Dit kan die beste verklaar word aan die hand van die Woord. Josef se broers het kwaad teen hom bedink. In Genesis 45 word hierdie kwaad verklaar vanuit die oogpunt van die broers **én** vanuit die oogpunt van God. Van die daad van die broers word gesê: Hulle het Josef **na Egipte verkoop** (Gen 45:4). Hulle kwade, sondige bedoeling kom daarin uit. Van God word daarenteen gesê dat Hy Josef na Egipte **gestuur** het en wat sy goeie bedoeling daarmee was: “Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing” (Gen 45:7). God het die kwaad in Josef se lewe ten goede gekeer.

Ek wyk hier doelbewus af van die woorde **tot my beswil verander** en vertaal liever **my ten goede keer**. Dit is wat in die oorspronklike teks van die Kategismus staan. Dat God die kwaad **my ten goede keer**, beteken: God neem die kwaad nie weg nie, maar Hy laat wel die goeie daaruit voortkom. Dit blyk duidelik uit die geskiedenis van Josef.

Ons sal hierdie **my ten goede keer** in die lig van antwoord 1 van die Kategismus moet verklaar. Daar staan: **Alles moet inderdaad tot my saligheid dien**.

Ons doopsformulier sê van die kwaad in ons lewe dat God die Vader “alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik”. Die oorspronklike formulier het nog daarby “dat alle skepsele (vanweë die verbond wat ons met God het) ons nie skade kan aandoen nie, maar *tot ons saligheid moet dien*”.

DIE REDES VIR ONS VERTROUE

Die *redes vir ons vertroue* is die volgende:

- **Omdat Hy dit as 'n almagtige God kan doen en**
- **omdat Hy dit ook as 'n getroue Vader wil doen.**

Dit gaan om twee gedagtes: **kan** en **wil**:

- Hy **kan**, want Hy is 'n **almagtige God**.

Hierdie Vader van ons, so bely ons, is Hy **wat die hemel en die aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het**, en hierdie Vader **onderhou en regeer** ook nog alles elke dag. Wat wil die Kategismus nou hiermee by ons tuisbring? Hy wil ons leer: Sien julle nou hoe 'n sterk God julle het? Sien julle nou dat Hy nie alleen 'n Vader is wat wil help nie, maar dat Hy 'n God is wat sy kinders inderdaad ook **kan** help. Want kyk maar: In sy skeppingswerk en in die feit dat Hy alles elke oomblik in sy hande het, het julle 'n demonstrasie, 'n troosryke bewys van sy almag.

Dit is iets wat ons in die Heilige Skrif dikwels kry: Die Bybelskrywers bemoedig God se kerk deur hulle op God se almag in sy skeppingswerk te wys. Dink aan Psalm 121. Die Psalmdigter slaan sy oë op na die berge en hy vra: "Waar sal my hulp vandaan kom?" Daarop antwoord hy: "My hulp is van die HERE". By hierdie woorde stop hy egter nie. Hy gaan verder: My hulp is van die HERE ... "wat hemel en aarde gemaak het". Daarmee sê hy: So sterk, so almagtig is die HERE, die God wat met my 'n verbond gesluit het.

- Hy **wil**, want Hy is 'n **getroue Vader**.

Die **ter wille van Christus** laat ons sien hoe God weer ons Vader geword het. Maar die **ter wille van Christus** wil ons ook laat sien wat 'n ontsaglike prys die Vader moes betaal om ons sy kinders te maak: Dit het Hom sy dierbare Seun gekos. Daarom moet ons sê: In

Jesus Christus kry ons 'n kykie in God se Vaderhart. In Jesus sien ons hoe groot sy liefde vir ons, sy wegloopkinders, was, want die Vader het selfs sy eie Seun nie gespaar om ons te red van die slawerny van die duiwel nie. Daarom: op Golgota het ons die hoogste bewys van sy liefde. Daar sien ons sy Vaderliefde vir ons op die heerlikste wyse geopenbaar.

Aan die voet van die kruis word alle twyfel weggeneem. Daar sien ons dat ons 'n Vader het wat **alles** vir ons oor het. Daar kry ek die sekerheid: ek het 'n Vader wat my wil help.

BELY ÉN BELEEF GOD SE VADERSKAP

Bely **én beleef**, word daar gesê. Daarmee word bedoel: Ons moet ook beleef en uitleef wat ons bely. Ons moet glo wat ons bely.

In die verband is die verhaal van Luther en die ou boer 'n goeie voorbeeld. Op 'n dag het Luther die ou boer raakgeloop. Die man was uiters verslae en pessimisties, want sy hele boerdery het tot die grond toe afgebrand. Die toekoms het vir hom donker gelyk. "Wel, man," sê Luther, "ken jy die Twaalf Artikels?" "Ja, dit ken hy, en op Luther se versoek begin hy dit opsê: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde, en ..." "Stop," sê Luther vir hom "glo jy dit werklik?" Toe hy ja sê, sê Luther: "Maar mens, as jy nou waaragtig glo dat die Almagtige jou Vader is, hoe kan jy nog vir een oomblik bang wees dat Hy nie vir jou sal sorg nie?"

Sondag 10

Die troos van God die Vader se voorsienigheid

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a), waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles ons nie per toeval nie maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:25.

Vraag 27

Sondag 10 kan in een enkele uitdrukking saamgevat word: **God se Vaderhand**. In hierdie troosryke Sondagsafdeling gaan dit om God se Vaderhand in ons hele lewe: God se Vaderhand in ons vreugde, God se Vaderhand in ons verdriet, God se Vaderhand wat gister

daar was, God se Vaderhand wat nou by ons is en God se Vaderhand wat ook môre en oormôre daar sal wees.

Antwoord 27

GOD SE VADERHAND IN VOORSPOED EN IN TEENSPOED

Daar kan baie met ons gebeur in ons lewe. Die Kategismus noem 'n paar teenstrydige dinge: **reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, gesondheid en siekte, rykdom en armoede.**

Waar kom dit alles vandaan? Is dit 'n blinde, klipharde noodlot wat die siekte op ons pad gestuur het? Is dit maar net danksy ons harde werk dat daar voedsel en drank op ons tafel is?

Nee, sê ons Kategismus, dit is deur die **voorsienigheid** van God. Hierdie moeilike woord vat die belydenis in een eenvoudige, maar troosryke woord saam: **Vaderhand**. God se voorsienigheid – dit is God se **Vaderhand** in my hele lewe, in voorspoed, maar ook in teenspoed.

Opvallend is dat die goeie dinge eerste genoem word: eers die **reën**, dan die **droogte**, ensovoorts.

DRIE BELANGRIKE DINGE IN VERBAND MET HIERDIE VADERHAND

Die Kategismus sê ***drie belangrike dinge in verband met hierdie Vaderhand:***

1. Dit is 'n **Vader**-hand

Ons lewe is nie in die ystergreep van 'n tiranne-hand nie. Ons is nie oorgegee aan 'n klipharde noodlot-hand nie. Ons bestaan is in die liefdesgreep van 'n Vader-hand. As ons dit reeds weet, sal ons so getroos en bly wees, wat ook al op ons lewenspad mag kom. As Vader **wil** Hy ons help en versorg (v/a 26).

2. Dit is 'n **almagtige** hand

Die voorsienigheid van God is die **almagtige ... krag van God**. My Vader se hand is almagtig, onoorwinlik sterk, tot alles in staat. Hy **kan** help en versorg en regeer (v/a 26).

3. Dit is 'n **oralteenwoordige** hand

Die voorsienigheid van God is die ... **oralteenwoordige krag van God**. Dié hand is oral en altyd daar.

Ps 139:5-10: “U sluit my in van agter en van voor, en U lê u **hand** op my. Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie. Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar! Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u **hand** my lei en u **regterhand** my vashou.”

WAT HIERDIE VADERHAND DOEN

Van hierdie Vaderhand word twee dinge bely:

1. Hy **onderhou** alles

Hy hou alle dinge in stand. Dit het die digter van Psalm 145:15,16 so heerlik goed begryp: "Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u **hand** oop en versadig alles wat lewe met welbehae." Die gras in die veld, die voedsel op my tafel – dit is die **Vaderhand** wat daarin vir my oopgaan.

2. Hy **regeer** oor alle dinge

Hy is aan die werk in wêreldgebeure, maar heel in die besonder is die lewens van sy kinders in sy hand. Alles wat ons ervaar, kom ons toe uit God se hande. En Hy regeer oor ons nie met 'n ystervuis nie, maar met 'n **Vaderhand**.

Dit is 'n Vaderhand wat sy kinders lei tot saligheid. Dit het die digter van Psalm 139 so goed geweet. Hy het geweet van God se hand wat oral is (vs 5,10), en aan die einde bid hy om die leiding van daardie Vaderhand: “Deurgrond my, o God, en

ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!” (vs 23-24)

Vraag 28

Hoe troos hierdie gedagte van God se voorsienigheid, sy Vaderhand, ons?

Antwoord 28

DIE GELOOF IN GOD SE VADERHAND LEWER DRIE VRUGTE OP

Die boom van die geloof in God se voorsienigheid dra drie vrugte. In aldrie gaan dit om *geloofsvrugte*:

- Eerstens kan ek **in alle teenspoed geduldig** wees.
Geduldig beteken hier: om onder die swaarste druk in die geloof staande te bly.
 Let ook op die woord **alle**: dit gaan om alle moontlike teenspoed.
 - Hoe kan ons dit alles dra en hanteer? **Alleenlik** wanneer ons met die *geloofsoog* God se **Vaderhand** agter ons teenslae raaksien; **alleenlik** wanneer ons glo dat ons Vader met sy linkerhand 'n kruis ons oplê, maar ons terselfdertyd met sy kragtige regterhand ondersteun.
- As tweede vrug van ons geloof in God se Vaderhand noem die Kategismus: om **in voorspoed dankbaar** te kan wees.
 - Wanneer sal ons in voorspoed dankbaar wees? **Alleenlik** wanneer ons met die *geloofsoog* God se **Vaderhand** in ons seëninge sien. As ons **deur die geloof** weet dit is God se Vaderhand wat my werk gee en my daaglikse brood en botter en sukses – as ons dit besef, word ons so diep dankbaar.
- Die derde vrug van ons geloof in God se Vaderhand is dat dit ons 'n **vaste vertroue** in ons getroue God en Vader gee **vir die toekoms**.
 - ❑ **'n Ware geloof** is ook **vertroue** (v/a 21):

Dit is 'n vaste vertrouwe **in ons getroue God en Vader**. Die God op wie ons vertrou, is **ons getroue God en Vader**. Die ware geloof weet wat hy aan God het: Hy is **ons** God en **ons** Vader om Christus wil; Hy is **getrou**; Hy is **God en Vader**.

Aangaande hierdie getroue God en Vader vertrou ons **dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie**. Sy liefde en sy almag gee vertrouwe vir die toekoms.

□ **'n Ware geloof** is ook **kennis** (v/a 21):

In die Bybel leer ons God ken as ons Vader om Christus wil. In die Woord leer ons die grootheid van sy liefde ken: “Want so lief het God [die Vader] die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh 3:16).

➤ Wanneer sal ons met vertrouwe die toekoms tegemoet gaan? **Alleenlik** wanneer ons **deur die geloof** weet: Ons Vader se hand is almagtig; sy hand is altyd daar; sy hand is 'n Vaderhand, 'n liefdeshand, wat my omvou, 'n hand wat my om Christus ontwil nimmer as te nooit sal loslaat nie.

Sondag 11

Die Naam Jesus

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: *Jesus*, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie (b).

(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: òf Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, òf dié wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).

(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4. (b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.

Vraag 29

In hierdie vraag gaan dit oor die Naam **Jesus**.

Antwoord 29

‘N NAAM HET IN DIE BYBEL ONTSAGLIK BAIE GESÊ

In Matthéüs 1 lees ons dat 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en aan hom sê: "... sy [Maria] sal 'n seun baar, en jy moet Hom **Jesus** noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (vs 21).

Vir ons sê 'n naam nie soveel nie. Dit is vir ons slegs 'n aanduiding **wië** iemand is, maar **nie wát** iemand is nie. Ons gee ons kinders familienam, byvoorbeeld Jan, Piet, Sarie of Sannie,

of ons dink sommer net 'n mooi naam uit. Verder het daardie naam egter nie besondere betekenis nie.

In die Bybelse tyd was dit egter nie so nie. 'n Naam het ontsaglik baie gesê:

- Daarmee is iets gesê oor die **karakter** van die persoon wat dié naam dra. Dink maar net aan die naam Jakob. Dit beteken “bedrieër” – en hoe het hy nie sy oom, Laban, bedrieg nie!
- Soms het 'n naam ook iets gesê oor die **opdrag** wat so 'n persoon van die Here ontvang het. So beteken die naam Elia “my God is die HERE”. Presies dit moes Elia met sy hele lewe teenoor Agab en Isébel en die afvallige Israel getuig: Die HERE alleen is God en nie Baäl nie! Sy naam spel dus sy lewensroeping uit.

GOD SELF SÊ WAT DIE NAAM MOET WEES

'n Naam was in ou Israel nie sommer 'n niksseggende iets nie. Dit is duidelik.

Dit is **nog meer die geval wanneer die HERE iemand 'n naam gee**. In Matthéüs 1:20-23 het ons nie sommer 'n gewone, menslike bode nie, maar 'n gesant uit die hemel, 'n boodskapper met 'n opdrag van God self. Hierdie hemelse bode se Godgegewe opdrag lui: Josef moet die kind Jesus noem.

GOD SELF VERKLAAR BOONOP NOG DIE NAAM JESUS

So ontsaglik belangrik is hierdie Naam Jesus en so dringend noodsaaklik is dit dat ons sal weet wat hierdie Naam beteken, dat die engel nie net sê wat die Kind se Naam moet wees nie, maar **ook 'n verklaring van die Naam** daarby gee. Hy sê vir ons wat die Naam beteken: "... want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matt 1:21).

Ons Kategismus neem hierdie woorde uit Matthéüs 1:21 oor: **Omdat Hy ons van al ons sondes verlos.**

SONDES

As hier van **sondes** gepraat word, moet ons dink aan die **skuld**, die **mag** en die **gevolge** van die sonde:

1. **Die skuld van die sonde.** Die sonde dompel ons in skuld by God. Dit maak ons strafwaardig. Ons verdien die ewige dood. Om ons daarvan te red, het Jesus gekom. Hy het in ons plek die vloek gedra. Hy het met sy kruisdood ons skuld voor God uitgedelg.
2. **Die mag van die sonde.** Deur die sondeval het die sonde die troon bestyg in ons lewens. Die sonde is 'n verwoestende mag. Dit vervreem ons van God. Dit verwoes ook menseverhoudings. Die sonde – dit is die verklaring hoekom die wêreld lyk soos hy lyk: 'n puinhoop van haat, oorlog, egskeidings. Ook dit het Jesus aan die kruis gedoen: Hy het ons gered van die mag van die duiwel en die sonde.
3. **Die gevolge van die sonde:** siekte, gebreke en dood. Jesus red ons van hierdie gevolge. Nou sien ons dit nog nie, maar deur die geloof weet ons: As Hy weer kom, sal daar geen siekte en dood meer wees nie. Dan sal Hy alle trane van ons oë afdroog.

ENIGSTE EN VOLKOME VERLOSSER

Jesus red ons van **al** ons sondes. Christus is 'n **volkome** Verlosser. Ons het in Hom **alles** wat ons nodig het vir ons saligheid, sê antwoord 30. Let op die woorde **al**, **alles** en **volkome**.

By **niemand anders** is daar **enige** saligheid te soek of te kry is nie. Ons verlossing is deur Christus alleen. Nie ons werke of Maria se voorbidding, of wat ook al, verlos ons nie, maar Christus is die **enigste** Verlosser (a 30).

Vraag 30

In die tyd van die opstel van die Kategismus was daar mense (die Rooms-Katolieke Kerk) wat gemeen het dat hulle goeie werke of die heiliges (die voorbidding van Maria) hulle so 'n bietjie kon help om in die hemel te kom.

Nou vra die Kategismus: **Glo dié mense** (hierdie Roomse-Katolieke) wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, **ook in die enigste Verlosser?**

Antwoord 30

ALLES OF NIKS

Die Roomse Kerk se hele leer kom neer op 'n verloëning van Jesus. Met die **mond** bely hulle Hom wel, maar met die **daad** (met die daad van werkheiligheid) verloën hulle hul enigste Saligmaker.

Jesus is **òf** vir ons **niks** nie **òf** Hy is **alles**, sê ons belydenis: **Slegs een van twee dinge is immers moontlik:**

- **òf Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie,**
- **òf die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.**

Dit is die twee moontlikhede. 'n Middeweg is daar nie. Jesus is die enigste weg.

‘N WARE GELOOF: JESUS ALLES

Die wat hierdie Verlosser met 'n **ware geloof** aanneem, sê ons belydenis, **het in Jesus alles wat vir hulle saligheid nodig is.**

Waar kom ons Kategismus daaraan om die saak so skerp te stel? In die Bybel. In Galasiërs 1:8-9 sê die Heilige Gees: Laat die wat by die verlossing van Jesus iets wil byvoeg 'n vervloeking wees. En in Handeling 4:12 sê Petrus: " En die **saligheid is in niemand anders** nie, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, **waardeur ons gered moet word nie**".

Sondag 12a

Die Naam Christus

Vraag 31: Waarom word Hy *Christus*, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf (a) is tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Op 12:10, 11.

Vraag 31

In hierdie vraag gaan dit oor die Naam **Christus**. Die Kategismus sê ook wat die naam beteken: **Gesalfde**.

Ook in die Ou Testament hoor ons van die Gesalfde, maar dan word die naam **Messias** gebruik. Dit beteken presies dieselfde as Christus. “Christus” is die Griekse vertaling van die Hebreeuse naam “Messias”.

In die Ou Testament is verskillende ampsdraers gesalf: **konings** (1 Sam 10:1), **priesters** (Lev 8:12, 21:10-15), **en profete** (1 Kon 19:16). Die kosbare, heilige salfolie is oor dié persoon se kop uitgegiet. Hulle was dus gesalfdes of messiasse of christusse. Al hierdie gesalfdes het heengewys na die groot Gesalfde wat sou kom.

Die **olie** was simbool of teken van die **Heilige Gees**.

Dié **salwing** was van besondere betekenis.

- Dit het beteken God self het dié persoon **aangewys** en verkies in dié besondere amp, hetsy van profeet, priester of koning. Dié man kom dus nie op eie gesag nie, maar met die volmag van die Here en as sy gestuurde.
- Salwing het ook die betekenis van **bekwaammaking** gehad. God stel iemand nie net aan as profeet, priester of koning nie. Hy wil dié persoon ook bekwaam maak vir die roeping waartoe Hy hom geroep het.

Hierdie bekwaammaking is op 'n besondere wyse deur die salwing afgebeeld. In die ou Ooste is salfolie nie net gebruik as medisyne soos by ons nie. Dit was eintlik meer 'n soort verfrissende parfuim. Wanneer iemand na 'n lang en moeisame tog deur die versengende hitte van daardie wêreld homself gesalf het, het hy weer verfris gevoel. Die salfolie het die vermoeide reisiger verkwik en hy het daardeur weer toegerus en bekwaam gevoel om sy tog voort te sit. So wou die HERE deur die salwing sy profete, priesters en konings verseker dat Hy hulle wil toerus en geskik maak vir hulle amp. Dit sou die HERE doen deur sy Heilige Gees, wat in die salwing afgebeeld is.

Antwoord 31

1. CHRISTUS DEUR GOD DIE VADER SELF GESALF

Jesus word Christus, of Gesalfde, genoem, **omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is** tot Profeet, Hoëpriester en Koning.

Daarvan lees ons in Matthéüs 3:13-17. Op 'n dag het Jesus na Johannes die Doper gekom. Toe is ook Hy gedoop. Maar daar het nog iets met Jesus gebeur: Hy is ook **gesalf**.

Maar **met die salwing van Jesus** het daar **'n paar heel besondere dinge** gebeur:

- Hy is nie letterlik met geurige salfolie gesalf soos die geval was met die profete, priesters en konings van die Ou Testament nie. Wel is Hy **gesalf met Hom** wat deur die salfolie afgebeeld word, **die Heilige Gees**, want nadat Jesus gedoop is, het die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom neergedaal.
- Wat nog so besonder was, was dat nie Johannes die Doper – 'n mens – Jesus gesalf het nie. In die Ou Testament was dit wel mense, profete, wat 'n horing met geurige

salfolie oor die profeet, priester of koning se kop uitgegiet het. In Matthéüs 3:13-17 word dit egter gedoen **deur God die Vader** self, want die Heilige Gees het in die gedaante van 'n duif op Jees neergedaal en toe is die stem van die Vader gehoor: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (vs 17) Wat 'n aangrypende gebeurtenis, nie waar nie? Vir hierdie heerlikste van alle salwings maak God nie van tussengangers (mense) gebruik nie, maar Hy doen dit Self. Daarmee sê die Vader self: Jesus is die Christus. God die Vader self het Hom **aangestel en met die Heilige Gees gesalf**. Hom moet julle gehoorsaam.

2. DIE DRIE AMPTE VAN CHRISTUS

Met die salwing is Jesus aangestel en toegerus met die Heilige Gees vir sy besondere taak as

1. **ons hoogste Profeet**
2. **ons enigste Hoëpriester**
3. **ons ewige Koning**

Dit was iets heel besonders, want in die Ou Testament hoor ons net van een persoon wat koning én priester was, naamlik Melgisédek, die koning van Salem (Gen 14).

Kom ons kyk na al drie hierdie ampte:

1. Hy is ons **hoogste Profeet en Leraar**.

As ons hoogste Profeet en Leraar het Christus **aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak**.

Hy toon aan ons die weg tot **verlossing** van ons sondes. Wie belangstel om gered te word, moet daarom na sy leerskool gaan.

Waar vind ons daardie hemelse leerskool? In die Bybel, natuurlik, in die Nuwe én Ou Testament.

- Ook die ***Ou Testament*** is deel van ons hoogste Leraar se leerplan. Reeds in die Ou Testament, op elke bladsy daarvan, praat Christus, die hoogste

Profeet, self met ons deur sy profete. Reeds in die Ou Testament word Christus, die Weg, aan ons geopenbaar.

- Onder die **Nuwe Testamentiese bedeling** het Christus self na die aarde toe gekom, met sy kerk gespreek en gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." (Joh 14:6) Dit moes 'n heerlike tyd gewees het vir die dissipels, maar toe het Hy opgevaar na die hemel. Het dit dan beteken dat sy leerlinge sonder 'n onderwyser was? Geensins, want voor sy opvaart het Hy aan sy dissipels belowe: Hy sal die ander Trooster, sy Heilige Gees, stuur en "... Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." (Joh 14:26) Deur sy Heilige Gees het ons grootste Profeet toe gesorg dat sy apostels die leer op skrif gestel het, die onmisbare Handboek van ons Meester, die Bybel. Wie die stem van ons groot Onderwyser wil hoor, moet vanselfsprekend dié Boek lees.

Sy Woord is ook genoeg. Daarin het ons Here Jesus die plan van God aangaande ons verlossing **ten volle** geopenbaar. Meer as dit het ons nie nodig nie. Tog is daar vandag nog mense wat na meer soek. Hulle verbeel hulle dat God in hulle oor fluister of in drome met hulle praat. Die Here het egter baie duidelik gesê dat ons aan die Bybel genoeg het: Ons mag niks daarby voeg nie (Op 22:18).

2. Ons Here Jesus **ons enigste Hoëpriester**.

Hy is ons **enigste** Hoëpriester.

Die Kategismus sê twee dinge van sy werk as Hoëpriester:

Eerstens: Hy het ons met die enige offer van sy liggaam verlos.

Die priesters in die Ou Testament het diereoffers gebring. Christus offer **sy liggaam**.

Sy offer word 'n **enige** offer genoem. Daarmee word bedoel: enigste. Daar hoef niks meer by te kom nie. Met sy kruisoffer het Hy vir al ons sondes ten volle betaal.

Tweedens: Met sy voorbidding tree Hy gedurigdeur vir ons in by die Vader.

Tans is ons Here Jesus in die hemel, aan die regterhand van sy Vader, maar steeds sit Hy sy hoëpriesterlike werk voort. Want daar bring Hy voortdurend sy offer by sy Vader in

gedagtenis. Wanneer ons gesondig het en pleit om vergifnis, tree Hy vir ons in die bresse. Dan sê Hy vir sy Vader: Ek het vir die kind gesterwe aan die vloekhout van Golgota. Met sy deurboorde hande en sy deursteeke sy pleit Hy vir ons, en sy pleitrede word altyd verhoor, want Hy het die magtigste pleitgrond denkbaar: sy hoëpriesterlike werk, sy liggaam en sy bloed.

3. Christus is gesalf as **ons ewige Koning**.

In die tyd van die Ou Testament was dit die taak van die koning om die volk te regeer volgens die Wet van God, om die hulpeloses te beskerm en om te stry teen die vyande van die volk.

Dit alles doen ons Here Jesus op volmaakte wyse:

As Koning **regeer** Hy oor ons **met sy Woord en Gees**. Ons moet die werk van die Heilige Gees nooit losmaak van die Woord nie. Die Heilige Gees werk deur die Bybel in ons en die Heilige Gees maak ons van harte gewillig en bereid om ons te onderwerp aan Koning Jesus se Koningswoord.

As dit van ons sou afhang, sou ons al lankal van die weg van verlossing afgedwaal het. Ons is immers so swak en ons teëstander, die duiwel, so sterk. Daarom is dit heerlik om te weet: **Christus beskerm en bewaar ons** en daarom bly ons **by die verlossing wat** deur Hom aan die kruis **verwerf is**.

3. HY IS DIE WEG-WYSER, DIE WEG-BOUER EN OP-DIE-WEG-HOUEER:

- As **Profeet** wys Hy vir ons die **pad**;
- as **Hoëpriester** bou Hy vir ons die **pad**, en
- as **Koning** hou Hy ons op die **pad**.

Hy is die **Weg-wyser, Weg-bouer** en **op-die-Weg-Houeer**. Hy is self die Weg (Joh 14:6).

4. CHRISTUS IS DIE AMPSNAAM VAN JESUS

Ons moet goed verstaan: Jesus het nie twee name gehad nie. Sommige mense dink dat sy een Naam Jesus was en sy ander Naam Christus, net soos ek twee doopname het: Arie Hendrik. Die Naam Christus is ook nie Jesus se van nie.

Nee, die Naam Christus is sy ampsnaam. Dit sê iets van sy amp of beroep. Net soos ons praat van Mnr X, die onderwyser, of Mnr Y, die advokaat, net so moet ons praat van Jesus, die Christus. Of 'n bietjie anders gestel: Ons praat van “Dominee so en so”. Maar “Dominee” is nie my naam nie. Dit sê slegs wat my amp of beroep is: Ek is predikant. Die titel vertel ook watter werk ek doen: Ek preek. So praat ons verder van dokter die en die of advokaat so en so. Ons almal weet dat die woorde dokter en advokaat nie die name van daardie mense is nie. Dit is hulle ampsname of titels. Dit sê wat daardie mense doen of werk.

Nou ja, net so is die Naam **Christus** die ampsnaam van ons Verlosser.

Sondag 12b

Die naam Christen

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c), sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Vraag 32

In die stadjie Antiochië, 12 kilometer van die Middellandse See af, waar Sirië en Klein Asië mekaar ontmoet, het dit die eerste keer gebeur dat die volgelinge van Jesus **Christene** genoem is (Hand 11:26).

In hierdie vraag en antwoord gaan dit oor die betekenis van die naam Christen.

Antwoord 32

1. WAAROM ONS CHRISTENE GENOEM WORD

Dit is 'n heerlike naam, want daarmee word ons vernoem na ons geliefde Saligmaker. Die Naam **Christus** beteken **Gesalfde** en die naam Christen beteken presies dieselfde: **gesalfde**. Ook ons is dus gesalfdes.

In die vorige les het ons gehoor dat Christus Gesalfde genoem is en dat dié woord beteken: Hy is gesalf met die Heilige Gees. Dit het gebeur daardie dag toe Hy deur Johannes die Doper gedoop is. Toe het die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom gekom en gebly (Matt 3:16). Nou beteken Christen-wees: **ons het deel aan Christus se salwing**. Ons

ontvang dus ook **die Heilige Gees**. Dit het gebeur op Pinksterdag. Toe is die Heilige Gees op die kerk uitgestort (Hand 2). In 1 Johannes 2:20 word van die hele kerk gesê: Julle (die gemeente: die dominee en die ouderlinge en die diakens en die lidmate) het die salwing van die Heilige. Met die Heilige bedoel hy die Heilige Gees.

2. DEUR DIE GELOOF KRY ONS DEEL AAN DIE SALWING MET DIE HEILIGE GEES

Die Kategismus laat ons ook sien hoe ons deel kry aan hierdie salwing van Christus. Die **geloof** is onmisbaar. **Ek is deur die geloof 'n lid** (van die liggaam) **van Christus**. Hierdie liggaam van Christus is die kerk. Soos die lede van een liggaam deel in alles wat die hoof besit, so **deel** almal wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is **aan Christus**, die Hoof, **se salwing** met die Heilige Gees.

Gaan kyk weer na vraag en antwoord 20, waar ons ook hoor van die noodsaak van die geloof en dat ons deur die geloof in Christus **“in-gelyf”** (deel van sy liggaam) word. Die Heidelbergse Kategismus is so 'n mooi eenheid. Hier in antwoord 32 kan ons sien wat een van die **weldade** van Christus is waarvan antwoord 20 praat: die salwing met die Heilige Gees.

3. ABSOLUUT NOODSAAKLIKE TOERUSTING

Hierdie **salwing** met die Heilige Gees is absoluut noodsaaklik. Salwing beteken immers **toerusting**.

- Aan die een kant **roep** die Here ons tot die amp van profeet, priester en koning.
- Aan die ander kant **rus** Hy ons ook **toe** vir hierdie take. Let op die woordjies **sodat** en **kan**: Ek het deel aan sy salwing het **sodat** ek iets **kan** doen: **sodat** ek as gevolg daarvan sy Naam **kan** bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom **kan** toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel **kan** stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels **kan** regeer. Die Heilige Gees plant ons deur die geloof in Christus in – dit is die rede vir en die geheim van die **kan**.

4. ONS DOOP EN DIE BELOFTE VAN DIE HEILIGE GEES VAN BEKWAAMMAKING

Toe Jesus gedoop is in die Jordaanrivier, is Hy ook gesalf met die Heilige Gees.

Toe ons gedoop is, is ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun **én die Heilige Gees**. In die uur van ons doop is die Heilige Gees, wat bekwaam maak, aan ons **beloof**. Die doopsformulier sê: “... as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor 12:13) deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe ...”

5. CHRISTUS SALF ONS MET SY HEILIGE GEES TOT DRIE AMPTE

Vooraf twee uiters belangrike opmerkings:

- Die Gesalfde is ook die Salwer: Dit is Christus (Gesalfde) wat sy kerk salf met die Heilige Gees. Dit is die Gesalfde wat ons gesalfdes, Christenne, maak.
- Alleen deur die Gesalfde se ampswerk kan ek gesalfde wees. Ek kan my amp as gesalfde nooit as te nimmer losmaak van die ampswerk van Christus nie. My salwing as profeet, priester en koning het alles en alles te make met die ampswerk van Christus, dit wil sê sy amp as Profeet, Priester en Koning: deur die krag van die Woord van my hoogste Profeet word ek profeet, wat sy Woord as profeet uitdra; deur die krag van die enige offer van my enigste Hoëpriester kan ek priesterlik my lewe as dankoffer aan Hom toewy; deur die Woord en Gees van my ewige Koning kan ek weer koning wees.

a) Ons is **PROFETE**

Dit hou in dat ons **sy Naam kan bely**.

Met **Naam** bedoel die Heidelbergse Kategismus nie net die Naam van Jesus nie, maar die hele Woord van God. Woord en Naam is dieselfde. God openbaar Homself, dit wil sê sy Naam, aan ons in die Woord. Gaan kyk weer wat by die verklaring van antwoord 29 oor

die betekenis van 'n naam gesê is. Die Naam van God kom ook ter sprake in die derde gebod (Sondag 36) en in die eerste bede van die Onse Vader (Sondag 47).

Om te **bely** beteken in die Bybel altyd om in die openbaar vir iets of iemand uit te kom. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Ons mag dit nie in die hande van die dominee of die kerkraad laat om die evangelie aan ander te verkondig of om teen verkeerde dinge in die samelewing beswaar te maak nie. Ons moet almal, kragtens ons salwing, profeteer en uitkom vir ons dierbare Heiland. Dit is nie net die dominee of die ouderling se taak om mense te vermaan of om te praat oor lotery nie, ons moet dit almal doen. Op Pinksterdag het immers nie net die apostels in ander tale gespreek nie, maar die hele kerk!

b) Ons is **PRIESTERS**

'n Priester is iemand wat offers aan die Here bring. Ons moet dit ook doen: Ek moet **myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy**.

Hierdie offer wat ons aan God moet offer, is **nie 'n soenoffer** nie. Dit wil sê dit is nie bedoel as 'n offer ter betaling van ons sondeskuld nie. Die soenoffer is klaar gebring aan die kruis. Die offer wat die Here van ons vra, is 'n **dankoffer**. In Romeine 12:1 praat Paulus daarvan: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul **liggame** sal stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige **offer**." Op grond van die ontferminge van God, op grond van sy genade wat Hy aan hulle bewys het in die offer van sy Seun, roep die apostel die gemeente op om hulle liggame aan die Here te offer. Natuurlik beteken dit nie dat hulle en ons nou letterlik ons liggame op die altaar moet lê en dit in rook en vlamme moet laat opgaan nie. Met **liggaam** bedoel die apostel ons hele lewe: Ons ganse handel en wandel moet aan God gewy word. Dit is ons priesterlike werk.

Ons belangrikste taak as priesters is om te bid: die offer van die lippe.

c) Ons is **KONINGS**

Soos 'n koning moet stry teen sy vyande en hulle moet oorwin om sodoende vrede in sy land te hê, so moet elke Christen **stry teen die sonde en die duiwel**. In hierdie lewe sal ons 'n voortdurende stryd teen die sonde en die duiwel hê. Ons is 'n "strydende" kerk. Ons

moet die volle wapenrusting aantrek, want ons het 'n voortdurende worstelstryd teen die bose geeste in die lug (Ef 6:10-20).

Hierna, na hierdie lewe van stryd, sal ons **met Christus in ewigheid oor alle skepsels regeer**.

6. ONS KAN DIE BEKWAAMMAKING DEUR DIE GEES NOOIT LOSMAAK VAN CHRISTUS NIE

Ons moet nooit die werk van die Gees losmaak van Christus nie. In Openbaring 1:5-6 lees ons dat Christus ons konings en priesters vir sy God en Vader gemaak het. Die werk van bekwaammaking van die Heilige Gees het alles met Christus te make. Die Heilige Gees, sê ons doopsformulier, wil ons tot lidmate van Christus heilig (1 Kor 12:13) deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwning van ons lewe.

7. DIE GEBED OM DIE HEILIGE GEES

Die Heilige Gees word in die doop aan ons **belowe**. Ons moet egter ook **bid** om die Heilige Gees “omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank” (antwoord 116).

Sondag 13

Jesus die eniggebore Seun van God en ons Here

Vraag 33: Waarom word Christus die *eniggebore Seun van God* genoem, terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).

(a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16; 1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.

Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons *Here*?

Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).

(a) 1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.

Vraag 33

Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem, terwyl ons tog ook kinders van God is? Dit gaan in hierdie vraag om die verskil tussen Christus se Seunskap van God en ons kindskap van God.

Antwoord 33

1. CHRISTUS DIE SEUN VAN GOD

Christus is **die Seun van God**. So bely ons hier. Tog is dit 'n geloofsbelydenis wat deur die eeue heen bevraagteken is. Op die vraag: Wie is Jesus, was daar al baie uiteenlopende

antwoorde. Op 'n keer het Jesus aan sy dissipels gevra: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?" Daarop het sy leerlinge Hom gesê wat die mense in sy tyd van Jesus dink: "Sommige (sê dat U) Johannes die Doper (is), en sommige Elia, en ander Jeremia of een van die profete" (Matt 16:13).

So was daar mense in die kerk se geskiedenis, wat geweier het om te bely dat Jesus die Seun van God was; vir hulle was Hy maar net 'n baie goeie mens, 'n wonderlike voorbeeld om na te volg, maar beslis nie die Seun van God nie. Vandag nog kry ons diesulkes, hoor.

2. 'N LEWENSBELANGRIKE BELYDENIS

Hierdie belydenis is ontsaglik belangrik. Dit sien ons reeds in die feit dat Jesus ook sy kerk, sy dissipels, met die vraag konfronteer: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" Twee maal sê Jesus "julle". Daarmee beklemtoon die Heiland dat Hy 'n antwoord van die kerk eis. Hier is 'n vraag waarin ons – Petrus, en ook die kerk vandag – nie neutraal kan bly nie, wil Jesus sê. Dan kom die suiwer belydenis oor die lippe van Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt 16:16).

Ons ewige behoud en saligheid hang daarvan af: Alleen as Jesus werklik God was, kon Hy die toorn van God dra (HK 6:17).

3. DIE SEUNSKAP VAN CHRISTUS EN ONS KINDSKAP

Christus is die **eniggebore Seun van God**. Maar dadelik vra die Kategismus dan: Maar as Jesus die eniggeborene is, wat dan van ons? Ons is tog ook kinders van die Here?

Ja, dit is waar, antwoord die Kategismus dan, maar daar is wel 'n groot verskil tussen Jesus se verhouding tot die Vader en ons verhouding tot Hom. ***Daar is twee verskille*** tussen ons kindskap en Christus se Kindskap:

- **Christus** alleen is **ewige** Seun van God.

Ons, daarenteen, word ons eers **in die tyd** kinders van die Vader. Daar was 'n tyd toe ons nog nie bestaan het nie, maar van Jesus kan ons dit nooit sê nie. Hy het nie eers begin bestaan toe Hy gebore is uit die maagd Maria nie (Miga 5:1).

- **Christus** alleen is die **natuurlike** Seun van God. Hy het dieselfde natuur as die Vader, d.i. die Goddelike natuur.

Ons daarenteen is nie natuurlike kinders van God nie. Ons het nie 'n goddelike natuur nie. Ons is tot kinders van God **aangeneem**.

4. HOÉ ONS KINDERS VAN GOD GEWORD HET

Die Kategismus leer ons ook hoé ons kinders van God geword het. Ons is tot kinders van God aangeneem:

- **om Christus se ontwil** (danksy sy verlossingswerk)
- **uit genade** (sonder dat ons dit verdien het).

5. ONS KINDSKAP KAN NIE LOSGEMAAK WORD VAN DIE GELOOF IN CHRISTUS AS ENIGGEBORE SEUN VAN GOD NIE

Ons kindskap het alles te make met die belydenis van Sondag 13 dat Jesus die ewige, natuurlike Seun van God is.

Dit is juis die groot tema van die evangelie volgens Johannes, "... dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God" (Joh 20:31) en dat God aan almal wat in die Naam van die Seun glo, die mag (reg) gee om kinders van God te word (Joh 1:12).

Vraag 34

DIE BETEKENIS VAN DIE NAAM **HERE**

Ons kan die Naam **Here** op twee maniere verklaar:

1. **Here** is die vertaling van die Griekse woord **kurios**. Dit was die titel vir die eienaar van slawe en die woord beteken **eienaar** of **besitter**. Ons Here is ons Eienaar en ons is sy eiendom of besitting. Hy het reg en aanspraak op ons, want ons behoort aan Hom.

2. Die woord **Here** of **kurios** kan ook vertaal word met **Koning**. In die destydse wêreld het die keiser die titel **kurios** gedra. Hierdie titel eien Jesus Homself toe, want Hy is die Here van alle here en die Koning van alle konings (1 Tim 6:15; Op 17:14; 19:16).

Antwoord 34

Antwoord 34 laat ons sien **hoe** Hy ons **Here** geword het: **Omdat Hy ons vrygekoop het.**

In verband met hierdie vrykoping moet ons na drie dinge kyk:

1. WAARVAN EN WAARUIT HY ONS VRYGEKOOP HET

Hy het ons verlos en vrygekoop **van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel.**

Deur die sondeval van Adam het ons almal slawe van Satan en die sonde geword. Niemand kan homself of 'n ander daaruit bevry nie. Ouers kan nie hulle kinders daarvan bevry nie. Maar dit wat niemand anders kon doen nie, dit het die Seun van God gedoen.

2. DIE PRYS WAARMEE HY ONS VRYGEKOOP HET

In die destydse wêreld was dit so dat, as 'n mens 'n slaaf op die mark wou koop, jy dit kon doen as jy maar net genoeg silwer en goud gehad het.

Maar daarmee kon ons Here Jesus ons nie loskoop nie. Ons is vrygekoop **nie met goud of silwer nie, maar met die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus.** God eis dat vir die sonde betaal moet word. Die straf op die sonde is die dood. Dit is die prys. Hy moes sy lewe gee. Dit het Jesus self eenmaal gesê, naamlik dat Hy gekom het om "sy lewe te gee as 'n losprys vir baie (Matt 20:28)". In Efesiërs 1:7 staan dit so: Ons is verlos deur die bloed van Christus.

Ons moet besef: Ons is duur gekoop. Dit het die Vader sy kosbaarste, sy dierbare Seun gekos! Die Kategismus praat van die **kosbare** bloed van ons Here Jesus Christus.

3. WAARTOE DIE HERE JESUS ONS VRYGEKOOP HET

Ons is tot sy **eiendom** vrygekoop. Ons is verlos, **sodat** ons Hom sal dien aan Wie ons nou behoort.

In 1 Petrus 2:9 staan geskrywe: "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as **eiendom** verkry". En dan sê die apostel ook **waartoe** hulle vrykoop is as eiendom: "Om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig". Eiendom-wees hou in dat ons sy Naam in die wêreld sal verkondig. Dit doen ons wanneer ons die evangelie, die blye boodskap, aan ander vertel en as ons soos onderdane (slawe, besitting, eiendom) van die Here leef.

Sondag 14

Die neerdalende lyn (1): die geboorte van ons Here

Vraag 35: Wat beteken: *ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria*?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees (d) aangeneem het. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g).

(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3, Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Heb 2:14, 17. (g) Heb 4:15.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is (a), en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b).

(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.

DIE TWEE LYNE IN DIE LEWE VAN CHRISTUS

Om Sondag 14 tot 19 goed te verstaan, wil ek hier 'n kort oorsig gee.

In hierdie Sondae wil die Heidelbergse Kategismus die grootse en heerlike verlossingswerk van ons Heiland nog verder vir ons ontsluit. Dit doen die Kategismus deur ons te wys op die **twee lyne** in Christus se lewe: **die lyn van vernedering** en **die lyn van verhoging** .

1. Eerstens is daar die **neerdalende lyn** (Sondag 14-16), die lyn van diepe versmading en **vernedering** : Dit begin met die geboorte van Jesus, waarby ons in ons behandeling van Sondag 14 sal stilstaan. Daarna kom die lyding, sterwe, begrafnis en neerdaling ter helle. Hoe ontsaglik diep moes Jesus nie neergedaal het in ons

ellende, in ons doemwaardige toestand, om ons te kon red nie! Wanneer ons dit oordink, moet die liefde van God ons met groot eerbied vervul.

2. **Tweedens** (Sondag 17-19) is daar die **opstygende lyn** in die heilswerk van ons dierbare Saligmaker: sy opstanding, sy hemelvaart, sy sit aan die regterhand van God, en sy wederkoms. Dit is die lyn van **verhoging**. Omdat Jesus gehoorsaam was tot in die dood, ja die dood van die kruis, het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n heerlikheid gegee bo alles. Vanuit die hemel gee Hy ons ook deel aan die heil wat Hy vir ons aan die kruis verdien het.

Vraag 35

In hierdie vraag gaan dit oor die belydenis **wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria**.

Antwoord 35

CHRISTUS WARE EN EWIGE GOD

Ware en ewige God. Aan die begin van die evangelie volgens Lukas (1:26-38) verskyn 'n besondere boodskapper, 'n gesant van God uit die hemel, aan Maria: die engel Gabriël. Die boodskap wat hy bring, is die heerlikste wat nog ooit gehoor is: Die **Seun van God** sal gebore word. Twee maal (1:32,35) herhaal die engel dit: Die kind wat gebore sal word, is niemand anders as die eie, natuurlike **Seun van God** nie. Die Bybel herhaal nie sonder rede en sonder groot gewigtigheid dinge nie. Gabriël wil hiermee vir ons sê: Hier is iets wat ons beslis nie mag vergeet nie. Die hele gebou van ons saligheid is op hierdie waarheid (dat Christus die Seun van God is) gebou. Topping ons daaraan, stort ons verlossing in puin. Immers, dit is noodsaaklik dat Jesus self ook God moes wees, want die toorn van God teen ons sonde is so groot en so swaar dat alleen Goddelike krag dit kan dra (HK 6:17).

Ons moet mooi na ons belydenis luister: Die ewige Seun van God, wat ware en ewige God **is en bly**, het die menslike natuur aangeneem. Met sy geboorte het Jesus nie sy Goddelike natuur afgelê nie. Hy het nie opgehou om God te wees nie, maar Hy het ware en ewige God gebly. Daarsonder was ons verlossing nie moontlik nie.

WARE MENS

Christus het **die ware menslike natuur** uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem. Hy moes mens word. Immers, die mens het gesondig en daarom moet die mens betaal (HK 6:16). Van hierdie wonder lees ons ook onder andere in Lukas 1:26-38: die aankondiging dat Jesus vlees en bloed sou aanneem deur sy geboorte uit die maagd Maria.

Die Heidelbergse Kategismus gebruik die woordjie **aangeneem**. Die Seun van God het die menslike natuur **aangeneem**. Met opset gebruik die Kategismus dié woord en **nie** die woordjie **verander** nie. Met sy geboorte het Jesus nie van 'n Goddelike in 'n menslike wese verander nie, maar **by** sy Goddelike natuur het Hy ook die menslike natuur aangeneem, sodat Hy nou nie net waarlik mens is nie, maar ook waaragtig God is en bly.

DIE VLEESWORDING 'N DAAD VAN CHRISTUS

Die woord **aangeneem** laat ons die geboorte van Christus ook sien as 'n daad van Christus.

Ons geboorte is nie iets wat ons kon kies nie. Met Christus is dit egter totaal anders. Sy geboorte was sy daad. Hy het die ware menslike natuur **aangeneem**. Filippense 2:6, 7 leer dit: “Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n diensknecht **aan te neem** en aan die mense gelyk geword; ...”

Reeds in die ewigheid het Hy Hom dit voorgeneem: “U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie. Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe.” (Ps 40:7-8)

'N DAAD VAN CHRISTUS DEUR DIE HEILIGE GEES

Hoe het dit gebeur? Hier was geen man by betrokke nie, maar **die Heilige Gees** het Maria **oorskadu** (Luk 1:35). Hoe moet ons dit verstaan? Waarskynlik word met dié woorde die Heilige Gees sal **oor jou kom** en jou **oorskadu** gesinspeel op die wolk van God se

heerlikheid wat in die woestyn oor die tabernakel neergedaal het. Meer kan ons nie sê nie. Al wat ons weet is dat Hy **ontvang is** as 'n geskenk van die Heilige Gees. Die Gees van die Vader het die Seun deurgegee aan die wêreld.

In Matthéüs 1:20 word die gebeurtenis verder verklaar: “... wat in haar verwek is, is **uit die Heilige Gees**.”

SONDELOSE MENS

Christus was nie net ware mens nie. Hy was ook sondelose mens: Hy was **in alles aan sy broers gelyk** (dus ware mens), **behalwe die sonde**. “Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar **sonder sonde**.” (Heb 4:15)

Weereens is dit 'n onmisbare vereiste, want 'n mens wat self 'n sondaar is, kan immers nie vir 'n ander betaal nie (HK 6:16). Christus is die Heilige en daarom kon Hy in ons plek gaan staan. Daarom kon Hy, die Heilige, vir ons, die onheiliges, sterwe.

DIE BELOOFDE SEUN VAN DAWID

Hy is, sê Gabriël aan Maria (Luk 1:32, 33), die beloofde en lank verwagte Dawid-seun, **die ware nakomeling van Dawid**, wat sal sit op die troon van Dawid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

Hoe het die ware volk van God nie uitgesien na hierdie dag, na die koms van hulle Verlosser-Koning nie, en nou, na soveel eeue het die heilryke oomblik aangebreek!

Die belofte dat die Messias of Christus uit die nageslag van **Dawid** gebore sou word, kry ons onder andere in Psalm 110 en in 2 Samuel 7:12-16.

Vraag 36

Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus? Watter waarde het dit vir jou?

Antwoord 36

MY SONDE WAARIN EK ONTVANG EN GEBORE IS

Dit is altyd iets heel besonders wanneer 'n kindjie in die gemeente gedoop word, nie waar nie? Om die onskuldige gesiggie te sien en die pragtige, skoon kleertjies? Tog – die uiterlike bedrieg. Immers, ons doopsformulier sê daardie kind is nie so onskuldig as wat hy of sy lyk nie. Inteendeel, hy of sy is in sonde ontvang en gebore. In Adam kom die kind met sondeskuld (erfskuld) en met 'n bedorwe natuur (erfsmet) die wêreld in. So skoon as wat die babatjie op die oog af lyk, so vuil is hy of sy van die sonde.

Helaas, dit is die groot waarheid: ons kom swart van die ongeregtigheid in die wêreld. Van die wieg tot aan die graf is ons lewe bevlek van die sonde. Dit begin dus nie eers wanneer ons ouer word nie, maar van ons prilste jeug af, van die oomblik dat ons die eerste lewenslig aanskou, is ons lewensweg verdorwe en is ons doemwaardig.

CHRISTUS IN ONSKULD EN VOLKOME HEILIGHEID ONTVANG EN GEBORE

Teenoor **my sonde** (erfskuld en erfsmet) waarin ek ontvang en gebore is, staan die **onskuld** (Hy het geen erfskuld gehad nie) **en volkome heiligheid** (Hy het geen erfsmet, dit wil sê 'n verdorwe natuur, gehad nie) waarin Hy ontvang en gebore is.

Juis daarin lê die nut van die heilige ontvangenis en geboorte van ons Here Jesus. Hy het rein, sondeloos, in die wêreld ingekom. Die Kategismus praat van sondeloosheid, **sy onskuld en volkome heiligheid**. So kon Hy ons **sonde, ons skuld en volkome onheiligheid**, waarmee ons al by die wortel van ons bestaan besmet is, bedek. Van die begin tot die einde van sy lewe moes Hy sonder vlek wees, om ons lewensgang, wat van ons geboorte tot ons sterwe onrein is, met sy volmaakte lewensloop voor God te bedek. Daarom kon Hy nie as volwasse Man in die wêreld gekom het nie, maar moes Hy as sondelose Kind gebore word.

Sondag 15

Die neerdalende lyn (2): lyding onder Pilatus en kruisiging

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: *gely*?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).

(a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.

Vraag 38: Waarom het Hy onder die *regter Pontius Pilatus* gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom (b).

(a) Joh 18:38; Matt 27:24; Luk 23:14, 15; Joh 19:4. (b) Ps 69:5; Jes 53:4, 5; 2 Kor 5:21; Gal 3:13.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus *gekruisig* is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b).

(a) Gal 3:13. (b) Deut 21:23.

Vraag 37

In vraag en antwoord 37 tot 39 gaan dit oor die woorde **wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is**.

In antwoord 37 word die woordjie **gely** verklar. Vraag 37 praat van die **woordjie** (verkleinwoord) gely. **Gely** is inderdaad 'n klein woordjie, maar 'n klein woordjie met 'n groot inhoud.

Antwoord 37

ONS SONDE DIE OORSAAK VAN CHRISTUS SE LYDING

Agter die vreeslike lyding van die Seun van God staan ons sonde. Dit was die **rede** vir sy lyding. Ons sondes het Hom aan die kruis gespyker. Dit bely ons saam met die Heidelbergse Kategismus, wanneer die Kategismus sê dat Christus **die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het**.

As daar iets is wat ons aandag in **Jesaja 53:5** nie mag ontsnap nie, is dit dit woordjie **ons**. In hierdie wondermoorie profesie word voorspel: die lyding van die Knecht van die HERE. Hierdie lydende Knecht is niemand anders as Jesus Christus nie. En dan wys ons teks direk die **oorzaak** van sy smarte aan: ons! "Maar Hy is ter wille van **ons** oortredinge deurboor, ter wille van **ons** ongeregtighede is Hy verbrysel". Dit is asof die profeet voor ons gaan staan, met die vinger na ons wys en sê: **Jy** is die man!

Ons Nagmaalsformulier sê: Hy het deur sy dood **die oorsaak** van ons ewige honger en kommer, **naamlik die sonde**, weggeneem.

DIE SONDE VAN DIE HELE MENSLIKE GESLAG

Christus het **die sonde van die hele menslike geslag** gedra. Dit is 'n Bybelse gedagte. In 1 Johannes 2:2 lees ons: "En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." In die Dordtse Leerreëls (2:3) bely ons ook: "Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakste offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen."

Dit beteken egter nie dat Christus se offer van nut is vir die hele wêreld nie. Wie nie glo nie, kry geen deel daaraan nie. Johannes 3:36 verkondig: “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar **die toorn van God bly op hom.**” Hierby sluit die Kategismus (HK 7:20) aan wanneer hy vra of **al die mense** dan weer deur Christus salig word soos hulle deur Adam verlore gegaan het. Daarop lui die antwoord van die Kategismus: **Nee; maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.**

Geloof is dus noodsaaklik om deel te kry aan die versoening van Christus.

TWEE TYDPERKE IN DIE LYDING VAN CHRISTUS

Christus is gevonnissen **om die toorn van God te dra**. Die belydenis noem in hierdie verband **twee tydperke**:

- Jesus moes die toorn van God **tydens die hele tyd van sy lewe op aarde** dra.
- Maar **veral aan die end van sy lewe** (aan die kruis) moes Hy so ontsettend hewig ly onder die grimmigheid van sy Vader.

In albei hierdie tydperke was nie net **sy siel** nie, maar ook **sy liggaam** voorwerp van God se toorn. Ons kom weer op hierdie lyding na liggaam en siel terug wanneer die betekenis van die kruisdood bespreek word (v/a 39).

DIE DOEL VAN SY LYDING

Die Kategismus laat ook sien wat die **doel** van Jesus se lyding was. Die Kategismus stel dit eers negatief en dan positief:

- **Eerstens negatief:** In die oorspronklike teks, die Duitse teks van die Kategismus, staan die woordjie **sodat**. Dit gee die doel aan. Jesus moes so bitterlik ly **sodat Hy ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis kon verlos** (HK 15:37). In antwoord 38 word bely dat Jesus onskuldig veroordeel moes word deur Pilatus **sodat Hy ... ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God, wat oor ons moes kom.**

- Maar die antwoord sê ook ***tweedens positief*** wat ons wel verkry danksy Christus: **Sodat Hy vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.** Ons ontvang nie die ewige dood (**ewige verdoemenis**) nie, maar wel die **ewige lewe.**

DIE ENIGSTE VERSOENINGSOFFER

Christus se **lyding** word beskryf as die **enigste versoeningsoffer**. Net dit (enigste = alleen, al een) bring versoening met God. Verskillende male in die Kategismus hoor ons woorde soos **enigste** en **alleen**. In vraag 1 van die Kategismus word daar byvoorbeeld gevra na **ons enigste troos**.

NA LIGGAAM ÉN SIEL

Christus moes **na liggaam en siel** die toorn van God teen die sonde dra, sodat Hy **ons liggaam en ons siel** van die ewige verdoemenis kon verlos.

Dit **moes**, want in antwoord 11 het ons gehoor dat die geregtigheid van God eis dat die sonde met die ewige straf **aan liggaam en siel** gestraf moet word. Die kruisdood was ook 'n lyding na liggaam én siel (sien die verklaring by antwoord 39).

Christus verlos nie net ons siel nie, maar ook ons liggaam. Ons behoort met siel én liggaam aan Hom (vgl. HK 1:1).

Vraag 38

In vraag en antwoord 38 word die woorde **onder die regter Pontius Pilatus gely** bespreek.

Antwoord 38

VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE MENS EN VANUIT DIE OOGPUNT VAN GOD

Ons moet na hierdie vonnis kyk **vanuit die oogpunt van die mens (Pilatus)** en **vanuit die oogpunt van God**.

- ***Vanuit die oogpunt van Pilatus gesien***, vind hier 'n ten hemel skreiende onreg plaas. 'n Onskuldiger mens as Jesus was en is daar nie. Tog word Hy veroordeel. Tog vonnis Pilatus Hom, die Onskuldige, die reinwit Lam van God. Van 'n kant af word Hy ondervra en dan is Pilatus se gevolgtrekking uiteindelik: "Ek vind geen skuld in Hom nie". Vyf maal sê Pilatus dit: Onskuldig! Tog vonnis hy Jesus uiteindelik tot die kruisdood.
- Tog sal ons hierdie skokkende geskiedenis ook vanuit 'n ander oogpunt moet sien: ***vanuit die oogpunt van God***. Agter die regterstoel van Pilatus staan God, die hoogste Regter van hemel en aarde. Immers, ***die owerheid is God se dienaar*** en die regbank is 'n dienskneg van God (Rom 13). Regter Pontius Pilatus is slegs 'n instrument in die hand van die allerregverdigste Regter, God, die HERE. Daarom staan Jesus in daardie oomblik nie bloot voor 'n Romeinse, 'n menslike regbank nie, maar Hy staan daar voor die hemelse regterstoel. Pilatus is onregverdig wanneer hy Jesus die doodsvonnis oplê, want hy stuur 'n mens, van wie hy verskeie male gesê het dat Hy onskuldig is, na die slagbank. ***Maar God***, hoe het Hy Jesus gesien in daardie oomblik, daar in die regsaal van Pilatus? ***Belaai met óns sondes en daarom die ewige dood, die kruisdood, dubbel en dwars skuldig.***

Maar, o mens, moet dit nie mis kyk nie: Dit is nie ons Here Jesus Christus se eie sonde wat Hom hierdie doemvonnis op die hals haal nie. Immers, Hy het geen sonde gehad nie. Daarom, nogeens, dit is ***óns*** sondes wat gemaak het dat die heilige Seun van God tot die misdadigers gereken is. Anders gesê: Hy het in ons plek in die beskuldigdebank gaan staan, daar waar óns na regte moes gestaan het.

Die Kategismus vat dit alles so skerp raak: Hy moes onder Pilatus ly, sodat Hy ***onskuldig*** deur die wêreldlike regter ***veroordeel sou word*** en ***ons*** (die skuldiges) ***daardeur sou bevry van die streng oordeel van God, wat oor ons moes kom.***

Vraag 39

Hierdie vraag gaan oor die feit dat Jesus ***gekruisig*** is. Sit daar iets meer in dat Hy nie op 'n ander manier, deur die swaard of iets anders, gesterf het nie, maar juis aan die kruis?

Antwoord 39

DIE KRUISDOOD DEUR GOD VERVLOEK

Die kruisdood het 'n **besondere betekenis** gehad. Deuteronomium 21:23 verklaar dit vir ons: Een wat opgehang is, is deur God **vervloek**.

Numeri 25 sal julle help om te verstaan wat met **vervloek** bedoel word. In Numeri 25 word aan ons vertel hoe die Israeliete met die dogters van die Midianiete gehoereer en hulle aan die afgod, Baäl-Peor, gekoppel het. Daarop het die toorn van die HERE teen Israel ontbrand en Hy het aan Moses bevel gegee: Neem al die owerstes van Israel en hang hulle in die openbaar op voor die HERE, sodat sy brandende toorn van Israel afgewend kan word (25:4).

Agter hierdie **ophang** sit 'n diep simboliese betekenis. Die volk het reeds die owerstes doodgemaak gehad deur hulle te stenig. Nou hang hulle dié manne ook nog aan 'n hout op. Daarmee sê hulle: HERE, ons het hierdie owerstes gedood, maar verder as die doodmaak van die liggaam kan ons nie gaan nie. Daarom gee ons hulle oor aan u gerig, u vloek. Handel U nou verder met hulle in die **ewige dood**. Deur iemand aan 'n hout te hang, is hy dus nie net aan die dood nie, maar aan die **ewige dood** oorgegee. Dit is wat met Jesus aan die kruis gebeur het. Aan die kruis het Hy die ewige dood gesterf. Toe was Hy afgesny van sy hemelse Vader wat Hy so innig lief gehad het. In plaas van sy liefde het Hy sy verskriklike toorn gesmaak. Die toorn van God – dit is hel.

DIE KRUISDOOD WAS 'N LYDING NA LIGGAAM ÉN SIEL

- Die kruisdood was vir Jesus 'n **liggaamlike** foltering. Aan sy liggaam kon Hy die toorn of vloek van God voel. Die kruisiging was 'n onmenslik wrede straf. Dit was 'n stadige dood. Spykers het die hande en voete van die kruiseling deurboor. In die gloeiende son het die tereggestelde gehang, terwyl die vuurwarm koors deur sy liggaam gejaag het.
- Nog oneindig veel erger was die kruislyding vir Christus ten opsigte van die **siel**. As sondelose Seun van God was Hy so gevoelig vir die toorn van God. Sy gevoel vir die toorn van God was nie, soos in ons geval, deur sonde afgestomp nie. Hierdie

lyding het Hom aan die kruis laat uitroep: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matt 27:46)

Sondag 16a

Die neerdalende lyn (3): dood, begrafnis

Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).

(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.

Vraag 41: Waarom is Hy *begrawe*?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).

(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie (b), maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).

(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.

Vraag 40

Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom **tot in die dood** toe verneder het? Waarom kon Hy nie op 'n ander manier vir die sonde betaal het nie?

Antwoord 40

DIE GERECHTIGHEID EN WAARHEID VAN GOD EIS DIE DOODSTRAF

Ons Here Jesus moes sterf, want die **gerechtigheid** en **waarheid** van God eis dit.

- Met die **gerechtigheid** van God word bedoel sy verbondstrou; die HERE bly getrou aan wat Hy gesê het in sy verbond.
- Die woordjie **waarheid** het ook alles te make met die HERE se verbond en sy verbondswoorde: God is 'n waarmaker van sy verbondswoorde; Hy bewaarheid wat Hy sê; Hy laat geen een van sy verbondswoorde on vervuld nie.

So beskrywe die Kategismus God dus: as absoluut trou aan elke woord wat Hy gespreek het en as Een wat sy woorde, sy woorde van strafdreiging sowel as sy heerlike beloftewoorde, waar maak. Hy is 'n God van gerechtigheid en waarheid.

Die HERE bly by sy woord. Nou ja, in sy verbond het God vir Adam gesê: Die dag as jy eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sal jy sekerlik sterwe (Gen 2:17). Julle ken die geskiedenis: Adam het geëet van die verbode vrug. God se verbondstrou beteken nou dat Hy nie afsien van die straf waarmee Hy in die paradys gedreig het nie. In sy **gerechtigheid** (verbondstrou) gaan Hy daardie oordeelswoord be-**waarheid**.

Ons **moet** dus sterwe. Dit is die vonnis wat ons verdien. Hoe kan ons daarby verby kom? Op geen manier nie. God sien nie af van die straf nie. Dit beteken dus dat Christus ons op geen ander manier kon red as deur te sterf nie. God se gerechtigheid en waarheid eis dat net op so 'n manier vir die sonde betaal kon word.

Vraag 41

Vraag 41 handel oor die **begrafnis** van Jesus.

Antwoord 41

DIE BEWYS DAT JESUS WERKLIK GESTERF HET: SY BEGRAFNIS

Jesus hét gesterf. Sy begrafnis is die **versekering**, die bewys, dat Hy **werklik gesterf het**.

Hoe waar hierdie argument van die Kategismus is, blyk as ons dink waarom Pilatus verlov tot sy begrafnis gegee het. Pilatus het naamlik eers by die offisier van die wag uitgevind of die liggaam werklik dood was. Toe het hy beslis van die soldate gehoor hoe hulle seker gemaak het of Jesus inderdaad dood was; hoe hulle die spies in sy sy gesteek het en gesien het dat daar bloed en water uitkom. Die Romeine het geweet dat 'n liggaam in so 'n geval dood was. Op grond van hierdie mededeling het Pilatus die liggaam aan Josef van Arimathea gegee om begrawe te word, en so lê in die begrafnis die bewys van Jesus se dood.

Vraag 42

Jesus het dus inderdaad gesterf – daarmee het Hy ons straf gedra.

Dit plaas ons egter voor 'n probleem: As Jesus ons straf gedra het, **waarom moet ons ook nog sterf?** Straf die HERE sodoende nie die sonde twee maal nie?

Antwoord 42

ONS DOOD IS GEEN BETALING NIE, MAAR AFSTERWING EN DEURGANG

Ons belydenis antwoord: Ons dood is **nie 'n betaling** (loon, straf) vir ons sonde nie, **maar slegs** (alleen):

- **'n Afsterwe van die sonde:** In die nuwe Jerusalem sondig ons as gelowiges nie meer nie. Daar is dit finaal en vir altyd en volkome verby met ons sondes en ons sondige geaardheid.
- **'n Deurgang tot die ewige lewe:** Die dood is vir gelowiges nie meer 'n poort na die hel nie, maar 'n deur na die paradys. Ons dood is dus nie meer 'n straf op ons sonde nie, maar daardeur word die deur van die Vaderhuis vir ons geopen en gaan ons in in die vreugde van ons Here.

Vraag 43

Vraag en antwoord 43 gaan nou kyk oor **watter nut** ons **nog** uit die kruis van Christus kry.

Antwoord 43

CHRISTUS SE KRUISDOOD VERLOS ONS OOK VAN DIE GEESTELIKE DOOD

Toe ons in die paradys gesondig het, het ons die dood in drieërlei gedaante oor ons gehaal:

- die liggaamlike dood;
- die ewige dood (hel), en
- die geestelike dood.

Met **geestelike dood** bedoel ons: Alle gevoel vir God en ons naaste was dood. Ons het in ons hart gesterf. Ons liefde vir God en ons naaste was dood. Ons was dood in die misdade en die sonde.

Ewe min as wat ons uit die liggaamlike dood kan opstaan, ewe min kan ons uit die geestelike dood opstaan. Christus is die oplossing. Sy dood verlos ons van die heerskappy van die bose. **Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe.**

Die **ou mens** waarvan hier sprake is, is ons ou, sondige natuur of geaardheid. Dit is hoe ons deur die sondeval geword het: vyande van God en haters van ons naaste. Die Kategismus beskryf die ou mens as **ons sondige begeertes** (oorspronklik: die bose luste van die vlees) wat **oor ons heers**.

Daardie monster, genaamd **ou mens**, is **saam met Christus gekruisig, gedood en begrawe**.

Die Kategismus sluit nou aan by dit wat Paulus in Romeine 6:6 sê: "... aangesien ons dit weet dat ons ou mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie." Toe Jesus gekruisig is, is ons ou mens saam met Hom gekruisig. Die kruis was nie net die sterfbed van Jesus nie, maar ook die sterfbed van ons ou mens.

Die offer en dood van Christus aan die kruis het gevolge in ons lewe: **gevolglik** (as gevolg van hierdie offer en dood van Christus) **kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.** Ook dit kry ons Kategismus in Romeine 6:6: “... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, **sodat** die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.” Die kruis was die einde van die heerskappy van ons ou mens.

Die offer van Christus is die geheim en bewerkende oorsaak van ons **dankoffer**. Christus se kruis het alles met ons dankbaarheidslewe te make.

Die heerlike vrug van Jesus se dood, van sy triomf oor ons ou mens, is dat ons ons as 'n dankoffer aan Christus toewy. Verlos van die geestelike dood begin ons lewe vir God en ons naaste.

Wanneer ons wil sien of iemand nog leef, voel ons sy pols en luister ons na sy hartklop en of hy nog asemhaal. Dit is alles tekens van lewe. Geestelik moet daar ook tekens van lewe wees. Daardie tekens is enersyds stryd teen die sonde en aan die ander kant liefde vir God en liefde vir ons naaste. Ons sal onself moet diagnoseer, want wie nie geestelik lewe nie, sal ook nie in ewigheid met God lewe nie.

Sondag 16b

Die neerdalende lyn (4): neerdaling na die hel

Vraag 44: Waarom volg daar: *en neergedaal het na die hel*?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.

(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46; Heb 5:7.

Vraag 44

In hierdie vraag kom ons by die woorde **neergedaal het na die hel**.

Ons kan maar sê: Hier het ons eintlik 'n **samevatting** en 'n **opsomming** van die **neerdalende lyn** (Sondag 14-16). Daarmee word uitgedruk en verduidelik wat **die diepste betekenis** van die **lyding** van ons Here Jesus Christus om ons ontwil was.

Antwoord 44

JESUS HET NIE NEERGEDAAL NA DIE HEL AS PLEK NIE

Ek wil begin deur vir julle te sê daar is geen enkele Skrifgrond vir die standpunt dat Jesus na sy dood en terwyl Hy in die graf was in die hel **as plek** was nie.

Dit is genoegsaam om te wys op Jesus se woorde aan die moordenaar: "... vandag sal jy saam met my in die paradys wees" (Luk 23:43) en ons Heiland se sterwenswoorde: "Vader, in u hande gee ek my gees oor" (Luk 23:46). Dit sê alles: Toe Hy gesterf het, was Hy by sy Vader in die paradys en **nié** in die hel nie.

... EN TOG HÉT JESUS NEERGEDAAL NA DIE HEL

Na die hel as plek het Jesus dus nie neergedaal nie, en tog bely ons: Hy **hét** neergedaal na die hel. Hoe moet ons dit verstaan?

Ek kan dit nie sterk genoeg beklemtoon dat Jesus **wél neergedaal** het en dat Hy neergedaal het **na die hel** nie. Elke woord van die artikel is waar. Dit Skrif self leer ons dit.

Ons Kategismus bely: Ons Here Jesus het **onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking ... gely** – die angs, smarte en verskrikking van die hel. Waar het Hy hierdie helse lyding gely? Dan antwoord die Kategismus: **deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis**. Kom ons sê dit so: hier op aarde het Hy hel gehad.

'n Teks wat hier van besondere belang is, is Efesiërs 4 vers 9: "Maar dít: Hy het opgevaar – wat beteken dit anders as dat Hy ook eers **neergedaal** het in die onderste dele van die aarde?" Ons kan "die onderste dele van die aarde" beter vertaal as: "die laer dele, naamlik die aarde". Om te begryp wat daarmee bedoel word, moet ons ook vers 10 betrek, naamlik dat Jesus opgevaar het "bokant al die hemele". Ons het hier te make met twee absolute, radikale uiterstes: "neergedaal na die laer dele, naamlik die aarde" **teenoor** "opgevaar bokant al die hemele". In die eerste geval word ons Here Jesus se allerdiepste lyding en vernedering – sy helse lyding – geteken, en in die tweede sy allerhoogste verhoging. Ek kan dit ook so stel: vers 9 het **niks** te doen met die hel as plek (dat Christus na sy dood na die hel as plek neergedaal het nie) nie en tog het hierdie vers **alles** met die hel te make, naamlik in dié sin dat Christus hel op aarde gehad het. Hy het immers van sy geboorte tot sy sterwe onder die straf of vloek van God verkeer – en wat is dit anders as hel? En juis daarom, omdat Hy so diep gely het, kan Hy ons die gawes van Efesiërs 4 vers 11 gee.

Daar is dus inderdaad sprake van 'n **neerdaal** en 'n neerdaal **na die hel**.

DIE VIA DOLOROSA OF PAD VAN LYDING

Dit word soms gesê: Jesus het nie na die hel toe gegaan nie, maar die hel het **aan die kruis** na Hom toe gekom.

Dié uitspraak is vir my net gedeeltelik aanvaarbaar. Jesus hét na die aarde neergedaal om hier die helse lyding te ly. Die hel het dus nie net na Hom toe gekom nie, maar Hy het ook daarheen gegaan. Verder: **Nie alleen Jesus se kruisiging** moet ingesluit word by die

woorde "wat neergedaal het na die hel", nie, maar **sy hele aardse lewe**, van sy geboorte tot sy sterwe (HK 15:37; 16:44).

Vir toeriste in Jerusalem word gewys dat die *Via Dolorosa* (die lydensweg, die pad wat Jesus geloop het met die vloekhout) begin by die regsaal van Pontius Pilatus en eindig by Golgota. Die Skrif leer egter dat die lydensweg begin het by die krip en gaan tot by die graf.

'N DIEPER INSIG IN ONS HERE JESUS SE HELE AARDSE LEWE EN LYDING

Sommige mense wat 'n probleem met hierdie artikel het, sê dat dit die indruk skep asof Christus wel na sy dood na die hel neergedaal het. Hulle argumenteer dan so dat alles wat tot voor hierdie artikel gesê is, gebeurtenisse is wat in tydsorde (chronologies) die een op die ander volg: **eers** is Jesus ontvang van die Heilige Gees, **toe** is Hy gebore, **daarna** het Hy gely onder Pilatus en het Hy gesterf aan die kruis en toe is Hy begrawe. In die lig hiervan lyk dit asof ons artikel dan so verstaan moet word dat dit in tydsorde moet volg op die begrawe, dat dit dus sê: toe (nadat Hy gesterf het en begrawe is) het Hy neergedaal na die hel.

Die feit van die saak is egter dat die woorde **eers**, **toe** en **daarna** nie in ons vertaling staan nie en nog minder in die oorspronklike.

Wat ons eerder hier het, is 'n geloofsuitspraak aangaande **die diepste betekenis** van ons Here Jesus se lewe en **lyding** van die wieg tot in die graf. Nadat die Twaalf Artikels al die feite aangaande Jesus se lewe genoem het, verklaar die belydenis, op grond van die Skrif, wat dit alles beteken: **Dit** – dit wil sê sy geboorte, kruis en dood – **was neerdaal na die hel**.

DIE TWAALF ARTIKELS 'N MOOI SKILDERY

Die Twaalf Artikels bly vir my 'n wonder van God. Kyk net wat 'n heerlike, harmonieuse geheel dit is. Wie aan 'n deel van hierdie skilderstuk toring, bederf die geheel. Deur die invoeging van hierdie artikel het ons 'n belydenis waarin – net soos in Efesiërs 4 – die **neergedaal** en die **opgevaar** staan, die **hel** en die **hemel**.

DIE TROOS VAN DIE NEERDALING: DIE PARADYS OOK VIR MY GEOPEN

Ons Kategismus sê so mooi wat die vrug en doel van Jesus se helse lyding was: **Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my ... van die hel se benoudheid en pyn verlos het.**

Ja, Jesus *hét* neergedaal na die hel. Maar daarom kon Hy vir die moordenaar wat in die hel was (aan die kruis, die vloekhout) en vir alle helwaardiges wat in Hom glo, die paradys open met die sleutel – en daar is geen ander een nie – van sy hellevaart. Daarom sal hierdie woorde van ons Kategismus vir ons die grootste troos denkbaar bly.

Sondag 17

Die opstygende lyn (1): die opstanding van Christus

Vraag 45: Watter nut het die *opstanding* van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).

(a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 3; Ef 2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20, 21.

Vraag 45

Daar word gevra na die **nut**, die vrug, van Christus se opstanding **vir ons**. Telkens vra die Kategismus na die betekenis van dit wat Jesus gedoen het vir ons persoonlik.

In die lewe van Christus is daar sprake van twee lyne: 'n afwaartse en 'n opwaartse lyn. Eers was daar die neerdalende lyn van sy lyding en sterwe. Ons kan gerus sê dié lyn het geloop van die hemel na die hel. Immers, Jesus moes, om ons te kon red, uit die hemel uit tot in die diepte van Godverlatenheid neerdaal.

In hierdie Sondag begin ons by **die opwaartse lyn**: van die graf na die hemelse heerlikheid. Hierdie lyn van verhoging begin met Jesus se opstanding uit die graf, sy oorwinning oor die dood, **ons dood**.

Antwoord 45

DIE VERSKIL TUSSEN SONDAG 16 EN 17: DOOD – LEWE

Daar is 'n opvallende verskil tussen Sondag 16 en 17:

- In Sondag 16 staan die **dood** in die middelpunt: Christus se dood en ons dood.

- In Sondag 17 daarenteen kry ons presies die teenoorgestelde: **lewe**. Jesus lewe en Hy skenk aan ons die lewe! Antwoord 45 is eintlik 'n lewenslied: Dit sing van die lewe wat ons ontvang in Christus Jesus, onse Here!

DIE LEWE IN DIE PARADYS

In die paradys het die mens regtig gelewe. Met hierdie **lewe** word drie dinge bedoel:

- **Ewige lewe:** Daarmee word bedoel: Adam en Eva het geleef in die heerlike teenwoordigheid van God. Elke dag het hulle die onbeskryflike groot en wonderlike liefde van God ervaar. Die HERE het met hulle gewandel. Juis dít het die paradys die paradys gemaak.
- **Geestelike lewe:** Daarmee word bedoel: die mens het geleef vir God en vir sy naaste. Sy hart was vol liefde vir sy Skepper en sy medeskepele. Hy het in sy hart geleef.
- **Liggaamlike lewe:** Daarmee word bedoel: die mens se liggaam het nie siekte, aftakeling, dood geken nie.

DEUR DIE SONDEVAL HET DIE DOOD IN DIE PLEK VAN DIE LEWE GEKOM

- **Ewige dood** in plaas van **ewige lewe**: In plaas van die liefde van God was daar nou sy toorn.
- **Geestelike dood** in plaas van **geestelike lewe**: In plaas van liefde was daar nou haat, sonde, in ons hart. Die mens se hart het gesterf.
- **Liggaamlike dood** in plaas van **liggaamlike lewe**: Deur die sondeval het siekte en dood in die wêreld gekom.

DEUR DIE OPSTANDING VAN JESUS HET DIE LEWE IN DIE PLEK VAN DIE DOOD GEKOM

Christus bring deur sy opstanding **die lewe van die paradys** weer **terug**:

1. **Ewige lewe.** Die Kategismus sê: **Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.**

As ons hierdie woorde van die Kategismus goed wil verstaan, sal ons dit moet sien in verband met 'n paar ander vrae van die Kategismus.

By antwoord 11 het die **geregtigheid** of **regverdigheid van God** ter sprake gekom. God se geregtigheid beteken: Die HERE is **getrou aan sy verbond**. Hy bly by dit wat Hy in sy Woord gesê het. Hy hou Hom by sy verbondswoord: die straf op die sonde is die **dood** (Gen 2:17; Rom 6:23).

In vraag en antwoord 12 het die Kategismus bely dat daar net een manier is waarop ons van hierdie straf bevry kan word: Aan die **geregtigheid** van God moet voldoen word. Daar moet betaal word.

Nou ja, Christus het gebly by daardie regverdige eis van God. Hy het aan die geregtigheid van God voldoen deur die dood vir ons te sterf (HK 16:40). Hy was getrou aan die verbondseis van die doodstraf op die sonde. **Dit** is die **geregtigheid van Christus**, wat Hy **deur sy dood verwerf**. Hy het in ons plek die toorn van God gedra en die vereiste skuld betaal.

God se antwoord op die **geregtigheid van Christus** was die opwekking van Christus. Met hierdie daad van opwekking het die Vader verklaar: Aan sy geregtigheid is inderdaad volledig voldoen deur die **dood van Christus**.

In die Bybel word soms gesê: Christus het **opgestaan** (Matt 28:6,7). Daarmee word die opstanding beskryf as **'n daad van Christus**: Hy het die dood oorwin.

Ander kere word in die Skrif die woord **opgewek** gebruik. God het Christus **opgewek** ter wille van ons regverdigmaking (Rom 4:25). Daarmee word die opstanding beskryf as **'n daad van die Vader**.

In hierdie daad van die Vader dat Hy Christus opgewek het, lê 'n groot troos opgesluit. Ek wil dit verduidelik met die volgende beeld:

Ons kan die graf van Jesus vergelyk met '**n tronk**. In die gewone lewe is dit so dat 'n regter, indien hy werklik regverdig is, nooit 'n misdadiger sal vrylaat voordat hy nie sy straf volledig uitgedien het nie. Wanneer die tronkdeure die dag vir die gevangene geopen word, is dit dus die teken dat sy skuld betaal is.

Nou ja, ons hemelse Vader is die regverdigste Regter denkbaar. Wanneer Hy die gevangenis van Jesus, sy graf, open, dan beteken dit: Die Vader is tevrede. Die straf wat Jesus moes dra, is volledig klaar betaal. Aan die **geregtigheid** van God is voldoen. Daarom mag die Seun maar uitkom. Hierdie opwekking is as 't ware die kwitansie, die bewys van die Vader dat die skuld betaal is. Nou moet ons goed onthou: Dit is **ons** skuld wat betaal is!

Christus het hierdie geregtigheid **vir ons verwerf**. Deur die geloof in Christus kry ons deel aan hierdie **geregtigheid** of betaling van die skuld deur Christus. Vir ons beteken dit gevolglik: In plaas van God se toorn (die ewige dood) sy liefde (**die ewige lewe**). Immers, daar is ten volle betaal; aan die regverdige eis van betaling is volkome voldoen.

2. **Geestelike lewe.** Die Kategismus sê: **Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek.**

In Kolossense 3:1 lê Paulus die allernouste verband tussen ons lewe as **nuwe mense** (dit wil sê: ons lewe as mense wat geestelik weer lewe, mense wat 'n lewe van liefde lei) enersyds, en die opstanding van Christus andersyds. Ons kan Paulus se woorde in vers 1 en verder so saamvat: "As julle dan saam met Christus opgewek is", leef nou ook soos mense wat nie meer in die graf van die sonde lê nie.

Die opstanding van Jesus is **die geheim** van ons **nuwe lewe**. Ewe min as wat ons self uit die gewone graf en dood kan opstaan sonder die krag van Christus se

opstanding, ewe min kan ons uit die graf van die geestelike dood opstaan sonder die krag van die opstanding van Christus.

3. ***Liggaamlike lewe.*** Die Kategismus sê: **Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.**

Deur die eerste Adam het die liggaamlike dood in die wêreld gekom.

Die tweede Adam, Christus, het uit die liggaamlike dood opgestaan en sy opstanding is die betroubare waarborg, die vaste versekering, dat ons ook eenmaal uit die dood sal opstaan.

Soos ons ingesluit is by ons eerste hoof en verteenwoordiger, Adam, so is ons ook deur die geloof ingesluit by die tweede Adam, Christus.

Sondag 18

Die opstygende lyn (2): die hemelvaart van Jesus

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel*?

Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a), en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy weer kom om oor die lewendes en die dooies te oordeel (c).

(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51. (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.

Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons belooft het nie (a)?

Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).

(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

Vraag 48: Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c), deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie (d).

(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17; Ef 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5. (d) Kol 3:1.

Vraag 46

In hierdie vraag gaan dit oor die **hemelvaart** van Christus.

Antwoord 46

In die antwoord word op die volgende nadruk gelê:

- Christus se hemelvaart is '**n feit**'. Dit het werklik gebeur: Veertig dae na sy opstanding het Jesus met sy dissipels na die Olyfberg gegaan. Daar is Christus **voor die oë van sy dissipels** van die aarde af na die hemel opgeneem (Hand 1:9). Hulle het dit met hulle eie oë gesien. Hulle was getuies daarvan, sodat ons tot ons troos mag weet dat dit waarlik gebeur het.

Daarby moet ons onthou: die dissipels was nie sommer gewone ooggetuies nie. Hulle is deur Christus self aangewys en deur Christus self toegerus met sy Heilige Gees. Dit het Jesus aan hulle belowe voor sy hemelvaart: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees” (Hand 1:8). Daarom is die dissipels se getuienis nie sommer maar net swak, onbetroubare, onsekere menslike getuienis nie. Inteendeel, die altyd betroubare, verhoogde Here Jesus Christus self getuig met sy Gees deur sy getuies. Ons het hier geïnspireerde getuies. Daarom mag ons met alle sekerheid weet: Dit het werklik gebeur; die hemelvaart van Christus is '**n feit**'. God sê dit.

Dit is egter 'n **geloofs**-feit. Daarmee bedoel ek: Dit moet geglo word. Wie nie glo nie, sal die feit van hemelvaart nie aanvaar nie, maar afmaak as 'n storie.

- Dit is vir ons ***tot ons voordeel***: **Hy is vir ons daar ten goede**. Op hierdie voordeel brei die Kategismus uit in vraag en antwoord 49.
- Christus bly daar ***totdat Hy weer kom om te oordeel***. Die dag kom dat Hy terug sal kom as Regter.

Vraag 47

Kort voor sy hemelvaart het ons Here Jesus Christus nadruklik aan sy kerk **belowe**: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Matt 28:20) Daarby het Hy gesê: "Amen". Dit is waar en seker.

Maar toe het Hy opgevaar na die hemel. Hoe moet ons dit nou verstaan? Is Hy nie nou weg nie? En wat word nou van sy mooi **belofte** dat Hy met sy almag altyd by sy kerk sal wees?

Antwoord 47

DIE OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM

Die oplossing van die probleem lê in die feit dat ons Here Jesus twee nature het:

- **Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie**. Sy menslike natuur is in die hemel, en omdat dit 'n ware menslike natuur is, is dit nie alomteenwoordig nie.
- **Wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie**. Daarop slaan die belofte van Matthéüs 28:20: "En kyk, Ek is met julle."

DIE VERKLARING VAN DIE BELOFTE VAN MATTHÉÜS 28

Op 'n wonderlik-mooie manier verklaar die Kategismus hierdie belofte aan ons:

- Ons verhoogde Heiland is met sy **Godheid** voortdurend by ons. Sonder ophou word ons omring deur sy goddelike sorg en almag.
- Met sy **majesteit**, dit wil sê met sy koninklike heerskappy, is Hy altyd by ons. As Koning van alle konings heers Hy oor ons, en ons hele lewe is in die hande van hierdie almagtige en oralteenwoordige Koning.

- Met sy **genade** is Hy altyd met ons. Elke dag gaan sy genadige sorg en sy onverdiende liefde na ons uit.
- Hoe naby Hy by ons is, hoor ons in die vierde: Ook met sy **Gees** is Hy sonder ophou by ons aanwesig. Met sy Heilige Gees woon Hy in ons harte en sy Heilige Gees doen niks liewer as om ons aandag te vestig op ons Koning en Hoëpriester nie. So troos die Trooster ons.

Vraag 48

Die Here wyk dus nie van ons nie. Al is Hy na sy mensheid in die hemel, tog is Hy met sy Godheid voortdurend om en met en by ons. Maar dit plaas ons Kategismus voor '**n ander probleem**: As die mensheid van Jesus nie oral is waar sy Godheid is nie, **word die twee nature dan nie van mekaar geskei nie?**

Antwoord 48

Op hierdie probleem antwoord ons Kategismus: Al is die Godheid van Jesus hier by ons, dit is nogtans nie geskei van sy menslike natuur in die hemel nie. Immers, as God is Hy op een en dieselfde oomblik nie alleen hier op aarde nie, maar ook by sy menslike natuur in die hemel.

Ek wil dit weer met 'n beeld verduidelik: Dink aan twee sirkels, 'n kleintjie binne 'n grote. Die kleintjie is nie geskei van die grote nie, maar is permanent ingesluit as deel van die grotere. Tog reik die groot sirkel op plekke waar die kleintjie nie kan nie. So is dit ook met Christus se goddelike natuur: Dit is nooit te skei van sy menslike natuur nie en tog is daar plekke waar Jesus net met sy Godheid aanwesig is.

Vraag 49

Die Kategismus vra na die **nut** van Christus se hemelvaart **vir ons**.

Die boom van Christus se hemelvaart dra heerlike vrugte vir God se kinders:

Antwoord 49

DIE VRUGTE VAN CHRISTUS SE HEMELVAART

- Die eerste vrug waarop die Kategismus ons aandag vestig, is dat Christus **ons Voorspraak by die Vader is**.

Ons twyfel so dikwels of die Vader na ons gebede wil luister en of ons deur die gebed by sy troonsaal mag ingaan. Die hemelvaart verkondig egter aan ons ons het 'n Advokaat by God en Hy tree met sy volmaakte offer voortdurend in by sy Vader (Rom 8:34; 1 Joh 2:1). Hierdie Advokaat of Voorspraak het die waterdigste regsgronde denkbaar: Sy bloed. Hy pleit vir ons op grond van sy offerande. Daarom mag ons daarvan verseker wees dat die Vader na ons wil luister. Christus het vir ons die weg na God se Vaders troon en Vaderhart gebaan.

- Die tweede vrug wat ons Kategismus noem is **dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare pand (waarborg) het dat Hy as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem**.

Ons moet altyd onthou dat Christus nie alleen ware God is nie, maar ook ware mens. Toe Hy dus as ware mens in die hemel opgeneem is deur die Vader, is ons menslike natuur ook weer toegelaat in God se heerlike paleis. ***In sy menslike natuur is ons s'n verteenwoordig en ingesluit en toegelaat tot die hemel.***

So 'n **betroubare pand (waarborg)** het ons in ons Here Jesus se verheerlikte menslike natuur wat in die hemel is, dat Paulus kan sê dat God die Vader ons saam met Christus "...opgewek en saam laat sit het in die hemele in Christus Jesus." (Ef 2:6)

- Die derde vrug van die hemelvaart is **dat Christus ons sy Gees as teëpand (waarborg) stuur**.

Die Kategismus kry hierdie beskrywing van die **Gees as teëpand** (onderpand) by Paulus (2 Kor 1:22, 5:5; Ef 1:14).

Die woord pand of onderpand kom uit die regs- en handelswêreld van daardie tyd. Ons kan dit ook vertaal met "deposito". So 'n pand of deposito is gegee as die eerste vooruitbetaling van die volle bedrag. Hierdie pand was terselfdertyd die waarborg of versekering dat die

volle som wel betaal sal word. In die pand was die volle som dus inbegrepe. In die pand het jy reeds begin om die volle som in besit te neem.

Nou noem Paulus die Heilige Gees die **onderpand**, wat aan die gemeente gegee is. Daarmee bedoel hy dat die Gees gegee is as die eerste vooruitbetaling van die volle erfenis, wat ons eenmaal sal ontvang. In die ontvangs en besit van die Gees het ons die waarborg en versekering dat ons ook eenmaal die volle heil sal ontvang. In hierdie pand, die Heilige Gees, het ons **reeds begin** om die volle erfenis in besit te kry.

Christus het sy Gees as **waarborg** na ons toe gestuur, sê die Kategismus, en **deur die krag van die Gees soek ons wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie**.

Die woorde **soek ons wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie** kom uit Kolossense 3:1, 2: “As julle dan saam met Christus opgewek is, **soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit**. Bedink die dinge wat daarbo is, **nie wat op die aarde is nie**.” Dit laat ons presies sien wat die Heilige Gees doen: Hy rig ons aandag op Christus **wat daar bo is** en Hy oortuig ons dat die verlossing in Hom alleen is.

Dit is belangrik dat ons moet sien dat die “saam met Christus opgewek” en die “soek die dinge daarbo” in Kolossense 3:1 aan mekaar verbind word. Wie deur die Heilige Gees deel het aan die opwekking van Christus, wie saam met Christus opgewek is in ‘n nuwe lewe (‘n nuwe mens is), soek die dinge daarbo en laat hom beheers deur Christus, wat aan die regterhand van God sit.

In Kolossense 3:3-17 sal julle sien dat hierdie **soek na wat daar bo is** alles te make het met die afsterf van ons ou mens (ons ou, sondige natuur) en die opstanding van ons nuwe mens (om ‘n lewe van gehoorsaamheid te lei onder die genadeheerskappy van Christus).

Deur die krag van die Gees soek ons wat daar bo is. Uit eie krag sal ons dit nooit doen nie. Wie daarom in Christus glo en hom deur Christus laat lei, mag weet dat dit **die krag van die Gees** is, wat in hom werk. Hy mag weet dat hy die Heilige Gees as teëpand het. “... niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.” (1 Kor 12:3)

Sondag 19a

Die opstygende lyn (3): Christus het gaan sit aan God se regterhand

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: *en sit aan regterhand van God*?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a) Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlijkheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a) Hand 2:33; Ef4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Ef 4:8.

Vraag 50

Toe ons Here Jesus opgevaar het na die hemel het Hy gaan sit aan die regterhand van God. Die Kategismus gaan nou verklaar wat hierdie woorde **sit aan die regterhand van God** beteken.

Antwoord 50

Reeds in die ***Ou Testament*** is geprofeteer dat Christus sal gaan sit aan die regterhand van God. In ***Psalms 110*** staan geskrywe: “Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.”

In ***Matthéüs 22:41-46*** sê Jesus vir die Fariseërs die Heilige Gees het deur Dawid in Psalm 110 van Hom, die Christus, geprofeteer toe Dawid gesê het dat die HERE (die Vader) tot my Here (Christus) gesê het om aan sy regterhand te sit.

Dat Christus aan die regterhand van sy Vader gaan sit het, beteken: ***Aan Hom word die hoogste mag en heerlikheid gegee.*** In Matthéüs 28:18 verwys Jesus daarna wanneer Hy sê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde".

Die Kategismus verklaar **sit aan die regterhand van God** so:

- dat Christus ***Hoof van sy Christelike Kerk*** is, en
- dat ***die Vader deur Christus alles regeer.***

Vraag 51

Watter **nut** (voordeel) het dit nou vir ons as kerk, as gelowiges, dat Christus aan die regterhand van God sit?

Antwoord 51

Die Here Jesus regeer oor die kerk sowel as oor die wêreld.

Tog heers Hy op 'n ander manier oor sy kerk as oor die wêreld. ***Die verskil*** lê hierin dat Hy sy gemeente oorlaai met ***geskenke***.

Die Heidelbergse Kategismus noem ***twee gawes of geskenke*** wat Christus aan sy kerk gee:

- **Ten eerste: dat Hy deur sy Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort.**

Dit is wonderlik hoe die Kategismus dit stel: Christus **stort** deur sy Gees hemelse gawes in ons **uit**. Dit spreek van oorfloed, van strome van seënninge. Die woordjie ***uitstort*** sê: Sy hemelse gawes stroom oor u as sy gemeente uit. Hy gee nie die drupsgewyse nie, maar dit is 'n stortbui van genadegawes.

Op Pinksterdag is die sluise van die hemel oopgetrek vir God se volk. Want op daardie dag het ons hemelse Koning, Jesus, sy Heilige Gees oor sy kerk uitgestort. In sy preek op Pinksterdag noem Petrus dat Christus aan die regterhand van God gaan sit het en die Heilige Gees uitgestort het, dit wat hulle op daardie Pinksterdag beleef het: "Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít (die Heilige Gees) ***uitgestort***, wat julle nou sien en hoor." (Hand 2:33)

In dieselfde preek sê Petrus dat hierdie gebeurtenis, die uitstorting van die Heilige Gees, ***alreeds in die Ou Testament deur Joël (Joël 2:28-32) geprofeteer*** is: "En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees **uitstort** op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom." (Hand 2:17)

By hierdie **hemelse gawes** moet ons eerstens dink aan die Woord en die prediking van die Woord. Op Pinksterdag, na die uitstorting van die Heilige Gees, het die apostels begin preek. Hulle het die evangelie verkondig. Wat 'n seënstroom kom ons daarin nie tegemoet nie! Immers, in die Woord hoor ons van die weelde van God se Vaderskap, die rykdom van Christus se offer en die skat van die Heilige Gees.

By hierdie **hemelse gawes** moet ons ook dink aan die ampte in die kerk (Ef 4:7-12). Die ouderlinge is geskenke van die Gees. Deur hulle wil Christus ons regeer, ons voed en ons bewaar. Deur die diakens wil Hy sy liefdevolle sorg na ons laat uitgaan en wil Hy ons liefde vir mekaar leer. Maar nie net die kerkraad ontvang gawes van die Heilige Gees nie. Elke gelowige kry 'n besondere gawe: die een dit en die ander dat, maar nooit is die een se gawes minderwaardig in vergelyking met die ander nie (1 Kor 12). Aan die een gee die Gees die gawe om te kan troos en aan die ander die gawe om te bemoedig. Die Here Jesus maak ons skatryk, sodat ons ander ook met ons gawes ryk en gelukkig sal maak. Die rivier van seëninge kom na ons toe aangestroom, nie sodat ons dit by onself sal opdam nie, maar dat ons dit sal kanaliseer om deur te vloei na ons medemens.

Die Heilige Gees deel ook nog ander **hemelse gawes** aan ons uit: die wonder van die wedergeboorte en die opstanding uit die dood van die misdade en die sonde. Hy gee ons die geloof, waardeur Hy die skatte van genade wat daar in Christus Jesus is vir ons oopsluit en ons daarin laat deel.

Weer hoor ons die woord **lede** (sien ook antwoord 49). In antwoord 20 van die Kategismus het ons gehoor dat ons deur die geloof in Christus ingelyf word. Ons word deel van sy lyf of liggaam, die kerk. Dit is van lewensbelang om deel te wees van sy liggaam. As lede van die liggaam van Christus deel ons immers in die hemelse weldade, wat ons Hoof (antwoord 51) in ons, sy lede, uitgiet.

- **Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar**

Dit moet ons lees teen die agtergrond van die tyd waarin die Kategismus opgestel is: aan alle kante het geloofsvervolging gedreig. Die kerk is bedreig. Onder hierdie omstandighede het die kerk hom vasgeklem aan die belofte: Christus beskerm en bewaar sy kerk met sy mag teen alle vyande.

Dit is 'n suiwer Bybelse gedagte. Immers, in Matthéüs 24 vertel Jesus sy volgelinge van die swaar vervolging van die laaste dae. In die wêreld sal hulle gehaat word. En dan, in die laaste hoofstuk van Matthéüs (28:18-20), kort voor sy hemelvaart, stuur Jesus sy kerk in so 'n wêreld in om die evangelie te gaan verkondig. Maar dan verseker Hy hulle: Hulle gaan nie alleen nie, maar "... Ek is met julle..." en "Aan My is gegee **alle mag** in die hemel en op die aarde". Die almagtige Koning staan dus agter sy kerk. Is dit nie 'n heerlike gedagte nie?

In antwoord 51 lees ons van **vyande** teen wie die Koning ons beskerm en bewaar. In Sondag 52 (antwoord 127) hoor ons van ons **drie doodsvyande**: die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur. Daar bely ons dat hierdie drie vyande nie ophou om ons aan te val nie. Daarby bely ons dat ons in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Is dit dan nie heerlik om te weet dat ons 'n almagtige Koning het wat ons **met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar** nie?

Sondag 19b

Die opstygende lyn (4): Christus kom weer om te oordeel

Vraag 52: Hoe word jy getroos *deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel*?

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

Vraag 52

Ons leer Christus in die Skrifte ken

- as die **Lam** wat vir ons sondeskuld geslag is;
- ons sien Hom ook as **Koning** sit aan die regterhand van God, en
- hier in vraag en antwoord 52 word verkondig dat Hy weer kom as **Regter** op die wolke van die hemel om gerig te oefen oor die wat nog lewe sowel as die wat alreeds gesterf het.

Die belydenis van Christus se wederkoms is bedoel as **troos** vir die gelowige. Daarom vra die Kategismus ook: Hoe word jy **getroos** deur die wederkoms van Christus om te oordeel? Die Kategismus is mos 'n troosboekie. Hy wil ons troos met elke stukkies van die werk van Christus. Ook Christus se wederkoms is 'n troosryke gebeurtenis.

Antwoord 52

1. DIE DAG VAN CHRISTUS SE WEDERKOMS IS REEDS IN DIE OU TESTAMENT VOORSPEL

Wanneer die profete in die Ou Testament gepraat het van wederkomsdag, het hulle dikwels die uitdrukking gebruik **die dag van die HERE** (Amos 5:18).

Die profete het die dag van die HERE beskryf as

- 'n dag van oordeel oor die vyande van God se volk, maar ook as
 - 'n dag van oordeel oor daardie lede van die volk van God (die kerk) wat hulle nie wil bekeer nie (Amos 5:18).
- Enersyds sal die dag van die HERE dus 'n dag van verskrikking wees, ook vir die verharde, onbekeerde deel van die volk van die HERE.
- Andersyds sal dit 'n grootse dag wees vir die gelowige oorblyfsel, 'n dag van verlossing, 'n dag waarop alles nuut gemaak sal word. In beelde ontleen aan die gewone aardse lewe word die heerlijkheid van dit wat die dag van die HERE vir die ware volk van die HERE sal bring, geteken: So sal daar byvoorbeeld geen oorlog meer wees nie, maar "hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hulle spiese snoeimesse", sê Jesaja 2:4. Op daardie dag sal die verlore Eden van weleer, die paradys van die begin, weer terugkeer, want, sê Jesaja: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle keintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigeling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die gat van 'n basilisk." (11:6-8) Die toneel wat hier voor oë geroep word, is dié van salige harmonie en die allerheerlikste vrede denkbaar.

2. DIE TROOS VAN CHRISTUS SE WEDERKOMS

Die belydenis van Jesus se wederkoms is bedoel as troos vir mense in nood: **in alle droefheid en vervolging** mag ons getroos daaraan dink: Jesus kom weer.

Dink daaraan wanneer julle bedroef is oor wanneer iemand gesterf het vir wie jy lief was, wanneer julle siek is, as julle weet dat die dood nie meer ver is nie. Dink daaraan wanneer die kerk vervolgt word en niemand na julle getuigenis wil luister nie. Dink daaraan wanneer die gebrokenheid van die lewe julle pynig en as dit deur julle hart sny om te sien hoe mense in haat en nyd lewe. Dink dan daaraan: Jesus kom weer! Hy kom om alles heel te maak wat deur die sonde so stukkend geslaan is! Hy kom weer en dan sal ons droefheid in vrolikheid verander word!

Met 'n opgerigte hoof verwag ons Hom. So lui die oorspronklike weergawe van vraag en antwoord 52. *Dit beteken twee dinge:*

- **Ons verwag Hom soos oorwinnaars.** Hoe kan ons anders as om Hom in 'n oorwinnaarshouding in te wag? Ons weet immers: Ons Koning in die hemel het klaar getriomfeer oor duiwel, siekte, sonde en dood. Daarom sien ons met verlange uit na daardie dag wanneer Hy sy oorwinning sal afrond en alles weer sal herstel soos wat dit eens in die paradys was. Nooit mag 'n Christen 'n verloorder-houding inneem nie. Daarmee bedoel ek dat 'n mens toelaat dat die ellende van die lewe jou platslaan en jy dink: alles is verby, alles is hopeloos verlore.
- **Ons sien met groot verlange uit na sy koms. Met gespanne verwagting,** staan daar in die nuwe vertaling van die Kategismus. Die bruid moet tog uitsien na die koms van haar Bruidegom? In Openbaring 22:20 hoor ons hoe die bruidsgemeente vol sielsverlange bid: “Amen, ja kom, Here Jesus!”

Die gedagte dat Christus kom as Regter om te oordeel maak ons bang, veral as ons aan ons sonde en ons sondige aard dink. Ons sal eendag voor die regterstoel van die heilige Seun van God moet gaan staan. En dan, sê die Woord, sal Hy skeiding maak tussen die skape en die bokke. Tog moet ons nie vrees nie, sê ons belydenis. Immers, die Regter wat kom, is niemand anders nie as ons Here Jesus **wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het.** Is dit nie 'n geweldige gedagte nie: die Regter op die regterstoel het vroeër self eers in my plek in die beskuldigdebank gaan staan – Hy wat eenmaal op Golgota my vervloeking, my straf, op Hom geneem het!

As Christus as Regter gaan sit, sal Hy twee dinge doen. Hy sal

- **al sy en my vyande in die ewige verdoemenis werp,**
- **maar my saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemelse blydskap en heerlijkheid sal neem.**

Na Hom toe – dit is die toppunt van saligheid. Dit is wat die hemel so 'n hemels heerlike plek maak: Ons Bruidegom is daar en daar sal ons vir altyd by Hom wees.

3. DIE TYD VAN SY WEDERKOMS EN DIE TEKENS VAN DIE TYE

Deur die eeue heen was daar **mense wat probeer uitwerk het**, sogenaamd op grond van Bybelse gegewens, **wanneer dit sou wees**. So het die stigter van die Jehova-getuies, Charles Russel, verkondig dat die duisendjarige vrederyk in 1914 sou kom. Toe dit nie gebeur nie, het hulle gesê dat dit wel gekom het, maar onsigbaar.

Maar nie net die sektes dink hulle kan dit bereken nie. Ook ons probeer dit doen. Ons sê dikwels die tyd van die wederkoms kan nie meer ver wees nie, want kyk net na die vreeslike afval van ons dae en al die rampe en die aardbewings en die oorloë. Is dit nie tekens dat die wederkoms voor die deur is nie? Is dit nie die tekens van die tye waarvan Matthéüs 24 en Markus 13 en Lukas 24 skryf nie, en is dit nie bewyse dat die wederkoms voor die deur is nie?

- Daarop moet ons eerstens antwoord: Die Bybel leer ons dat ons nie die tyd van Christus se wederkoms kan uitwerk nie, intendeel: Sy koms sal **onverwags** wees, net **soos 'n dief in die nag** (1 Thess 5:2). En ons weet 'n dief kondig nie die tyd van sy koms aan nie, maar geheel en al onverwags, wanneer niemand dit verwag nie, slaan hy toe. So sal dit ook gaan met die koms van die Seun van die mens.
- Tweedens moet ons verstaan: Dit is nie die bedoeling van die tekens van die tye dat ons daaruit afleidings sou kon maak van die presiese tydstip van die wederkoms nie. Dié tekens wil **nie** vir ons sê **wanneer** die Here kom nie, maar **wel dat** Hy kom. Dit is bedoel om ons te herinner aan sy koms, om ons verwagting gespanne te hou. In al dié tekens hoor ons sy naderende voetstappe.

- Derdens moet ons weet: Hierdie tekens het ***reeds in die tyd van die dissipels*** voorgekom. Jesus sê byvoorbeeld vir sy dissipels: "En ***julle*** sal hoor van oorloë ..." (Matt 24:6).
- Ons moet in die vierde plek ook goed verstaan wat die Bybel bedoel met ***die laaste dae*** waarin hierdie tekens sal plaasvind. Ek kry dikwels die gevoel dat baie mense – ook Gereformeerdes – daaronder verstaan: die laaste week of maand voor die wederkoms. Tog is dit nie waar nie. Die ***laaste dae*** waarvan die Skrif praat, is ***die tyd tussen die hemelvaart van ons Here Jesus en sy wederkoms***. In daardie tyd sal al die genoemde tekens plaasvind.

Sondag 20

Wat ons glo van die Heilige Gees

Vraag 53: Wat glo jy van *die Heilige Gees*?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry (c), my troos (d) en ewig by my bly (e).

(a) 1 Joh 5:7; Gen 1:2; Jes 48:16; 1 Kor 3:16; 6:19; Hand 5:3, 4. (b) Gal 4:6; Matt 28:19, 20; 2 Kor 1:22; Ef 1:13. (c) Gal 3:14; 1 Pet 1:2; 1 Kor 6:17. (d) Joh 15:26; Hand 9:31. (e) Joh 14:16; 1 Pet 4:14.

Vraag 53

In hierdie Sondag gaan dit oor die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid, naamlik die Heilige Gees.

Antwoord 53

1. HY IS WARE GOD

Dit gaan oor die **Persoon** van die Heilige Gees: Wie en Wat Hy is.

In die verband sê die Kategismus dat die Heilige Gees **saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is**.

Deur die eeue heen was daar dwaalleraars wat hierdie waarheid bevraagteken het en geleer het dat die Heilige Gees nie God is nie. So was daar 'n sekere Arius wat gesê het alleen die Vader is God! Die Seun en die Heilige Gees daarenteen is slegs skepsele. Daarby het Arius ook nog dié verskriklike lastering gevoeg dat die Heilige Gees 'n skepsel is wat laer in rang is as die Seun.

Wat sê die Bybel egter? Dit leer ons baie duidelik van die waaragtige en ewige Godheid van die Gees. 'n Baie belangrike bewysplek is Handeling 5:3,4. Dit gaan oor die geskiedenis van Ananias wat gejok het oor die bedrag wat hy vir sy stuk grond gekry het. Ananias het gemaak asof hy die hele bedrag voor die voete van die apostels gelê het. Luister nou mooi na die antwoord van Petrus aan hom: "Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die **Heilige Gees** te lieg?" En hoor dan wat sê die apostel verder: "Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir **God**." Hier noem Petrus die Heilige Gees God!

2. DIE GROOT BELANGRIKHEID VAN HIERDIE BELYDENIS

Waarom is hierdie belydenis van die Godheid van die Gees so belangrik? **Ons hele saligheid hang daarvan af**. Ek sal dit so verduidelik: Ons was dood deur die misdade en die sonde (Ef 2:1). So word ons geestelike toestand beskryf voordat ons gered word. Nou weet julle net God kan dooies lewend maak. Trek dit dan deur na die werk van die Heilige Gees: As Hy nie waarlik God was nie, sou Hy nie lewe in ons dooie harte kon blaas nie. As Hy nie waarlik God was nie, sou Hy ons nie uit die geestelike doodstoestand van die sonde kon opwek en kon bring tot lewe nie, lewe vir God en lewe vir ons naaste.

3. DAT HY OOK AAN MY GEGEE IS

In antwoord 53 bely ons dat die Heilige Gees **ook aan my** gegee is.

Dit is nie genoeg dat ek weet Wie en Wat Hy is en wat Hy alles doen nie. Nee, sê die Kategismus, as ek bely dat ek in die Heilige Gees glo, dan sê ek daarmee: Hy is ook aan **my** gegee. Die Heilige Gees met al sy heerlike werksaamhede is ook my persoonlike, kosbare hartsbesit.

Hoe kan ek so seker daarvan wees? **Ek glo dit op grond van God se belofte**. Immers, in die uur van my **doop** het die Here sy Gees aan my belowe.

4. VERBONDSBELOFTE, VERBONDSEIS

God belowe aan ons by die doop sy Gees, maar Hy wil ook hê dat ons moet bid om die Heilige Gees.

Jesus het dit op 'n keer aan sy dissipels geleer: "Bid, en vir julle sal (die Heilige Gees) gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang" (Luk 11:9, 10). Hoor julle hoe hierdie woorde oorstroom van sekerheid: Bid en dit **sal** gegee word? As ons opreg verlang na die Gees en bid om sy werksaamheid in ons lewe, dan **sal** die Here ook sy doopbeloftes aan ons in vervulling laat gaan.

5. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES: WAT HY DOEN

Die Heidelbergse Kategismus sê met watter **doel (sodat)** die Heilige Gees aan ons gegee word.

- Die Heilige Gees is die Een wat aan ons die geloof skenk

Ons geloof kom nie uit die aarde op nie. Dit daal uit die hemel neer. Daarmee bedoel ek: Die geloof is nie 'n skeppingswerk van die mens nie. Die geloof is 'n gawe van God. Dit leer Paulus ons in Efesiërs 2:8 waar hy sê: "Want uit genade is julle gered, *deur die geloof*, en dit (die geloof)(is) nie uit julleself nie: dit is die gawe van God".

Hoe gee die Heilige Gees die geloof? Die Heilige Gees kom na ons toe in die Bybel. **Die Woord is sy instrument waarmee Hy in en aan ons werk.** Die Woord is die werkswinkel van die Heilige Gees. Daarom is dit logies dat ons moeite sal doen met die Skrif en Woordverkondiging (bywoning van die erediens, katekisasie), want daarin kom ons onder die heiligende en herskeppende invloed van die Gees.

Die Heilige Gees gee ons die geloof en deur die geloof lei Hy ons na Christus toe. Ons kan Hom daarom, sê Calvyn, tereg noem **die sleutel** waardeur die skatte van die hemelse koninkryk vir ons ontsluit word. As ons die Gees nie gehad het nie, sou ons geen geloof besit het nie. Dan sou ons vir ewig buite die deur van die hemelse koninkryk gestaan het.

Wat die Heilige Gees nou doen deur ons die geloof te gee, is om ons **aan Christus** te verbind. Hy wil ons van Christus leer en ons na Hom toe bring. Dit sê Jesus self in Johannes 14:26: "Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal

julle alles leer **en sal julle herinner aan alles wat Ek (d.i. Jesus!) vir julle gesê het.**" Dit gaan dus vir die Gees daarom om ons te herinner aan die woorde van ons Heiland. Sy leer is dit wat die Gees by die Kerk tuis wil bring. In Johannes 16:13 sê Jesus verder dat die Gees ons in die hele waarheid sal lei, en daardie waarheid is niks en niemand anders as ons Here Jesus nie. Hy is immers die die weg en **die waarheid** en die lewe. Die Heilige Gees doen dus niks liewer as om ons aandag te vestig op Christus nie!

Die Heilige Gees, sê die Kategismus, laat my **deur 'n ware geloof** deel kry aan **al die weldade van Christus**. Hierdie **weldade** is die skat van skuldvergifenis, die weelde van God se Vaderskap en die rykdom van die ewige lewe, om maar net enkele dinge te noem.

- Die **Gees troos ons** met Christus

In Johannes 14:26 word Hy Trooster genoem. Hy troos ons deur ons te wys op Christus. Die offer van Christus is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Dit is die troos wat die Heilige Gees dus aan ons bring – en wat 'n enorme ryk troos is dit nie! Want in Christus is ons gered van die ewige toorn van God. Danksy Christus is alles tussen ons en God weer reg. Om Christus wil mag ek weet dat God se liefde my elke dag omring soos 'n kleed.

Die woord Trooster kan vertaal word met **Advokaat**. Die Heilige Gees is ons Advokaat. In Johannes 14:16 word Hy die "ander" Advokaat genoem. Dit beteken: Daar is nog 'n Advokaat en dit is Christus. 'n Gelowige het dus twee Advokate. Christus is ons Advokaat in die hemel: Hy bepleit ons saak voor die regbank van God en Hy vra dat die Vader ons sal vergewe op grond van sy offer. Die Heilige Gees daarenteen is ons Advokaat hier op aarde: As ons gewetens ons aankla dat ons teen al God se gebooie swaar gesondig het, wys Hy ons altyd weer op die soenverdienste van Christus. As die duiwel ons beskuldig en vir ons sê dat ons sondes te groot is, dat ons tog nooit in die hemel kan kom nie, dan herinner hierdie Advokaat ons aan Golgota en dan oortuig Hy ons dat die offer van Jesus groot genoeg is om al ons skuld uit te delg. Natuurlik, die Heilige Gees doen dit met die Woord in die hand. Die Bybel is en bly altyd sy instrument.

- Die **Heilige Gees bly ewig by ons**

Die Heilige Gees het in ons kom woon. Die gemeente in sy geheel en elke gelowige afsonderlik is sy **tempel**. Dit is vir ons 'n groot troos dat die Heilige Gees nooit meer van ons wyk nie, maar altyd so naby ons is om ons te lei met die lig van die Woord.

Sondag 21

Die kerk, die gemeenskap van die heiliges en die vergewing van sondes

Vraag 54: Wat glo jy van die *heilige, algemene Christelike kerk*?

Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

(a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder *die gemeenskap van die heiliges*?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Vraag 56: Wat glo jy van die *vergewing van die sondes*?

Antwoord: . Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry (a), nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).

(a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

Vraag 54

Die woord **kerk** beteken **wat aan die Here behoort**. Deur die geloof weet ons Hy het ons met sy kosbare bloed tot sy **eiendom** vrygekoop (antwoord 34).

Die kerk word beskryf as **heilige** kerk. Dit is eweneens 'n geloofsuitspraak. **Heilig** beteken: **afgesonder deur God vir God en sy diens. In Christus** is die kerk werklik geheilig (Heb 10:10). “Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.” (Heb 10:14)

Die woord **algemene** beteken dat dit gaan oor **die kerk oor die hele wêreld en van alle tye**.

Ook die kerk is 'n saak van **geloof**: Wat **glo** jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? Deur die geloof weet ons dat die Seun van God 'n kerk vergader, beskerm en bewaar.

Iemand het in 'n tyd waarin dwaalleer en kerkvervolging baie erg was, vir 'n predikant gevra: Dominee, hoe gaan dit met die kerk? Daarop het die predikant geantwoord: Dit gaan goed met die kerk, want die Seun van God vergader, beskerm en bewaar sy kerk. Dit is wat ek bedoel wanneer ek sê dat die kerk 'n saak van geloof is. **Ondanks** alle teenslae en ondanks dit wat mense doen, gaan die kerk nogtans aan, **danksy** die Seun van God. Geloof aan die kerk is geloof in die Seun van God.

Antwoord 54

1. KERKBOU IS DIE WERK VAN DIE SEUN VAN GOD

Dit is besonder treffend dat wanneer die Kategismus oor die kerk praat, hy nie begin met wat mense doen nie, maar begin met die woorde “**Dat die Seun van God ...**”

Kerkbou is nie mensewerk nie. Dit is nie danksy die werk van dominees en ouderlinge dat daar 'n gemeente is en dat mense groei in die geloof nie. Dit is ook nie danksy ouers se vlytige huisgodsdienste dat daar 'n vergadering van gelowiges is nie.

Dit is alleen danksy die Seun van God dat die kerk ontstaan, bestaan en voortbestaan.

2. DIE SEUN VAN GOD VERGADER, BESKERM EN ONDERHOU DIE KERK

Die kerkwerk van **die Seun van God** behels drie dinge:

- Die Seun **vergader** die kerk

Die Seun van God is die groot Kerkbouer. Hierdie waarheid het Jesus self aan sy dissipels verkondig toe Hy op 'n keer vir Petrus gesê het: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal **Ek** my gemeente bou." (Matt 16:18)

Jesus vergelyk die kerk dus met 'n gebou, 'n huis, wat opgerig word. Dié beeld gebruik die Bybel meermale. So sê Paulus aan die Korinthiërs: "Die gebou van God is julle." (1 Kor 3:9)

Die Seun van God vergader die kerk. Hy maak ons bymekaar. Hy bring ons tot geloof en Hy lê ons in die skoot van die kerk. So groei die tempel van die Here tot 'n magtige bouwerk tot eer van God alleen. Immers, Hy, en nie mense nie, laat die gebou verrys. Daarom, wie wil roem oor die kerk, moet nie roem in mense nie, moet nie roem in troue huisgodsdienste, moet nie roem in die mooi preke van hierdie of daardie dominee nie, maar moet roem in die Here alleen.

- Die Seun **bewaar** die kerk

By die Seun lê dus die **ontstaan** van die kerk. Dit is egter nie al nie. Hy is ook die almagtige waarborg dat die kerk sal **voortbestaan**.

Ons moet goed onthou die kerk is 'n bedreigde gebou. In Matthéüs 16:18 is daar sprake van die poorte van die doderyk: Die Satan en sy legioene storm by die poorte van die hel uit om die kerk aan te val en te vernietig. Deur die eeue heen, dag vir dag, van oomblik tot oomblik, loods die duiwel die een aanval na die ander teen die kerk van die Here. Nou doen hy dit op die een manier, dan weer op 'n ander manier. Soms probeer hy die kerk deur bloedige vervolging uitwis, soms deur dwaalleer en afval. Steeds is hy aktief. Daarby is hy veel sterker as ons. As dit van ons sou afhang, sou die kerk al lankal nie meer bestaan het nie.

Ons enigste troos, maar ook ons sekere troos is: Die Seun van God, self almagtige God, bewaar sy skape.

In Matthéüs 16 noem die Here Jesus ons **sy** gemeente. Ons is sy **eiendom**. Dit is mos wat die woord **kerk** beteken. Hy het duur vir ons betaal. Ja, dit het Hom sy bloed gekos. Dink julle dan dat die Here, terwyl ons Hom so 'n hemelhoë prys gekos het, sal toelaat dat die hel ons van Hom ontroof en die duiwelse leërmagte ons verslind?

- Die Seun **onderhou** die kerk

Dit beteken Hy voorsien ons van die geestelike spyse. Hy is die goeie Herder wat ons lei na groen weivelde en na waters waar rus is. Sonder kos kan die skape nie lewe nie. Dié onontbeerlike voedsel verskaf die Seun van God aan ons.

3. HIERDIE KERKWERK DOEN DIE SEUN DEUR SY GEES EN WOORD

Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou die kerk **deur sy Gees en Woord**:

- Hy **vergader** sy kerk **deur sy Gees en Woord**

Handelinge is die boek van die kerkvergaderende werk van ons Here Jesus Christus. Soos Genesis die boek is van die skepping van hemel en aarde, so kan ons Handelinge in sekere sin die boek van die skepping van die kerk noem, want ons hoor daarin hoe die Here deur sy Woord en Gees vir Hom 'n kerk **vergader** (bymeekaarmaak) uit alle volke, nasies en tale.

Boaan die boek Handelinge staan in ons vertalings: **Die handelinge van die heilige apostels**. Dit is egter nie korrek nie. Dié naam staan ook nie in die oorspronklike Grieks nie. 'n Beter naam sou wees: **Die handelinge van ons Here Jesus Christus deur sy Gees en Woord**. Immers: dié boek is vol van die werk van **die Heilige Gees**, en van die begin tot die einde van Handelinge hoor ons hoe **die Woord** gepredik word. Reeds in hoofstuk 2 begin dit. Die Heilige Gees word uitgestort en die eerste wat die dissipels dan doen, is om die Woord te verkondig. Die Gees gaan met die gepreekte Woord aan die werk en die verrassende resultaat van die aksie Gees-en-Woord is dat op daardie Pinksterdag 3 000 mense tot die gemeente gevoeg word!

Hier het ons **die geheim van kerkgroei en gemeente-uitbreiding**: Die Gees, deur Woordverkondiging, dit wil sê die prediking. Daaruit moet ons leer hoe belangrik die

preke, katekisasie en huisbesoek is, want daarin kom die Gees na ons toe en deur die Woord werk Hy in ons.

Ons het ook die Gees nodig. As die Gees nie ons oë open nie, bly ons blind vir die Woord. Daarom moet dit ons daaglikse gebed wees dat die Gees deur sy Woord kragtig in ons lewens en in die wêreld werksaam sal bly. Calvin gebruik in die verband die beeld van 'n blinde wat die son nie kan sien nie. So gaan dit ook met ons in geestelike sin: ons is blind vir die Woord en ons begryp niks daarvan nie, tensy die Gees ons “oë” gee. As die Gees ons nie kragtig oortuig nie, glo ons nie die Woord nie, en bly ons buite die kerk staan.

- Die Seun **beskerm** sy kerk ook **deur sy Gees en Woord**

In Efesiërs 6:17 noem Paulus heel treffend die Woord **die swaard van die Gees**. Daar het ons dit weer: Gees en Woord. Die Woord is ons vesting. Binne dié fort is ons veilig teen die versoekinge van die Satan. In die Beloftewoord van God vind ons rus en troos en veiligheid. Met die swaard van die Gees slaan ons sy aanvalle af. Maar hoe kry ons die magtige wapen in hande? Die Gees gee dit aan ons. Hy gee ons geloof en insig in die Woord. Hy maak ons bekwaam om dit te hanteer, om dwalinge te kan teëstaan en om Satan te weerlê as hy vir ons sê dat die Here ons vergeet het of dat ons sondes te groot is om vergewe te word.

Dit spreek natuurlik vanself dat ons ook 'n verantwoordelikheid het. Ons moet ons bewapen. Ons moet die Woord leer ken. Dit doen ons as ons kerk toe gaan, huisgodsdienste hou en persoonlik met die Bybel besig is.

- Die Seun van God **onderhou** sy kerk **deur Gees en Woord**

Sy Evangeliewoord is die voedsel. Daarsonder sou ons geestelik sterwe. Daarom, wil 'n kerk lewe en bly lewe, moet dit na die “groen weivelde” van die Woord gaan.

4. WIE AAN HIERDIE KERK BEHOORT

Wie behoort tot die kerk?

'n Mens is geneig om dadelik te sê: Natuurlik almal wat lidmate is van die Gereformeerde Kerk en ander kerke.

Die Kategismus sê egter: Die kerk is daardie mense **wat tot die ewige lewe uitverkies is**.

Nie alle kerkmense is uitverkies nie. In die kerk is daar ook mense wat nie werklik glo nie en hulle nie daaglik bekeer nie.

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis praat in artikel 29 van die ware kerk en sê dan in die kerk is daar ook huigelaars. Hierdie huigelaars is in die kerk met die goeies vermeng. Hulle behoort egter nie aan die kerk nie, alhoewel hulle uiterlik daarin is.

Dit is 'n baie interessante woord wat die Nederlandse Geloofsbelydenis gebruik: **huigelaars**. Eintlik staan daar in die oorspronklike **hipokriet**. Dit is 'n Griekse woord en dit beteken **toneelspeler**. In die kerk is daar baie mense wat toneel speel. Hulle maak asof hulle Christene is. Hulle sê dit ook, maar die ware, vrugdraende geloof ontbreek by hulle. Hulle behoort maar net aan die kerk omdat hulle darem nie as heidene beskou wil word nie. Of hulle behoort aan die kerk omdat Pa en Ma of die gemeenskap dit verwag, maar hulle hart en siel is nie daarby betrokke nie. Dit is nie vir hulle 'n vreugde om saam met die volk van die Here op te gaan kerk toe nie.

Hierdie dinge moet ons dwing tot ernstige selfondersoek: Hoekom kom ons kerk toe? En hoekom wil ons deel wees van die volk van die Here? Dit moet ook gesê word om die huigelaars te ontmasker en om die onverskilliges wakker te skud.

Miskien wonder julle nou: Maar is ék 'n uitverkorene? Behoort ék waarlik by die ware kerk? Kan ek dit weet?

Daarop wil ek antwoord: Sekerlik kan ons dit weet of ons werklik lid is van die kerk en of ons uitverkorenes is. Hoe kan ons dit weet? Deur die Gees en die Woord. Immers, deur Gees en Woord vergader Jesus sy kerk. En nou sê die Heilige Gees in daardie Woord: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh 3:36).

Ons mag en moet die Gees ook bid om 'n ware geloof.

5. DIE KERK AS MOEDER

Die Seun van God vergader, beskerm en bewaar deur sy Woord en Gees.

In hierdie werk gebruik Christus die kerk.

Die gemeente, sê Calvyn, is die moeder van die gelowiges (kyk ook Gal 4:26). Aan moeder Kerk is die saad van die onverganklike lewe (die Woord) in bewaring gegee (1 Pet 1:23). Deur daardie Woord gee moeder Kerk geboorte aan die gelowiges en deur daardie Woord voed die gemeente die gelowiges. Wie weier om die gemeente as moeder te hê, begeer tevergeefs om God as Vader te hê. Immers, God verwek sy kinders en maak hulle groot, maar Hy doen dit deur die diens van die gemeente.

Dit is nie die kerk wat ons die geloof gee nie, maar dit is God self deur sy Woord en Gees. Tog het dit die Here behaag om sy kerk daarin te gebruik. Die kerk is sy instelling en deur sy ampsdraers wil hy die gelowiges toerus en die gemeente laat groei (Ef 4:11 e.v.). Deur die prediking van die kerk kom ons tot geloof (Rom 10:14-17).

Vraag 55

In hierdie vraag gaan dit oor **die gemeenskap van die heiliges**. Met die **heiliges** word die gelowiges bedoel. Ons moet die woord heiliges reg verstaan. Dit beteken nie dat ons in onself sonder sonde is nie. Nee, ons is in en deur Christus geheilig. **Geheilig** wil ook sê: afgesonder van die wêreld en toegewy aan God.

Antwoord 55

TWEE LYNE

Ons sien in hierdie antwoord twee lyne loop:

- Lyn 1 is die lyn na die Here Jesus Christus: ***Die gelowiges het deel aan die Here Christus:***

Deur die geloof het ons **aan al sy skatte en gawes deel**. Ons kan dink aan die skat en gawe van die Woord, die skat en gawe van die Heilige Gees, ensovoorts. God maak ons skatryk in Christus.

- Lyn 2 is die lyn na mekaar toe: ***Die gelowiges het 'n verpligting teenoor mekaar:***

Ook by lyn nommer 2 hoor ons van **gawes**. By die eerste lyn is gesê dat ons deel het aan die skatte en gawes van Christus. Nou leer die Kategismus: Ons is **verplig** om ons gawes tot voordeel van die ander lede van die liggaam van Christus aan te wend. God maak ons ryk, sodat ons ander ryk sal maak. Hy gee ons gawes sodat ons die gawes sal uitdeel. Dit is iets waartoe ons verplig word.

- In 1 Korinthiërs 12:12 e.v. beskryf Paulus die kerk met die beeld van 'n liggaam. Ons is **aan Christus verbind**, want Hy is die **Hoof** en ons die **lede** van die liggaam. Hierdie beeldspraak maak duidelik hoe vas ons aan Christus verbind is. Vanuit die Hoof regeer die Gees die hele liggaam. As jy 'n liggaam van 'n hoof afsny, sal die liggaam dadelik doodgaan. 'n Liggaam sonder hoof kan nie bestaan nie. So kan 'n kerk nie sonder Christus, sy Hoof, bestaan nie.
- Hierdie beeld in 1 Korinthiërs 12:12 en verder maak ook duidelik dat ons **aan mekaar verbind** is. As jy 'n lid (liggaamsdeel) van die liggaam afsny, sterf dit ook dadelik af. 'n Lid kan ook nie sonder die liggaam bestaan nie. 'n Kerklidmaat kan nie sonder die gemeente bestaan nie.

Vraag 56

Sondag 21 behandel ten slotte die wonder van **die vergewing van sondes**.

Antwoord 56

Waarom vergewe die Vader ons sondes? **Op grond van die voldoening van Christus**. Hy het **voldoen** aan die wet in ons plek.

Uit genade, dit wil sê sonder verdienste, wil die Vader aan my **die geregtigheid van Christus** skenk. Met die geregtigheid van Christus word bedoel: Christus se gehoorsaamheid aan die wet. Dit, sê die Kategismus, word op my rekening gesit so asof ek self alles volbring het.

Die vrug hiervan is dat **ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie**.

Sondag 22

Die opstanding van die vlees en die ewige lewe

Vraag 57: Watter troos gee die *opstanding van die liggaam* aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).

(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die *ewige lewe*?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit – 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie – om God daarin ewig te prys (b).

(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.

Vraag 57

Hierdie vraag, net soos die volgende, begin met die woord **troos**: **Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?**

Ons enigste troos in lewe én in sterwe is dat ek met ***liggaam én siel***, in lewe en in sterwe, aan Christus behoort (HK 1:1).

In hierdie vraag gaan dit daaroor dat sowel my siel as my liggaam van die dood verlos word.

Antwoord 57

MY SIEL

Ons Kategismus begin by dit wat met ons siel gebeur die oomblik as ons sterwe: **dat my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus opgeneem sal word.**

My siel word **dadelik**, op daardie oomblik as ek sterf, tot Christus, my Hoof, opgeneem. Op daardie oomblik wanneer ek my oë in hierdie aardse jammerdal sluit, op daardie selfde moment open ek my oë in God se salige paradys.

Die hele Skrif getuig daarvan. Dit sluit ook die Ou Testament in, want in Psalm 73 sing ons immers:

*U sal my voortlei deur u raad,
o God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd,
my opneem in u heerlijkheid. (Ps 73:10, berymd)*

Reeds die mense onder die Ou Verbond het dus geweet van 'n lewe na die dood. Maar nog duideliker leer ons dit uit die Nuwe Testament. Dink maar aan die woorde van Jesus aan die berouvolle moordenaar aan die kruis: "Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." (Luk 23:43) Daardie moordenaar se liggaam is dus, toe hy gesterf het, na die ashoop geneem, soos met moordenaars gehandel is in daardie tyd, maar sy siel was in God se ewige paradys, saam met Jesus.

Deur die eeue heen, ook vandag nog, was en is daar mense wat die lewe na die dood misken. Hulle sê dood is dood. As jy sterwe, is alles verby. Daar is selfs sogenaamde Christene wat die voortlewe van die siel na die dood misken. Hulle beweer dat ons sal slaap totdat Jesus kom. Die getuigenis van die Skrif is egter so oorweldigend dat ons nie eens daarvoor hoef te redekawel nie.

Die Bybel sê heelwat oor die sogenaamde **tussentoestand**. Met die tussentoestand word in die teologie bedoel die tyd tussen ons sterwe en die opstanding van ons liggaam. Dit gaan dus oor die tyd waarin siel en liggaam van mekaar geskei is, die tyd waarin ons liggaam tot stof vergaan in die graf, maar ons siel by Christus is. Want hoor maar net wat sê Paulus in Filippense 1:23: "... ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit

is verreweg die beste". Daarby sluit ons Kategismus aan wanneer hy sê: **My siel word dadelik na Christus, sy Hoof, opgeneem.**

Die Bybel verkondig dus in duidelike en heerlike taal die bewuste voortbestaan van die siele van die gelowiges na die dood. Maar daar is ook 'n donker ander sy: die voortlewe van die siele van die ongelowiges. Want van die ryk man word gesê dat ook hy by sy sterwe sy oë in die hiernamaals geopen het, maar toe was hy in die doderyk en hy het helse smarte gely (Luk 16:23,24). Terwyl die gelowiges geniet van Christus se heerlike gemeenskap en sy liefdevolle nabyheid, is dit by die goddeloses presies die teenoorgestelde. Hulle is geskei van God en afgesny van die saligheid: daar is 'n diep kloof (Luk 16:26). Hulle lot sal met een woord verskriklik wees. Terwyl die hemel beteken om **met** God te wees, beteken die hel om **sonder** God te wees. Terwyl die hemel beteken om die volheid van God se liefde te smaak, beteken die hel om die pyn van sy toorn te ervaar.

MAAR OOK MY LIGGAAM

Ook hierdie selfde liggaam van my sal, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig word

Die mens is siel én **liggaam**. God het albei gemaak. Daarom verlos ons Lewensvors, Jesus, nie net ons siele nie, maar ook ons liggame, want dit is vir Hom ook belangrik. Dit sal Hy doen wanneer Hy kom op die wolke van die hemel. Dan sal Hy alles nuut maak, ook my afgetakelde en vergane liggaam.

In 1 Thessalonicense 4:16, 17 skryf Paulus oor die wederkoms en dan vertel hy dat die basuin sal weerklink "... en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan".

Dan sal ons 'n **verheerlikte liggaam** ontvang. Op verskeie plekke praat Paulus van dié liggaam. So sê hy in Filippense 3:20, 21 dat ons as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, "wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam ...".

Ons liggame sal **deur die krag van Christus opgewek word**. Christus is ons troos.

Ook in 1 Korinthiërs 15:51-53 gaan Paulus daarop in en dan gaan hy in op die verskil tussen ons ou liggaam en ons verheerlikte liggaam: "Ky, ek deel julle 'n verborgenheid

mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin (van die wederkoms – AHB) sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word".

Wat kan ons uit 1 Korintheërs 15 aflei oor die verheerlikte liggaam, hoe dit sal wees? Miskien kan ons die meeste leer as ons let op die verskil tussen ons ou en ons nuwe liggaam, want Paulus praat van verganklik-onverganklik, sterflik-onsterflik. Uit die hele gedeelte leer ons dus een ding: die verheerlikte liggaam sal nie meer onderworpe wees aan die ontbindende kragte van die dood nie. Die dood sal nie meer wees nie. Daarom juig Paulus: "Die dood is verslind in die oorwinning." (1 Kor 15:54)

Ons huidige liggaam dra die littekens van die sondeval: siekte, gebreke, swaakheid, ensovoorts. Van die oomblik van ons geboorte af is daar ontbindende kragte, die kragte van die dood, in ons aan die werk. Daarom sê ons **doopsformulier** dat hierdie lewe tog niks anders as 'n geleidelike sterwe is nie. Elkeen van ons dra die kiem van die dood in ons om en elke dag is 'n tree nader aan die graf. Elke siekte takel ons af, bietjie vir bietjie, en uiteindelik kom die finale slag.

Maar wat sal met die liggame van die ongelowiges gebeur? Ook hulle liggame sal opstaan uit die grafte, maar die Bybel sê dit sal "afgrylik" wees (Jes 66:24; Dan 12:2).

Ek wil hierdie deel afsluit deur julle daarop te wys dat ook hier die "by Jesus wees" die vernaamste is, want wanneer Paulus in 1 Thessalonicense 4 skryf oor die wederkoms en die opstanding van die liggaam, eindig Hy met die woorde: "... en so sal ons altyd by die Here wees" (vs 17). Dit is dus die belangrikste: nie dat ons nie meer siek sal word of pyn sal ly of sal sterwe nie, maar dat ons by die Here sal wees, in sy volmaakte teenwoordigheid.

Vraag 58

Die Kategismus gaan nou die artikel van **die ewige lewe** en die troos wat dit ons gee, behandel.

Antwoord 58

NOU REEDS

Die ewige lewe is vir die Kategismus nie iets wat eers na die dood begin nie. **Nou alreeds ervaar ons die begin van die ewige vreugde in ons hart.** Reeds hier, hier waar ons ons bevind in die “doodsdal diep en donker”, reeds hier gaan die lig van die lewe op.

Johannes verklaar in sy eerste sendbrief: "En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie." (1 Joh 5:11,12) Dit is teenwoordige tyd. Ons het dit nou alreeds. Die ewige lewe is nie net toekomsmusiek nie, maar 'n triomflied van die hede.

Wel is dit so dat ons **nou** nog maar net **die begin** ervaar. Die voorpunt is al daar; **ná hierdie lewe** sal ek **volkome saligheid** besit.

WAT HIERDIE EWIGE LEWE IS

Wat is hierdie **ewige lewe**? Om dit te verstaan, moet ons terug na die paradys. Dit wat Adam en Eva daar, voor die sondeval, geniet het, dit was die ewige lewe. Hulle het naamlik God se voortdurende nabyheid geniet. Elke dag het sy Vaderlike sorg na hulle toe uitgegaan. Die paradys was een luid opklinkende lied van die liefde van God. Die band tussen hulle en God was nog heel. Hulle kon na God toe gaan en God het met hulle gewandel. Dit is ewige lewe. Dit is hemel op aarde.

Ewige lewe is dus nie maar net om vir altyd te lewe nie. Die duiwel en sy bese geeste (demone) en die goddeloses in die hel sal ook eenmaal vir altyd lewe in daardie sin van die woord. Nee, ewige lewe is om elke dag en vir altyd te mag lewe in die salige teenwoordigheid van God.

DIE DOEL VAN DIE SALIGHEID

Die Kategismus sê ten slotte wat die doel van die saligheid sal wees, naamlik **om God daarin ewig te prys**. Dit is die doel waarvoor God die mens aan die begin geskep het (sien

antwoord 6, waar ons hierdie woorde ook kry). Vir baie mense draai die hemel net om die eie ek: dan sal ek nie meer siek wees nie, dan sal ek weer my dierbares sien, dan sal ek so sielsgelukkig wees. Daarenteen plaas die Kategismus God in die middelpunt van die ewigheid. Dít is ewige lewe: om Hom te loof en te prys. Juis dit sal ons eenmaal so onuitspreeklik gelukkig en bly maak.

Sondag 23

Deur die geloof geregverdig

Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).

(a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant (d) uit louter genade (e) die volkome genoegdoening (f), geregtigheid en heiligheid van Christus (g) skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (k) aanneem.

(a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Ef 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (e) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (i) 2 Kor 5:21. (k) Rom 3:22; Joh 3:18.

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).

(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.

DIE BESONDERE BELANGRIKHEID VAN HIERDIE ARTIKEL

Die leer van die regverdiging deur die geloof alleen is so belangrik, dat Calvyn dit die *hoofskarnier* noem waarom die ganse godsdiens draai.

Vraag 59

Wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo? Wat help dit jou, watter nut het dit dat jy alles glo wat in die Twaalf Artikels staan, wat in die voorafgaande Sondae verklaar is?

Antwoord 59

Ek is in Christus **voor God geregverdig**, dit wil sê: Ek staan voor die Vader as *iemand wat volkome gedoen het wat God se wet vra*. Dit is egter nie danksy myself nie, maar **in Christus**. Met die **in Christus** word bedoel: omdat ek deur die geloof deel het aan Hom en aan alles wat Hy gedoen het. Deur my verbondenheid aan Christus is ek ook 'n **erfgenaam van die ewige lewe**. Hier hoor ons weer van **die ewige lewe**, waaroor die vorige vraag (58) breedvoerig gehandel het.

Vraag 60

Nou gaan die Kategismus in op die **hoe** van ons regverdiging. Hoe op aarde kan onregverdiges as regverdiges voor God staan? Hoe kan mense wat die ewige dood verdien, erfgename van die ewige lewe wees?

Hierdie vraag en antwoord gaan in op die woorde **in Christus** van antwoord 59.

Antwoord 60

Ek wil graag met 'n beeld duidelik maak wat dit presies beteken dat God ons regverdig. Die beeld wat ek gebruik, is die van 'n **hofsak**. Dit is 'n hofsak wat ons almal ten nouste

raak. In die hofgeding is daar '**n Regter, 'n aanklaer, 'n klagstaat, 'n aangeklaagde en uiteindelik die vonnis.**

- Die **Regter** is **God**. So word Hy in Romeine 8:33 aan ons voorgehou: as die Regter wat regspraak lewer. Voor sy regterstoel sal ons eenmaal almal verskyn. Hy is ook die alwetende en alsiende God. "... Alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het", sê Hebreërs 4:13.
- Die **beskuldigdes** is **ons**.
- Die **aanklaer** is **ons gewete. My gewete kla my aan**.
- Die **klagstaat** bevat drie aanklagte:
 - Eerstens sê die aanklaer **dat ek teen al God se gebooie swaar gesondig het**.
 - Die tweede aanklag is **dat ek nie een daarvan gehou het nie**.
 - Derdens sê my gewete **dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is**.

Miskien dink julle: Nee, maar dit is tog te skerp gestel. So sleg is ek darem nog nie. Maar luister dan na 'n uitspraak van die apostel Paulus waar hy praat oor sy eie lewe, nie toe hy nog onbekeernd was nie, maar toe hy alreeds 'n Christen geword het: "Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. ... Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, **niks goeds** woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, dit doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek" (Rom 7:14, 18, 19).

Uit Skrif en belydenis is dit dus duidelik: die aanklaer is reg. Ons is skuldig.

Let op hoe skerp die Kategismus die aanklag stel: dat ek teen **al** die gebooie van God **swaar** gesondig het en **nie een** daarvan gehou het nie en dat ek nog **gedurigdeur** tot **alle kwaad** geneig is. Ons hoor vraag 8 hier terug: Ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en dat tot **alle kwaad** geneig is.

- Daarom kan daar in hierdie hofsak net één **vonnis** wees: die straf van die ewige dood.

Maar in hierdie hofsaak gebeur iets verbysterend: Die Regter staan op, maar in plaas dat Hy, soos ons verwag het, ons skuldig verklaar, verklaar Hy dat ons regverdig is en erfgename nie van die ewige dood nie, maar van die ewige lewe.

Die geheim van die wonderlike vryspraak lê in die woordjie **nogtans**. Dit is die **nogtans** van God se genade **in Christus**.

Christus is die geheim van ons ewige vryspraak.

Die Regter van hemel en aarde sien nie af van die straf nie, maar Iemand anders gaan staan in ons plek in die beskuldigdebank: die Seun van die Regter.

Hy is nie maar net ons Advokaat nie, maar Hy is ons **Borg**. 'n Borg in die tyd van die Bybel was iemand wat ingestaan het vir 'n skuldenaar. Wanneer die skuldeiser na die skuldenaar toe kom en die skuld opeis, dan het die borg dit op hom geneem om die skuld in die plek van die skuldenaar te betaal. Hy het dus op hom geneem om te doen wat die skuldenaar nie kon doen nie. Nou ja, so 'n Borg het ons by God: die Seun van God. Ons was skuldig om die wet te hou, maar ons kon nie. Daarom het ons Borg dit vir ons gedoen. Ons was die dood skuldig vanweë ons sonde, maar ons Borg het die skuld op Hom gelaai en die dood vir ons gesterf.

Martin Luther noem dit **die groot ruil**:

- Christus neem **ons ongeregtigheid** op Hom
- en skenk ons **sy geregtigheid**.

Teenoor die **aanklagte** stel die Kategismus wat ons **in Christus** het:

Die aanklagte teen ons:	In Christus skenk en reken God ons die volgende toe:
1. Ons het teen al God se gebooie swaar gesondig . Ek het die straf verdien.	1. die volkome genoegdoening van Christus . Christus het voldoen aan die eis dat ons sondes gestraf moet word: Hy het dit volkome gedra.

2. Ons het nie een van God se gebooie gehou nie.	2. die volkome geregtigheid van Christus. Christus het in volkome gehoorsaamheid die wet gehou.
3. Ons is nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig.	3. die volkome heiligheid van Christus.

Volkome. Christus se werk is volkome, dit wil sê volmaak. Dit is genoeg. “Dit is volbring!” (Joh 19:30)

Die Kategismus gebruik 'n opeenstapeling van woorde om die onverdiendheid van dit alles te benadruk: **uit louter** (suiwer, uitsluitlik) **genade, geskenk, toegereken.**

Vraag 61

Dit gaan in hierdie vraag oor die plek of waarde van die geloof in ons regverdiging voor God.

Antwoord 61

Die geloof is die **hand** waarmee ek Christus en sy geregtigheid vir myself toeëien. As ek nie 'n hand het nie, kan ek 'n geskenk, byvoorbeeld 'n Bybel, nie vat en vir myself neem nie. En as julle my 'n geskenk aanbied, maar ek neem dit nie, kry ek dit ook nie. So is die geloof ook noodsaaklik om deel te kry aan die geskenk van die vryspraak wat Christus vir ons verdien het.

Is dit **op grond van die waarde van my geloof** dat ek voor God regverdig is? Verdien ek die ewige vryspraak deur my geloof?

Dit wys die Kategismus hier van die hand.

Ewe min as wat ons self die hand van ons liggaam, hierdie hand van vlees en bloed, gemaak het, ewe min het ons ons geloofshand gemaak. Die geloof is 'n gawe van God. Soos die Here aan die begin alles, ook hande, gemaak het slegs deur te spreek, slegs deur sy Woord, so gaan dit ook met die hand van die geloof: God kom na ons toe met sy Woord en deur sy

Woord skep Hy die geloof in ons harte. Die geloof is dus 'n werk van God en nie 'n goeie werk van ons nie. Daarom kan daar geen sprake wees dat ons sê ons verdien om deur die goeie werk van ons geloof deur God geregverdig te word nie.

Om die beeld van die hand nog anders te gebruik: die geloof is die leë hand wat gevul moet word met die beloftes in Christus. Ons word nie vrygespreek danksy die hand nie, maar danksy dit wat in daardie hand lê: die werk van ons Borg en Middelaar, Jesus Christus. Deur die hand van die geloof neem ons Christus aan en, met ons hande so gevul, gaan ons na ons Regter en dan sê ons: Dit bied ek U aan ter betaling van my sondes. Die Kategismus sê: **Slegs dit, alleen die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus is my geregtigheid voor God.**

Dit gaan nie daaroor of ek 'n groot geloof of 'n sterk geloof of 'n swak geloof het nie. Die vraag is nie **hoe** daardie hande lyk nie: is dit groot hande, klein handjies of swak handjies? Die groot vraag is wel: Wat is **in** jou hande? Het jy Christus in jou geloofshande? Is Hy vir jou die een en die al?

Die geloof is wel noodsaaklik, want **ek kan dit** (die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus) **nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie** (vgl ook antwoord 60: Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem). As ek nie hande het nie, kan ek nie iets vir myself neem nie. So het ek ook die hande van die geloof nodig om die versoeningswerk van Christus aan te neem.

Sondag 24

Ons goeie werke

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a), en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).

(a) Gal 3:10; Deut 27:26. (b) Jes 64:6.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).

(a) Luk 17:10.

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).

(a) Matt 7:18; Joh 15:5.

Vraag 62

In Sondag 23 het ons ons as't ware bevind in die hemelse **hofsaa**, voor die regterstoel van God. Daar het ons gestaan as beskuldigdes. Die getuienis teen ons was verdoemend. Die enigste uitspraak wat ons kon verwag, was: Jy is skuldig. Maar die hofverrigtinge het 'n

dramatiese wending geneem. Iemand anders het in ons plek in die beskuldigdebank gaan staan en Hy het verklaar dat Hy alles sal betaal. Die Borg is die Seun van God.

Maar wat nou gebeur – kom ons noem dit die verdere verloop van die hofgeding – is eenvoudig verbysterend. 'n Mens sou tog verwag dat die beskuldigde van blydschap opspring en God dank, maar dit gebeur nie. Die aangeklaagde is nie tevrede met die **redes** vir sy vryspraak nie. Hy is omgekrap omdat die Borg alles betaal en hyself niks hoef te doen nie. Hoor hoe begin hy terugkibbel met die Here: **Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?**

Wie is dié ondankbare mens? Dit is die mens deur die eeue heen. Dit is die mens wat nie wil leef van genade alleen nie. Dit is **ons**. Dwarsdeur die geskiedenis heen was die leer van regverdigverklaring deur die geloof alleen vir die trotse mens 'n steen des aanstoots.

Waarom hou ons so min van hierdie wonderlike leerstuk? Die apostel Paulus gee ons die antwoord in die Galasiër-brief, waar hy sê: "Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig word, **nie na die mens is nie.**" (1:11) Dit beteken eintlik maar: Dit gaan teen ons grein in. Dit breek ons selfbeeld tot die grond toe af.

En dan begin ons om ons goeie werke die hemelse hofsaal binne te dra: ons goeie gesindheid, ons goeie bedoelings, ons harde werk vir die kerk, ons opregte verlange na God, ons ware berou oor ons sondes, ons geloof, en nog baie meer. En ons stal dit uit voor die Regter. Hierdie voortreflike werke moet tog indruk maak op God? O, ons is daarvan vas oortuig!

Antwoord 62

Wat sê God van ons goeie werke? Die Kategismus gee ons die antwoord, God se antwoord, want die belydenis praat uit die Skrif uit.

Hier is die maatstaf van die Regter:

- **Die geregtigheid**, die goeie werke, **wat voor die strafgerig van God** (voor sy regbank) **kan bestaan, moet heeltemal volmaak wees en in alle opsigte met die Wet van God ooreenstem.** God eis 100%.

En dan begin die Regter om ons goeie werke aan sy maatstaf, die Wet, te meet:

- Ons druipt die toets. Want, **ook ons beste werke in hierdie lewe is almal** (sonder uitsondering) **onvolmaak en met sondes besmet**.

Vraag 63

Maar leer die Bybel self ons dan nie dat ons goeie werke deur God beloon word nie? Inderdaad is dit die leer van die Skrif. Psalm 19:12 sê: In die onderhouding van God se geboorte lê 'n ryk beloning. Ons goeie werke word beloon:

- **In hierdie lewe**

Wie die Here vrees en welvaart geniet, mag die welvaart sien as loon.

Dit beteken egter **nie** dat almal wat die Here lief het, welvaart as loon ontvang nie. Wel ervaar elke gelowige God se seën, en alleen die Here se seën maak ons ryk en vol blydskap. As ons die Here vrees, deel ons in sy guns en liefde en gemeenskap. En dit is meer werd as al die skatte van die wêreld, want dit is die ewige lewe.

- **In die toekomstige lewe**

Eenmaal sal ons as erfgename van die Vader die volle loon ontvang. Dit is die erfenis van die ewige lewe op die nuwe aarde.

Antwoord 63

Ons glo, net soos Rome en die Fariseërs, aan die doen van goeie werke. Tog is daar 'n verskil. Die Roomse Kerk glo dat hulle daarmee iets verdien. Dit help dan om, saam met die offer van Christus, die hemel vir hulle oop te sluit. Daarteenoor wys ons op Openbaring 14:13 waar daar staan: "Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en **hulle werke volg** met hulle". Ons werke **volg** ons, dit wil sê dit gaan nie soos sleutels voor ons uit om die deur vir ons oop te maak nie, maar dit kom agter ons aan.

Ons belydenis noem hierdie loon vervolgens ook **genadeloon**. Dit is onverdiende loon. Hoe moet ons dit verstaan? Ons het tog gewerk vir die Here? Dan het ons die loon tog

verdien? Nee, ons het nie, want in Filippense 2:13 sê die Heilige Gees: "... dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag". Dit is God wat ons gewillig maak om goeie werke te doen; dit is Hy wat ons daartoe in staat stel. Daarom is my goeie werke ten diepste nie myne nie, maar God s'n. Wanneer die Here dan tog my goeie werke beloon, dan is dit nie verdiende loon nie, maar genadeloon. Hy beloon sy eie werke in ons.

Vraag 64

Ons goeie werke verdien niks nie. Dit dra nie by tot ons saligheid nie. Dit glo ons. Rome beskou dit as 'n gevaarlike leer. Hulle verwyt ons dat hierdie leer van genade alleen mense **onverskillig en roekeloos** ten opsigte van goeie werke maak. Hulle beskuldig ons Gereformeerdes dat ons leer tot gevolg sal hê dat mense sal sê: Hoekom moet ek goeie werke doen? Ek kan net sowel in 'n goddelose lewe volhard!

Antwoord 64

Teenoor die beskuldiging van ons teenstanders stel die Kategismus: **Dit is onmoontlik dat ... 'n ware geloof ... nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.** Dit is sommers baie sterk gestel: dit is **onmoontlik**. Die ware geloof **sal en moet** goeie werke voortbring.

'n Geloof sonder werke is 'n dooie geloof. So 'n geloof kan ons nie salig maak nie (Jak 2:14). Dit is nie die ware geloof nie.

Waarom **sal en moet** 'n ware geloof goeie werke voortbring? Omdat ons deur so 'n geloof **in Christus ingeplant** is, en sy verlossingswerk is die vrugbaarste grond denkbaar. Wie deur die geloof gewortel is in hierdie lewegewende grond van sy offerande sal vrug dra.

Ook Sondag 16 (v/a 43) lê **die verband tussen Christus se kruis en ons goeie werke**: Deur die krag van sy kruisoffer word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe; gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy. Dit is belangrik dat ons hierdie verband moet sien.

Sondag 25

Die Woord en die sakramente

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.

Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9; 9:24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.

Vraag 67 : Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is (a).

(a) Rom 6:3; Gal 3:27.

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Vraag 65

Slegs deur die geloof kry ons deel aan Christus en al sy weldade, dit wil sê aan alles wat Hy vir ons verdien het.

Slegs deur die geloof – die geloof is dus absoluut noodsaaklik.

Maar dan is dit ook belangrik dat ons sal weet: **Waar kom so 'n geloof dan vandaan?** Dit gaan in hierdie Sondag oor die *oorsprong van ons geloof*.

Antwoord 65

Geloof is nie van menslike oorsprong nie. **Die Heilige Gees werk** (skep) **dit** (die geloof). Die mens het geen bydrae gelewer by die *skepping* nie. Dit was **net God se werk**. Ons het die hand van ons liggaam nie geskep nie. Ons *herskepping* is eweneens **net God se werk**. Ook die hand van die geloof, waarmee ons Christus en sy weldade vir onself toeëien, is die werk van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees skep die geloof **in ons hart**. Die evangelie is beslis nie maar net verstandskennis nie. Dit raak **ons hart**. God sê vir ons: My seun, my dogter, gee my jou hart (Spr 23:26).

Hoe werk die Heilige Gees die geloof? Daarop antwoord die Kategismus:

- Hy **werk** die geloof deur **die verkondiging van die heilige evangelie**, en
- Hy **versterk** die geloof deur die gebruik van **die sakramente**.

In Woord en sakramente kom die Heilige Gees na ons toe.

Die skepping van Genesis 1 was 'n skepping deur die Woord. Met ons herskepping gaan dit net so: die geloof word geskep deur die Woord.

1. DIE WOORD

Met **die verkondiging van die heilige evangelie** bedoel die Kategismus: die preke van elke Sondag.

In ons dae dink mense nie meer veel van **preke** nie. Baie beskou dit as 'n stokou, **verouderde kommunikasiemiddel** in 'n moderne wêreld van tegniek en wetenskap. Ons voel ons het baie beter middele om mense, veral kinders, mee te bereik. Dink maar aan die TV, video's, die oorhoofse projektor, skyfies, ensovoorts. Dit is tog veel beter en kragtiger onderrigmiddele? So voel die mens van die twintigste eeu, ook talle kerkmense. Maar dan vergeet sulke mense:

- Die Woord wat in die kerk aan die werk is, is nie 'n mensewoord nie, maar God se almagtige Woord wat lewe in dooie harte kan skep, en
- agter die Woord staan die Heilige Gees en daarom het die Woord altyd effek, want die almagtige God is daarin en daarmee aan die werk.

Op Pinksterdag (Hand 2) is die Heilige Gees uitgestort en die heel eerste wat dan gebeur is: Petrus staan op en hy preek en deur sy preek kom 3 000 mense tot bekering.

In Romeine 10:14-17 leer Paulus dat die geloof deur die prediking kom: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het gesê: Here, wie het ons prediking geglo? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."

2. DIE SAKRAMENTE

Eintlik moes God se Woord vir ons genoeg gewees het. Dit is immers volkome betroubaar. Maar helaas is ons geloof so swak. Dit is vir ons so moeilik om te glo dat al die heerlike beloftes van die evangelie **ook vir ons** bedoel is. Daarom kom God ons te hulp. Hy gee ons die sakramente om ons geloof te **versterk** en te ondersteun.

Vraag 66

Hierdie vraag en antwoord wil aan ons verduidelik **wat sakramente is**.

Antwoord 66

1. SAKRAMENTE IS TEKENS EN SEELS

- Dit is **tekens**. Ons kan dit vergelyk met prente.

Wanneer 'n onderwyser aan sy klas wil verduidelik hoe 'n perd lyk, kan hy dit doen met **woorde**. Hy kan aan sy leerlinge vertel dat 'n perd 'n kop, vier pote en 'n stert het. Maar om die klas te help om sy woorde nog beter te verstaan, kan hy 'n **prent** van 'n perd vir hulle wys. Dit lig sy woorde toe. Die prent is 'n hulpmiddel om die woorde des te beter te begryp.

Daar is geen beter Onderwyser as die Heilige Gees nie. Hy kom in die Woord tot ons. In die Woord vertel Hy ons wat Christus vir ons gedoen het en wat in Christus aan ons beloof word. Maar om ons te help om **die belofte van die evangelie nog beter te verstaan**, gee Hy ons “prente”. Dit is die doop en die nagmaal. So byvoorbeeld leer Hy ons in die Woord dat Christus ons reinig van al ons sondes en dan lig Hy dit toe met die prent van die doop: soos die water die vuiligheid van ons liggaam afwas, so was Christus die vuilheid van ons sondes af deur sy bloed en Gees.

- Die sakramente is tweedens ook **seels** of versekerings.

Deur die sakramente wil die Here ons ook verseker en oortuig dat die woorde, die heerlike beloftes in die evangelie, ook vir ons persoonlik bedoel is. Dink maar wat gebeur met die doop: God spreek ons daar op ons naam aan en dan sê Hy so direk, so heel persoonlik: So-en-so, Ek wil **jou** Vader wees en Ek wil **jou** sondes afwas. Ja, by die sakramente wys God as't ware met die vinger na ons toe: Hierdie dinge wat afgebeeld is in die doop en die nagmaal, dit is ook vir **jou** bedoel; daaraan hoef jy nie te twyfel nie; kyk, hier ontvang jy die waarborg, die seels van God self!

2. DIE SAKRAMENTE BEELD CHRISTUS SE KRUISOFFER AF:

- Baie mense meen die doop beeld **iets in myself** af: my geloof, my bekering, my keuse vir Jesus. Die doop is vir sulke mense eintlik niks anders as iets soos 'n geloofsbelydenis nie.

- Ons Kategismus daarenteen leer: die sakramente wys ons nie na onself nie, maar na iemand anders: **Christus**. Doop en nagmaal beeld nie af wat **ons** gedoen het nie, maar wat **Hy** vir ons gedoen het.

Doop en nagmaal beeld **die belofte van die evangelie** af. Hierdie belofte is die volgende: **dat God ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.**

Vraag 67

Die Woord, die doop en die nagmaal het aldie dieselfde bedoeling, is vir dieselfde **bestem**:

- om ons geloofsoog te vestig op **die offer van Christus aan die kruis**, en
- om ons leer dat hierdie kruisoffer **die enigste grond van ons saligheid** is. Christus is die fondament, die hoeksteen, waarop die gebou van ons saligheid verrys.

In Romeine 6:3 skryf Paulus dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is. In Galasiërs 3:27 skryf Paulus dat almal wat in Christus gedoop is, hulle met Christus bekleed.

Antwoord 67

Woord en sakramente leer ons presies dieselfde: **dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is.**

- Die Heilige Gees **leer** ons hierdie belofte in die **evangelie**.
- Die Heilige Gees **verseker** ons van hierdie belofte deur die **sakramente**.

In die prediking van die Bybel **hoor** ons die Woord, in die sakramente **sien** ons dit. Deur die prediking van die Bybel dring die Heilige Gees ons harte binne deur die poort van ons **ore**, deur die doop en die nagmaal kom Hy ons harte binne deur die poort van ons **oë**. Die prediking van die evangelie is die **hoorbare Woord**, die sakramente is die **sigbare Woord**. In beide kom die evangelie van die kruisdood van Christus na ons toe.

Vraag 68

Hoeveel sakramente is daar?

Antwoord 68

In die *Nuwe Testament* is daar twee:

- die doop
- die nagmaal

In die *Ou Testament* was daar ook twee:

- die besnydenis
- die pasga

Sondag 26

Die sakrament van die doop

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees, sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees* (Matt 28:19); en: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die

Skrif die doop *die bad van die wedergeboorte* en *die afwassing van die sondes* noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Vraag 69

Die Kategismus vra nou dat verduidelik sal word hoe ons in die doop:

- op iets **gewys** (teken), en
- van iets **verseker** (seel) word.

Daardie iets is **God se belofte**, naamlik dat **die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom**.

Antwoord 69

1. DIE DOOP IS INGESTEL DEUR CHRISTUS

Die doop is nie 'n menslike uitvinding nie. Dit het sy wortels in die Heilige Skrif. Christus self was die Insteller daarvan. Dit is 'n gawe en 'n geskenk van Hom aan ons. Kort voor sy hemelvaart sê Jesus vir sy kerk: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." (Matt 28:19)

2. CHRISTUS SELF BELOOF IETS IN DIE DOOP

In die Woord (Bybel) is Christus aan die Woord.

Ook in die doop is Christus aan die Woord.

3. WAT CHRISTUS ONS IN DIE DOOP BELOOF

In die doop beloof Hy dat ek

- met **sy bloed**
- en **Gees** van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is.

4. DIE DOOP AS TEKEN EN SEEL

- Die doop is 'n **teken** (teken-ing)

In die Woord, dit is die Bybel, kom ons in die “skool”, in die “klaskamer”, van ons groot Onderwyser, die Heilige Gees. Met Woorde vertel ons goddelike Leermeester ons daar dat die offer van Christus al ons sondes wegneem. Deur die poort van ons ore wil die Heilige Gees die vesting van ons hart binnegaan en inneem.

Die Heilige Gees weet egter ook watter slegte leerlinge ons is. Hy weet dat dit vir ons klein en swak geloof so moeilik is om hierdie blye Evangelie-**Woord** te verstaan. En Hy is 'n Leraar sonder gelyke en 'n Onderwyser sonder weerga. Daarom voeg Hy by sy Woord 'n **teken**-ing of 'n **prent**. Met dié prent wil Hy ons help om sy Woord beter te verstaan. Die teken is dus 'n hulpmiddel om ons die gesproke woord beter te laat begryp. Dit moet die woorde van die hemelse Onderwyser toelig. So kan 'n gewone onderwyser sy skoliere ook met woorde verduidelik hoe die hart lyk, maar hy kan dit ook aan hulle "wys" met behulp van 'n prent of 'n teken-ing. Sien julle nou hoe 'n bekwame Onderwyser die Heilige Gees is? Hy probeer ons hart nie net met woorde nie, maar ook met tekens bereik. Hy val die fort van ons hart dus aan ook deur die poort van ons oë.

Die beeld of prent van die doop is baie eenvoudig. Ons kry elke dag daarmee te make: soos gewone water die vuilheid van ons liggame weggneem, so was die bloed en die Gees van Christus ons van die vuilheid van die sonde.

- Die doop is 'n **seel** (versekering)

Ek word in die doop deur Christus self **verseker** dat ek **net so seker** met sy bloed en Gees gewas is as wat ek uitwendig met die water gewas is.

Vraag 70

Die Kategismus gaan nou dieper in op die beloftes van die doop.

Antwoord 70

1. ONS VUILHEID: SONDESKULD EN SONDEMAG

Ek is deur Christus se bloed en Gees **van al my sondes gewas**. Met **sondes** word bedoel **sondeskuld én sondemag**.

- Die sonde is eerstens **skuld**: Die sonde maak ons skuldig voor God. Ons verdien sy straf. In die doop verseker God ons nou van sy belofte dat Hy deur die bloed van Christus ons sondeskuld wil afwas, sodat ons nie in die oordeel sal kom nie.
- Maar die sonde is in die tweede plek ook 'n **mag**: Die sonde is 'n tiran wat beheer het oor ons lewens. Ons is sondaars wat nog daagliksonde doen, al is ons sondeskuld afgewas. Nou wil die Here ons nie net **was** van die vuilheid van ons skuld nie. Hy wil ons ook **bevry** van die sonde as mag in ons lewens.

2. TEENOR ONSE VUILHEID GOD SE BELOFTES

- ***Belofte 1: Om met die bloed van Christus gewas te word***

Gewas met die bloed van Christus beteken **om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het.**

Christus se bloed verlos ons van **sondeskuld**. Ons ontvang **vergewing** van skuld **ter wille van die bloed van Christus**.

- ***Belofte 2: Om met die Gees van Christus gewas te word***

Gewas met die Gees van Christus beteken: **om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.**

Christus verlos ons deur sy Gees van die **sondemag**.

Ook hierdie tweede belofte het alles met Jesus te make: Jesus het nie net ons **skuld** betaal nie. Aan die kruis het Hy ook die **mag** van die duiwel en die sonde oorwin. Die Heilige Gees bring ons na Christus en sy kruis. Deur die geloof plant die Gees ons in Christus in. Hy **heilig ons as lede van Christus**.

Die vrug van hierdie werk van die Heilige Gees word ingelui deur die woord **sodat: sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.**

3. ANTWOORD 70 EN ONS BEKERING (AFSTERF VAN DIE OU MENS EN OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS)

In Sondag 33 (spesifiek antwoord 88) word die bekering (of wedergeboorte) aan ons beskryf. Die bekering bestaan uit **twee dele**:

- **die afsterwing van die ou mens**, en
- **die opstanding van die nuwe mens**.

Presies dit – die afsterf van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens – word beskryf as die vrug van die werk van die Heilige Gees hier in antwoord 70. Deur die geloof plant die Gees ons in Christus in **sodat**:

- **ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe** (afsterwing van die ou mens), **en**
- **godvresend en onbesproke lewe** (opstanding van die nuwe mens).

Ons dankbaarheid is vrug van en word moontlik gemaak deur die verlossingswerk van Christus.

Daar is 'n **onlosmaaklike band en verband** tussen die Kategismus se **deel oor die verlossing** en **die deel oor die dankbaarheid**. Dit het ons reeds in antwoord 43 gesien, waar die Kategismus sê: Deur Christus se krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.

4. ONS DOOPSFORMULIER OOR CHRISTUS-GEES-BEKERING

Ons doopsformulier lê hierdie verband tussen Christus, sy Gees en ons bekering so glashelder wanneer dit sê:

Net so ook: As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor 12:13) **deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het**, naamlik

- die afwassing van ons sondes, en
- die daaglikse vernuwing van ons lewe

Vraag 71

In hierdie vraag word gevra na bewyse uit die Skrif.

Antwoord 71

Verskillende tekste word genoem waar Christus belowe het dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word. Met hierdie Skrifbewyse wil die Kategismus ons leer dat die belydenis in die Woord gegrond is.

Sondag 27

Waarheen die doop wys; die kinderdoop

Vraag 72: Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).

(a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Ef 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en die Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam (a) wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word (b).

(a) Op 1:5; 7:14; 1 Kor 6:11. (b) Mark 16:16; Gal 3:27

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees, wat die geloof werk (c), belowe. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e) in die plek waarvan die Nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47. (e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.

GEVEG AAN TWEE FRONTE

Die manne van die Reformasie (Luther en Calvyn) en die opstellers van die Kategismus het aan twee fronte geveg:

- teen die dwaalleer van **die Roomse Kerk** (in vraag en antwoord 72-73 word teen Rome standpunt ingeneem), en
- teen **die Wederdopers**, wat die leer van die kinderdoop verwerp het (in vraag en antwoord 74 word teen hulle standpunt ingeneem).

Vraag 72

Vraag en antwoord 72 neem teen **die Roomse Kerk** standpunt in.

Die Roomse Kerk leer dat by die uitspraak van die doopwoorde (“Ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”) die water van die doop verander in water wat die sondes afwas. Rome maak van die doopwoorde 'n soort towerformule en van die doop 'n soort toormiddel.

Die Roomse Kerk se beskouing kom daarop neer dat die doopwater as sodanig ons sondes afwas (=die wedergeboorte skenk). Dit gebeur **outomaties, sonder geloof**. Die noodsaak van geloof word uitgeskakel.

Ironies, met die doop wil die Heilige Gees juis **ons geloof** in God se beloftes **versterk**.

Wat doen Rome?

- Rome skakel egter die noodsaak van die geloof uit.
- Rome skakel die werking van die Heilige Gees uit.

Antwoord 72

Teenoor die Roomse dwaling word gestel: Nie die doop self (die doopwater) was ons sondes af nie, maar **alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes**.

Dit **beloof** die Here aan ons in die doop: **die reiniging van alle sondes deur die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees**. Die doop is teken en seel van God se **beloftes**. Maar – hierdie beloftes **moet geglo word**. God se beloftes gaan nie outomaties in vervulling nie. Reeds vroeër het die Kategismus gesê: Nie alle mense word deur Christus salig nie, maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (HK 7:20).

Vraag 73

Maar as die doop nie outomaties (sonder geloof) werk en aan ons die wedergeboorte skenk soos die Roomse leer nie, hoe is dit dan dat die Bybel self tog die doop **die bad van die wedergeboorte** noem?

Antwoord 73

Al is dit nie so dat die doopwater ons sondes afwas nie, beteken dit nie dat die doop nie iets sê nie. Intendeel, om die volgende **gewigtige redes** noem God die doop **die bad van die wedergeboorte**:

- God self **leer** (teken) ons met die doop **dat die bloed en die Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem**.
- God self **verseker** (seel) ons **deur hierdie Goddelike waarborg en teken dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word**.

God self is in die doop **aan die Woord**:

- Hy **leer** ons daarin aangaande sy **belofte**, en

- **verseker** ons in die doop van sy *belofte*.

Die *belofte* is: dat **die bloed en die Gees van Christus ons sondes wegneem**.

In die doop kom die Heilige Gees met God se belofte, die belofte van Christus se bloed, na ons toe. Wie hierdie sakrament gelowig gebruik, mag in die doop ook sien dat God ons verseker: die bloed en die Gees van Christus is ook vir my bedoel. Daarom noem die Heilige Gees die doop ook **die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes**, nie omdat die doopwater dit self doen nie, maar omdat die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament werklik verseker en waarborg dat ons deel het aan die reinigende werking van die bloed en Gees van Christus.

Dit is die eie-aard en kenmerk van sakramente dat dit die naam dra van die saak wat dit afbeeld.

Vraag 74

Vraag en antwoord 74 neem teen die **Wederdopers** standpunt in: Moet kinders van gelowiges ook gedoop word?

Die standpunt van die Wederdopers is: Klein kinders kan nog nie glo nie. Daarom mag hulle nie gedoop word nie.

Antwoord 74

Ons antwoord die Wederdopers soos volg:

1. Ook die kinders van gelowiges is deel van God se volk

Die kinders van gelowiges moet ook gedoop word, **aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is**.

In Genesis 17:7 sê die HERE vir Abraham: “En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou **en jou nageslag** ná jou in hulle geslagte as ’n ewige verbond, om vir jou ’n God te wees en vir jou nageslag ná jou.”

Ook Abraham se nageslag, sy kinders, was dus ingesluit in die verbond.

'n Seuntjie van agt dae moes besny word (Genesis 17:12, 13). Van die besnydenis word gesê: “So moet dan my verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond”. Die besnydenis was die merkteken dat die kind in die verbond van die HERE is en dus deel is van sy verbondsvolk of gemeente.

2. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom

Kinders, sê ons belydenis, is in die Ou Verbond deur die besnydenis in die kerk ingelyf.

Dan maak ons belydenis die stelling: **In die Nuwe Verbond is die doop in die plek van die besnydenis ingestel**. Ons Kategismus beroep hom vir hierdie stelling op Kolossense 2:11, 12, waar **die doop die besnydenis van Christus** genoem word.

Nou ja, as dit waar is dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het en dat klein kinders in die Ou Testament besny is as teken van hul lidmaatskap, dan mag klein kinders onder die Nuwe Verbond gedoop word.

3. God se beloftes is ook vir die kinders van die gelowiges bedoel

Ook aan die kinders word ... deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof. Ook vir die kinders van gelowiges is die beloftes van God bedoel. Immers, in Handeling 2:39 sê Petrus: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders ...".

As die beloftes dan ook vir hulle bedoel is, spreek dit vanself: dan is die doop, wat tog 'n afbeelding (teken) en 'n waarborg (seel) van die beloftes is, ook vir hulle bedoel.

'N BEELD: MY SKAPE, MY LAMMERS

In Johannes 10 word die gemeente die skape van die Here genoem. Ons Here Jesus is die goeie Herder en ons is sy skape. In dieselfde evangelie praat ons Here Jesus ook van die

klein skapies, want Hy sê vir Petrus: "Laat my lammers wei" (Joh 21:15). Hoor julle? Ons Here Jesus noem die lammers **my** lammers. Ook die lammers behoort aan Hom.

As iemand met skape boer, het hy in sy kudde ook lammertjies. Om duidelik te maak dat die skape aan hom behoort, kry die skape oormerke. Die oormerke is die teken: Hierdie skape is die boer se eiendom. Nou weet julle almal sekerlik dat nie net die groot skape aan die boer behoort nie. Ook die klein skapies, die lammertjies, is syne. Ek glo nie iemand sal so dom wees om dit te ontken nie. Ek glo nie iemand sal so dwaas wees om te sê eers as die lammertjies groot is, is hulle die boer se eiendom nie. Nou waarom sal dit dan anders wees by die skape van die Here? Daarom, net soos 'n gewone boer sy groot en sy klein skapies merk om te sê: hulle is myne, almal, klein en groot is myne, so wil die Opperherder van die skape, ons Here Jesus, aan volwassenes én kinders sy eiendomsmerk, die heilige doop, gee. Immers, nie net die grotes nie, maar ook die kleintjies het Hy duur gekoop met sy kosbare bloed.

KINDERS EN DIE NOODSAK VAN GELOOF

God **eis** van ons geloof en bekering. Dit kan babas uit die aard van die saak nie doen nie. As hulle egter groter word en meer begin begryp van die dinge van die Here, kry hulle algaande meer verantwoordelikheid om te dra. Dan moet ook hulle glo en wandel in 'n lewe van dankbaarheid, anders word die **belofte** van die reinigende bloed van Christus en die vernuwende werking van die Heilige Gees nie werklikheid in hulle lewens nie. Dit noem ons **die eise van die verbond**. Die verbond het twee dele: aan die een kant is daar die beloftes en aan die ander kant die eise.

Dit is nou die plig wat verbondsouers het: Enersyds moet ouers hulle kinders vertel van God se heerlike beloftes wat by hulle doop aan hulle geskenk is. Andersyds moet ouers hulle kinders leer dat die doop ons vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Met die nuwe gehoorsaamheid word bedoel: om te glo en om jou te leef volgens God se gebooie.

Sondag 28

Die heilige nagmaal

Vraag 75: Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antwoord: Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloof (a), ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed vir my gestort is as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20; 1 Kor 10:16, 17; 11:23-25; 12:13.

Vraag 76: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord: Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b) dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c), al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word (e).

(a) Joh 6:35, 40, 47, 48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh 6:55, 56. (c) Ef 5:29, 30; 3:16; 1 Kor 6:15; 1 Joh 3:24; 4:13. (d) Kol 3:1; Hand 3:21; 1 Kor 11:26. (e) Joh 6:57; 15:1-6; Ef 4:15, 16.

Vraag 77: Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?

Antwoord: By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui (a): *In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: 'Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood (1 Kor 10:16, 17).*

(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20.

Vraag 75

'N TEKEN EN SEEL

Die nagmaal is, net soos die doop, 'n **teken** ('n skildery of prent) en 'n **seel** ('n waarborg of versekering). Dit is duidelik uit die vraag:

Hoe word jy in die heilige nagmaal

- **daarop gewys** (teken), en
- **daarvan verseker** (seel) dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

WAT DIT AFBEELD EN WAARVAN DIT JOU VERSEKER

Dit beeld hierdie **beloftes** af:

- **die enige offerande van Christus aan die kruis en**

- **al sy weldade**, en

Dit verseker jou aangaande hierdie **beloftes**:

- ***dat jy deel het aan hierdie offer en weldade.***

Antwoord 75

NAGMAAL IS 'N BEVEL

Nagmaal is 'n bevel: “Doen dit tot my gedagtenis.” (1 Kor 11:24)

WAT DEUR DIE NAGMAAL AFGEBEELD WORD (TEKEN)

Ek kry 'n prent te sien. Met my oë sien ek dat die brood van die Here vir my gebreek word en dat die beker aan my gegee word.

Hierdie brood wat gebreek word en wyn wat geskink word, beeld af: **dat sy liggaam aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed gestort is.**

WAARVAN EK DEUR DIE NAGMAAL VERSEKER WORD (SEEL)

Twee maal hoor ons die woorde **so seker**:

- dat sy liggaam **so seker** vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed vir my gestort is as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word.
- dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net **so seker** vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

Die nagmaal is 'n ver-**seker**-ing daarvan dat Christus se **liggaam aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed gestort is – vir my.**

Kyk ook net hoeveel keer staan daar **my**: **vir my** geoffer, **vir my** gestort, dat Hy self **my siel** voed.

HEERLIK PERSOONLIK

Drie maal staan daar in hierdie antwoord die woorde **vir my**. Die nagmaal is, net soos die doop, so heerlik persoonlik. Christus self handel deur sy dienaar (die dominee) aan daardie tafel. Dit is Christus self wat die brood en die wyn vir my aanreik en daarmee vir my, vir my persoonlik, so op die man af, sê: Hier, hier is die offer van Christus ook vir jou – ook **vir my**.

Vraag 76

Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord 76

Dit beteken twee dinge:

- Om te glo en so deel te kry aan Christus se kruisoffer
- Om deur die Heilige Gees hoe langer hoe meer een te word met Christus.

Vraag 77 en Antwoord 77

In hierdie vraag gaan dit oor die Skrifgedeeltes waar Christus beloof het dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit die beker drink. Lees dit self met aandag deur.

Sondag 29 en 30a

Die verskil tussen die nagmaal en die Roomse mis

Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Nee (a), maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan (b), so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie (c). Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem (d).

(a) Matt 26:29. (b) Ef 5:26; Tit 3:5. (c) 1 Kor 10:16; 11:26. (d) Gen 17:10, 11; Ex 12:11, 13; 13:9; 1 Pet 3:21; 1 Kor 10:3, 4.

Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.

(a) Joh 6:55. (b) 1 Kor 10:16.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (c) is en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery (e), wat vervloek is.

(a) Heb 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19. (b) 1 Kor 10:16, 17; 6:17. (c) Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1. (d) Matt 6:20, 21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1 Tess 1:10. (e) Heb 9:26; 10:12, 14.

Vraag 78

In vraag en antwoord 78 tot 80 neem die Kategismus standpunt in ***teen die Roomse dwaling*** rondom die nagmaal.

Julle onthou seker dat die Roomse Kerk ten opsigte van die doop die standpunt het dat die water van die doop werklik verander in die bloed van Christus.

Iets soortgelyks kry ons ook by die Roomse Kerk se beskouing oor die nagmaal. Rome glo: As die priester die nagmaalswoorde uitspreek ("Dit is my liggaam"), verander die brood en die wyn werklik in die liggaam en die bloed van Christus. Die Roomse nagmaalsbeskouing word die ***transsubstansiasieleer*** genoem.

Antwoord 78

Is die Roomse reg as hulle so redeneer? Hoegenaamd nie. Verplaas julle in die skoene van die dissipels daardie aand toe die nagmaal deur Jesus ingestel is. Sou hulle nou werklik, toe Jesus gesê het die brood is sy liggaam, gedink het: Daar staan Jesus met 'n stukkie van sy eie vlees in sy hand? Dit is tog absurd! Nee, hulle het immers geweet dat Jesus meermale

van beeldspraak gebruik gemaak het. By geleentheid het Jesus dan gesê: “Ek is die deur van die skape.” (Joh 10:7) Dit vat ons tog ook nie letterlik op in die sin dat ons dink dat Jesus daarmee bedoel dat Hy regtig 'n deur is nie? Daarom is dit verkeerd om die nagmaalswoorde van Jesus wel letterlik op te vat.

Teenoor die Roomse beskouing sê ons: Die brood en die wyn is **net tekens en seels wat heenwys na** die liggaam en die bloed van Christus.

Vraag 79

As die brood en die wyn dan nie letterlik die liggaam en die bloed van Christus is nie, waarom noem Christus dan die brood **sy liggaam**, ensovoorts?

Antwoord 79

Al is dit so dat die brood en die wyn nie letterlik die liggaam en die bloed van Christus is nie, noem Jesus dit om die volgende **gewigtige redes** wel sy liggaam en bloed:

- God self **leer** (teken) ons met die nagmaal **dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe.**
- God self **verseker** (seel) ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge dat ons **net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang.** Hy **verseker** ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.

God self is in die nagmaal **aan die Woord:**

- Hy **leer** ons daarin aangaande sy **belofte**, en
- **verseker** ons in die nagmaal van sy **belofte**.

Daardie **belofte** is:

dat **al Christus se lyding en gehoorsaamheid ons eie is.**

In die nagmaal kom die Heilige Gees met God se belofte, die belofte van Christus se bloed, na ons toe. Wie hierdie sakrament gelowig gebruik, mag daarin ook sien dat God self ons verseker dat die liggaam en bloed van Christus ook vir my bedoel is. Daarom word die brood ook die liggaam van Christus en die wyn sy bloed genoem, nie omdat die brood en die wyn dit self is nie, maar omdat die brood en die wyn ons **werklik verseker en waarborg** dat ons deel het aan die liggaam en bloed van Christus, wat daardeur afgebeeld word.

Om dit ook so te verduidelik: 'n Tjek van R10 noem ek tien rand, al is dit net 'n stukkie papier. Tog is dit werklik tien rand, want dit is 'n waarborg dat ek tien rand sal ontvang as ek dit by die bank gaan wissel. Nou ja, soos 'n tjek geld (R10) waarborg, so waarborg die brood en die wyn van die nagmaal my dat Christus sy liggaam vir my in die dood oorgegee het en sy bloed vir my gestort het. En daarom: omdat die deel hê aan die brood en die wyn aan my waarborg dat ek deel het aan die Lam van God, daarom word die brood en die wyn die liggaam en die bloed van Christus genoem. Dit is die **eie-aard en kenmerk van sakramente** dat dit **die naam dra van die saak wat dit afbeeld en waarborg.**

Die Kategismus laat ons egter ook sien hoe ons deel kry aan die belofte wat in die nagmaal afgebeeld word: nie outomaties nie, maar **deur die werking van die Heilige Gees**. Die Gees is die Gees van die geloof; Hy is die Gees wat die geloof werk deur die Woord en die Gees wat die geloof versterk deur die gebruik van die sakramente (vgl v/a 65). Deur die geloof, wat die Heilige Gees skep, kry ons deel aan die belofte.

Vraag 80

In hierdie vraag word daar ingegaan op die verskil (**onderskeid**) tussen

- die Gereformeerde nagmaalsbeskouing en
- die Roomse mis.

Antwoord 80

Kom ons vat die verskil tussen Rome en die Gereformeerdes in die volgende tabel saam:

ROOMSE MIS	NAGMAAL
1. Ons kry vergewing van sondes: slegs as Christus nog daagliks deur die mispriesters geoffer word.	1. Ons kry vergewing van sondes: deur die een offer van Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het.
2. Christus is liggaamlik in die brood en die wyn aanwesig en moet daarom in die brood en wyn aanbid word.	2. Christus is nou na sy menslike natuur in die hemel en moet daar (in die hemel) deur ons aanbid word.
3. Die brood en die wyn gee ons deel aan die liggaam en bloed van Christus.	3. Die Heilige Gees lyf ons deur die geloof in Christus in.

Kom ons bespreek nou hierdie verskille een vir een.

1. Die een offer aan die kruis is genoeg

Vir **Rome** is die mis 'n **daaglikse herhaling** van die offer van Golgota. Met elke mis word Christus weer gekruisig.

Kom ek vertel julle hoe dit by die Roomse mis gaan. Die Roomse priester bestyg die altaar in die kerk. 'n Klokke op die altaar roep die toeskouers tot aandag. Dan neem die priester die stukkie brood (**ouel**) en hy spreek die instellingswoorde uit: “Dit is my liggaam”. Met die uitspreek van hierdie woorde – so glo Rome – verander die brood in die werklike liggaam van Christus. Daarop val die priester op sy knieë en aanbid hy die stukkie brood asof dit Christus self is. Dan lig hy die **ouel** op, sodat dit deur alle lidmate aanbid kan word. Dieselfde gebeur met die wyn, by die uitspreek van die instellingswoorde: “Dit is my bloed”. Dan volg daar weer gebede, waarin die Here gevra word of Hy hierdie offer vir sowel die mense wat alreeds gesterf het, sowel as die wat nog lewe, sal aanvaar. Daarop

volg die maaltyd: die heilige brood word in drie dele gebreek, een deel vir die hemelinge, een deel vir die siele in die vagevuur en een deel vir die gelowiges op aarde.

Waarom is dit nodig volgens Rome? Was die een offer aan die kruis dan nie voldoende nie? Nee, sê hulle, die offer van Golgota delg wel ons erfsonde uit, dit wil sê die sonde wat ons in Adam gedoen het, maar dit maak nie voorsiening vir ons daaglikse sondes nie. Vir ons daaglikse sondes is die misoffer, wat elke dag herhaal word, nodig.

Van hierdie dwaling sê ons Kategismus: **Die mis is in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus.** Rome loën dat daardie een en volmaakte offer genoeg en voldoende is. Daar moet iets bykom.

Die Roomse mis gaan in teen die woorde van Jesus aan die kruis: "Dit is volbring" (Joh 19:30). Daarmee het Jesus verklaar: Die skuld op die sonde is volledig uitgedelg, betaal.

Teenoor die kettery van Rome, op grond van die kruiswoord van ons Heiland, bely ons: Die nagmaal betuig aan ons dat ons **volkome** vergewing van **al** ons sondes het (nie net van ons erfsonde nie, maar ook ons daaglikse sonde), en dit danksy en ter wille van die (een en) **enige** offer van Jesus Christus wat Hy self **eens en vir altyd** aan die kruis volbring het.

Hierdie woorde is gegrond in die Skrif. In Hebreërs 9:12 staan daar: (Christus het) "nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, **een maal** ingegaan in die heiligdom en 'n **ewige** verlossing teweeggebring". In Hebreërs 10:10-12 lees ons: "Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net **een maal**. En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie; maar Hy het, nadat Hy **een** slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God".

2. Christus moet in die hemel aanbid word

Volgens **Rome** moet die heilige brood aanbid word. Hulle val voor die brood (**ouel**) op hul knieë neer, brand kerse daarvoor en hou optogte daarmee. Hulle het selfs 'n aparte kerklike feesdag daaraan gewy.

Dít, sê ons Kategismus, is niks anders nie as **'n afgodery wat vervloek is**. Die Roomse mense buig in aanbidding voor iets wat net stof is en nie God nie. Immers, die brood en die

wyn is nie Christus, is nie God nie, en mag daarom nie aanbid word nie. Wie dit wel doen, maak hom of haar skuldig aan afgodediens.

Teenoor Rome sê ons: **Christus is nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader en wil daar deur ons aanbid word.**

3. Deur die geloof kry ons deel aan Christus

Volgens **Rome** verander die brood by die mis in die liggaam van Christus. Wie dus die brood met sy mond, met die mond van sy liggaam, eet, kry deel aan die offer van Christus. Dit gebeur somer so outomaties, sonder geloof, wanneer jy die brood inneem.

Ook baie Gereformeerdes is besmet met hierdie Roomse gif. Natuurlik, ons dink nie dat die brood en die wyn werklik in die liggaam en die bloed van Christus verander nie. Tog is daar talle Gereformeerdes wat, net soos Rome, die nagmaal losmaak van die geloof. Hulle dink hulle kry somer so outomaties deel aan die offer wat hier aan die nagmaalstafel afgebeeld word, omdat hulle lidmate van die kerk is en gedoop is. Intussen is daar in die lewe van dié mense geen sprake van 'n ware geloof wat vrug dra nie.

Teenoor hierdie Roomse dwaling is **ons belydenis** baie duidelik: Ons moet deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word. Dit beteken: Ons moet glo. Deur die geloof lyf die Heilige Gees ons in Christus in.

Sondag 30b

Wie mag en wie mag nie aan die nagmaal kom nie

Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself (a).

(a) 1 Kor 11:28; 10:19-22.

Vraag 82: Moet dié mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

(a) 1 Kor 11:20, 34; Jes 1:11; 66:3; Jer 7:21; Ps 50:16.

Vraag 81

Die Heidelbergse Kategismus word ons **troosboek** genoem. Dit handel immers van begin tot einde oor ons enigste **troos** in lewe en in sterwe. Dié troos bestaan daarin dat Christus vir al my sondes ten volle betaal het, dat Christus my so bewaar dat sonder die wil van die Vader geen haar van my hoof val nie, en dat Christus my deur dit alles (deur sy betaling, verlossing en bewaring) deur sy Heilige Gees van die ewige lewe verseker en my dankbaar

maak (antwoord 1). Deur Christus is God my Vader, is alles tussen my en God weer reg en verseker die Heilige Gees my van die ewige saligheid.

Dit is **hierdie troos wat ook in die nagmaal vir ons afgebeeld word**: dat Christus vir my gesterf het en dat die Heilige Gees my deur hierdie maaltyd verseker dat alles tussen ons en God weer reg is, danksy die offer van sy Seun. Ons kan daarom gerus die nagmaal die **troostafel** noem. Ook die maaltyd van die verbond vestig ons aandag op ons enigste troos.

Ons het dus 'n troosboek wat ons leer **Wie** ons enigste troos is en ons het 'n troostafel wat ons verseker van hierdie troos.

Maar nou is die groot vraag in Sondag 30: **Wie** is die **getroosdes**? Wie **moet** na die nagmaal kom?

Antwoord 81

1. DIE GETROOSDES WAT AAN DIE TAFEL MAG KOM

Daar word basies **drie dinge** gesê van die **getroosdes** wat aan die nagmaalstafel mag kom:

- **Die getroosdes het 'n afkeer van hulleself vanweë hulle sondes**

Die nagmaal is bedoel vir **sondaars**. Dit is bedoel vir mense wat **bewus** is van hul sondes. Dit is bedoel vir mense wat troos soek vir hul hartseer oor die sonde. Ons Here sê in die Bergrede: "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word" (Matt 5:4).

Helaas is daar talle mense wat salig – of liever: onsalig – onbewus is van hul sondes. Dit pla hulle nie. Hulle wil ook niks daarvan hoor dat hulle sondaars is nie. Hulle vererg hulle daaroor. Vir hulle is die nagmaal nie bedoel nie! Immers, troos is alleen vir treurendes.

Die Kategismus sê: Dit gaan oor hulle wat **vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het**. Dit is nogal sterk gestel, nie waar nie: 'n **afkeer**, 'n afsku, hê van jouself vanweë jou sondes. In hierdie woordjie "afkeer" voel jy sommer duidelik aan: dit is nie maar net 'n oppervlakkige berou oor jou sondes nie, maar dit gaan om 'n **hart**-like weersin daarteen. Dit kom op uit die hart, dit sny deur die treurendes se hart, dit maak hulle **hart**-seer.

Weet julle waarom is dié getroosdes so met afkeer vervul? Omdat hulle die sonde – nee, hulle eie, hulle persoonlike sonde – leer sien het in die lig van die Wet van God. In die spieël van Gods heilige Wet is hulle van aangesig tot aangesig gekonfronteer met hulle ontsettende vuilheid. Meer nog: hulle het ook die erns van hul sondes leer insien, want saam met Dawid het hulle leer sê: "**Teen U alleen** (= teen U, HERE!) het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in U oë." (Ps 51:6) Vir dié mense het dit duidelik geword wat die ware aard en die ware karakter van elke sonde is: wie sondig, sondig nie maar net teen mense nie, maar teen die allerhoogste majesteit van God (vraag en antwoord 11). Wie sondig – of dit nou teen die eerste of die tweede tafel van die wet is, of jy God nie lief het of dat jy jou naaste nie lief het nie, dit maak nie saak nie –, wie sondig, trap op God se Vaderhart. Wie die sonde so leer ken het, kry 'n afkeer van homself vanweë sy sonde.

Weet julle waar ons sondekennis nog meer verdiep word? Aan die voet van die kruis. Ons nagmaalsformulier lê 'n nou verband tussen ons sondekennis en Golgota, wanneer dit sê: "...die toorn van God teen die sonde – ons sondes – is so groot, dat Hy dit ... aan sy geliefde Seun ... met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf het". Daar by die kruis word dit duidelik hoe erg ons sondes in die oë van God is. So wys die brood en die wyn, die tekens van die gebroke liggaam van Christus, ons op die verskriklike erns van die sonde, van die toorn en die vervloeking van God. Daar leer ons die toorn ken. By die vloekhout van Golgota.

Waarom wei ek so oor die sonde uit? Omdat Jesus self ons leer: "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word." (Matt 5:4) Net die wat treur oor hulle sondes sal vertroos word!

- **Die getroosdes** is sondaars, wat **nogtans vertrou dat hulle sondes om Christus wil vergeef is**

Die **getroosdes** het 'n afkeer van hulleself vanweë hulle sondes, **maar nogtans** vertrou hulle dat die sondeskuld uitgedelg is. Dit is die jubelende "nogtans" van die geloof: ondanks my sondes, danksy Christus.

Ook hier weer, net soos in die geval van die woord "afkeer", gaan dit om ons hart. Die getroosdes is nie mense wat net met hulle verstand weet van Christus nie. Ook hulle hart is by Hom betrokke. Hulle **vertrou** dat hulle sondes vergewe is. En vertrou, dit doen jy nie

met jou kop nie, maar met jou **hart**. Die woord "vertrou" beteken in die Bybel eintlik soveel as **om te steun op**, om met die hele gewig van jou lewe te leun op Christus. Nêrens anders vind 'n hart vol smart steun en troos onder die ondraaglike las van die sondepyn as in Christus alleen nie. En weet julle: sy skouers is sterk, almagtig sterk. Hy kan die drag van julle sondes dra, hoe groot en hoe swaar dit ook al mag wees. “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” (Matt 11:28)

Die grond of rede vir ons vertroue dat ons skuld vergewe is, is: **om Christus wil**. Dit is die enigste grond van ons vertroue dat ons sondes vergewe is: die bloed van die Lam. Daar kom niks van óns by nie: nie ons goeie werke of ons besondere vroomheid of wat ook al nie.

- **Die getroosdes** is diegene **wat begeer om hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter**

Vir die soveelste keer gebruik die belydenis 'n woord wat alles met ons **hart** te make het: **begeer**. Hulle verlang na iets. Die Here soek nie uiterlike vertoon of toneelspel nie, maar Hy vra ons hart.

Hulle begeer twee dinge:

- **om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk** (Dit gebeur mos aan die nagmaal: die versterking van ons geloof), en
- **hulle lewe te verbeter** ('n Dankbaarheidslewe te lei. Wie sy hart nie deur die krag van die kruis plaas op die dankofferaltaar nie, hoort nie aan die tafel van die kruisoffer nie. Die troostafel is vir diegene by wie deur die Gees van die gekruisigde en opgestane Christus op die tafel van hul hart geskrywe is: dankbaarheid. Vir huigelaars is die nagmaal verbode.)

2. VRAAG EN ANTWOORD 2 EN DIE GETROOSDES VAN ANTWOORD 81

As julle nou mooi geluister het na die drie dinge wat hierbo genoem is, sou julle gehoor het dit is die drie dinge wat ons volgens vraag en antwoord 2 moet weet om deel te kan hê

aan die enigste troos van vraag en antwoord 1: sondekennis, verlossingskennis, dankbaarheidskennis.

3. ANTWOORD 81 EN DIE SELFONDERSOEK VOOR DIE NAGMAAL

Ons vind die drie dinge van antwoord 81 ook terug in die selfondersoek van die onverkorte *nagmaalsformulier*:

- Ten eerste: Elkeen moet nadink oor sy sonde en vervloeking, sodat hy homself kan mishag en hom voor God kan verootmoedig; want die toorn van God teen die sonde is so groot dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy geliefde Seun, Jesus Christus, met die bittere en smadelike kruisdood gestraf het.
- Ten tweede: Elkeen moet sy hart ondersoek of hy die vaste belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is en dat die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken en geskenk is, ja, so volkome asof hy in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.
- Ten derde: Elkeen moet sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om van nou af met sy hele lewe ware dankbaarheid aan God te betoon en opreg voor Hom te wandel; ook om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.

4. WIE NIE AAN DIE NAGMAALSTAFEL MAG KOM NIE

Terwyl die Kategismus nog besig is met daardie mense wat wel na die nagmaal mag kom, gaan hy skielik oor tot 'n ander groep: **die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie.**

- **Huigelaars.** Die oorspronklike teks van die Kategismus praat van *hipokriete*. Dit is 'n Griekse woord wat *toneelspelers* beteken. Dit kry ons ook in die kerk: mense wat toneel speel, mense wat maak asof hulle Christene is en voorgee dat hulle vir

Christus omgee, maar intussen is hulle **harte ver van Hom af**. Hierdie akteurs, sê die Kategismus, is uitgesluit van die troos van die nagmaal.

- **Die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie.** Die wat geen vrugte van liefde in hulle lewe dra nie, die wat nie met die daad toon dat hulle Christene is nie, hulle word uitgesluit. Dade alleen is egter ook nie genoeg nie: ons moet ons **van harte** tot God bekeer.

Hierdie mense **eet en drink 'n veroordeling oor hulleself**. In plaas van troos ontvang die huigelaars en die onbekeerdes dus iets anders: **'n veroordeling**. Let wel, daar staan nie **dié** oordeel nie, want dit (**dié** oordeel) sou beteken die ewige oordeel. Met **'n** veroordeling daarenteen word bedoel: God se tugting in hierdie lewe. Dit loop natuurlik uit op die ewige gerig as ons ons nie bekeer nie. Intussen wil God egter met sy tydelike strawwe die mense se harte sagmaak en hulle sover bring om wel vrug te dra.

Ons het hier 'n duidelike verwysing na 1 Korinthiërs 11:28-30. Daar was mense in die gemeente van Korinte wat die nagmaal op 'n onwaardige wyse gebruik het. Wie dit doen, sê Paulus in vers 29, "eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie". Dan vervolg Hy in vers 30: "Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklukes, en 'n aantal het ontslaap."

5. DIE WOORDE VAN 1 KORINTHIËRS 11 HET HUL WORTELS IN DIE OU TESTAMENT

Dit is baie belangrik om te sien dat hierdie woorde van 1 Korinthiërs 11:28-30 hul wortels in die Ou Testament het. In 2 Kronieke 30 lees ons dat in die tyd van Hiskia weer begin is met die viering van die pasga, die nagmaal van die Ou Verbond. Die meerderheid van die volk, 'n menigte uit Efraim en Manasse, Issaskar en Sébulon, het hulle egter nie gereinig nie, maar die pasga geëet soos dit nie voorgeskrywe was nie (vers 18). Uit vers 20 kan ons aflei dat van hulle toe siek geword het. Hulle het **'n veroordeling** oor hulleself geëet. Op die gebed van Hiskia het hulle versoening en daarop genesing ontvang.

Vraag 82

Die vraag is: Wie **mag nie** aan die nagmaal toegelaat word nie?

Dit kom alreeds in die vraag self ter sprake wie nie toegelaat mag word nie: Dit is daardie mense **wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is.**

Dit gaan dus om mense wat **in tweërlei opsig** afwyk van die Woord:

- in **belydenis** (in jou leer, byvoorbeeld in jou opvatting oor die kinderdoop) en
- in **lewe** (jou daade, in dit wat jy doen).

Hierdie mense word deur die Kategismus beskryf as **ongelowig en goddeloos**. Is dit nie miskien te sterk gestel nie? Nee, dit gaan om mense wat nie glo in wat God leer in sy Woord nie. Die Kategismus sê ook aangaande die ware geloof: Dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (v/a 64). Wie nie luister na die Woord nie, is goddeloos.

Antwoord 82

As ons hierdie mense, wat in belydenis en lewe afwyk van die Woord aan die nagmaal toelaat **word die verbond van God onheiligh en sy toorn oor die hele gemeente opgewek**. Die geskiedenis van Agan, wat geneem het van die bangoed van Jerigo, wat die HERE uitdruklik verbied het (Jos 7), is hiervan 'n duidelike voorbeeld. As gevolg van Agan se sonde daad is **die verbond van God onheiligh** en is die HERE se **toorn oor die hele gemeente** van Israel **opgewek** en het Israel die slag teen Ai verloor.

Wat met sulke mense moet gebeur, sê die Kategismus vervolgens: **Die Christelike kerk is volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.**

In Sondag 31 word daar ingegaan op hierdie sleutels.

Sondag 31

Die sleutels van die hemelryk

Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit (a).

(a) Matt 16:18, 19; Matt 18:18

Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.

Vraag 85: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit

die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys (a).

(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.

Vraag 83

In die vorige vraag is alreeds verwys na sleutels waarmee sekere mense uit die koninkryk van die hemel uitgesluit word.

Wat is hierdie twee sleutels?

Antwoord 83

TWEE SLEUTELS

Die twee sleutels is

1. **die verkondiging van die heilige evangelie** en
2. **die Christelike tug.**

SLEUTEL – 'N VOLUIT BYBELSE WOORD

Ons het in ons belydenis aangaande die sleutels van die hemelryk met 'n voluit Bybelse term te doen.

1. ***Ons Here Jesus Christus*** self gebruik die woord sleutels.

Na die geloofsbelydenis van Petrus dat Jesus die Seun van God is, antwoord die Here hom: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En ek sal jou ***die sleutels van die koninkryk van die hemele*** gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees " (Matt 16:18, 19).

2. Met sy spreke oor die sleutels van die koninkryk van die hemele sluit ons Heiland aan by die ***profesie van Jesaja 22:***

God gee aan Jesaja die opdrag om na Sebna, die bestuurder en beheerder van koning Hiskia se paleis, te gaan. Dié man het sy amp misbruik om homself te verryk. Daarom moet die profeet hom God se oordeel aansê. Hy word ook uit sy amp ontslaan. In sy plek word Eljakim aangestel. In pragtige, beeldende woorde word dit deur Jesaja aan Sebna gesê: "En Ek (die HERE) sal die sleutel van die huis van Dawid op sy (Eljakim se) skouers lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit en niemand sal oopmaak nie." (vers 22)

So 'n beheerder oor die koninklike paleis het as teken van sy waardigheid 'n groot houtsleutel op sy skouer gedra. Daarmee het hy rondgeloop. Hy het beskik oor die toegang tot die koning se paleis. Hy kon besluit wie by die koning kon ingaan en wie nie. Wanneer hy die deur vir iemand oopmaak, dan was die deur oop. Dan kon so iemand ingaan na die troonsaal van die koning. Maak hy egter die deur voor iemand toe, keur hy hom nie waardig om in te gaan nie, dan was die deur toe. 'n Sprekende beeld van die mag en bevoegdheid van dié bestuurder en wat sy sleutels doen, nie waar nie?

Nou ja, hierdie beeld neem Jesus nou en hy pas dit toe op Petrus. Soos Eljakim die mag en bevoegdheid ontvang het om te beslis wie tot die koning toegelaat word, so ontvang Petrus die bevoegdheid met die oog op die koninkryk van die hemele.

Die koninkryk van die hemele word dus vergelyk met 'n gebou, 'n paleis, en dit het 'n poort met 'n deur. As die sleutels dit vir ons open, gaan ons in. Dan mag ons kom by die Koning van alle konings, 'n onbeskryflik wonderlike voorreg. Maar andersyds: As die sleutels sluit, bly ons buite. Dan is ons rampsalig. Want binne is die feessaal, buite is die helse smarte. Binne is God; ons alles, buite is die hel van Godverlatenheid. Dit gaan om die enige troos: God, om Hom te mag hê, om by Hom te mag woon in sy heerlike teenwoordigheid.

HIERDIE SONDAG STAAN OOK IN DIE DEEL OOR DIE VERLOSSING

Ons moet nooit vergeet dat hierdie Sondag ook in die tweede deel van die Kategismus staan nie.

- Ons verlossing het alles met die **prediking** te make. Deur die middel van die prediking wil ons Here Jesus Christus ons deel gee aan sy verlossing.

- Ook die **tug** het ons verlossing op die oog. Deur die middel van die tug wil ons Here Jesus Christus ons teruglei na ons Verlosser.

Prediking en tug is sleutels **in die hand van die Seun van God**, ons Verlosser en Saligmaker. Wie weet Wie in die prediking en in die tug aan die werk is, kyk met 'n heeltemal ander gesindheid daarna.

Vraag 84

In hierdie vraag gaan dit oor **die eerste sleutel: die verkondiging van die heilige evangelie** of prediking.

Antwoord 84

DIT SLUIT OOP

Ons moet dit goed verstaan: Nie alle prediking en die prediking van enige sekte gaan deur vir 'n sleutel wat ons toegang verleen tot die Koninkryk van God en sy heerlikheid nie. Dit gaan om 'n heel besondere soort prediking: **Christus-prediking, dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem.**

As 'n preek Hom nie bring nie, is daardie preek geen preek en geen sleutel nie. Weet julle waarom? Heel eenvoudig omdat sy offer die sleutel is en omdat net sy bloed, en dit alleen, die deur na die Vaderhuis vir ons oopmaak.

Dit spreek egter vanself dat ons die sleutel ook in ontvangs moet neem. Die hand waarmee ons dit doen, noem die Kategismus die geloof: **so dikwels as wat ons die belofte** van die sondevergifnis deur God ter wille van die soenverdienste van Christus **met 'n ware geloof aanneem**, sluit die prediking die Koninkryk vir ons oop. Geloof is noodsaaklik (vgl Joh 3:16,18a).

DIE PREDIKING SLUIT TOE

In Johannes 3:18 sê Jesus self: "Maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel, omdat hy nie geglo het in die Naam van die Seun van God nie".

In die prediking moet nie alleen heil nie, maar ook onheil, nie alleen genade nie, maar ook gerig aangekondig word. Want prediking het, aldus die Kategismus, 'n dubbele funksie: dit open *én* dit sluit.

Ons belydenis hou deeglik daarmee rekening dat daar in die kerk twee groepe mense is: enersyds **gelowiges**, andersyds **ongelowiges en huigelaars**.

Ook aan hierdie **ongelowiges** en **huigelaars**, toneelspelers, moet gedink word in die prediking. Aan hulle moet die dominee, aldus ons Kategismus, sê **dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus**. Dit staan in die teenwoordige tyd: God se grimmigheid rus *nou alreeds* op hulle. God se toorn is in die hede al 'n verskriklike werklikheid. Dit kry ons belydenis by Johannes 3:18: "Maar hy wat nie glo nie, is *alreeds* veroordeel".

Maar dan staan daar verder: Die toorn rus op hulle **solank hulle hulle nie bekeer nie**. Daar is dus nog 'n kans om in te gaan. Juis daarom moet prediking ook oordeel verkondig: om hierdie mense te dring om die kans te gebruik. Die preek moet 'n alarmsinjal, 'n waarskuwing wees, om die ongelowiges en huigelaars te red van die vreeslike gerig wat kom. Daarom is juis *'n prediking wat dit nie doen nie liefdeloos*.

Vraag 85

In hierdie vraag gaan dit oor **die tweede sleutel: die Christelike tug**.

Antwoord 85

DIE TUG SLUIT TOE

Vir wie word toegesluit? Sekere **kerkmense**, sê ons belydenis. Want dit gaan oor mense wat **die naam Christen dra**, wat dus opgeteken is in die lidmaatregister. En **hoekom** word hulle uitgesluit? Omdat hulle 'n **onchristelike leer** huldig of hulle **onchristelik gedra**. Ook mense wat dwaal in die suiwer leer moet dus getug word en nie net die wat drink en moor nie.

Hier wil ek 'n belangrike vraag stel: **Wie moet tug?** Nie net die dominee en die ouderling nie, maar die tug **begin by die gemeente!** Dit is wat bedoel word met die woorde: **herhaalde kere broederlik vermaan.** Dit is 'n **herhaalde kere** vermaan. Ons moet moeite doen om iemand te bekeer. Die **broederlik** is ook belangrik. Dit beteken: in liefde. Tug is liefde. Tug wil red.

Eers as dit nie help nie, moet die saak na die **kerkraad** toe. As die betrokke persoon egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, **moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. Die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, is die kerkraad.**

As hulle hulle ook nie aan die kerkraad se vermaninge steur nie, **word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit.**

Dit is die geweldige erns van die kerklike tug: So iemand word **deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit.** Ons moet sien Wie uitsluit: **God self**, nie 'n mens nie. Ons moet ook sien waarvan uitgesluit word: **uit die ryk van Christus.**

DIT SLUIT OOP

Tug wil red. Die bedoeling van die tug is om mense tot bekering te bring, sodat hulle in die koninkryk van die hemel kan ingaan.

Mense wat afgesny is, kan **weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem** word. Dit gebeur **wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys.** Die verbetering moet gesien (**bewys**) word. Dit moet nie by leë beloftes bly nie.

Die derde deel of hoofstuk: DANKBAARHEIDSKENNIS

(Sondag 32-52)

Sondag 32

Die noodsaak van goeie werke

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade (a) en Hy deur ons geprys word (b). Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry (c) en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).

(a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17; Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

Vraag 87: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).

(a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6; 1 Joh 3:14.

Vraag 86

Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Ons kan ook maar sê: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl Christus tog alles gedoen het tot ons verlossing en terwyl ons goeie werke tog geen bydrae tot ons saligheid lewer nie?

Dit gaan oor die **noodsaak (moet)** van goeie werke.

Antwoord 86

1. HOE ONS GOEIE WERKE KAN DOEN

Soms word dit so voorgestel as sou ons in die **verlossing**, die tweede deel van die Kategismus, te make het met **God se werk**: Hy verlos ons mos deur die dood van sy Seun. Hier egter, by die **dankbaarheidswerke**, so meen vele, hier het ons te make met **die mens se werke**. In die verlossing was God aktief, maar in die dankbaarheid moet óns oorgaan tot aksie.

Deur hierdie opvatting trek Christus self 'n streep, wanneer Hy sê: "... sonder My kan julle niks doen nie" (Joh 15:5). Sonder ons Heiland kan ons **niks** doen nie, dus ook nie werke van dankbaarheid nie.

Ons moet die Kategismus goed begryp. Die verlossingswerk van Christus word nie beperk tot hoofstuk 2, die deel oor die verlossing, nie. Nee, Christus brei die vleuels van sy reddende handeling ook uit oor hoofstuk 1 (sondekennis) en hoofstuk 3 (dankbaarheidskennis). Ellendekennis is genade, verlossing is genade, maar ook dankbaarheid is genade. Dit is alleen danksy sy genade dat ons dankbaar kan wees.

In hierdie trant en gees begin die Heidelbergse Kategismus ook sy eerste antwoord oor die dankbaarheid: Hy spring **nie** weg met die mens en wat **die mens** moet doen nie. Hy begin met **Christus**: Christus **vernuwe ons tot sy ewebeeld**. Dit het gebeur aan die kruis en met sy opstanding. Aan die kruis het die **ou mens** (= die ondankbare sondeslaaf) gesterf en met sy opstanding het ons saam opgestaan as **nuwe mense** (= dankbare mense onder die genadeheerskappy van Christus).

In Efesiërs 4:20-24 en in Kolossense 3:9-10 word die verband gelê tussen die aflê (letterlik: uittrek) van die ou mens en die aantrek van die nuwe mens, die beeld van God: "... julle het die oue mens met sy werke afgelê en julle het jul met die nuwe mens beklee, wat vernuwe

word tot kennis na die beeld van sy Skepper”. Romeine 6 laat ons sien waar die ou mens gesterf het: aan die kruis; ook hoe ons vernuwe word: in Christus. Deur die kruis en die opstanding van Christus is die gelowige herskep na Christus se ewebeeld. ***Die kruis is die sterfbed van ons ou mens en die opstanding is die geboortebed van ons nuwe mens.***

Ewebeeld – daar hoor ons weer die woord van Genesis: Die mens is geskape na die beeld van God. Beeld-wees beteken: ons is geskape as mense wat moes leef en werk vir God. Ons moes as gehoorsame onderkonings van die groot Koning, die HERE, geheers het oor die skepping. Maar in plaas van dienaars van God en onder-konings in sy diens het ons deur die sondeval slawe van die duiwel geword (= ou mens). Deur die verlossingswerk van Christus word dit egter anders. Christus het nie net ons skuld betaal nie; Hy herskep ons ook. Die beeld van skeppingsdag, die beeld wat deur die sonde aan skerwe lê – Jesus herskep dit. Hy maak ons weer van harte bereid en gewillig om Hom te dien.

Hierdie herskepping doen Christus deur sy Gees en Woord. Christus vernuwe ons **deur sy Heilige Gees**. Die Heilige Gees is die toepasser van die werk van Christus. Deur die Heilige Gees word ons ingeplant in die Woord, in Christus, in sy heilswerk. Dan word ons nuwe mense, wat weer beelddraers van God is.

Hier – ook in die deel oor die dankbaarheid – leer ons dit weer: ***Ons troos is God***. Hy is ons troos in ons sonde-ellende, want Hy verlos ons en Hy alleen. By die dankbaarheid kry ons dieselfde: Ook hier word ons nie op onself teruggewerp nie, maar ook hier word ons gewys op ons enigste troos: op wat God in Christus deur sy Heilige Gees doen. Ook in ons dankbaarheid moet ons dus uit hierdie troosbron lewe. Dan kan en sal ons waarlik dankbaar wees.

ANTWOORD 6 EN 86: OOR DIE MENS AS BEELD VAN GOD

- **Antwoord 6** handel oor die **skepping** na die beeld van God; **Antwoord 86** gaan oor die **her-skepping** na die beeld van God.
- Sowel **antwoord 6** as **antwoord 86** laat ons sien dat ons beeldskap nie mensewerk is nie, maar God se werk: **God** het die mens na sy ewebeeld geskep (antwoord 6) en **Christus** het ons **deur sy Heilige Gees** tot sy ewebeeld vernuwe (antwoord 86).

- Altwee die antwoorde laat ons voorts die **doel** daarvan sien, waarom ons na die beeld van God geskape en herskape is: **sodat** die mens God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan **liefhê** en saam Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te **prys**; **sodat** ons met ons hele lewe bewys dat ons God **dankbaar** is vir sy weldade en Hy deur ons **geprys** word.

ANTWOORD 86 EN 115: DIE HEILIGE GEES, DIE VERNUWING NA DIE EWEBEELD VAN GOD EN ONS GEBED

Antwoord 115 laat ons sien dat ons deel kry aan die vernuwing na die ewebeeld van God ook 'n saak van gebed is. Ons moet ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die **ewebeeld** van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.

2. WAAROM ONS GOEIE WERKE MOET DOEN

Die Kategismus gee drie redes waarom ons goeie werke moet doen:

- **sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word**
- **sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en**
- **(sodat) ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.**

In ons goeie werke gaan dit dus om:

- **God** (dank aan Hom vir al sy weldade en om Hom te prys)
- **Onself** (geloofsekerheid)
- **Ons naaste** (om ons naaste vir Christus te win).

Kom ons kyk in besonderhede na die drie:

1. As 'n pa iets vir sy kinders gee, lekkergoed of 'n geskenk of wat ook al, verwag hy dat hulle vir hom dankie sal sê. Dit verwag ons hemelse Vader eweneens van ons. Hy het aan ons, sy kinders, die grootste geskenk gegee wat ons ooit kon ontvang:

- sy eie Seun. Daarom eis die HERE van ons om **dankbaar** te wees. Ons moet **met ons hele lewe bewys** dat ons God dankbaar is. Ons moet ons Vader dank **vir sy weldade** in Christus. Hierdie dankbaarheid bestaan in 'n **hele lewe** van goeie werke, in gedagtes, woorde en dade van liefde vir God en ons naaste.
2. Die tweede rede waarom ons goeie werke moet doen is: dat ons daaruit **sekerheid van ons geloof kan kry**. Natuurlik, die grondslag (rede) van ons ewige behoud, ons sekerheid dat ons die ewige lewe het, is ons geloof in Jesus Christus. **Maar andersyds** leer die Bybel ons ook: 'n geloof sonder werke kan ons nie red nie. Die rede daarvoor is heel eenvoudig: 'n geloof sonder werke is nie die ware geloof nie, want 'n ware geloof dra vrugte. Kyk veral na Jakobus 2:14,17. Aan die vrugte word 'n boom geken (Matt 7:16-20). Ons goeie werke verseker onself derhalwe dat ons ware gelowiges is.
 3. As derde rede, waarom ons goeie werke moet doen, noem die Kategismus: dat ons deur ons godvresende wandel **ons naaste ook vir Christus kan wen**. Ons vroom lewenswandel kan ons naaste na die kerk toe lok. Deur ons lewe van liefde moet ons hulle jaloers maak. Wanneer hulle na ons kyk, moet hulle kan sê: Dit moet heerlik wees om deel te wees van daardie kerk, van daardie Godsgesin. Die teendeel is helaas ook waar: Ons liefdeloosheid, ons onderlinge getwis en haat, ons gebrek aan vergewensgesindheid – dit stoot mense af. “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.” (Matt 5:16)

Vraag 87

In hierdie vraag gaan dit daaroor of sulke mense wat nie dankbaarheidswerke voortbring nie, salig kan word.

Antwoord 87

Die Kategismus is baie beslis in sy antwoord: **Nee, glad nie**.

Die **rede** is die volgende:

Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie.

Want die Skrif sê. Die Kategismus suig dit nie uit sy duim nie, maar ons belydenis wil net naspreek wat in die Bybel staan.

1 Korintheërs 6:9, 10 word so te sê woordeliks aangehaal in antwoord 87: "Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diene of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie". Lees ook Efesiërs 5:5 in hierdie verband.

Sondag 33

Die bekering

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef 4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goëddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Vraag 88

Hier word gevra na die **dele** waaruit **die ware bekering** bestaan

Antwoord 88

Die ware bekering bestaan uit **twee dele**:

- **die afsterwing van die ou mens** en
- **die opstanding van die nuwe mens**

1. DIE OU MENS EN DIE NUWE MENS

Die uitdrukkings **ou mens** en **nuwe mens** kom uit die Woord (Ef 4:22-24, Kol 3:9-10).

Wat bedoel die Bybel met die **ou mens** en die **nuwe mens**?

Die **ou mens** is:

- die mens wat deur die **sondeval** slaaf van die sonde en kneg van die duiwel geword het;
- die mens wat staan **onder die heerskappy van die duiwel** en sy wil doen. Dit is die mens wat in opstand teen God leef;
- die mens wat **nie wil luister na die Woord** nie.

Die **nuwe mens** daarenteen is:

- die mens wat deur Christus uit alle heerskappy van die duiwel **verlos** is;
- die mens wat **onder die genadeheerskappy van Christus** staan;
- die mens wat **luister na die Woord**.

2. DIE AFSTERWING VAN DIE OU MENS EN DIE OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS

Bekering beteken twee dinge:

- **Afsterwing van die ou mens.** Daarmee word bedoel: Ons laat ons nie meer beheer deur ons ou mens (ons ou natuur) nie.

- **Opstanding van die nuwe mens.** Daarmee word bedoel: Ons laat ons deur God se genade in Christus beheer deur die Woord.

3. ONS BEKERING HET ALLES TE MAKE MET DIE KRUIS EN OPSTANDING VAN CHRISTUS

Kom ons kyk na wat met die ou mens gebeur het aan die kruis en wat die nuwe mens te make het met die opstanding van Christus:

1. Die **afsterwe** van ons ou mens het alles met die **kruis van Christus** te make

Wanneer Paulus in Romeine 6 skryf oor die afsterwe van die ou mens, sê hy nie: Nou moet jy, o mens, deur jou weerstand teen die sonde die ou mens 'n nekslag toedien nie. Nee, hy neem ons aan die hand na Christus en sy kruis toe.

Luister mooi na wat Paulus in Romeine 6:5, 6 sê. Hy skryf daar: Ons ou mens het gesterf. Dit het gebeur toe Jesus aan die vloekhout gehang het. Ons ou mens is saam met Jesus gekruisig.

Ons moet goed onthou: toe Jesus daar gehang het, het Hy nie daar gehang net om ons skuld te betaal nie, maar ook om die slaweheerskappy van die sonde oor ons te beëindig. Ons ou mens, die mens onder die koningsheerskappy van Satan, is gekruisig en gedood in die kruisiging en dood van ons Heiland. Dit was die einde van die ou mens wat niks liever gedoen het as om die sonde te dien nie.

Daarom het die teoloog Kohlbrugge ook gesê: Op Golgota het ek my bekeer.

Wat moet ons dan doen? Glo in Christus en deur die geloof hoe langer hoe meer een word met ons Oorwinnaar-Koning en sy oorwinning.

Maar nou het ons tog 'n probleem: As Christus dan gesterf het en die ou mens aan die kruis gedood is, hoe is dit dan dat ons as gelowiges nog sonde doen? Is die ou mens dood of is hy nie? Daarop moet ons antwoord **ja** en **nee**.

Dit is **eerstens ja**. Immers, op Golgota **is** die ou mens verslaan.

Maar **tweedens** is dit ook **nee**. Aan die kruis is die ou mens inderdaad oorwin en die mag van die sonde gebreek. Maar nou moet Christus ook nog daardie oorwinning **buite ons**, daardie triomf van die kruis, **in ons** verwerklik. En dit gebeur nie eensklaps nie. Dit is 'n

groeiproses. Die Kategismus praat van **hoe langer hoe meer**. Dit gaan ons lewe lank aan en word eers met ons dood voltooi. Eers dan is dit met die ou mens heeltemal uit en gedaan. In hierdie afsterwingsproses bly Christus steeds die geheim. Hoe meer ek leef uit sy oorwinning, hoe meer sal die ou mens in my sterwe. Buite Christus om is dus geen oorwinning nie.

2. Die **opstanding** van die nuwe mens het alles met die **opstanding van Christus** te make

Ook wat betref die opstanding van die nuwe mens wys Paulus ons op Christus, waar hy skryf in Romeine 6:11: Ons is lewend vir God **in Christus**. Die “in Christus” beteken: in die gemeenskap met Christus, in verbondenheid met Hom. In verbondenheid aan Hom is ons lewend. Die **in Christus** – dit is die geheim van 'n lewe vir God.

Daarom is ook die nuwe mens 'n saak van die geloof, want hoe meer ons ons oorgee aan Christus en leef uit sy heilswerk, des te meer sal die nuwe mens gestalte in ons lewe kry.

Die nuwe mens in ons is Christus se werk, nie ons s'n nie. Dit is al duidelik as jy net let op die uitdrukking: die opstanding van die nuwe mens. Immers, opstanding, opstanding uit die graf, ook uit die graf van die sonde – dit is Goddelike werk. Mense kan dit nie doen nie. En hoe laat die Here mense uit die dood van die sonde opstaan? Slegs deur te spreek. Deur die krag van sy Woord. Deur die krag van die kruis en die opstanding van Christus.

4. DIE VERBAND TUSSEN DIE AFDELING OOR DIE VERLOSSING EN DIE AFDELING OOR DIE DANKBAARHEID

Ook ons Kategismus lê die verband tussen

- ons bekering (**dankbaarheid**) enersyds, en
- die kruis en die opstanding (**verlossing**) andersyds.

Kom ek wys julle:

1. In vraag en antwoord 43 (**in die afdeling oor die verlossing**) word die verband gelê tussen Christus se sterwe en die **afsterwe van die ou mens**:

Deur sy krag (= die krag van sy kruis) word ons **ou mens** saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.

2. In vraag en antwoord 45 (*in die afdeling oor die verlossing*) word die verband gelê tussen Christus se opstanding en die **opstanding van die nuwe mens**:

Deur sy krag (= die krag van sy opstanding) word ons tot '**n nuwe lewe** opgewek.

Dit is nie vreemd dat die Heidelbergse Kategismus die bekering **nie** plaas in die eerste deel, in die deel oor die sonde-kennis, nie, maar juis in die dankbaarheidsdeel. Die bekering kom dus eers **na** deel 2, na die deel oor die verlossing. Daarmee wil die belydenis ons iets leer, naamlik: Alleen verlose mense kan dankbaar wees en alleen mense wat ingeplant is in die oorwinning van die Lam (Christus) kan 'n nuwe lewe leef. Die triomf van die kruis en die oorwinning van die opstanding maak ons nuwe mense.

Vraag 89

In hierdie vraag gaan dit om 'n verduideliking van **die afsterwing van die ou mens**.

Antwoord 89

Die afsterwing van die ou mens bestaan uit **sonde-droefheid, sonde-haat** en **sonde-vlug**.

1. DIE AFSTERWING VAN DIE OU MENS IS EERSTENS SONDE-DROEFHEID

Die afsterwing van die ou mens is 'n hartlike **berou** daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het. Ons moet treur oor ons sondes. Jesus sê: "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word." (Matt 5:4)

Die Here is ook nie tevrede met 'n oppervlakkige berou nie, maar dit moet 'n **hart-like** berou wees. Ons moet hart-seer wees.

Die berou gaan in die vernaamste plek daaroor dat ek **God vertoorn** het met my sondes en sy Naam oneer aangedoen het. Daarom klaag Dawid dit na sy moord en owerspel uit: **Teen U, o HERE, teen u alleen** het ek gesondig (Ps 51:6).

2. DIE AFSTERWE VAN DIE OU MENS IS TWEEDENS SONDE-HAAT

Ook dit het weer alles met ons **hart** te make. Ons moet 'n afsku hê in die sonde – en dan nie net in ander s'n nie, maar ook in ons eie. Dit moet ons met weersin teen die sonde vervul, naamlik dat ons God daarmee bedroef en seergemaak het.

3. DIE AFSTERWING VAN DIE OU MENS IS IN DIE DERDE PLEK SONDE-VLUG

Die afsterwing van ons ou mens is nie net iets wat ons hart raak nie. Dit betref nie alleen ons innerlike gesindheid nie, maar ook ons uiterlike, ook ons doen en late, ook **ons woorde en ons dade**. Daarom noem die Kategismus, naas die sonde-droefheid en die sonde-haat, in die derde plek dat ons daarvan **wegvlug**.

Daarmee word bedoel die uiterlike **breek** met die sonde. Ons moet ons onderlinge getwis en kwaadpraterij en vloekery en vuil grappe laat staan.

Maar die vlug sluit nog meer in: Ons moet ook daardie situasies en vriende en tydskrifte en programme wat ons tot sonde kan verlei, **vermy**. As ons God werklik liefhet, sal ons alles probeer vermy wat ons moontlik sover kan bring om Hom te bedroef.

Vraag 90

In hierdie vraag gaan dit om 'n verduideliking van **die opstanding van die nuwe mens**.

Antwoord 90

HARTLIK

Ook hier weer, net soos by die afsterwe van ons ou mens, is nie net ons uiterlike dade belangrik nie, maar ook ons innerlike. Die Kategismus praat van 'n **hartlike** vreugde en 'n lus en 'n liefde. Dit is alles woorde wat met ons hart te make het. Die Here is nie tevrede

net met uiterlike dade nie, maar Hy wil ook ons hart hê. Daarom sê Hy: My seun, gee my jou hart (Spr 23:26).

En wie die Here waarlik van harte lief het, die sal dit ook openbaar in dade van liefde. Dit kan net nie anders nie. Dan word dit vir ons 'n vreugde om God se gebooie te doen en om te wys dat ons Hom en ons naaste liefhet. Dan doen ons graag goeie werke.

DEUR CHRISTUS EN ANTWOORD 45

Die Heidelbergse Kategismus is so 'n wonderlike mooi eenheid. Hier in antwoord 90 gaan dit oor die opstanding van die nuwe mens en – weer word dit nie losgemaak van Christus se verlossingswerk nie: Die opstanding van die nuwe mens is 'n hartlike vreugde in God **deur Christus** om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Kyk hoe loop die lyn van antwoord 45 na hierdie antwoord. Daar word dit genoem as een nut van Christus se opstanding: Ons word nou ook **deur sy krag** (deur die krag van sy opstanding) **tot 'n nuwe lewe opgewek**.

Vraag 91

Ons kry hier 'n *Skrif-definisie* van wat **goeie werke** is.

Antwoord 91

GOEIE WERKE MOET AAN DRIE VEREISTES VOLDOEN

Dit gaan oor die **bron**, die **maatstaf** en die **doel** van ons goeie werke.

- Eerstens word **die fontein** van die goeie werke aangetoon: dit kom op **uit 'n ware geloof**. Die ware geloof, die geloof wat hom vasklamp aan Jesus Christus – dit is die bron van goeie werke. Die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie (Rom 8:8). Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom 14:23). Sonder geloof is dit nie moontlik om God te behaag nie (Heb 11:6). Dit sien ons ook in die optrede van Kain en Abel: albei het 'n offer gebring, maar die van Kain het God nie aangeneem nie, omdat by hom die geloof ontbreek het (Heb 11:4).

- Tweedens word **die maatstaf** van die goeie werke aangewys: Goeie werke of dade is daardie werke wat **volgens die Wet van God** is. Die Wet is die riglyn of maatstaf en nie ons sogenaamde goeie bedoelings nie. Al bedoel ons dus iets hoe goed, as dit teen die gebooie van die HERE indruis, is dit in die oë van die HERE nie goed nie.
- In die derde plek word **die doel** van die goeie werke aangewys: Dit moet **tot eer van God** wees. Baie mense doen net goed omdat hulle wil hê dat die mense hulle moet prys. Met sulke werke neem die HERE ook nie genoeë nie.

Sondag 34

Die Wet. Die Eerste Gebod: Ons moet die HERE alleen dien

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie gebooie aangekondig (Ex 20:1-17; Deut 5:6-21): *Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.*

Die eerste gebod: *Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*

Die tweede gebod: *Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.*

Die derde gebod: *Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*

Die vierde gebod: *Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God, dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sabbatdag geseën en dit geheilig.*

Die vyfde gebod: *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.*

Die sesde gebod: *Jy mag nie doodslaan nie.*

Die sewende gebod: *Jy mag nie egbreek nie.*

Die agtste gebod: *Jy mag nie steel nie.*

Die negende gebod: *Jy mag geen vals getuienis teen jou naaste spreek nie.*

Die tiende gebod: *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.*

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede, in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).

(a) Deut 4:13; Ex 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet, ter wille van my sieleheil, alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld (g) onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag (h). Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (1).

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31; Deut 18:9, 10. (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9. (d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14. (h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (1) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrouwe stel (a).

(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.

Vraag 92

Buiten Exodus 20 staan die Wet ook in Deuteronomium 5.

Antwoord 92

OOK DIE WET IS EVANGELIE

Baie mense dink: Die Wet het niks met die evangelie te make nie. Dit is net 'n klomp moets en moenies, wat ons lewe as jongmense versuur.

Dit is omdat hulle die Wet nie verstaan nie. Kom ons luister daarom mooi na die Wet:

Die Wet begin nie met 'n gebod nie, maar met verlossing: "Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Ex 20:1, 2).

Ons kan nie self loskom van die sonde en uit eie vermoë die gebooie nakom nie, maar dit is nou juis so wonderlik: **Eers** is daar **die verlossing** uit die slawehuis van die sonde en eers **daarna** – nadat ons deur Christus bevry is – volg **die tien eise** van die HERE. Die HERE stel ons dus self in staat om die dankbaarheidswet na te kom. Sien julle nou hoe die evangelie van verlossing en genade ook in ons dankbaarheid aan die werk is?

God se gebod is 'n saak van gebed: God moet ons ook gee wat Hy van ons eis. Dink aan die bekende gebed van die kerkvader Augustinus: "Here, gee my wat U gebied; gebied dan wat U wil en U sal nooit tevergeefs gebied nie". **En inderdaad: Eers gee God Homself en dan eis Hy van ons gehoorsaamheid** (Calvyn). Hy gee Homself in sy Seun aan die kruis en gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (HK 16:43).

Ons moet nog meer van God se evangeliese wet sê: In die ganse Wet skitter die HERE se goedheid. Hy het sy Wet nie aan ons gegee om die lewe vir ons moeilik te maak of sodat

ek as jongmens nie meer die lewe kan geniet nie. Niks is verder van die waarheid verwyder as dit nie. Ons kan die Wet vergelyk met 'n **veiligheidsreling** langs 'n diep afgrond. Daardie reling is nie daar om ons lewe te versuur nie. Dit is juis vir ons veiligheid en ons beswil opgerig. So plaas die HERE die heining van sy ewangeliese wet langs ons lewenspad. Daarmee het Hy die goeie vir ons op die oog.

In die Wet hoor ons **die stem van die goeie Herder** en in elke gebod sien ons sy hand, wat ons lei in spore van geregtigheid om sy Naam ontwil.

Die Wet bring egte **vreugde** in ons lewe. “Ek is vrolik in die weg van u getuienisse soos oor allerhande rykdom.” (Ps 119:14) “Die be vele van die HERE is reg: hulle verbly die hart.” (Ps 19:9) Die hemelse vreugde sal daarin bestaan dat ons God se Wet volmaak sal onderhou. Niks is heerliker en niks maak ons blyer as om God se Wet te onderhou en Hom te eer soos dit hoort nie.

Vraag 93

In hierdie vraag gaan dit oor die indeling van en 'n kort samevatting van die Tien Gebooie.

Antwoord 93

1. LIEFDE TOT GOD EN LIEFDE TOT ONS NAASTE

Die Kategismus verdeel die Tien Gebooie in twee tafels:

- die eerste vier gebooie gaan oor ons liefde tot God, en
- die laaste ses het as kern ons liefde tot ons naaste.

In Exodus 31:18 lees ons dat die HERE die Tien Gebooie op twee tafels geskryf het: “En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God.” In Matthéüs 22:37-40 vat ons Here Jesus hierdie gebooie saam in twee: liefde tot God en liefde tot ons naaste.

2. LIEFDE IS OOK DADE

Nooit is hierdie liefde net gevoel of emosie nie. Dit is **ook dade**. In die Wet gaan dit immers nie net oor jou innerlike nie, maar ook oor dinge wat jy moet doen en dinge wat jy nie mag doen nie.

Ek glo nie 'n bruid sal tevrede wees net met 'n **gevoel** van liefde van die kant van haar bruidegom nie. Nee, hy moet dit ook met dade toon. Dieselfde geld van ons hemelse Bruidegom en sy Wet: Ons moet wys dat ons lief is vir Hom. In antwoord 86 staan dat ons **met ons hele lewe** moet **bewys** dat ons God dankbaar.

Vraag 94

In vraag 94 kom die eerste gebod aan die orde.

Antwoord 94

1. ONS SALIGHEID OP DIE SPEL

Die Kategismus begin sy verklaring van die eerste gebod op 'n baie ernstige noot: **Ek moet, ter wille van my sieleheil alle afgodery vermy en daarvan wegvlug.**

Ons ewige lewe (**my sieleheil**) – dit is wat in die eerste gebod op die spel staan.

God kan geen afgode voor sy aangesig verdra nie. Ons staan elke dag van ons lewe voor God se aangesig.

2. ALLEEN

Ons belydenis beklemtoon die **absolute vertroue** op God en die **lojaliteit aan Hom alleen** besonder skerp. Hoor maar hoe ons Kategismus dit sê:

Die HERE is die **enige**, ware God; ek moet Hom **alleen** vertrou; ek moet my **slegs** aan Hom onderwerp; ek moet van Hom **alleen** alle goeie dinge verwag; en ek moet Hom my **hele** hart gee.

Hy is die enigste. Hy eis ons geheel en al op en duld nie dat ons Hom dien met 'n verdeelde hart nie.

3. KEN, VERTROU, ONDERWERP, VERWAG

- Ek moet die enige ware God reg leer **ken**. Kennis is noodsaaklik. Ook hier geld die spreekwoord: Onbekend maak onbeminde. Maar dit gaan nie sommer om enige kennis nie. Daar is baie godsdienstige groepe wat beweer dat hulle God ken, maar tog ken hulle Hom nie. Dit gaan om 'n **reg** ken. Ons moet Hom ken as ons enigste Verlosser en dat net Hy ons kan red en nie ook nog ons goeie werke wat daarby moet kom, soos die sektes leer nie.
- Ons moet op God alleen **vertrou** om ons te verlos en gelukkig te maak. **Dit** is geloof: om met die ganse gewig van jou lewe op Hom alleen te steun, om te weet dat net Hy jou sondeskuld kan betaal en dat net Hy jou kan verlos van die sondemag wat alles bederf.
- Ons moet ons in alle nederigheid en geduld aan Hom alleen **onderwerp**. Ons moet maar klein word voor Hom en besef dat Hy veel beter as ons weet wat goed is vir ons.
- Ons moet **alle goeie dinge van Hom alleen verwag**. Hy alleen kan my gee wat ek nodig het vir my **geestelike** lewe: Hy gee geloof en liefde en volharding. Hy versorg ons ook na die **liggaam**: My geld, my kos, my werkgeleentheid, my sukses in die eksamen, alles kom van Hom af. Ek het dit nie te danke aan my breinkrag of my vernuf of inspanning nie.
- Ons moet Hom **met ons hele hart liefhê, eer en vrees**. Hy eis ons hele hart en al ons liefde. Ons kan nie God én Mammon dien nie. Die HERE wil die eerste en die enigste in ons lewe wees.

Vraag 95

Vraag 95 gee 'n beskrywing van afgodery. As ons mooi daarna gaan kyk, sal ons sien hoe skuldig ons self daaraan is.

Antwoord 95

1. WAT AFGODERY IS

Afgodery is om in die plek van, of langs die enigste en ware God iets te hê waarop ek my vertrouwe stel. Anders gestel: dit is om in iets of iemand anders jou geluk en voorspoed en verlossing te soek.

2. OM OP IETS ANDERS AS CHRISTUS TE VERTROU

Die teoloog Kohlbrugge het afgode so beskryf: Afgode is alles wat nie **Jesus** is nie. Daarmee het hy bedoel: as ons op iets anders as die Seun vertrou, is ons besig met afgodediens.

Kom ons stel dit nog anders:

- As ons naas Christus ook op ons goeie werke vertrou om ons **sondeskuld** te betaal, is ons besig met afgodery. Dan word ons eie krag en vroomheid afgode waarop ons steun om ons in die hemel te bring.
- Ons is ook besig met afgodery as ons dink dat ons sonder Jesus die **sondemag** kan oorwin en mense kan help om in liefde en vrede met mekaar kan laat saamleef.

Die woord **vertrou** is 'n sleutelwoord in Sondag 34. Ons moet die enige ware God alleen **vertrou** (antwoord 94) en nie op iets anders ons **vertroue** stel nie (antwoord 95).

3. DIE AFGODE VAN ONS TYD

Dit is waar: Ons het nie meer afgodsbeelde soos die mense van die ou tyd nie. Ons ken nie meer die Baäls en Astartes nie. Dit beteken egter nie dat ons nie afgode het nie.

Kom ons noem net 'n paar moderne afgode:

- Daar is eerstens die **geldgod**: Ter wille van 'n beter inkomste verwaarloos ons die kerk. Ons glo inderdaad wat die spreekwoord sê: Goud wat stom is, maak reg wat krom is. Daarom jaag ons na meer en meer, want ons meen dat groter rykdom ons gelukkig sal maak.

- Tweedens vereer ons land die **sportgod**. Hoeveel mense buig nie Sondaes, op die dag van die HERE, voor sy altaar neer nie?
- Derdens is daar **seks**. Vroeër, in die ou Griekeland, was daar 'n god van die seksuele liefde. Sy naam was Eros. In ons tyd is Eros lewendiger as ooit: Seks en die menslike liggaam word verheerlik. Kyk maar hoe doen ons media dit.
- Selfs 'n **lewensmaat** kan 'n afgod word. Dit gebeur as ons ter wille van hom of haar na 'n ander kerk toe gaan en ons nie laat lei deur die wil, die Woord van die enigste God nie.

Sondag 35

Die Tweede Gebod: Ons moet die HERE slegs dien soos Hy dit in sy Woord beveel

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).

(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).

(a) Jes 40:25. (b) Ex 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).

(a) Jer 10:8; Hab 2:18, 19. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Vraag 96

'N VERGELYKING TUSSEN DIE EERSTE EN DIE TWEDE GEBOD

'n Vergelykende tabel tussen die eerste en die tweede gebod sal julle laat verstaan wat elkeen gebied en verbied:

Eerste gebod	Tweede gebod
Wie ons moet aanbid, naamlik God.	Hoe ons God moet aanbid.
Die eerste gebod gaan teen die vreemde gode .	Die tweede gebod verbied die vreemde diens .
Die eerste sê: net die ware God .	Die tweede leer: net die ware godsdiens .
Ons moet alleen die enige, ware God aanbid.	Ons moet Hom alleen so aanbid soos Hy ons in sy Woord leer.

Antwoord 96

DROG-BEELDE

Ons maak nie meer beelde van God nie. Ek bedoel maar: ons mense van die een-en-twintigste eeu het nie 'n beeld van 'n kalf in ons tuin of in ons sitkamer waardeur ons die lewende God probeer afbeeld nie. Wie dié afgodsbeelde vandag wil sien, moet na die museums toe gaan.

Dit beteken egter nie dat ons nie beelde het en ons nie skuldig maak aan beelddiens nie. Weet julle wat se beelde het **ons**? **Denk-beelde**. In ons denke, dit wil sê in ons gedagtes, maak ons vir onself 'n voorstelling van God soos **ons** Hom wil hê. Ons hou nie van die beeld wat in die Bybel aan ons van God voorgehou en hoe Hy daar vir ons geteken word nie.

- Ons hou nie van '**n God wat sê dat ons niks kan doen nie**, maar dat ons net deur Christus alleen gered kan word.

- Ons hou nie van '**n God wat straf**' nie. Ons hou meer van 'n liewe-Jesus en 'n God-is-liefde.

GOD GEE ONS 'N BEELD: SY SEUN

God is die groot en enigste Beeldmaker.

Ek bedoel nie dat die HERE regtig 'n beeld van klip en steen van Homself maak nie. Wat ek wel wil sê, is: Hy vertel ons hoe Hy is en wat Hy doen. Dit doen Hy in die Bybel. In **sy Seun** het Hy aan ons '**n beeld van Homself**' gegee. Hebreërs 1:3 noem Christus die afskynsel van God se heerlikheid en die afdruksel van sy wese. In Kolossense 1:15 sê die apostel: Christus is die Beeld van die onsienlike God.

Só lyk die Beeld: Christus het gekom nie om vroom, goeie, liewe mense salig te maak nie, maar om sondaars te red. Kan julle aan 'n mooier beeld as dit dink? Dit is die beeld van 'n God wat genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid is. Dit sê Moses self na die vreeslike sonde met die goue kalf (Ex 34:6, 7). Maar Moses sê ook meer, naamlik dat die HERE die sonde nie ongestraf laat nie. En uit die Nuwe Testament weet ons: Eerder as om ons sondes ongestraf te laat, het God die straf laat neerkom op sy Seun. Maar daarby moet ons meer sê: die Seun het die straf nie vir almal gedra nie, maar alleen vir die wat hulle tot Hom bekeer en in Hom glo.

Die Woord is een groot tekening van hierdie Beeld van God, van Christus Jesus. Immers, Christus is die Woord (Joh 1:1).

Met hierdie Beeld (d.w.s. met hierdie Woord, met die Bybel) moet ons tevrede wees.

GOD MAAK ONS TOT SY BEELD IN EN DEUR SY SEUN

God is die groot en enigste Beeldmaker.

Ons moet **beelddraers** van God wees, onderkonings wat God **dien** soos Hy wil (tweede gebod). So het God ons geskape (Gen 1:26). Deur die sondeval is ons dit egter nie meer nie.

Maar God het 'n wonder gedoen: Hy maak ons weer tot sy beeld. Dit doen Hy net soos daar aan die begin: In die begin het Hy die mens deur sy Woord geskape na sy beeld. Met die herskepping gaan dit net so. Die Here alleen herskep ons en Hy doen dit deur sy Woord, naamlik Christus. Christus vernuwe ons deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld (v/a 86). Ons is geskape in Christus Jesus tot goeie werke (Ef 2:10), tot diens (tweede gebod).

ONS KERKSANG EN DIE BEELD VAN CHRISTUS

In die Bybel sê God vir ons wat ons moet sing: Spreek onder mekaar met *psalms* en *lofsange* en *geestelike liedere* (Ef 5:19; Kol 3:16). Met aldrie hierdie woorde, psalms en lofsange en geestelike liedere, word die Psalms bedoel.

Die Psalms is God se liedboek vir ons. Daarin leer ons Here Jesus Christus self ons deur sy Heilige Gees wat ons moet sing. Ons mag niks daarvan weglaat of daaraan verander nie (Deut 4:2 en 12:32; Op 22:18, 19).

In die Psalms is die groot Beeldhouer, Christus, aan die werk. Die beeld wat Hy in die beeldwerk van die Psalms oprig is – Hy self. In die Psalms sien ons die beeld van die onsienlike God voor ons geestesoog verrys: Christus.

'N JALOERSE GOD

Die tweede gebod sê dat die HERE 'n jaloerse God is. Die beeld in die woord *jaloers* is die van 'n man wat jaloers is, wat dit nie verdra dat sy vrou aan 'n ander man aandag gee nie. Die HERE is die Man en sy kerk is sy vrou. Dit vertoorn God as sy bruidsgemeente agter ander “mans”, ander gode, aanloop.

BESOEK AAN DIE KINDERS

Eiewillige godsdiens is vir ons gevaarlik. Maar nie net *ons eie* geestelike welsyn is op die spel nie. *Ook ons kinders* word geraak. Want die tweede gebod sê dat die HERE die misdaad van die vaders sal *besoek* aan die kinders. Hierdie "besoek" beteken: Die HERE sal besoek aflê by ons kinders en kleinkinders en dan sal Hy ook by ons nageslag ons

eiewillige godsdiens ontdek en dit straf. Wat 'n invloed ten kwade kan ons as ouers nie hê nie!

Om die woorde dat die HERE “die misdaad van die vaders besoek aan die kinders” goed te verstaan, moet ons dit in sy verband lees. Hierdie woorde staan nie los van die woorde “die wat My haat” nie. Twee dinge kom in hierdie laaste woorde na vore:

- Met hierdie woorde “die wat My haat” sê die HERE hoe *’n ernstige sonde* die sonde teen die tweede gebod in sy oë is. Dit word ook beskryf as ’n “misdaad”.
- Met hierdie woorde “die wat My haat” word *’n beperking* opgelê. Die HERE besoek *nie alle kinders* van die vaders wat hierdie gebod oortree nie. Dit gaan alleen om daardie vaders en kinders “wat My haat”. ’n Goddelose vader kan ook deur God se genade ’n vroom kind hê. ’n Voorbeeld is die goddelose koning Agas (2 Kon 16) en sy vroom seun, Hiskia (2 Kon 18:1-7).

Uit hierdie verklaring moet dit vir julle ook duidelik wees dat die HERE die kinders nie straf oor die sondes van hulle vaders nie. Hy straf die kinders omdat die kinders sêlf hierdie sonde doen en God haat. In Esegïël 18:2 spreek die profeet die Israeliete in Babel aan: “Wat is dit met julle dat julle hierdie spreekwoord gebruik aangaande die land van Israel, naamlik: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword?” Met hierdie spreekwoord het die Israeliete gesê: Dit is ons vaders se skuld dat ons in ballingskap is. Die profeet sê egter dat die kinders oor hulle eie sondes gestraf word (Eseg 18:20).

DIE HERE SE VLOEK OOR BEELDEDIENS EN BEELDVERNIELERS

In 1 Konings 12 en 13 kry ons die geskiedenis van Jerobeam se oprigting van beelde, goue kalwers. Dit was nie Jerobeam se bedoeling om daarmee 'n ander god te vereer nie. Hy wou dus nie die eerste gebod (geen ander gode) oortree nie. Hy maak hom wel skuldig aan beelddiens. Hy is nie tevrede met die Woord alleen, dit wil sê met die beeld van Christus alleen nie. 'n Profeet van die HERE kom en spreek die oordeel van God oor die eiewillige godsdiens uit.

Daarop volg 'n stuk geskiedenis waarmee die HERE Jerobeam op nog 'n tweede, sigbare manier waarsku en laat sien hoe gevaarlik dit is om die Woord te verlaat. Die profeet wat in Bet-el die oordeel van die HERE oor die kalwerdiens van Bet-El uitgespreek het, moes, nadat hy sy taak uitgevoer het, onmiddellik teruggaan. Die uitdruklike **woord van die HERE** aan hom was: "Jy mag daar geen brood eet of water drink nie; jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie" (13:17). 'n Ou profeet sê egter vir hom: "Ek is ook 'n profeet net soos jy, en **'n engel** het met my gespreek deur die woord van die HERE en gesê: Bring hom terug saam met jou na jou huis, dat hy brood kan eet en water kan drink" (vers 18). As gevolg van sy ongehoorsaamheid aan die Woord word die ongehoorsame profeet deur 'n leeu verskeur. Die lot van die man van God moes vir Jerobeam 'n ernstige waarskuwing wees. Eiewillige godsdiens, afwyking van die Woord, is lewensgevaarlik.

'n Engel van die Here het met my gespreek, het die ou profeet gesê. Juis hierna gryp Paulus in Galasiërs 1:8 terug, wanneer hy skryf: "Maar al sou ons of **'n engel** uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" Paulus waarsku juis die Galasiërs teen dwaalleraars wat met Christus (die Woord) alleen nie tevrede was nie. By Christus se werk moet nog ons werk kom. Ons kan maar sê: Hulle was nie tevrede met die beeld van God, met Christus alleen nie. Oor sulke beeldvernielers spreek Paulus God se oordeel uit: Laat hom 'n vervloeking wees!

Galasiërs laat ons presies sien wat die sonde van Jerobeam was.

Eiewillige godsdiens is 'n ernstige saak.

'N BARMHARTIGE GOD

Die HERE **waarsku** nie net in die tweede gebod nie. Hy **lok** ook. Hoor maar: Hy bewys barmhartigheid aan duisende van die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou. Wie na Jesus en Jesus alleen vlug met al sy of haar sondenood, wie besef dat net Jesus kan red en dat sy of haar oortredings menigvuldig is, die sal ervaar dat God ryk is in barmhartigheid en genade.

LIEFHET EN SY GEBOOIE ONDERHOU

Die “liefhet” staan teenoor die “haat”. Die “liefhet” vind gestalte in die “sy gebooie onderhou”. ’n Liefde sonder onderhouding van God se gebooie is nie liefde nie.

Vraag 97

Mag ons dan glad nie beelde maak nie? Mag ons byvoorbeeld nie 'n standbeeld van 'n volksheld oprig nie?

Antwoord 97

Daarop antwoord die Kategismus:

- **God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie.**

Dit geld ook van Christus. Hy is ook God. Daarom **mag** Hy **nie** afgebeeld word nie. Rolprente en toneelstukke wat Christus afbeeld, oortree die tweede gebod. Ons moet goed luister: Dit is nie alleen 'n geval van **mag nie**, maar ook 'n geval van **kan nie**. Dit is verbode en dit is onmoontlik. Die belydenis is radikaal: Dit kan nie en mag nie **op geen enkele manier** nie.

- **Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien.**

Ons mag 'n foto hê van 'n sportheld of 'n volksheld, maar as ons so 'n afbeelding vereer, oortree ons die tweede gebod.

Vraag 98

Ons belydenis rig hom in vraag en antwoord 98 teen die beelddiens van die Roomse Kerk. Rome wil graag voorgee dat hulle praktyk van beelddiens onskuldig is en eintlik 'n baie nuttige doel dien. Hulle beskou dit as die **boeke van die leke**. Om dit te verstaan, moet julle weet dat die Roomse Kerk 'n onderskeid maak tussen die sogenaamde **geestelikes** aan die eenkant en die **leke** aan die anderkant. Die geestelikes is die biskoppe wat die Bybel bestudeer het. Die leke daarteenoor is die gewone lidmate, die mense wat geen godsdienstige of teologiese opleiding gehad het nie. Hulle is dus van 'n laer klas en is nog

geestelik onvolwasse. Hulle kan daarom ook nie die Bybel verstaan nie. Vir hulle moet daar dus van beelde gebruik gemaak word soos van prentjies vir kinders.

Antwoord 98

Daarteenoor antwoord die Kategismus: **Ons moet nie wyser as God probeer wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord onderrig.**

Die lewende verkondiging van sy Woord is bedoel vir groot én klein, geleerd én ongeleerd.

DIE VOLGENDE GAAN HIERTEEN IN:

- ***Kinderbybels met prentjies van Jesus daarin.*** Die argument ten gunste van hierdie prentjies is dat dit die kinders help om die evangelie te verstaan. Daarom gee ons hulle prente. Of sal ons dit maar reguit sê: beelde.
- ***Kinderdienste.*** Gemeentes wat dit voorstaan, argumenteer dat kinders die preke tog nie kan verstaan nie. Daarom word hulle uit die diens geneem en iemand anders, 'n juffrou of so, vertel vir hulle 'n eenvoudige verhaal uit die Bybel, terwyl die grootmense na die preek van die dominee luister. Dit klink vroom, maar dit is nie.
- ***Rolprente en opvoerings.***

ONS ANTWOORD OP KINDERBYBELS, KINDERDIENSTE, ROLPRENTE, ENSOVOORTS

- Met ***kinderdienste*** word kinders weggeneem van die gesant van die Here, die dominee, wat deur God self gestuur is om ook vir die kinders te preek.
- ***Kinderdienste en prentjies*** kom neer op 'n onderskatting van die werk van die Heilige Gees, want die Gees is die almagtige God wat deur die middel van die prediking ook klein kinderhartjies kan bereik.

- Ons lees nêrens in die Bybel van so iets soos **kinderdienste en prentjies** om die kinders te bereik nie. Ons moet dus nie slimmer as God probeer wees wat deur die prediking ook die jeug van sy volk wil bereik nie.
- Ons mag Christus nie afbeeld nie, want Hy is ook God.
- 'n Rolprent, prentjie of opvoering kan dit wat die hart van die evangelie is, die helse lyding van Christus, nie afbeeld nie. Hoe beeld jy die toorn van God af?

DIE WYSHEID VAN GOD: DIE WOORD ALLEEN

In Deuteronomium 4:10-19 kry ons 'n verklaring van die tweede gebod. In daardie gedeelte sê die HERE vir sy volk: Toe Hy sy Wet by Horeb aan hulle gegee het, het hulle **geen verskyning** gesien nie. Hulle het **net die HERE se stem, sy woorde**, uit die vuur gehoor. Daarom waarsku die HERE hulle om nie vir hulle 'n gesnede beeld te maak nie.

In Handeling sien ons dit ook: net die Woord alleen. As daar ooit mense was wat die lydensgeskiedenis sou kon uitgebeeld het, was dit seker die apostels. Hulle was immers oor- en ooggetuies van alles. Wie sou – as 'n mens net dit in aanmerking neem – dit daarom beter kon doen as hulle? Tog doen hulle dit nie. Hulle speel nie toneel nie. Intendeel, hulle preek en preek en preek. Die hele boek Handeling is vol daarvan: Christus wat sy kerk **deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig**; Christus wat sy kerk **deur die lewende verkondiging van sy Woord** vergader.

Die dissipels het net gepreek. Dit moet die kerk van alle eeue ook doen, omdat God dit so beveel het (Jer 10:8; Hab 2:18, 19; Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17).

Dit is op grond van God se eie Woord dat ons Kategismus bely: “... **ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.**” In hierdie belydenis klink die slagspreuk van die Reformasie deur: **die Woord alleen (sola Scriptura)**.

Sondag 36

Die Derde Gebod: Die Naam van die HERE

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).

(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9, 10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

Vraag 99

DIE NAAM VAN DIE HERE

Vir ons Westerlinge sê 'n naam nie soveel nie. Ons name sê nie iets van ons uiterlike of ons karakter nie. Miskien kom ons byname die naaste daaraan. Ons praat byvoorbeeld van Rooi Koos. Daarmee bedoel ons daardie Koos met die rooi hare. Die bynaam sê dus iets van die persoon self. Maar wat ons gewone name betref, is dit nie die geval nie. In die

Bybel was dit egter anders. 'n Naam het iets gesê van die persoon, van sy karakter en van wat hy doen.

Ons 1953-vertaling vertaal die Hebreeuse Naam Jahwe met HERE (vier hoofletters).

Uit verskillende Skrifgedeeltes kan gesien word hoe belangrik die Naam HERE vir die Heilige Gees Self is.

Toe Moses kleinvee opgepas het vir sy skoonvader, Jetro, het die **Engel van die HERE** in 'n brandende doringbos aan hom verskyn en aan hom die opdrag gegee: Gaan na die Israeliete in Egipte en lei hulle uit die slawehuis uit (Ex 3:1-10). Daardie Engel van die HERE was niemand anders as die Seun van God in sy Ou Testamentiese gedaante nie. In Exodus 3:4 word hierdie Engel ook HERE en God genoem.

In antwoord op God (die Engel van die HERE, Christus) se opdrag het Moses (Ex 3:13) aan Hom gevra: "Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam?—wat moet ek hulle antwoord?" Daarop het God Moses geantwoord: "**EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Ex 3:13-15).

Dit is dus die betekenis van die Naam HERE: EK IS. Om hierdie woorde goed te verklaar, moet ons dit lees binne die verband waarin dit staan. Aan die einde van Exodus 2 (vers 23 tot 25) lees ons: "En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, **en God het gedink aan sy verbond** met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken". Die Naam EK IS beteken: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos en my eeue oue belofte aan Abraham (Gen 15:13, 14: "Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed"), naamlik dat Ek hulle in die beloofde land

Kanaän sal bring, gestand te doen. Die Naam HERE sê dus Wie en Wat die HERE vir sy volk is. Die Naam spreek van sy verbondstrou. Die Naam verkondig dat God 'n waarmaker is van sy verbondsbeloftes aan sy verbondsvolk.

Die Naam HERE sê: Hy bly by sy Woord. Dit geld natuurlik nie alleen sy beloftewoorde nie, maar ook ook sy woorde van strafdreiging. Hy is aktief teenwoordig om **al** sy woorde waar te maak.

In Johannes 17:6, baie eeue na die geskiedenis van die brandende doringbos, sê Jesus in sy Hoëpriesterlike gebed: "Ek het u Naam geopenbaar ...". In sy werke en in sy woorde het ons Here Jesus Christus die Naam van die HERE geopenbaar. In die hele lewe van die Here Jesus het dit geblyk: Die HERE is inderdaad EK IS. Hy is aktief teenwoordig om sy beloftes waar te maak en sy kerk te red. Immers, in Jesus Christus het God sy volk verlos uit die slawehuis van die sonde, soos Hy alreeds aan Abraham belowe het.

Dit is veelseggend dat die Naam Jesus beteken **die HERE verlos**. In Johannes spel Jesus die EK IS uit en leer ons wat dit beteken, wanneer Hy sê: "**Ek is** die brood van die lewe" (6:35,48), "**Ek is** die lig van die wêreld" (8:12), "**Ek is** die deur" (10:7,9), "**Ek is** die goeie herder" (10:11,14), "**Ek is** die opstanding en die lewe" (11:25), "**Ek is** die weg en die waarheid en die lewe" (14:6), "**Ek is** die ware wynstok" (15:1,5).

In die geskiedenis van ons Here Jesus leer ons die Naam van die HERE ken en leer ons verstaan Wie en Wat die HERE vir sy kerk wil wees. Ja, die h le Woord, van Genesis tot Openbaring, is 'n openbaring en 'n uitleg van die Naam van die HERE. Wil julle daarom weet hoe spel 'n mens die Naam HERE? B-Y-B-E-L. In die Naam HERE is die hele evangelie saamgevat en in die hele Woord word sy Naam geopenbaar en uitgespel.

Miskien wonder julle: Waarom hierdie lang verduideliking van die betekenis van die Naam van die HERE? Maar daarmee wou ek julle laat sien dat die derde gebod nie net vir julle s : Pasop dat jy die Naam van die HERE nie as vloekwoord of stopwoord gebruik nie. Dit gaan ook daarom: Pasop hoe jy met **die Bybel (=die Naam van die HERE)** omgaan en wat jy met die Skrif doen in jou lewe. Gebruik jy die Woord of misbruik jy die Woord?

Antwoord 99

MISBRUIK VAN DIE NAAM VAN DIE HERE

- Ons oortree **eerstens** die derde gebod as ons God se Naam as **vloek- of stopwoord** gebruik. Dit sluit in woorde soos "jissie" en "jislaiik", wat maar vervormings van die Naam Jesus is, en ook "bleddie", wat verwys na die bloed van Christus. Hoeveel word God se Naam nie ydellik gebruik in gesprekke en ook in ons letterkunde, rolprente, TV en video's nie! Dit moet ons laat sidder as ons dink hoe ernstig God dit opneem.
- **Tweedens**: die valse of sogenaamde **valse eed**. Om te sweer beteken om God in te roep as getuie om in te staan vir die waarheid van ons woorde. Wie daarom onder eed lieg, wil God medepligtig maak aan sy leuens. Sulke mense maak sy Naam tot instrument in diens van die leuen.
- Maar ons kom ook **derdens** in stryd met die derde gebod as ons die **Bybel misbruik**. Wie 'n teks uit verband ruk om sy eie verkeerde saak daarmee te staaf, of die Woord gebruik om 'n on-Bybelse politieke stelsel mee goed te praat, laster God se Naam. Ook **dwaalleer** val hieronder, want dit doen die Woord, dit wil sê die openbaring van God se Naam, geweld aan. Dit is verder tot oneer van die Naam van Christus as ons Hom nie erken as volkome Verlosser nie, maar by sy kruis nog ons goeie werke voeg. So ernstig neem die Here Jesus hierdie aantasting van sy Naam, dat Hy van die Jesus-plus-my-goeie-werke-leer in die Galasiër-brief sê: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n **vervloeking** wees" (Gal 1:8). Neem ons nog dwaalleer ernstig genoeg op?
- **Vierdens** kom die Naam van die HERE ook deur ons **lewensgedrag** in gedrang. Laat ek verduidelik. Ons hoor soms byvoorbeeld dat 'n skoolier die **naam** van sy skool deur die modder gesleep het. Hy het naamlik, terwyl hy sy skoolbaadjie aangehad het, dronk op straat geloop of gevloek. Daarop was die reaksie van die mense: kyk net hoe maak die kinders van daardie skool.

Toegepas op ons: Ons dra as gelowiges nie 'n bepaalde kleurbaadjie om aan te dui dat ons aan die kerk behoort nie. Maar ons dra wel iets anders: 'n naam, die naam Christen. Ons dra dus die Naam van ons Koning en Heiland, Christus. En as ons ons dan sleg en liefdeloos gedra, sê die mense: Kyk hoe maak die Christene! Dit is nou hoe 'n Christen, 'n volgeling van Jesus Christus maak! Deur ons optrede kom die Naam van Christus dus in gedrang en doen ons sy Naam oneer aan.

- Maar ek kom by die **vyfde** voorbeeld van misbruik van God se Naam. Dit is **stilswye en neutraliteit**.

As ek hoor dat iemand vloek of dat iemand die Skrif verdraai en ek swyg, is ek medeskuldig aan die ontering van sy Naam. En as die predikant op die preekstoel stilbly oor dwaallere, laat hy stilswygend toe dat aan die verlossingswerk van Christus, dit wil sê aan sy Naam, tekort gedoen word. Ons moet besef: dit gaan op die kansel om meer as net om **ons heil** en ons troos. Dit gaan bo alles om die **eer van God se Naam**. En dit gaan daarom dat lidmate toegerus kan word om die eer van sy Naam te verdedig ook teenoor andersdenkendes.

Neutraliteit is eweneens sonde. Baie mense meen dat God se Naam nie pas op sekere terreine van die lewe nie: in die onderwys, in die sport, in die politiek, in die kuns. Daarom word sy Naam vermy en nie in daardie verband gebruik nie. Daar geld sy beginsels nie. Vir ons as Gereformeerdes is daar egter geen terrein van die lewe waar God se Naam in onbruik gelaat kan word nie.

- Die **sesde** voorbeeld wat ek hier wil noem, is **ongeloof**. Wat 'n oneer doen ons die Naam van die HERE nie aan deur ons kleingeloof en ons ongeloof nie! As julle dink of sê: die HERE kan my nie help of verlos uit hierdie nood of daardie bekommernis nie, weet julle wat doen julle dan? Dan sê julle eintlik: HERE, u Naam, u Woord, is nie waar nie, want U noem Uself nou wel EK IS (= Ek is teenwoordig om my volk te help en te red) en U openbaar Uself nou wel so in u Woord, maar ek glo dit nie.

DIE REGTE GEBRUIK VAN DIE NAAM VAN DIE HERE

Die Wet leer ons nie alleen wat ons **nie** mag doen nie, maar ook wat ons **wel** moet doen: Ons mag nie die Naam en Woord van die HERE **mis-bruik** nie, maar ons moet dit wel **gebruik**.

Ons moet sy Naam **met vrees en eerbied** gebruik. Ons moet besef met Wie ons te make het en wie onself is: die HERE is die hoë, heilige God en ons is klein, nietige sondaarmensies. In die Bybel word daar dikwels gepraat van “**die vrees van die HERE**” (Spr 1:7; Ps 111:10; Ps 112:1). Hierdie **vrees** beteken nie angs nie, maar wys in die rigting van **ontslag en ware liefde vir die HERE en sy Woord**.

Die Kategismus noem drie voorbeelde waarin **ons vrees en eerbied** gestalte moet vind:

- **Eerstens** moet ons sy Naam **reg bely**.

Bely beteken om in die openbaar vir 'n saak of vir iemand uit te kom. Dit moet ons doen in ons gesin, in die kerk en in die wêreld. Ons moet aan ons vriende en aan alle mense vertel wat 'n groot en wonderlike God ons het. Ons sal dit ook inderdaad doen as ons onder die indruk is van sy heerlike openbaring in Christus.

Dit gaan verder ook nie om enige belydenis nie, maar ons Kategismus praat van die **reg bely**. Ons mag van die HERE nie sê wat ons wil nie. Ons moet alleen bely wat in die Bybel staan. Dit hou in dat ons Hom in die wêreld sal verkondig as die allerbarmhartigste God, maar ook die belydenis dat Hy regverdig is en die sonde nie ongestraf laat nie. Ons moet van sy genade durf praat, maar ook van sy oordeel. Ons moet die *hele* Bybel aan mense oordra en nie net daardie dele waarvan ons hou nie. Die derde gebod gebied ons dit.

- Die **tweede** wat ons moet doen, is om Hom **aan te roep**, dit wil sê om te bid.

Die HERE wil hê dat ons Hom moet erken as Gewer van alle dinge. En dit doen ons wanneer ons Hom vra om en dank vir geloof en liefde, maar ook om kos en gesondheid. Ook by die aanroep hoort die woord **reg**: Ons moet bid soos die Here in sy Woord dit beveel.

- **Derdens** leer die derde gebod: Hy moet **in al ons woorde en werke geprys word**.

In ons gehoorsaamheid aan sy Woord en in ons liefde vir sy Naam word Hy geprys. Deur die sondeval het die menselewe tot 'n rou vloek geword. Maar deur die verlossing van Christus word ons hele lewe, nie alleen **ons woorde** nie, maar ook **ons werke** of dade, omvorm tot 'n lied, 'n simfonie tot eer van sy Naam.

By die lofprysing moet ook ingesluit word ons Psalmgesang by die huisgodsdienste en in die kerk. Dit is deel van ons gehoorsaamheid aan die derde gebod: dat ons lofliedere sal laat opstyg tot sy eer. En dit spreek vanself: dit kan ons nooit traag of half-half doen nie. Ons moet dit van harte doen en met oorgawe.

Ook by die lofprysing hoort die woord **reg**: Ons moet die Here prys soos Hy dit in sy Woord beveel.

Vraag 100

Dir grootheid, die erns van hierdie sonde kom nou ter sprake.

Antwoord 100

Die heiliging van sy Naam is vir die HERE so 'n ernstige saak dat Hy aan hierdie gebod 'n strafdreiging toevoeg: "Want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie". En dat die HERE se Naam is: EK IS, Ek is 'n Waarmaker van my Woord, dit het die HERE getoon in die geskiedenis van Levitikus 24. Want toe 'n Egiptenaar in die laer van die Israeliete die Naam van die HERE gelaster het, is hy in opdrag van die HERE gedood. Daarin sien ons dat die HERE 'n Waarmaker is van sy **hele** Woord. Hy maak ook sy strafwoorde waar. By hierdie geskiedenis sluit die Kategismus ook aan wanneer hy sê dat geen sonde groter is en God meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel dat dit met die dood gestraf moet word.

Sondag 37

Die Derde Gebod: Die Godvresende eed

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).

(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.

Vraag 102: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?

Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste Kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer (a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).

(a) 2 Kor 1:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.

Vraag 101

Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Mag 'n mens soms wel sweer, **godvresend sweer?**

Antwoord 101

DIE GODVRESENDE EED

Om godvresende by die Naam van God te sweer, is wel toelaatbaar.

In verband met die **godvresende eed** word *drie dinge* gesê:

- **Wanneer** ons wel mag sweer,
- die **vereistes** waaraan so 'n eed moet voldoen, en
- dat die regte eed **op die Woord gegrond** is.

WANNEER ONS WEL MAG SWEER

Die Kategismus noem **twee gevalle wanneer** ons wel mag sweer:

- **As die owerheid dit van sy onderdane eis, of**
- **as die nood dit vereis.**

Die **doel** van so 'n eed word ook aangegee:

om daardeur trou en waarheid te bevestig.

Kom ons kyk na **die twee gevalle** wanneer ons wel mag sweer:

1. **As die owerheid dit van sy onderdane eis**

Twee voorbeelde:

- In 'n hof eis die regter (owerheid) dat ons moet sweer. Dit is nodig om seker te maak wat die waarheid is.
- As die owerheid seker moet maak of 'n dokument wat ons wil waarmerk, wel eg is, vra die polisie dat ons moet sweer.

2. **As die nood dit vereis**

In 'n oorlogsituasie kan dit nodig wees dat ons iemand moet laat sweer, as dit byvoorbeeld lewens kan red.

DIE VEREISTES WAARAAN SO 'N GODVRESENDE EED MOET VOLDOEN

Die eed moet aan twee vereistes voldoen:

- **Dit moet dan tot eer van God, en**
- **tot heil van die naaste gedoen word.**

Ook hier gaan dit om

- *liefde tot God* en
- *liefde tot ons naaste.*

DIE REGTE EED IS OP DIE WOORD GEGROND

Sodanige eedswering is **op die Woord van God gegrond en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik.**

Die Skrif leer dat die gelowige wel 'n eed mag sweer as dit nodig is. In Deuteronomium 6:13 word gesê: "Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer." En as Paulus sê: "Ek roep God as getuie ..." dan lê hy in werklikheid ook 'n eed af (2 Kor 1:23).

As Christus sê: "Moet glad nie 'n eed aflê nie" (Matt 5:34; vgl Jak 5:12), bedoel Hy met dié uitspraak nie dat die gelowige nooit mag sweer nie. Omdat die Jode destyds die eed onnodig en op 'n verkeerde wyse gebruik het (Matt 23:16-22), oordryf Jesus hier doelbewus om die verkeerde in hulle optrede te beklemtoon. Dit was 'n spreekwyse wat die *masjaal* genoem is. Dit kom by ons ook in gesprekke voor, byvoorbeeld: Daar lê 'n berg sand in die straat. Dat Christus nie bedoel het dat die mens nooit mag sweer nie blyk daaruit dat Hy self 'n eed voor die Joodse Raad afgelê het toe dit nodig was (Matt 26:63, 64).

Vraag 102

Mag ons ook by die afgestorwe **heiliges** (bv Maria en Augustinus) **of by ander skepsels** sweer?

Antwoord 102

Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet ons weet wat 'n eed is.

WAT EEDSWERING IS. 'N DEFINISIE

Ons Kategismus gee 'n mooi definisie: om 'n eed reg te sweer beteken **dat ons God aanroep as die enigste Kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer.**

Die HERE weet alles van ons af. Hy kan sien waar mense nie kan sien nie: tot in ons hart. Hy weet wat in ons gedagtes omgaan. Hy is die **Kenner van die hart**, sê ons belydenis.

- Om te sweer, beteken dus: Ek roep God, as Kenner van my hart, op **om vir die waarheid getuienis te gee**, om as Getuie op te tree dat ek die waarheid praat. Om te sweer, beteken dus dat ek sê: God is my Getuie.
- Maar sweer beteken ook dat ek sê dat Hy my mag **straf** as ek vals sweer.

Hierdie definisie trek egter ook 'n streep deur die moontlikheid dat daar by skepsele gesweer kan word. Immers, geen skepsel kan in my hart kyk en sien of ek die waarheid praat nie. God alleen kan dit doen. Hy is, sê ons belydenis, **die enigste Kenner van die hart** en **hierdie eer kom geen skepsel toe nie.**

Sondag 38

Die Vierde Gebod: Die dag van die HERE

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor 14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Vraag 103

In hierdie vraag en antwoord gaan dit oor die Sondag.

DIE SONDAG IN DIE PLEK VAN DIE SABBAT

In die Ou Testament het die kerk op die Sabbatdag, die sewende dag van die week (Saterdag), bymekaargekom.

Ons kom op die Sondag bymekaar. Daarvoor kan die volgende redes genoem word:

- Christus het op die Sondag opgestaan (Matt 28:1).
- Christus het na sy opstanding op die Sondag aan sy dissipels verskyn (Joh 20:19, 26).
- Die uitstorting van die Heilige Gees het plaasgevind op die Sondag (Hand 2:1, 41).

- Uit Handeling 20:7 weet ons ook dat die kerk van die Nuwe Testament op die Sondag bymekaar gekom het.
- Op die Sondag moes gawes vir die armes opsy gesit word (1 Kor 16:2).
- Die Sondag word genoem "die dag van die Here" (Op 1:10).

Antwoord 103

1. GOD MAAK DIE FEESDAG

Mense het nie bepaal dat die Sondag 'n feesdag moet wees nie, maar die HERE self het hierdie dag gemaak.

Deur twee dinge het God hierdie vreugdedag tot stand gebring:

- **Eerstens** het hierdie dag tot stand gekom deur sy **bevel**, want in Exodus 20 en in Deuteronomium 5 gee die HERE in sy Wet opdrag dat ons die sabbat moet vier.
- **Tweedens** het hierdie dag tot stand gekom deur sy **werke**. Deur sy dade groot en magtig en heerlik het God hierdie dag 'n jubeldag, 'n feesdag gemaak. Daaroor gaan dit op die rusdag: oor sy dade tot verlossing van sy volk. Hierdie reddingsdade van God gee ons stof tot vreugde en rede om fees te vier.

Die Sondag draai om die werke van die HERE:

- In Exodus 20:11 word die sabbat gekoppel aan die **skeppings-werk** van die HERE: "Gedenk die sabbatdag ... Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus ...". Daardie rus van die HERE op die sewende dag was nie 'n niks doen nie, maar Hy het Hom verheug in die werk van sy hande. Hy het Hom verheug in sy skeppingswerk. Daarby het die HERE die mens gekies om saam met Hom op hierdie dag te deel in sy blydskap. Op die rusdag moet ons daaraan dink hoe mooi God alles gemaak het en hoe goed Hy daarin vir die mens gesorg het.

- In Deuteronomium 5:15 word die sabbat ook gekoppel aan sy ***herrskeppings-werk***, dit wil sê sy verlossingswerk. Daar hoor ons: "Onderhou die sabbatdag ... En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm ...". Dus: Op die sabbat moes Israel verlossingsfees vier. Op daardie dag moes hulle oordink hoe die HERE hulle verlos het uit die slawebande en hoe Hy deur sy magtige reddingswerke hulle gebring het in die land van rus, in Kanaän. ***Ons as Nuwe Testamentiese Kerk dink aan die verlossing uit die slawehuis van die sonde.***

2. GOD MAAK DIE FEESPROGRAM

By feeste word 'n feesprogram uitgedeel waarin 'n mens kan sien wat op die fees gaan gebeur. Dit doen die HERE ook ten opsigte van die fees van die sabbat.

In Sondag 38 ontvang ons die feesprogram, met ***vier items daarop***:

- *eerstens* gaan ons **om die Woord van God te hoor**,
- *tweedens* **om die sakramente te gebruik**,
- *derdens* **om die Here openlik aan te roep**, en
- *vierdens* **om die Christelike liefdegawes te gee**.

As julle nou mooi gaan kyk na die verskillende items op die feesprogram, sal julle sien:

- In die ***eerste twee items*** gaan dit oor ***God se werke: Woord en sakramente***,
- in die ***laaste twee*** gaan dit oor ***die mens se werke: gebede en liefdegawes*** of barmhartigheid.

Julle moet daarop let: God se werke gaan voorop. Die prediking van die Woord en die bediening van doop en nagmaal staan eerste. Die werke van die HERE is die belangrikste van die rusdag. In die laaste twee items, in die gebede en in die barmhartigheid, gaan die mens aan die werk. Maar ook hierdie items moet julle nie losmaak van Woord en

sakramente, dit wil sê van die werke van God nie, want ons gebede en ons barmhartigheidsoffers is dankoffers. Daarmee dank ons die HERE vir sy skeppings- en verlossingswerke. Met ons werke antwoord ons op God se werke.

Op hierdie feesprogram kan julle presies sien wat 'n **erediens** is: ***Dit is 'n ontmoeting tussen God en sy volk.*** Die HERE kom met ons saam. Hy gaan aan die werk in die erediens. Dit doen Hy in die werk van Woordverkondiging en in die werk van sakramentsbediening, en ons antwoord met ons werke van gebed en barmhartigheid.

3. ONS VERANTWOORDELIKHEID TEN OPSIGTE VAN DIE FEES

Dit is so dat **God** hierdie feesdag maak. Daarby het **ons** egter ook 'n **verantwoordelikheid**. Ons moet hierdie fees moontlik maak. Dit is deel van ons gehoorsaamheid aan die vierde gebod.

Hoe moet ons hierdie feesvieringe moontlik maak? Dit sê ons Kategismus: God wil hê **dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig in stand gehou word**. Of soos dit in die ou vertaling van die Kategismus staan: **Ons moet die kerkdiens of predikamp en die skole onderhou**.

Dit doen ons **deur ons kerklike bydraes**. Deur ons kerklike bydraes moet ons sorg dat daar 'n dominee kan wees en dat die skole (die teologiese skole, waar dominees opgelei word) in stand gehou word.

4. GOD MAAK ONS EWIGE FEESGENOTE

Die Kategismus sê: **Ek moet elke dag van my bese werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk**.

Sondae is vir ons 'n fees. Dan rus ons. Hierdie rus bestaan veral daarin dat ons mag hoor dat Christus deur sy werk aan die kruis die sonde oorwin het. **Ons rus in sy oorwinning**. Deur die krag van sy Woord en Gees word ons verlos van die sonde en mag ons geniet van God se heerlike nabyheid. Dit is die waaragtige sabbatsrus.

Die feesviering hou egter nie op op Sondag nie. Die vierde gebod gebied dat ek **elke dag van my lewe** van my bese werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. Maandag moet dit voortgaan, tot Saterdag. Die Sondagsfees maak ons hele week 'n fees. Immers, ek mag en moet elke dag leef vanuit die werke van God en elke dag moet ek sy Heilige Gees in my laat werk. Wie so leef vanuit die werk van God in Christus sal ook elke weeksdag rus van sy bese werke. God se werk op Sondag in Woord en sakramente is die geheim van my oorwinning in die week oor my sonde werke.

Ek moet **die Here** (Jesus) **deur sy Gees** (en Woord) **in my laat werk**. Hoe doen ek dit? Deur Sondag kerk toe te gaan en daar te luister na die Woord van die Gees. Daardie Woord vertel ons van die werk van God in die skepping en herskepping. ***Deur die werke van God werk die Gees van Christus in my en laat my rus van my bese werke.*** Die werk van Here deur sy Gees staan teenoor my bese werke.

So – deur die werk van die Gees van Christus in my – **begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe**. Die fees van rus gaan voort van Sondag tot Saterdag. Die fees gaan egter nog verder: dit duur tot in ewigheid. Wie leef vanuit die oorwinning van Christus, vir hom het die **ewige sabbat** (rusdag) reeds 'n aanvang geneem **in hierdie lewe**. Dit **begin** hier reeds, maar die rus bereik sy volkomenheid in die lewe hierna. Daar bly 'n sabbatsrus oor vir die volk van God (Heb 4:9).

Om in te gaan in hierdie rus waarvan Hebreërs 4:9 praat, moet ons egter glo en gehoorsaam (Heb 3:18,19). Daardie geloof en gehoorsaamheid kom deur die werk van die Gees van Christus in my. Christus en sy Gees laat my rus van my bese werke van ongeloof en ongehoorsaamheid.

TEN SLOTTE

As ons weet waarom dit gaan op die Sondag, sal ons nie meer vra wat mag ons doen en wat mag ons nie doen nie. Dit is 'n heerlike, maar ook 'n noodsaaklike dag.

- Dit is **heerlik** om my te kan verlustig in die werke van God.
- Dit is **noodsaaklik** om Christus deur sy Gees in my te laat werk, want anders kan ek nie ingaan in die rus nie.

Sondag 39

Die Vyfde Gebod: Gesag

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Ex 21:17; Rom 13:1.

(b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21.

Vraag 104

In hierdie gebod gaan dit oor gesag.

GEEN GESAG MEER NIE

Ons kan die een-en-twintigste eeu ook met 'n ander naam beskryf: die eeu van die gesagloosheid. Daar is nie meer gesag nie.

Die skuld daarvoor lê aan twee kante:

- Enersyds wil die mense wat onder gesag staan, nie meer buig daaronder nie. Ons eeu is 'n eeu van opstand. Kinders kom in opstand teen hulle ouers, onderdane betoog teen die regering en met stakings verwoes werknemers die maatskappye van hulle werkgewers.
- Andersyds lê die oorsaak vir die gesagloosheid van ons dae ook by diegene wat gesag moet uitoefen: Ouers is bang en dikwels onwillig om hulle kinders te straf, owerhede ondergrawe tug of tree nie sterk teen misdadigers op nie, ensovoorts.

DIE DIEPSTE OORSAAK VIR GEBREK AAN GESAGSUITOEFENING EN GESAGSERKENNING

Die diepste oorsaak vir die weiering om gesag uit te oefen en om te luister na gesag is **ongeloof en ongehoorsaamheid**. Anders gesê: **Die gesag van God word aangetas**. Die mens wil hom nie meer buig onder God se gesagvolle Woord nie. Dit geld ook van die vyfde gebod, die gebod wat handel oor gesag en gehoorsaamheid aan gesag. Omdat die mens nie meer na God se Woord luister nie en dus ook nie na die Woord van die vyfde gebod nie, is daar geen gesagsuitoefening en gesagserkenning meer nie.

Antwoord 104

1. WIE ONS MOET GEHOORSAAM

Die vyfde gebod sê: Eer **jou vader en jou moeder**. Dit mag by ons die indruk skep asof dit in hierdie gebod net oor die ouerlike gesag gaan. Tog is dit nie waar nie. **Alle** gesagsinstansies is hierby ingesluit.

Laat ek verduidelik: Die Tien Gebooie is so opgestel dat by elke gebod nie alle moontlike voorbeelde van oortreding van daardie gebod opgenoem word nie. Neem nou maar die sesde gebod, dié oor die doodslag: nie alle moontlike vorme van oortreding word genoem nie, byvoorbeeld haat of kwetsende woorde of wraakgedagtes nie. Net die ergste voorbeeld van verbreking van hierdie gebod word genoem: moord, doodslag.

Dit geld eweneens van die vyfde gebod: Die HERE noem net een voorbeeld, naamlik vader en moeder. Daar is dus nog baie ander gesagsinstansies, maar die ouerhuis is wel die **vernaamste**.

Ons moet verstaan: Deur die ouerlike gesag so uit te lig as **dié voorbeeld** by die vyfde gebod, wil die HERE vir ons sê hoe belangrik die ouerhuis in sy oë is. Die ouerhuis is die fondament van kerk en samelewing. Dit is die leerskool van God, waar Hy ons wil leer om alle ander gesagsinstansies te respekteer. Waar ouers hulle gesag uitoefen en waar Pa en Ma hul kinders leer om eerbied vir gesag te hê, daar word ook gehoorsame staatsburgers

gekweek en lidmate wat hul voorgangers respekteer. Loop dinge egter hier verkeerd, dan word die ouerhuis 'n kweekhuis van rebelle.

Ek noem vir julle nog 'n paar gesagsinstansies: die skool, die owerheid, die kerkraad, werkgewers.

2. DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN HULLE WAT ONDER GESAG STAAN

Kinders, onderdane en werknemers het 'n **verantwoordelikheid** kragtens die vyfde gebod.

1. Ek moet almal wat oor my gestel is, **alle eer, liefde en trou bewys**.

Eer jou vader en jou moeder, sê die HERE in sy Wet. Eer hulle. Weet julle, hierdie woord word ook in die Ou Testament gebruik as dit oor God gaan. Julle ken sekerlik die uitdrukking: die heerlijkheid van die HERE. In die wolkkolom en in die vuurkolom het die HERE sy heerlijkheid geopenbaar. In die oorspronklike Hebreeus staan daar vir heerlijkheid **kabood**, wat beteken: gewig, as gewigtig erken. Nou ja, daardie woord gebruik God nou self m.b.t. ons ouers. Eer hulle, erken hul heerlijkheid. Ons moet hulle as gewigtig erken. Want die HERE het sy heerlijkheid, sy eer, op hulle gelê. God het in die vyfde gebod vir ons ouers 'n kroon op die hoof geplaas. God het hulle gekroon met gesag. God self staan agter hulle en Hy wil ons regeer deur hulle hand.

2. Ons moet ons **aan hulle goeie leer en tug met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp**.

Ons moet ons met die **verskuldigde gehoorsaamheid** daaraan onderwerp. Ons is dit aan God verskuldig. Hy en nie maar net ons ouers eis dit van ons nie.

3. Ons moet **geduld hê met hulle gebreke**.

Ons ouers, ons onderwysers, ons kerkrade is mense en mense is sondaars. Hulle maak foute. Dit gee ons egter nog nie die reg om teen hulle in opstand te kom nie. Ons word opgeroep om geduld met hulle swakhede te hê.

Ons het soms baie kritiek op die mense wat oor ons aangestel is. Die vraag is egter. Bid julle vir die mense wat God self oor julle aangestel het?

3. DIE VERANTWOORDELIKEID VAN HULLE WAT GESAG UITOEFEN

Ouers, onderwysers en kerkrade het 'n **verantwoordelikheid** kragtens die vyfde gebod.

1. Ouers, onderwysers, ouderlinge, moet lei met die Skrif in die hand en in die hart. Dit is die **goeie leer** waarvan die belydenis praat.
2. Gesagsdraers het die roeping om te **tug**. Op verskillende plekke roep die Spreukeboek ons as ouers op om die tugroede nie te weerhou nie. Tug is heilsaam, sê die Woord. Dit geld ook die tug in die kerk. God het daarmee die goeie met ons op die oog. Daarom is dit nie goed om teen tug in verset te kom en om tug as outyds te verwerp nie. Die alwetende God self het dit voorgeskryf in sy Woord en Hy weet meer as die sielkundiges en die opvoedkundiges. Vanselfsprekend moet hierdie tug gedra word deur die liefde. Dit gaan hier nie om enige tug nie, maar om daardie tug wat in lyn is met die Heilige Skrif.

4. WAAROM MOET ONS GEHOORSAAM?

Waarom moet ons gehoorsaam? Omdat God dit wil hê. Omdat God agter ons ouers en ons ouderlinge en ons owerheid staan. **Omdat** (rede) **God ons deur hulle wil regeer**, sê ons belydenis.

Ons moet dus nie sê die vyfde gebod gaan oor die regering van mense nie. Dit gaan oor die regering van God, die heerskappy van die HERE **deur** mense. Hy maak van mense gebruik om my te regeer, om my op te voed, om my te lei. Dit beteken: Kom ek in **opstand teen hierdie gesagsliggame**, dan kom ek nie bloot teen mense in verset nie, maar ek kom in **opstand teen die HERE self** wat agter hulle staan.

In Efesiërs 6:1 skryf Paulus: “Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees **in die Here**, want dit is **reg**.”

- Met die **in die Here** bedoel die apostel: Ons is verbind aan die Here en ons staan onder die heerskappy van ons Here Jesus. Daarom moet ons ons aan ons ouers

onderwerp, omdat Hy dit beveel. Gehoorsaamheid aan ons ouers is tegelyk gehoorsaamheid aan ons Here.

- Om ons ouers te gehoorsaam, is **reg**, dit wil sê in ooreenstemming met die Here se wil.

5. DIE EERSTE GEBOD MET 'N BELOFTE

In Efesiërs 6:2 sê Paulus die vyfde gebod is die eerste gebod met 'n belofte. Met die woord **eerste** bedoel Paulus: Hier is 'n gebod van groot gewig en waarde. Vanweë die groot belangrikheid van die vyfde gebod het die Here 'n **belofte** daaraan gekoppel: sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde (v 3).

God dryf ons nie net met die krag van sy **bevel** nie, maar Hy lok ons ook met sy **belofte** om hierdie gebod van Hom te gehoorsaam.

6. NIE GESAG SONDER GRENSE NIE

Dit wil natuurlik nie sê dat die owerheid en die kerkraad en ons ouers se gesag onbegrens is en dat hulle maar kan maak wat hulle wil nie. Alle gesagsinstansies moet hulle hou aan die Woord. Die Bybel is die grens. Met die Skrif in die hand moet gesagsdraers regeer. Dan staan die HERE agter hulle en is Hy die een wat deur hulle regeer.

Kinders, skoliere, onderdane en lidmate moet gehoorsaam wees. Maar as die regering of ons ouers of wie ook al iets van ons eis wat teen die Woord van God indruis, mag ons nie luister nie. Dan geld die woord van Petrus in Handeling 5:29: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense".

7. CHRISTUS EN GESAG

Ook ten opsigte van die vyfde gebod het ons Christus so nodig:

- Waar Hy in menseharte regeer en verlossend aan die werk is deur sy Woord, daar word gesag met liefde uitgeoefen. Daar laat gesagsdraers hulle in hulle gesag en wette en regulasies lei deur die Bybel en dan word die gesag mooi.
- Waar Christus heers in onderdane en kinders en skoliere se harte – daar sien hulle God se hand agter Pa en Ma en agter die ouderling, ensovoorts, en hulle respekteer die gesag.

Sondag 40

Die Sesde Gebod: Respek vir lewe

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Ex 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns (a), haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Ex 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Vraag 105

In die *sesde gebod* gaan dit oor die *lewe* van die mens: *die lewe van my naaste en my eie lewe*. Ons moet respek hê vir die lewe van ons naaste en vir ons eie lewe.

Vraag 105 handel oor wat God **verbied** in die sesde gebod.

Ter inleiding gaan ons hier by twee belangrike sake stilstaan:

1. DIE SONDEVAL EN DOODSLAG

Die sondeval in Genesis 3 het alles te make met die gebrek aan respek vir lewe: Toe die mens in sonde geval het, is nie net sy verhouding met God verbreek nie, maar ook sy verhouding met sy naaste het aan skerwe gelê.

Waar liefde tot God daarmee heen is, is ook nie liefde tot die naaste nie. Dit sien ons in wat gebeur direk na Genesis 3:

- *Die eerste sonde* wat gepleeg is nadat die mens uit die paradys verdryf het, was *moord*. Kain het Abel doodgeslaan (Gen 4).
- *Die eerste lied* wat gedig is nadat die mens uit die paradys verdryf het, was 'n *moordlied*, 'n lied van wraak: "En Lameg het aan sy vroue gesê: Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentig maal" (Gen 4:23, 24).

Onthou: Ons liefde tot God het alles te make met hoe ons met ons medemens omgaan. Ons liefde tot God kry ook gestalte in ons liefde vir ons medemens.

2. WAAROM DOODSLAG VERBIED WORD

Twee redes moet genoem word:

1. *Die mens is geskape na die beeld van God*

Aan Noag het God gesê: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed moet deur die mense vergiet word". By die bevel gee God ook uitdruklik die rede: "**want** God het die mens **na sy beeld** gemaak." (Gen 9:6)

Om beeld van God te wees, beteken: om onderkoning in diens van die HERE te wees, om God te eer as onderkoning. Wie 'n mens vermoor, beroof God van sy eer, want hy verhoed 'n medemens om God as beelddraer te dien.

2. *Lewe behoort aan God*

God het lewe geskep. Dit geld van ons eie en ons naaste se lewe. Ons het nie die reg om te beskik oor lewe nie. Die lewe behoort aan God. Daarom is alle vorms van eiemagtige doodmaak van mense verbode.

- Daarom moet praktyke soos die vernietiging van embrio's en die uitvoering van **aborsie** onder normale omstandighede ten sterkste afgewys word as in stryd met die sesde gebod, want die lewe van die mens begin reeds by bevrugting (Ps 139:13-16).
- Daarom kan ook **genadedood** (eutanase) nie vir 'n Christen aanvaarbaar wees nie.

Antwoord 105

1. DIE LEWE VAN MY NAASTE

Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar.

Dit gaan in die sesde gebod nie net oor moord nie. Ook as ek **my naaste onteer, haat** of **beledig** oortree ek hierdie gebod.

Ek kan iemand seermaak (=doodslaan) **met my gedagtes, woorde of gebare**.

- **Gedagtes** van wraak is al moord.
- Kwetsende **woorde** het alles met doodslag te make. Karaktermoord (om iemand met woorde af te kraak in 'n gesprek of in 'n koerant) is moord.

- Om die vuis vir iemand te bal (**gebare**) is oortreding van die sesde gebod.

2. MY EIE LEWE

Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie.

Ons kan ons lewe op verskillende wyse in gevaar stel: deur roekelose bestuur, 'n slegte lewenstyl (eet- en drinkgewoontes), dwelmgebruik en selfmoord.

My lewe is nie my eie nie. Ek mag nie met my liggaam maak wat ek wil nie.

3. DIE OWERHEID EN SY SWAARDMAG

Die owerheid dra die swaard om doodslag te weer.

Reeds in Genesis 9:6 lees ons dat moord met die doodstraf gestraf moet word: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word."

Om die lewe van die mens te beskerm, het God nie net die gebod gegee wat moord en doodslag verbied nie. Hy het die owerheid die mag gegee het om met die dood te straf. Daarom moet die owerheid ook diegene die lewe ontnem wat die lewe van ander, nie per ongeluk nie, maar moedswillig en met voorbedagte rade ontnem het. Dit hoor ons in Romeine 13:4: "Want hy (die owerheid) is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf."

Op hierdie wyse beskerm God die lewe van die mens, want die feit dat die owerheid die moordenaar met die dood straf, hou die mens wat deur Satan as die mensemoordenaar aangehits word in sy bloeddorstigheid in bedwang, al is dit net uit vrees dat hy sy eie lewe kan verloor (Rom 13:3,4). Dit beteken dat die verantwoordelike toepassing van die doodstraf deur die owerheid absoluut noodsaaklik en 'n Skriftuurlike eis is.

Vraag 106

Dit gaan in die sesde gebod om **meer as maar net moord met die daad**. Aan die hand van die Skrif wil die Kategismus ons leer dat hierdie gebod **nie net van doodmaak praat nie**.

Antwoord 106

God **verbied** nie alleen moord met die daad nie. In hierdie vraag en antwoord word aan ons getoon dat dit in die sesde gebod om meer as maar net moord met die daad, daadwerklike doodslag, gaan. Die Kategismus dring deur tot die **wortel** van die probleem: **afguns, haat, woede en wraaklus**. God verafsku hierdie dinge. Dit alles is vir Hom **heimlike moord**.

Die Kategismus kry sy antwoord in die Skrif: "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie" (1 Joh 3:15).

Vraag 107

Dit gaan in vraag 107 oor wat God **gebied** in die sesde gebod.

Antwoord 107

Baie mense dink: As ek nie haat en moor nie, het ek die sesde gebod nagekom.

Die belydenis laat ons egter sien dat die sesde gebod nie alleen **verbied** nie, maar ook **gebied**. Anders gesê:

- Enersyds is daar dinge wat ons moet nalaat: **God verbied afguns, haat en woede**.
- Andersyds is daar dinge wat ons moet doen: **God gebied dat ons ons naaste moet liefhê soos onself**.

Hierdie liefde word uitgespel:

- **Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom, en selfs aan ons vyande goed doen.**

Naasteliefde is nie net woorde of gevoel nie. Ons moet ook met ons dae wys dat ons lief is vir mekaar.

DIE WERKE VAN DIE VLEES EN DIE VRUG VAN DIE GEES

In Galasiërs 5 hoor ons van die werke van die vlees (vv 19-21) en die vrug van die Gees (v 22).

- ***Die werke van die vlees***

Met **vlees** bedoel Paulus: die mens soos hy geword het deur die sondeval, dit wil sê die mens onder die mag en die heerskappy van die duiwel en die sonde.

Die werke wat die vlees produseer, is onder andere: vyandskap, toornigheid, afguns, moord – alles dinge wat deur die Kategismus **verbied** word as oortredings van die sesde gebod.

- ***Die vrug van die Gees***

Met die vrug van die Gees bedoel Galasiërs 5: die vrugte wat ons oplewer as die Here Jesus Christus deur sy Gees in ons woon.

Die vrug van die Gees is onder andere: vrede, lankmoedigheid (geduld), vriendelikheid, sagmoedigheid, selfbeheersing – alles dinge wat volgens die Kategismus **gebied** word as vervulling van die sesde gebod.

DIE DOOD VAN DIE MOORDENAAR IN ONS EN DIE KRUIS VAN JESUS

In Galasiërs 5:22 leer ons dat ons deur die Gees van Christus weer die sesde gebod kan nakom. Deur die Heilige Gees word die moordenaar in ons doodgemaak.

Hierdie werk van die Gees het alles met Christus te make. Die Gees bring Christus na ons toe en so bring die Gees sy vrug in ons lewe. Presies dit leer ons in Galasiërs 5:24: Die wat aan Christus behoort, "het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig"

(Gal.5:24). Met die "gekruisig" word die kruis van Golgota bedoel. Op die plek van die hoofskedel is **die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig**. Paulus gebruik die woord **kruisiging** om aan te dui dat die doodmaak van die vlees vrug (gevolg) is van die kruis van Christus en geen mensewerk nie (Calvyn). Die kruis is die geheim. Die werk van die Gees word nie losgemaak van die werk van Christus aan die kruis nie. Die gelowige is deur God se Gees in Christus ingelyf. Daardeur het die ou mens, **die vlees**, aan die kruis gesterf. As die Gees ons deur die geloof aan Christus verbind, ontvang die ou mens in ons (die moordenaar) die doodsteek. Deur die Gees en die krag van Christus se kruis word die gelowige van harte gewillig en bereid gemaak om die stryd teen hulle bose luste aan te bind. Hier in Galasiërs 5 word die werkswyse van die Gees geopenbaar: ons vlees word gekruisig deur en in die kruis van Christus. Die kruis is die sterfbed van ons ou mens en die geboortebed van ons nuwe mens. Die Gees is die Gees van die **sola's**: **sola Christo** (deur Christus alleen), **sola Scriptura** (deur die Woord alleen), **sola fide** (deur die geloof alleen), **sola gratia** (deur genade alleen), **solī Deo gloria** (aan God alleen die eer). Dit is die Gees alleen (**sola**) deur Christus alleen (**sola**).

In Lukas 23:33 lees ons: Weerskante van Jesus het twee moordenaars gehang; een aan sy linkerkant en een aan sy regterkant. In Romeine 6:6 hoor ons van **nog 'n moordenaar** op Golgota: **ons ou mens**. Ons weet, sê Romeine 6, dat ons ou mens saam met Christus gekruisig is. Deur die kruis van Christus word die ou mens van ons, die moordenaar in ons, gedood (Rom 6).

Sondag 41

Die Sewende Gebod: Kuisheid binne én buite die huwelik

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) Lev 18:28. (b) Jud :23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).

(a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.

Vraag 108

Die **sewende gebod** lui: Jy mag nie egbreek nie. Met **eg** word **die huwelik** bedoel. Ons hoor die woord eg ook in die woord **eg**-skeiding. Die huwelik of eg mag nie gebreek word nie. “Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” (Matt 19:6)

Ons sal egter sien dat dit in hierdie gebod oor baie meer as net die huwelik gaan (vgl ook v/a 109).

Antwoord 108

ONKUISHEID VERBIED, KUISHEID GEËIS

Alle onkuisheid is deur God vervloek.

Dat dit nie net oor kuisheid in die huwelik en dinge soos egskeiding gaan nie, kan gesien word in die woorde: Ons moet kuis en ingetoë lewe **sowel binne as buite die huwelik**. Hierdie gebod het dus ook iets te sê vir mense wat nog nie getroud is nie, wat **buite die huwelik** is.

By **alle onkuisheid** kan ons dink aan huweliksontrou, egskeiding en voorhuwelikse seks, maar ook vulgêre gedagtes, woorde, grappe, pornografie, TV-programme en rolprente waarin seks buite die huwelik as iets normaal voorgestel word, ensovoorts (sien antwoord 109).

Ook homoseksualisme is ingesluit by die **alle onkuisheid**. In Levitikus 18:22 word dit uitdruklik verbied. Romeine 1:26, 27 noem dit “skandelige hartstogte” en “skandelikhede”, dinge wat “teen die natuur is”.

GOD VERVLOEK ONKUISHEID

- Die Kategismus begin met **God se oordeel oor onkuisheid**: God **vervloek** onkuisheid.

Daarin kan ons sien hoe ernstig God oortreding van hierdie gebod opneem.

Reeds in die Ou Testament, in Levitikus 18:6-30, hoor ons dat God sy oordeel (vloek) uitspreek oor verskillende seksuele dade. Israel, die kerk, word gewaarsku: “Laat die land (Kanaän) julle dan nie uitspuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was.” (v.28) **Hulle erfdeel, die beloofde land, kom dus deur hierdie sonde in gedrang.**

Dit is egter nie net die Ou Testament wat so skerp teen hierdie oortreding ingaan nie. Ook in die Nuwe Testament hoor ons: “Want dit moet julle weet dat geen **hoereerder** of onreine of gierigaard, wat ‘n afgodedienaar is, ‘n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.” (Ef 5:5) **Ons erfdeel, die beloofde land, kom deur hierdie sonde in gedrang.**

Die Here is ’n wreker van dinge soos hoerery (1 Tess 4:1-6).

ONS MOET ONKUISHEID HAAT

- Die Kategismus wys ook aan wat *die gelowige se houding teenoor onkuisheid* moet wees: Ons moet onkuisheid **hartgrondig haat**.

In die oorspronklike teks van die Kategismus staan dit nog skerper: dat ons daarom **van harte vyande daarvan moet wees**.

In hierdie woorde hoor ons die woorde van vraag en antwoord 89 terug: Die ware bekering is 'n **hartlike** berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde **haat** en daarvan wegvlug

God vervloek onkuisheid en **daarom**, omdat dit Hom so vertoorn, moet ons van harte vyande daarvan wees. Dawid bely dat hy met sy owerspel met Bátseba teen die HERE gesondig het (Ps 51:6).

DIE HEILIGE HUWELIKSTAAT 'N INSTELLING VAN GOD

In die oorspronklike teks van die Kategismus staan daar nie alleen **huwelik** nie, maar die **heilige huwelikstaat**.

Van die huwelik word nadruklik bely: Dit is **heilig**. Anders gesê: Die huwelik is deur God ingestel en geheilig (afgesonder) vir sy diens.

Ons huweliksformulier sê God het die huwelik met hierdie woorde ingestel: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas." (Gen 2:18). God bring (voeg) mense saam in die huwelik (Matt 19:4-6). Net so lei God vandag nog elke man en vrou na mekaar toe.

DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

In ons huweliksformulier word vir ons gesê wat die doel van die huwelik is:

- Die een moet naamlik die ander getrou help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort.

- Die menslike geslag moet ook deur die huwelik gebou word (Gen 1:28), en ouers moet hulle kinders opvoed in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid.
- Verder dien die huwelik om die mens alle onkuisheid te laat vermy. Daarom moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man (1 Thess 4:3-5).

DIE HUWELIK EN DIE SONDEVAL

Die sondeval het ook die huwelik geraak. Direk na die sondeval kry ons die eerste huweliksonenigheid. Adam beskuldig Eva: “Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.” (Gen 3:12)

DIE HERSTEL VAN DIE HUWELIK EN CHRISTUS EN SY GEES

Christus herstel met sy verlossingswerk ook die huwelik.

- **Johannes 2:1-11**

In ons huweliksformulier staan dat Jesus die huwelik so hoog geëer het deur sy teenwoordigheid en sy wondertekens op die bruilof in Kana (Joh 2:1-11).

Johannes skryf nie sonder rede dat Jesus die begin van sy wonderwerke verrig het op 'n bruilof nie. Christus het met die begin van die tekens van sy Koninkryk begin daar waar die sonde begin het, naamlik in die huwelik.

Daar is 'n besondere ooreenkoms tussen Johannes en Genesis. **Genesis** begin deur te vertel dat God in die begin deur sy Woord alles gemaak het (Gen 1) en hoe Hy man en vrou gemaak het en die vrou as hulp vir die man gegee het (Gen 1 en 2). **Johannes** begin ook deur te vertel dat alles deur die Woord ontstaan het (Joh 2) en dan die huwelik of bruilof te Kana (Joh 2).

- **Efesiërs 5:18-33**

In hierdie gedeelte gaan dit oor die huwelik. Ons Here Jesus Christus gee deur sy Heilige Gees opdrag hoe man en vrou hulle jeens mekaar moet gedra.

"Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig" (v 22). Kragtens God se bevel moet die vrou haar onderwerp aan die leiding van die man. Daarby voeg Jesus die woorde "soos aan die Here (Jesus)". Daarmee bedoel die apostel: Vroue, julle onderdanigheid aan julle mans is deel van julle plig teenoor die Here Jesus Christus. In julle onderdanigheid aan julle mans eer julle nie maar net 'n mens nie, maar die Koning van die kerk.

Die man moet die leiding neem, die hoof wees, maar die man moet op 'n heel besondere manier lei: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê" (v 25). Met hierdie woorde sê Paulus **hoé** 'n hoof die man moet wees. 'n Christen-man heers op 'n ander manier oor sy vrou as wat 'n ongelowige man dit doen. In die heidense wêreld van daardie tyd was die man niks anders as 'n tiran en die vrou niks meer as 'n slavin nie. Die Heilige Gees leer ons egter: Manne, julle heerskappy moet gedra en gestempel word deur die liefde. Paulus gebruik hier 'n baie besondere woord (**agape**), wanneer hy die manne oproep tot liefde. Dit is dieselfde woord as wat in die Bybel altyd gebruik word vir die liefde van God vir sy kinders. Sò, sê Paulus, sò moet julle, manne, julle vroue liefhê. Julle moet julle vrouens liefhê soos God sy volk lief het.

Dan verduidelik Paulus presies wat hy bedoel met hierdie liefde. Hy wys die mans op die liefde van Christus: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad ... het." Waarin het die liefde van Christus vir sy bruid, vir sy gemeente geblyk? Daarin dat Hy Homself geoffer het vir sy bruid. Christus se liefde was 'n selfopofferende liefde. Sò is die ware liefde: dit word nie gedryf deur selfliefde nie, maar dit word gekenmerk deur offervaardigheid.

Maar hoe kan man en vrou nou hierdie opdragte nakom? God self stel ons instaat om hierdie opdragte na te kom. Dit lê in die woorde van vers 18: "Word voortdurend met die Heilige Gees vervul".

Vervul beteken beteken: om geheel en al daardeur in beslag geneem te word en daardeur beheers te word. Neem nou byvoorbeeld die beeld wat Paulus gebruik: "Moenie dronk word van wyn nie." Wat sê ons van iemand wat dronk is? Ons sê : Hy is onder die **invloed van drank**. Dit beïnvloed sy hele doen en late.

Ons as gelowiges mag nie onder die invloed van wyn wees nie. Ons moet onder 'n ander invloed wees: ons moet vervul word met die Heilige Gees. Word vervul met die Heilige

Gees: word vol van die Heilige Gees. Wees onder sy invloed. Waar ons deur die Gees beheers word en onder sy invloed is, daar heers ook die liefde. Een van die vrugte van die Heilige Gees is, aldus Galasiërs 5, die liefde, daardie ware Goddelike liefde. Waar daardie liefde ons beheers, bloei die huwelik op, kom daar 'n ware omgee vir mekaar.

Hierdie liefde van die Gees is die vrug van die kruis en die opstanding van Christus, die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Vervulling met die Heilige Gees het alles met vervulling met die Woord te make. Die Gees is die Gees van die Woord. Hy vervul ons met Christus en sy verlossingswerk.

Vraag 109

In hierdie vraag en antwoord wil die Kategismus ons nou laat sien dat dit oor ***meer as net die daad*** van egskending en die daad van huweliksontrou gaan.

Antwoord 109

BEIDE LIGGAAM EN SIEL TEMPELS VAN DIE HEILIGE GEES ... DAAROM

Ons Kategismus begin deur te sê: **Ons liggaam en siel is 'n tempel van die Heilige Gees. Daarom wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar.**

Hierdie woorde kom uit 1 Korinthiërs 6:13-20, waar gewaarsku word teen die sonde van hoerery.

In 1 Korinthiërs 6 wil Paulus by die gemeente tuisbring: Nie alleen ons siel nie, maar ***ook ons liggaam is vir Hom belangrik***. Die liggaam is nie bedoel vir hoerery nie, maar ***bedoel om die Here daarmee te dien*** (v 13). Ook hierdie liggaam van ons sal eenmaal opgewek word (v 14), en het dus ewigheidswaarde.

Daarby moet ons onthou: ***Ons liggame is lede van Christus***: Hy is die hoof en ons sy liggaam (lede). Wie hoerery bedryf, moet daarom besef wat hy doen: Hy neem 'n deel van Christus en maak dit deel van 'n hoer (v 15). Immers, wie met 'n hoer omgaan, is met haar een liggaam, een vlees (v 16).

Dan kom die apostel in vers 19 by die beeld dat *ons liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in ons is*. Die apostel benadruk dit dat *ons ons liggaam van God ontvang het*, en *dat ons nie aan onself behoort nie* en dus met ons liggaam kan maak wat ons wil nie. In vers 20 sê hy hoe dit gebeur het dat ons nie aan onself behoort nie: *Want julle is duur gekoop*. Daarmee gryp hy terug op die duur prys wat Christus vir ons betaal het en dat ons daarom nou nie aan onself behoort nie, maar ook ten opsigte van ons liggaam eiendom van die Here is (vgl HK 13:34). “Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort”, sê Paulus.

MEER AS NET DIE DAAD

God verbied nie alleen **alle onkuise dade** nie. Hy verbied ook **alle onkuise gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei**.

En alles wat 'n mens daartoe kan verlei. Dit sluit in dinge soos rolprente, TV-programme en tydskrifte, waarin sekstonele vertoon word. Ons mag onself nie blootstel aan die dinge wat ons tot onkuishede kan verlei nie. Ons mag onself nie oorskat nie en ons mag God nie versoek nie.

VERLOSSING VAN ONKUISHEID: DEUR CHRISTUS EN SY GEES

In 1 Korintheërs 6:10 skryf Paulus dat geen “hoereerders of afgodedienslaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers die koninkryk van God sal beërwe nie.” Wat hy in die volgende vers sê, is van besondere belang in verband met die verlossing ook van hierdie sonde. Hy sê vir die Korintheërs: En dit **was** sommige van julle. Dit staan in die verlede tyd. Daar het 'n einde daaraan gekom. Hoe dit gebeur het, lees ons in die vervolg van vers 11: “maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.”

Sondag 42

Die Agste Gebod: Ons en ons naaste se besittings

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs dié diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).

(a) Matt 7:12. (b) Ef 4:28.

Vraag 110

Vraag en antwoord 110 handel oor wat God **verbied** in die gebod "*Jy mag nie steel nie*"

Antwoord 110

1. DIE HERE IS DIE EIENAAR EN KONING VAN ALLES

Die Here is Eienaar van alles. Dit spreek vanself, want Hy het alles geskape. Psalm 24:1, 2 sing daarvan: “Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en

die wat daarin woon; **want** Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.” Ook in Psalm 50:1-12 verklaar die HERE dit uitdruklik: “Want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende ... want die wêreld is myne en sy volheid.”

2. ONS IS SLEGS ONDERKONINGS OF RENTMEESTERS

God het die mens geskape na sy beeld en na sy gelykenis (Gen 1:26). Dit beteken dat ons **onderkonings** is. As onderkonings moet ons heers oor God se skeppingswerk, sy eiendom. Dit bly egter die eiendom van die groot Koning. Ons is slegs **rentmeesters**.

In Lukas 16:1-9 word die beeld van **rentmeester** gebruik. 'n Rentmeester was iemand wat deur die eienaar aangestel is oor sy besittings. Dit bly egter die eienaar se goed. Die rentmeester moet die eienaar se besittings so beheer en gebruik dat die eienaar, en nie hy self nie, daardeur verryk word. Op 'n stadium moet die rentmeester ook rekenskap aflê van dit wat hy met die eienaar se goed gedoen het. Daarvan lees ons ook in die gelykenisse van die talente en die ponde (Matt 25:14-30; Luk 19:11-27). Hierdie gelykenisse slaan op die wederkoms: Daar kom 'n dag dat die Eienaar sal terugkom op die wolke van die hemel en van ons rekenskap sal eis oor wat ons met sy goed gemaak het.

3. DIE SONDEVAL EN ONS RENTMEESTERSKAP

Die mens was nie tevrede daarmee om net onderkoning en rentmeester te wees nie. Hy wou self God, eienaar, koning wees (Gen 3:5, 6). Deur die sondeval het hy nie meer sy aardse goedere gesien as God se eiendom nie, maar as sy persoonlike eiendom. Hy wou nie meer God en sy naaste daarmee dien nie, maar dit gebruik in eie diens of belang. Uiteindelik het hierdie aardse goedere vir baie mense 'n god geword.

Dit was ook die geval met Saggeüs (Luk 19:1-10). Ook hy het in die deur die sonde versteurde verhouding tot sy aardse besittings gestaan. Daarom het hy afgepers en gesteel onder die skyn van reg.

4. WAT DIE MENS AS RENTMEESTER NIE MAG DOEN NIE

a) Die verkeerde verwerwing van aardse middele

Niemand sal seker daaraan twyfel nie: daardie **diefstal en roof wat die owerheid straf**, word deur God verbied. Dit is vir ons duidelik dat bankroof, winkeldiefstal en bedrog sonde is.

Ons kan egter ook so steel dat niemand daarvan weet nie, of goed van my naaste bekom op 'n manier wat nie deur die owerheid gestraf word nie. Die Kategismus praat in die verband van **al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry ... met geweld of 'n skyn van reg**. Die Kategismus noem die volgende voorbeelde: **deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied**.

Ons hoor in hierdie laaste woorde onder andere Levitikus 19:35-36 terug: "Julle mag geen onreg doen in die gereg, in lengtemaat, gewig of inhoudsmaat nie. Julle moet 'n regte weegskaal hê, regte weegstene, 'n regte efa en 'n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het". In die Ou Ooste het dit gebeur dat iemand 'n byvoorbeeld 'n weegskaal of gewigte gebruik het wat "gedokter" was.

Ons kan by hierdie antwoord ook dink aan sondes soos dobbelary en lotery. Daardeur bekom ons ons naaste se geld sonder dat ons daarvoor gewerk het. In die oë van die wêreld en voor die owerheid is daar niks daarmee verkeerd nie. Dit het **'n skyn van reg**.

b) Die verkeerde besitting van aardse middele

God verbied ook alle gierigheid.

'n Gierigaard is iemand wat sy naaste niks gun nie, maar alles wat hy van die Here ontvang net vir homself wil hou.

Daarteenoor sê 1 Johannes 3:17: "Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?"

Die gierigaard besit eintlik nie sy goed nie, maar hy word besit deur sy goed, sy god Mammon. Daarom noem Kolossense 3:5 gierigheid **afgodediens**.

c) Die verkeerde besteding van aardse middele

God verbied ook alle misbruik en verkwisting van sy gawes.

Die Bybel waarsku ons teen **verkwisting** of vermorsing: "Wie van vrolikheid hou, is 'n man van gebrek; hy wat van wyn en olie hou, sal nie ryk word nie" (Spr 21:17). En: "Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want 'n drinker en 'n vraat sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra" (Spr 23:20,21).

Ook die verkwister besef nie dat hy 'n rentmeester van God se besittings – **sy gawes** – is wat eenmaal aan Hom rekenskap moet gee wat hy daarmee gemaak het nie.

Die mens van vandag sê maklik: Dit is **my** geld en **my** goed en ek sal daarmee maak wat **ék** wil. Ons belydenis verklaar egter: Dit is **sy gawes**, God se gawes, wat **Hy** aan my gee en wat ek moet aanwend soos **Hy** wil.

5. CHRISTUS SE WEDERKOMS: REKENSAP GEVRA VAN SY RENTMEESTERS

Daar kom 'n dag dat die Eienaar sal terugkom op die wolke van die hemel en van ons rekenskap sal eis oor wat ons met sy goed gemaak het.

In Lukas 19:1-10 kry ons die geskiedenis van Saggeüs, wat hom eers vergryp het aan sy naaste se besittings, maar wat deur die Here se genade verlos is van die sonde teen die agtste gebod. Direk na hierdie geskiedenis kry ons die gelykenis van die ponde (vv 11-27). In Matthéüs 25:14-30 weer staan die gelykenis van die talente. Hierdie gelykenisse slaan op die wederkoms van Christus en dat ons dan verantwoording sal moet doen van wat ons met sy gawes aan ons gedoen het.

6. GOD SE OORDEEL OOR GODDELOSE RENTMEESTERS

In onder andere 1 Korinthiërs 6:10 spreek God sy oordeel uit oor sonde onder andere teen die agtste gebod: Ook diewe, gierigaards en rowers sal die koninkryk van God nie beërwe nie.

Met betrekking tot die man wat die een talent ontvang het en gaan begrawe het, word in die gelykenis gesê: “En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.” (Matt 25:30)

Direk na die gelykenis oor die talente volg in Matthéüs 25:31-46 die profesie van Christus se wederkoms en hoe Hy skeiding sal maak tussen die skape en die bokke. Opvallend is dat die aan die Regter se linkerhand, die bokke, juis veroordeel word vanweë hulle optrede teenoor hulle naaste: “Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.” (Matt 25:41-45)

Wat in Christus se oordeel in Matthéüs 25:41-45 opval, is dat Hy dit wat ons aan ons naaste doen so uitlê dat ons dit aan Hom doen. Sonde teen ons naaste is sonde teen God.

In ons **boekhouding** (hoe ons omgaan met ons geld) kan God sien of ons ons hou aan sy **Boek** (Floor). Ons kan die tweede tafel van die wet (liefde vir ons naaste) nie losmaak van die eerste (liefde vir God) nie. In ons liefde vir ons naaste blyk ons liefde vir God. Ons liefde vir God blyk ook in ons gebruik van God se gawes in diens van ons naaste.

7. DEUR CHRISTUS WEER GOEIE RENTMEESTERS

1 Korintheërs 6 vers 10 laat ons God se oordeel oor oortreding onder andere van die agste gebod hoor. Vers 11 wys egter ook die weg tot verlossing, want daar staan: “En dit (diewe, gierigaards en rowers) was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregtig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.”

Christus het gekom om ons weer rentmeesters te maak. As Christus werklik deur die geloof in ons lewens inkom, verander ons verhouding tot ons aardse goedere dadelik. Dit kan duidelik by Saggeüs gesien word. In plaas van rentmeester van God te wees, was hy 'n dienaar van Mammon. Wanneer Jesus in sy lewe inkom, hoor ons woorde wat in die mond van 'n tollenaar baie vreemd klink: "Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." (Luk 19:8)

Christus het hierdie man verlos van sy sondige verhouding tot en sondige gebondenheid aan aardse besittings. Die resultaat was: Saggeüs het homself weer gesien as rentmeester en sy aardse besittings bestee, nie tot eie voordeel en eer nie, maar tot eer van die Eienaar. In plaas van om te steel, begin hy om die belange van sy naaste te bevorder waar hy kan en mag.

7. GENADEGAWES

Ons besittings, die gawes van God, is **genadegawes**. Ons verdien niks nie, maar om Christus wil skenk God dit aan ons.

Tereg sê L Floor: "Die dominee moet wel in sy preek munt slaan uit die goud van genade (die evangelie van genade – AHB), maar die gemeente weier dikwels om die goud (die besittings – AHB) te sien as munt van genade (besittings wat ons uit genade ontvang – AHB)."

Vraag 111

Elke gebod het twee kante: wat **verbied** word en wat **gebied** word. In vraag en antwoord 111 gaan dit oor wat **gebied** word in die agtste gebod.

Antwoord 111

1. DIE BELANGE VAN MY NAASTE BEVORDER

Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder.

In Deuteronomium 22:1-4 beveel die HERE sy kerk: “Jy mag die bees van jou broer of sy stuk kleinvee nie sien ronddwaal en jou vir hulle verberg nie; jy moet hulle sekerlik na jou broer terugbring. En as jou broer nie naby jou is nie en jy hom nie ken nie, moet jy dit in jou huis neem, en dit moet by jou wees totdat jou broer dit soek; dan moet jy dit aan hom teruggee. So moet jy ook doen met sy esel, en so moet jy doen met sy klee, ja, so moet jy doen met alles wat van jou broer wegraak, wat hy verloor en wat jy vind; jy mag jou nie verberg nie. Jy mag die esel van jou broer of sy bees nie sien val op die pad en jou vir hulle verberg nie; saam met hom moet jy hulle sekerlik ophelp.”

Ek moet my naaste so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel. Daarmee gryp ons Kategismus terug na Matthéüs 7:12: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete."

Ons moet die woorde van Matthéüs 7:12 nie losmaak van die voorafgaande vers nie. Daarby moet ons ook nie die laaste woorde van vers 12 (“want dit is die wet en die profete”) uit die oog verloor nie. In vers 11 sê Jesus: “As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” Daarop volg die woorde "Alles wat julle **dan** (daarom – AHB) wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete." In vers 11 (ons Vader en die goeie dinge wat Hy ons gee op ons gebed) en in die woorde “want dit is die wet en die profete” word die motivering gegee waarom **ek my naaste so moet behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel**. God eis dit van my in die Bybel (die wet en die profete) en sy goeie gawes (Matt 7:11) dring my. Ek doen nie goed aan my naaste omdat hy aan my goed doen nie, maar ek doen aan hom goed omdat God aan my goed doen en dit van my eis in sy Woord.

2. MY DAAGLIKSE WERK EN MY NAASTE SE NOOD

Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.

Wie lui is en nie wil werk nie, benadeel nie alleen homself nie, maar ook sy naaste.

Ons werk nie maar net vir onself en om onself te verryk nie, maar **sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help**. Dit is wat Efesiërs 4:28 ons leer: "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, *sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.*"

Sondag 43

Die Negende Gebod: Ons woord en ons naaste se goeie naam

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie (f). In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).

(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44. (f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.

Vraag 112

In die negende gebod gaan dit oor **valse getuienis** en oor **waarheid**.

Die twee kante van die gebod is: Jy mag nie lieg nie, maar jy moet die waarheid praat.

Antwoord 112

1. DIE NEGATIEWE KANT VAN DIE GEBOD: JY MAG NIE LIEG NIE

In hierdie gebod gaan dit in die eerste plek om ons getuienis in die hof: **Ek mag teen niemand valse getuienis aflê nie.**

Dit gaan egter oor nog meer:

- **Ek mag niemand se woorde verdraai nie.** Ons kan iemand se woorde so oordra dat dit iets anders sê as wat hy eintlik bedoel het.

- **Ek mag nie 'n kwaadstoker wees nie.** 'n Kwaadstoker is *nié 'n leuenaar nie*, maar iemand wat liefdeloos sy naaste se sondes uitblaker en aan die groot klok hang. Skinder kan hieronder val. In plaas dat ons liefdevol *met* iemand praat, praat ons liefdeloos *oor* hom.
- **Ek mag nie 'n lasteraar wees nie.** Anders as die kwaadstoker is die lasteraar *wél 'n leuenaar*. Hy vertel dinge wat onwaar is van sy naaste. Hy wil sy medemens se naam veragtelik maak. 'n Skinderaar kan ook 'n lasteraar wees.
- **Ek mag niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie.** In 'n hof word iemand eers behoorlik verhoor. Hy kry kans om gehoor te word en sy kant te stel. Ons sal dit as uiters onregverdig beskou as 'n regter iemand veroordeel sonder dat hy verhoor is. Dieselfde verwag die Here ook van ons. Ons moet eers luister en nie iemand veroordeel voordat ons sy kant van die saak gehoor het nie.

2. DIE MAG VAN DIE WOORD VAN DIE MENS

Jakobus 3:5, 6 leer ons die mag van die tong of die woord van die mens sien: "Kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek".

In hierdie wêreld het die woord wat gesprek word groot krag. Dit kan die naaste laat lewe of hom vernietig.

Almal van ons ken mos die geskiedenis van die wingerd van Nabot (1 Kon 21). Daar het ons 'n sprekende voorbeeld van die mag wat die leuen in die samelewing het of, nog beter gesê, in die kerk: Twee gewetelose manne het in die volksvergadering van Samaria gesê dat Nabot God en die koning gevloek het (v 10). Daarop het hulle Nabot gestenig.

Wat 'n verskriklike rol het die leuen ook in die proses teen ons Heiland gespeel! As Jesus voor Kajafas staan, bring die owerpriesters twee valse getuies vorentoe, wat sê: "Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou." (Matt 26: 61) Hier is dit weereens Israel, die verbondsvolk, wat die negende gebod skend! Hierdie skending het die eie Seun van God, die Messias van Israel, aan die kruis gebring.

Stéfanus word op grond van valse getuienis gestenig. "Hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dinge teen hierdie heilige plek en die wet te spreek nie. Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasarener, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander." (Hand 6:13, 14)

Onthou: Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel (Spr 12:22), en: Die regverdige haat leuentaai (Spr.13:5).

3. DIE POSITIEWE KANT VAN DIE GEBOD: JY MOET DIE WAARHEID PRAAT

- **In regsake en in alle ander handeling moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely.**

Die ware liefde is bly saam met die **waarheid** (1 Kor 13:6). Hierdie ware liefde is 'n gawe van die Heilige Gees (1 Kor 12:1-13:13).

- **My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.**

In die **derde gebod** gaan dit oor die **Naam van God**. In die **negende gebod** gaan dit oor die **naam van my naaste**.

Ek mag nie my naaste se naam deur die modder sleep nie. Ek moet nie net leuentaai vermy nie. Ek moet dit ook **daadwerklik** teengaan deur my naaste se eer en goeie naam na my vermoë te **verdedig** en te **bevorder**. As ek stilbly as my naaste se naam in gedrang kom, oortree ek die negende gebod.

4. DIE WERKE VAN DIE DUIWEL

Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy.

Sondag 43 is die enigste Sondag waarin by die verklaring van die Tien Gebooie die duiwel genoem word. Lieg en bedrieg word duiwelswerk genoem. Lieg is nie 'n kleinigheid nie. Dit is satanies.

In Genesis 2:16, 17 kom **die HERE** met **sy Woord** na die mens: "En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." In Genesis 3:1 kom **die duiwel** met **die leuen** na die mens: "Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" Terwyl Satan goed weet dat die HERE net van een boom gepraat het, praat hy nou van ál die bome. Deur die oordrywing gee hy 'n verkeerde voorstelling van die gebod. **Die HERE se Woord** word **verdraai**. Ook kom **die HERE se goeie Naam in gedrang**, want Hy word as onbillik en hard voorgestel. In Genesis 3:4, 5 gaan Satan nog 'n stap verder. Terwyl die HERE uitdruklik gesê het dat die mens **sekerlik** sal sterwe as hy van die boom van die kennis van goed en kwaad eet, sê die duiwel: "Julle sal **gewis nie** sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken". **Weer** word God se **Woord verdraai en sy Naam kom in gedrang**, want Hy word voorgestel as onbetroubaar in sy Woord.

Op die geskiedenis van Genesis 3 gryp Jesus terug wanneer hy in Johannes 8:44 vir die Jode sê: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."

5. DIE TOORN VAN GOD

Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy **as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie**.

“n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om”, sê Spreuke 19:9.

Ons sal eenmaal rekenskap moet aflê van ons woorde. Dit leer Jesus ons in Mattheüs 12:36-37: "Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."

6. VERLOSSING IN CHRISTUS

Die **ou mens** (soos wat ons geword het deur die sondeval) is '**n leuenaar**.

So mag 'n Christen nie wees nie. Ons moet ons bekeer. Hierdie bekering bestaan uit die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Daarop wys Paulus die Efesiërs, wanneer hy vir hulle sê: Hulle moet, wat die vorige lewenswandel betref die ou mens aflê en dat hulle hulle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (4:22-24), en dan voeg hy daarby: “**Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid**, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.” (v 25) In Kolossense 3:9, 10 kry ons presies dieselfde gedagte: “**Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die ou mens met sy werke afgelê het julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper ...**”

In sowel Efesiërs 4 as in Kolossense 3 kom telkens die beeld van God ter sprake. Ons is beeld van God as ons die leuen aflê en die waarheid spreek.

In Romeine 6:6 sien ons hoe die wonder van die aflê van die ou mens plaasvind: deur die krag van die kruis. Ons weet dat ons ou mens saam met Christus gekruisig is. Daarom roep Paulus die Efesiërs en die Kolossense ook op om die ou mens af te lê.

Sondag 44

Die Tiende Gebod en 'n terugblik op die Wet

Vraag 113: Wat eis die tiende gebod van ons?

Antwoord: Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).

(a) Rom 7:7.

Vraag 114: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?

Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is (a), nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid, maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).

(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2.

Vraag 115: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).

(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.

Vraag 113

In die tiende gebod gaan dit om ons innerlike, ons begeertelewe.

Antwoord 113

SLEGTE EN GOEIE BEGEERTES

Die woord **begeerte** word twee maal in hierdie Sondag gebruik. In al twee die gevalle hoor ons ook die woord **hart**:

- Selfs die geringste **begeerte** of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons **hart** opkom nie. Ons kan dit so saamvat: Dit gaan om *'n hartlike verset teen verkeerde begeertes*.
- Ons moet altyd en **heelhartig** (met ons hele hart) vyande van alle sonde wees en 'n **begeerte** tot alle geregtigheid hê. Ons kan dit so saamvat: Dit gaan om *'n hartlike begeerte om die wil van God te doen*.

VERBIED EN GEBIED

Soos by al die ander gebooie kry ons ook hier:

- Wat God **verbied**: slegte begeertes, begeertes teen enige gebod van God.
- Wat God **gebied**: 'n begeerte tot alle geregtigheid (= al die gebooie).

'N IN DIEPTE TERUGBLIK OP AL DIE GEBOOIE

Dit gaan om **enige** gebod en **alle** geregtigheid (**geregtigheid** = alles wat God gebied in sy verbond). Antwoord 113 kyk dus terug op al die gebooie en sê dan aangaande die eerste nege vir ons: Dit gaan in gebod 1 tot 9 *nie net oor ons dade nie*, maar *ook oor ons begeertes*. Dit gaan nie net oor wat ons met ons **hand** doen nie, maar dit gaan ook oor ons **hart**. Daar mag geen verkeerde begeerte teen enige gebod in ons opkom nie, maar daar moet wel by ons 'n hartlike begeerte wees om alle gebooie te vervul.

Vraag 114

Ons moet goed kyk **oor wie dit hier gaan:**

Dit handel oor die gelowiges. Luister maar: Maar kan **dié wat tot God bekeer is**, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?

Dit gaan ook nie maar net oor gehoorsaam nie, maar **volmaak gehoorsaam**.

Antwoord 114

NOG MAAR 'N KLEIN BEGIN VAN HIERDIE GEHOORSAAMHEID

Is gelowiges tot volmaakte gehoorsaamheid in staat? Daar is sektes wat dit wel leer.

Die antwoord van ons belydenis daarteen is duidelik: **Nee, want selfs die allerheiligstes** (die beste gelowiges) **het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe** (klein) **begin van hierdie gehoorsaamheid.**

Talle voorbeelde kan uit die Bybel aangehaal word om dit te bewys:

- Dawid, die man na God se hart, het owerspel en moord gepleeg.
- Paulus, daardie groot apostel, roep as gelowige uit: “Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.” (Rom 7:19)
- Jakobus 3:2 lui: “Want ons almal struikel dikwels.”
- 1 Johannes 1:8 sê: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.”

MAAR TOG 'N ERNSTIGE VOORNEME

Maar al het 'n ware gelowige nog maar net 'n klein begin van die nuwe gehoorsaamheid, **tog begin hulle met 'n ernstige voorneme om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe.**

Ook dít sien ons by onder andere Paulus. Enersyds sê hy wel: “Die goeie wat ek wil, doen ek nie.” (Rom 7:19) Andersyds, net 'n paar verse verder (v 22), verklaar Paulus egter: “Ek **verlustig** my in die wet van God na die innerlike mens.” Hierdie laaste woorde is 'n

aanhaling uit Psalm 1:2, waar daar van die regverdige (gelowige) gesê word: “maar sy **behae** is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.”

Vraag 115

Maar as niemand hierdie gebooie tog in hierdie lewe kan onderhou nie, waarom laat die Here die Tien Gebooie dan so skerp preek?

Wat is die nut, **die doel** daarvan? Dit is die groot vraag.

Antwoord 115

'N **DRIEËRLEI DOEL**

Die doel is drieërlei:

1. Sodat ons **ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken.**
2. Sodat ons **die vergewing van sondes en die geregtigheid in Christus kan seek.**
3. Sodat ons **altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word.**

Ons kry hier dus weer die driedeling van die Kategismus:

- Sondekennis
- Verlossingskennis
- Dankbaarheidskennis

EERSTE DOEL: SONDEKENNIS

Sodat ons **gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken.**

Deur die wet kom Paulus tot die ontdekking: “Die goeie wat ek wil, doen ek nie.” (Rom 7:19)

TWEDE DOEL: VERLOSSINGSKENNIS

Sodat ons **met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan seek.**

Die sondekennis bring Paulus ook by die tweede, by die **verlange** na verlossing: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!” (Rom 7:24, 25)

Twee dinge word genoem:

- **vergewing van sondes in Christus** (dat ons oortreding van die gebooie deur Christus se skuldbetaling uitgewis mag word), en
- **die geregtigheid in Christus** (dat Christus se gehoorsaamheid aan die gebooie, sy geregtigheid, ons toegereken mag word).

Moenie die **in Christus** miskyk nie. In Hom lê die geheim van verlossing van sondeskuld en ons volkome geregtigheid (gehoorsaamheid).

DERDE DOEL: DANKBAARHEIDSKENNIS

Sodat ons **ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.**

As ons ons eie onvolmaaktheid leer ken in die spieël van die Wet, bid ons **God** (die Vader) **om die genade van die Heilige Gees**. Sondekennis bring ons op ons knieë.

Die Heilige Gees is immers die Een wat ons deur die geloof in Christus inlyf, sodat ons deur die krag van sy kruis ons sondes hoe langer hoe meer afsterf en sodat ons deur die krag van sy opstanding **altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word.**

Ons dankbaarheid is nie ons eie werk nie, maar dit is God wat in ons werk om te wil en te werk (Fil 2:13).

ONS DOOPSFORMULIER OOR CHRISTUS EN SY HEILIGE GEES

Ook ons doopsformulier lê die verband tussen die werk van die Heilige Gees en Christus:

"As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor 12:13) deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik ***die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe***, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word." (Rom 8:9, 15, 16)

SONDAG 45 EN DIE GENADE VAN DIE HEILIGE GEES

Sondag 45 (v/a 116) kom weer terug op die **om die genade van die Heilige Gees bid** van antwoord 115 in die verklaring: Die gebed is noodsaaklik, omdat "God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank."

Sondag 45

Die gebed

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a), en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.

Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).

(a) Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13; 16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.

Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).

(a) Jak 1:17; Matt 6:33.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: *Onse Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

(a) Matt 6:9-13; Luk 11:2-4.

DIE VERBAND TUSSEN DIE TWAALF ARTIKELS EN DIE TIEN GEBOOIE ENERSYDS EN DIE GEBED ANDERSYDS

Daar is 'n nou verband tussen die *Twaalf Artikels* en die *Tien Gebooie* aan die een kant en die *Onse Vader* aan die ander kant.

In die *Twaalf Artikels* is God se **verbondsbeloftes** saamgevat en in die *Tien Gebooie* gee die HERE sy **verbondseise**.

In die **gebed** kom albei (die verbondsbeloftes en verbondseise) ter sprake. Ons bid:

1. dat God sal gee wat Hy aan ons beloof het: sy **verbondsbeloftes** (saamgevat in die *Twaalf Artikels*)
2. dat Hy ons gehoorsaam sal maak aan sy **verbondseise** (saamgevat in die *Tien Gebooie*)

Presies dit kry ons in **die Onse Vader**:

1. die bede om gehoorsaamheid aan sy **eise**: Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied.
2. die bede om vervulling van sy **beloftes**: Gee ons vandag ons daaglikse brood, vergeef ons ons skulde, lei ons nie in versoeking nie.

Gebed, sê Luther, is om die sak van God se beloftes voor die aangesig van God te hou.

Vraag 116

Vraag en antwoord 116 behandel **die noodsaak van die gebed**.

Antwoord 116

DIE DRIE REDES WAAROM DIE GEBED VIR CHRISTENE NOODSAAKLIK IS:

Daar is drie redes waarom die gebed vir Christene nodig is:

1. Omdat God dit van ons eis.

In 1 Thessalonicense 5:17 word ons beveel: “Bid sonder ophou.”

2. Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis.

Offer dank aan God, beveel Psalm 50:14.

3. Omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

In Lukas 11:9-13 (vgl ook Matt 7:7-11) sê Jesus vir sy dissipels: “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.” In vers 13 laat Jesus dan sien waarom dit in die betrokke gebed gaan: “As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader **die Heilige Gees** gee aan die wat Hom bid?” Dit gaan in hierdie gebed oor die ontvang van die Heilige Gees. God belooft aan ons sy Heilige Gees (vgl ons doopsformulier), maar Hy wil ook hê dat ons sal bid om die belofte van die Heilige Gees. Kyk ook met hoeveel sekerheid ons Here Jesus die ontvangs van die gawe van die Heilige Gees stel: “Bid, en vir julle **sal** gegee word; soek, en julle **sal** vind; klop, en vir julle **sal** oopgemaak word.” (Matt 7:11)

By die woord **genade** moet ons dink aan dit wat ons doopsformulier in verband met die Heilige Gees sê: dat Hy "tot ons eiendom ... maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe." Die Heilige Gees dra God se genade in Christus in ons harte in. Dit doen die Heilige Gees deur aan ons die gawe van die geloof te gee.

Deel van die gebed is **dank**. Dit is **'n noodsaaklike deel** van ons gebed. Die gebed is immers ook **die vernaamste deel van die dankbaarheid**, wat God van ons eis. In

Filippense 4:6 skryf Paulus: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.” Die woordjie “met” gee ’n onlosmaaklike verbondenheid aan. Danksegging is ’n onlosmaaklike deel van die gebed.

Vraag 117

In hierdie vraag gaan om die **vereistes** waaraan ons gebed moet voldoen.

Antwoord 117

EERSTE VEREISTE: ONS MOET GOD KEN

Ten eerste moet ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid.

Ons moet **alleen die enige ware God** aanroep en nie afgode nie.

Hy het **Hom in sy Woord geopenbaar**. Hierdie woorde is baie belangrik. In sy Woord leer ons Hom ken as die getroue Verbondsgod en Vader van sy kinders. As ons egter tot Hom bid en dink dat Hy tog nie sal luister nie, of dat Hy ons tog nie kan help nie, dan aanbid ons nie die enige ware God van die Bybel nie, maar ons eie beeld van Hom. So leer ons Hom immers nie ken in die Bybel nie.

Ons leer die enige ware God in sy Woord ken. Daarom is dit **van lewensbelang vir ons gebedslewe dat ons nie sal vergeet om ons Bybel te lees wanneer ons bid nie!** Immers, “... want ons weet nie reg wat ons moet bid nie”. (Rom 8:26) Die Bybel is die gebedskool van die Heilige Gees.

Ons moet Hom **van harte** aanroep.

Ons mag nie enigiets vra nie, maar ons moet bid **vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid**. "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra **volgens sy wil**." (1 Joh 5:14) In sy Woord het ons sy wil.

TWEDE VEREISTE: ONS MOET ONSSELF KEN

Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig.

Nood het hier die betekenis van gebrek, tekort. Sonder God sou ons niks gehad het nie. Om ons nood te ken, beteken dus: om ons totale *afhanklikheid* van God te erken.

Met ons **ellende** word bedoel: ons *sondigheid* en dat ons die *oordeel* van God verdien.

As ons ons nood en ellende werklik ken, **voorootmoedig** ons ons voor die majesteit van God, d.w.s. dan word ons *klein* voor Hom. Dit is wat ootmoed beteken.

DERDE VEREISTE: ONS MOET CHRISTUS KEN

Ten derde het ons hierdie vaste grond dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het.

Ons moet weet dat daar maar een Weg na die Vader toe is: **die Here Christus**, deur sy bloed. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." (Joh 14:6)

Ons Here Jesus Christus is die enigste weg, maar ook die sekere weg na God se Vaderhart en sy genadetroon. Die gebed in Christus is nooit 'n waagstuk of 'n hou in die lug nie, maar in Hom het ons **die vaste grond**, dit wil sê die sekerheid, **dat God ons gebed sekerlik**, sonder enige twyfel, **wil verhoor**.

Die sekerheid van verhoring lê nie in onself nie (**hoewel ons dit nie verdien nie**), maar alleen in die Here Christus (**tog ter wille van die Here Christus**).

Hy wil ons ter wille van Christus verhoor **soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het**. In sy Woord in Efesiërs 3:12 lees ons immers die *belofte*: Deur die geloof in Christus mag ons met vrymoedigheid en vol vertrouwe tot die Vader nader.

Vraag 118

Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord 118

Ons mag bid vir **alle geestelike en liggaamlike behoeftes**.

In die gebed wat Christus self aan ons geleer het, die Onse Vader, gee Hy ons 'n *samevatting* van hierdie liggaamlike en geestelike behoeftes.

Vraag en antwoord 119

In hierdie vraag en antwoord sê die Kategismus wat hy bedoel met die woorde van antwoord 118, **die gebed wat Hy self aan ons geleer het**. Dit is die *Onse Vader*.

Ons kry die Onse Vader op twee plekke in die Nuwe Testament, naamlik in Matthéüs 6:9-13 en Lukas 11:2-4.

Die Onse Vader is vir ons die modelgebed, die groot *voorbeeldgebed*.

Ons weet nie hoe en wat ons moet bid nie. Christus moet ons dit leer. Dit doen Hy in die Onse Vader.

DIE INDELING VAN DIE VOLMAAKTE GEBED

Die Onse Vader kan in drie dele verdeel word:

- Die aanhef (Onse Vader wat in die hemel is)
- Ses bedes (Laat u Naam geheilig word, ens.)
- 'n Lofprysing (Want aan U behoort die koninkryk, ens.)

Die ses bedes kan ook weer in twee verdeel word:

- In die eerste drie hoor ons steeds u, u, u: u Naam, u koninkryk, u wil. God staan voorop.

- In die laaste drie bedes is dit ons, ons, ons: ons brood, ons skulde, ons verlossing van die bose. Maar ook hier staan God in die middelpunt: Hy word gevra en Hy moet gee.

Sondag 46

Die Onse Vader: Die aanhef

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as *ons Vader* aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: *wat in die hemel is*?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

Vraag 120

Die heerlike beginwoorde van ons gebed, die woorde **Onse Vader**, gaan hier bespreek word.

Christus het ons **beveel** om God so aan te spreek (Matt 6:9).

Die kerkvader Tertullianus het gesê: "In alle godsdienste word gebid, maar Christene bid anders. Gelowiges bid naamlik uit die hart en tot hulle liewe Vader."

Antwoord 120

DIE GROND VAN ONS GEBED: GOD IS ONS VADER DEUR CHRISTUS

Wat is die **grond** van ons gebed? Anders gesê: Wat gee ons **sekerheid** dat God ons sekerlik sal verhoor?

Daarop antwoord die Kategismus: Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik **dat God deur Christus ons Vader geword het.**

Dan verduidelik die belydenis **hoe 'n Vader** Hy is: 'n Vader wat **ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê.** Ons as aardse vaders is onvolmaak. Ons maak baie foute in ons optrede teenoor ons kinders. Heel dikwels weier ons hulle dinge wat hulle werklik nodig het. Maar so is ons hemelse Vader nie. "Want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra." (Matt 6:8) So 'n Vader het ons: 'n alwyse en alwetende Vader wat weet wat ons nodig het. Hierdie nodige sal Hy ons nog minder ontsê as wat 'n goeie aardse vader die goeie van sy kinders sal weerhou.

Dit gaan om 'n **in die geloof bid.** "Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie – so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë." (Jak 1:6-8)

DEUR CHRISTUS

In hierdie twee woordjies **deur Christus** lê die geheim van en die rede vir God se Vaderskap. **Deur Christus het God ons Vader geword.**

Dit is 'n wonder, as ons dink aan ons eie geskiedenis, die geskiedenis van ons sondeval in die paradys. Geskape as kinders van God het ons deur ons sonde in Adam kinders van die duiwel geword, lede van sy huisgesin. Daar in die paradys het ons die deur van die hemelse Vaderhuis willens en wetens, moedswillig agter ons toegeslaan. Ons het 'n ander huis gaan soek: die van Satan, die groot teëstander van God. Daardeur het ons ons kindskap van God verbeur. Ons het slawe van Satan geword met geen enkele reg of aanspraak op kindskap van God nie.

Hoe op aarde is dit moontlik dat God ons weer tot sy kinders kon maak? Deur Christus. Deur sy bloed is ons vrygekoop van die heerskappy van die duiwel en "...almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag (reg) gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo." (Joh.1:12)

Sal ons altyd daaraan dink wat dit God gekos het om ons weer sy kinders te maak?

Ter wille van Christus wil die Vader ons sekerlik verhoor (vgl HK, a 117).

MET DIE VADERNAAM WEK CHRISTUS KINDERLIKE VREES EN VERTROUE OP GOD IN ONS

Met die Vadersnaam wil Christus heel aan die begin van ons gebed *twee dinge* in ons wek:

- **Kinderlike vrees.** Dit moet julle nie verkeerd verstaan nie. Daarmee word nie *angs* bedoel nie. Die woordjie **vrees** wat hier gebruik word, is 'n eg Bybelse woord. Spreuke (o.a. 1:7) praat byvoorbeeld van die vrees van die HERE, of beter gesê: die vrees vir die HERE. Dit wil nie sê dat ons bang moet wees vir die HERE nie. Die vrees vir die HERE en die **kinderlike vrees** waarvan die Kategismus praat, wys eerder in die rigting van die volmaakte eerbied en liefde. 'n Kind het respek vir sy vader. Nou ja, as dit alreeds in ons aardse kind-vaderverhouding so is, hoeveel te meer moet dit nie die geval wees met ons verhouding met ons hemelse Vader nie? Dit betaam ons om met **kinderlike eerbied** tot Hom te nader: Immers, ons hemelse Vader is die allerhoogste God. Dit pas ons om met **kinderlike liefde** tot Hom te kom: Want, hoeveel het Hy ons nie gegee nie? Ja, Hy het selfs nie sy eie Seun gespaar nie.
- **Kinderlike vertroue.** Vir sy vader durf 'n kind alles te vra. Dit is immers sy vader met wie hy te make het, sy vader wat hom liefhet en wat vir hom omgee. Daarom kan 'n kind ook met soveel vertroue iets van sy vader vra. Ons hemelse Vader is volmaak. Sy liefde oortref die van aardse vaders by verre. Dit sien ons op Golgota. As ons dit dan weet, hoe kan ons dan ooit twyfel of ooit sonder vertroue tot dié aller-liefdevolste Vader gaan as ons iets nodig het?

Maar ons vertroue op ons Vader sluit ook in: Hy weet beter as ek wat goed is vir my. Ek is immers maar net kind. Daarom vertrou ek dit aan my alwetende Vader toe om te besluit wat ek nodig het.

WIE IS DIE "ONS"?

Waarom bid ons nie "my" Vader"? Waarom die meervoud **ons** Vader? Wie is daardie ons?

- Dit is in die eerste plek **ons en ons vernaamste familielid, Jesus Christus**. Hy is ons oudste Broeder (Joh 20:17). Sonder Hom het ons geen toegang tot die Vaderhuis nie, want "niemand kom tot die Vader behalwe deur my nie" (Joh 14:6). Wanneer ons daarom bid **ons** Vader, dan bedoel ons daarmee: Vader, ons kom aan die hand van ons oudste Broeder, deur sy offer, na u toe.
- By die **ons** is ook in die tweede plek ingesluit: **ons broeders en susters**! Ons mag nooit selfsugtig wees in ons gebede nie. Ons mag nooit vergeet dat ons baie broers en susters in die Here het nie. As ons hierdie gebed bid, bid ons vir mekaar. En aangesien die Onse Vader as model, as voorbeeld vir al ons gebede dien, moet al ons gebede so wees dat ons dink aan ons broeders en susters.

Vraag 121

Nou gaan die woorde **wat in die hemel is** verduidelik word.

Antwoord 121

Hierdie woorde word om twee redes bygevoeg:

- Dit word eerstens bygevoeg **sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards sal dink nie**.

Ons dink aards van die hemelse majesteit as ons klein dink van God, as ons dink dat ons probleme te groot is vir Hom op opgelos te word. Met ons ongeloof en ons kleingeloof beledig ons God.

- Dit word tweedens bygevoeg sodat ons **van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het**.

Deur by te voeg **wat in die hemel is**, leer die Skrif ons dat ons **nie alleen** 'n Vader het wat ons graag te hulp wil kom nie, maar ons inderdaad **ook kan** help. Immers, Hy is **die Almagtige**. Hy het sy troon in die hemel. **Hy heers oor alles en almal**. Alle magte is aan

Hom onderworpe en ondergeskik. Dit sê die woorde **wat in die hemel is** vir ons. Hy hoef maar net te beveel en dit geskied. Een woord is voldoende, en selfs die vyande van God moet Hom gehoorsaam, of hulle wil of nie. Vir sy almag is niks te groot en niks te wonderlik nie. Nooit kan die geloof te veel verwag van sy almagtigheid nie. **Van sy almag** kan ons **alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het**.

*Hy kan en wil en sal in nood,
selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewee. (Ps 68:9, Totius-beryming).*

Sy Vadersorg gaan oor **siel en liggaam**.

Sondag 47

Die eerste bede: Laat u Naam geheilig word

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: *Laat u Naam geheilig word*. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).

(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8; 115:1.

Vraag 122

Die eerste bede, **laat u Naam geheilig word**, gaan verklaar word.

GOD EERSTE

Die heel eerste wat die Here Jesus Christus ons van God leer vra, is nie iets vir onself nie, maar iets enkel en alleen vir die Here: "Laat u Naam geheilig word."

Gewoonlik, as ons begin bid, dink ons in die eerste plek aan onself: wat ons begeer en wat ons behoeftes is. Jesus wil egter in hierdie volmaakte gebed by ons tuisbring dat ons nie in hierdie wêreld is vir onself nie, maar vir God, om Hom te dien en lief te hê. Dit geld ook ten opsigte van ons gebede. Sy belange staan voorop en dit moet in ons gebed vir ons die allerbelangrikste saak wees: die eer van sy Naam.

'N NAAM IN DIE BYBEL

Soos verduidelik by die verklaring van antwoord 29 (Son 11) en vraag 99 (Son 36), weet ons **'n naam in die Bybel het geweldig baie gesê oor 'n persoon: oor sy karakter of oor sy werk, oor wat hy is en wat hy doen.**

Dit geld ook ten opsigte van die Name van God in die Woord. In sy Name hoor ons **wat Hy is en wat Hy doen.**

Kom ek vat net baie kort saam wat in antwoord 29 en vraag 99 oor die Name HERE en Jesus gesê is:

- Die Naam **HERE** word in Exodus 3 verklaar. Die Naam beteken EK IS. Uit die verband kan ons dit so verduidelik: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos en my eeue oue beloftewoord aan Abraham dat ek hulle in die beloofde land Kanaän sal bring, gestand te doen. In sy Naam openbaar die HERE dus wie en wat Hy vir sy volk is. Sy Naam spreek van sy verbondstrou. Die Naam HERE sê: Hy bly by sy Woord. Dit geld nie alleen sy beloftewoorde nie, maar ook ook sy woorde van strafdreiging. Hy is aktief teenwoordig om **al** sy woorde waar te maak.
- Die Naam **Jesus** word so deur die engel verklaar: "Want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matt 1:21). Die Naam Jesus sê dus wie en wat Jesus is, wat Hy vir ons kom doen het: Hy is die een deur Wie die HERE sy volk uit die slawehuis van die sonde sal verlos. Sy taak word in die Naam aan ons geopenbaar.

Dus:

Wanneer ons bid **laat u Naam geheilig word**, dan gaan dit nie net oor die Naam nie, maar oor dit wat die Here van Homself sê in sy Naam, oor die openbaring van die Here in die Naam: **dat ons Hom as Persoon, en vir wat Hy is en doen, sal roem en prys.**

Wie sy liefde, sy genade, sy regverdigheid roem en prys, wie sy werke in Christus groot maak – hy heilig God se Naam.

Antwoord 122

HOE DIE NAAM AAN ONS BEKENDGESTEL WORD

Om iemand te kan ken, moet ons byvoorbeeld. met hom omgaan: Uit ervaring leer ons daardie persoon dan ken.

Ons kan egter ook op ander maniere bekend raak met iemand: Hy kan hom self aan ons bekendstel, of deur iets of iemand anders (laat) laat doen. Dit geld ook van God. Hy het Hom aan ons bekendgestel deur middel van **twee boeke** , die boek van die algemene openbaring en die boek van die besondere openbaring.

Die Kategismus noem 'n lys van dinge wat ons uit albei hierdie boeke oor God kan leer: sy **almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid**. Daar is natuurlik nog meer, maar die Kategismus beperk hom tot hierdie ses.

1. Die boek van die Algemene Openbaring

Dit is die skepping, die natuur en die geskiedenis.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 2) sê van hierdie boek: Dit is voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid (Rom 1:20).

Hoe getuig die magtige sonnestelsel en die majestueuse berge nie van die **almag** van God nie! As 'n mense kyk hoe mooi die menslike liggaam aanmekaar gesit is, hoe verkondig dit nie sy ontsaglike groot **wysheid** aan ons nie! Bedink ons verder hoe God laat reën selfs oor goddeloses, hoe leer ons daarin dan nie die **goedheid** van die Here ken nie en sy **barmhartigheid** oor sondaarmense wat alles verbeur het, nie!

2. Die boek van die Besondere Openbaring

In die Bybel het ons **net 'n deel** van die Besondere Openbaring. Nie alles wat geopenbaar is, het God op Skrif gestel nie. Die apostel Johannes skryf: "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie" (Joh 20:30) en in Johannes 21:25 staan: "En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie."

In die Bybel leer ons God in sy **almag** ken: Slegs deur te spreek, het Hy alles gemaak. In die Woord skitter God se **regverdigheid** ons toe, want eerder as om die sonde ongestraf te laat, het Hy dit op sy Seun laat neerkom deur die dood aan die kruis. Die Bybel verkondig ook God se oneindige **barmhartigheid** of genade: God het sy Seun gestuur om sondaars te verlos.

ONS REAKSIE OP HIERDIE OPENBARING VAN GOD SE NAAM

Die Kategismus noem **twee dinge** wat die Vader ons moet **gee** en waardeur die Naam van God deur ons geheilig word:

1. Gee dat ons U reg sal ken

As ons Hom reg wil **ken**, dan moet ons kennis neem van sy twee boeke aan ons. Ons moet ons Bybels lees. Ons moet ook met verwondering die grootheid van ons God naspeur in die boek van die natuur.

Ons moet God **reg** ken, dit wil sê nie alleen as die God van liefde nie, maar ook as die God wat Hom vreeslik vertoorn oor ons sondes.

Ken is so 'n eg Bybelse term. **Ken** in die Woord is nooit maar net 'n ken net met die verstand nie. Dit gaan ook om 'n ken met die hart, 'n liefdevol ken.

Die Kategismus wys ons wat die gevolg, **die vrug van so 'n ken** is: Die kennis bring ons tot 'n **heilig, roem en prys van God**.

2. Gee dat ons ons hele lewe daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word

Gee dat ons ons hele lewe daarop sal rig. Hier het ons 'n pragtige beeld: die van 'n pyl en boog. 'n Boogskutter skiet sy pyl nie sommer wildweg af nie. Hy vat eers goed korrel en hy span hom deeglik in om die pyl reg in die kol te kry.

So moet ons lewens wees: gemik, **gerig** op die eer van God se Naam, **dat u Naam om ons ontwil geëer en geprys word**. Die twee boeke van God leer ons hoe ons die kol kan tref. Daarom sal elke gelowige boogskutter deeglik kennis neem van daardie geskrifte van God.

Dit gaan om **ons hele lewe**, ons **gedagtes, woorde en werke**.

Ons **eer en prys** God se Naam as ons op Hom vertrou, as ons glo in sy almag, dat Hy ons kan versorg. Ons skiet die pyl van ons lewe in die kol as ons ons verlossing net van sy genade in Christus verwag.

Daarteenoor word sy Naam **om ons ontwil gelaster** as ons ons nie soos gelowiges gedra nie.

GEE, GEE

Nie een van ons is in staat om die boeke van God reg te lees en om daaruit te leef nie. God moet hierdie kennis en geloof aan ons **gee**. Daarom gebruik die Kategismus **twee maal** die woordjie gee: **Gee** dat ons u reg sal ken en **gee** dat ons ons lewe reg sal inrig.

Neem nou maar die boek van die Algemene Openbaring. Al die skepsele is letters wat getuig van die grootheid van God. Maar ons is bysiende, om dit nou maar so te stel. Ons geestesoë is te swak om die heerlikheid van God daarin te sien. Daarom **gee** God ons 'n bril: die Skrif. Deur die Bybel leer ons weer God se hand in die skepping raaksien, dat Hy dit alles so mooi gemaak het.

Maar ook wat die Bybel betref is ons geestelik blind. Ons glo en begryp die Woord nie. Daarom moet God ons sy Gees **gee**. God die Heilige Gees moet ons die oë van die geloof **gee** om te sien en te verstaan. Hy moet dit ons **gee** om ons lewens so in te rig dat dit die kol tref: dat ons in ons hele lewe God sal prys.

Ja, Here, **gee** ons dit wat ons nodig het, sodat u Naam in ons lewens geheilig sal word.

HIERDIE BEDE EN DIE DERDE GEBOD

In die derde gebod beveel God ons: “Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie ...” (Ex 20:7). In die Onse Vader bid ons dat ons dit nie sal doen nie, maar dat ons Vader ons sal help om sy Naam te heilig.

God gee ons wat Hy van ons eis. Hy wil egter ook hê dat ons Hom daarvoor moet bid.

Sondag 48

Die tweede bede: Laat u koninkryk kom

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: *Laat u koninkryk kom.* Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 112:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Op 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:28.

Vraag 123

Die tweede bede, **laat u koninkryk kom**, gaan verklaar word.

Met **koninkryk** word bedoel: God se koningsheerskappy. Help ons om u koningsheerskappy te erken en om ons daaraan te onderwerp.

Antwoord 123

1. ONSE VADER, ONDERWERP U KERK

In hierdie bede vra ons eerstens: Onse Vader, **onderwerp** u kerk.

In die begin het God hemel en aarde geskape. Dit was, kan ons maar sê, die twee provinsies van sy koninkryk. Oor die een provinsie, die aarde, het die HERE God die mens as sy **beeld**, sy onderkoning, aangestel. As goeie onderkoning moes die mens luister na die **Woord** van Genesis 2:17 dat hy nie mag eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie.

God se onderkoning het egter nie geluister na **die Woord van die HERE** in Genesis 2:17 nie. Inteendeel, die mens het geluister na **die woord van Satan**: “Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet.” (Gen 3:4,5) Die Bose het die owerste van hierdie wêreld geword. Van die heerlike posisie van **onderkonings** het ons verval tot **slawe** van die duiwel, die sonde en die dood.

Tog het God nog Koning oor alles en almal gebly. Al wat gebeur het, is dat die in sonde gevalle mens sy koningsheerskappy nie meer erken nie.

Daarom het dit die Here behaag om sy koningsheerskappy weer te herstel: onwillige onderdane moes weer gewillig gemaak word. Daartoe het God sy Seun na die wêreld gestuur: om die mens te verlos van die mag van die Bose, om van rebelle lojale koninkryksburgers te maak.

Deur die geloof in Jesus Christus en deur sy verlossing is ons dus burgers van die koninkryk van die hemel, mense wat luister na sy Woord.

Waarom is dit dan nog nodig dat ons moet bid: Laat u koninkryk kom? Die antwoord is diep beskamend: Die kerk is nog sulke swak koninkryksburgers. Daar is nog soveel opstand in ons. Elke sondedaad is rebellie teen ons Koning.

2. ONSE VADER, BEWAAR EN VERMEERDER U KERK

In hierdie bede bid ons tweedens: Onse Vader, **bewaar u kerk en laat dit groei** (vermeerder).

Ons moet bid vir die **kerk**. Die kerk is dié mense wat die koningskap van Christus erken en wil buig daaronder. Die kerk is die leër van daardie koninkryk wat veg vir die Koning.

Die kerk is 'n strydende leër wat moet oorlog voer. Ons veg egter teen 'n oormag: teen Satan en sy magte. Dit is 'n stryd wat ons nie kan wen nie. Daarom bid ons: Onse Vader, doen U dit. Bewaar en vermeerder U u Kerk.

- **Bewaar u kerk.**

Dit bid ons, omdat die kerk vanuit twee fronte bedreig word deur die leërmagte van die Satan: van buite en van binne.

Van buite is daar die vervolging van die wêreld. Hoe word ons nie gehoon en gespot oor ons Christelike beginsels nie? Daar is ook die aanslag **van binne**: die duiwel probeer om ons ongehoorsaam te maak aan die Woord. Deur dwaalleer en deur ongeloof en ongehoorsaamheid wil Satan die kerk afbreek. Daar is soveel gevare wat ons bedreig.

- **Laat u kerk groei.**

Die vermeerdering van die kerk is God se werk. Ons kan ons kinders en ander mense die geloof nie gee nie. Ons kan net saai, maar God moet die saad van die Woord laat ontkiem en laat groei, soos Paulus ook sê: "Ek het geplant, Apollos het natgemaak, **maar God het laat groei**" (1 Kor 3:6). Die uitbreiding van God se koninkryk is nie mensewerk nie. Daarom voeg Paulus daarby: "So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, **niks nie**, maar God wat laat groei." (1 Kor 3:7)

Dit neem natuurlik nie **ons verantwoordelikheid** weg om die Woord uit te dra en daagliks te veg met die swaard van die Gees nie. Ons moet sending en evangelisasie doen. Ons moet probeer om ander mense te win vir die koninkryk van Christus. Dit is die taak van 'n leer. Hierdie bede beteken ook: Here, maak my 'n gewillige soldaat in u weermag.

3. ONSE VADER, VERLOS U KERK

Ons bid vir die vernietiging van drie dinge:

1. Vernietig die werke van die duiwel.

Teenoor die ryk van God staan die ryk van Satan. Tussen daardie twee ryke is daar 'n voortdurende stryd. Sonder ophou werk die duiwel aan die afbreek van die ryk van God. Wie waarlik burger van die Godsryk is, sal hierdie oorlog nie ontkom nie. As ons werklik Christen is, sal ons in die spervuur van Satan se aanslag staan. Dan sal ons sy haat en woede ondervind.

Ag, daar is natuurlik vandag Christene wat glad nie die haat en die gramskap van die wêreld ondervind nie. As kerkmense soos wêreldlinge leef en nie soos gelowiges nie, sal hulle vanselfsprekend nie die woede van die duiwel ervaar nie. Dit kan daarom nooit 'n goeie teken wees as ons nog nooit in hierdie wêreld teenstand ondervind het nie.

In so 'n oorlog is dit belangrik dat 'n mens jou teenstander sal ken. Dit is fataal vir enige leër om sy vyand nie te ken nie. Ons moet die krag van die duiwel terdeë besef. Wie weet hoe magtig hy is, sal met oorgawe bid: Onse Vader, verbreek **U** die werke van die duiwel, want ons kan dit nie doen nie. Verbreek U die mag van die sonde in my lewe, verlos U my van hierdie liefdeloosheid of van daardie slegte gewoonte. Self kan ek nie, want die duiwel is veels te sterk vir my.

2. Vernietig elke mag wat teen U opstaan.

Die duiwel is nie die enigste teenstander waarmee ons te doen het en waarvan ons verlos moet word nie. Met **elke mag wat teen U opstaan** word bedoel: ons ou, sondige natuur wat teen die Gees stryd voer, asook die verleidings en die verlokkinge van die wêreld.

3. Vernietig alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word.

Dit kan ons gerus die **hoofaanval** van Satan noem. Immers, die Woord is die fondament van die kerk, die Woord van die kruis is die krag van God tot redding. As dit die vyand geluk om hierdie fondament te ondergrawe, dan sou dit die ondergang van die kerk beteken.

In ons tyd wen die teologie van die Skrifkritiek aan alle kante veld. Hierdie mense leer byvoorbeeld dat die skeppingsverhaal maar net 'n sprokie is. Volgens dié teoloë het Jesus nie waarlik opgestaan nie, maar net in die hart van sy dissipels. So word hele stukke uit die Bybel geskeur.

Dit doen óns nie, sou julle sê. Maar dan maak ons tog 'n groot fout, want ook ons seur hele stukke uit die Bybel. Dit doen ons as ons na sekere dinge in die Bybel nie luister nie. Dit is ewe erg as die sogenaamde Skrifkritiek.

HOE DIE KONINKRYK KOM: DEUR WOORD EN GEES

Hoe maak die Vader ons goeie koninkryksburgers? Deur sy **Woord en Gees**: Onse Vader ... regeer ons so deur u Woord en Gees

Die HEER se **Woord** is skeppingsmagtig, wat lewe uit die dood gebied. Deur die krag van die Woord van die kruis word ons weer lojale koninkryksburgers wat luister na die Woord.

Self kom ons nie so ver om ons gewillig aan die Woord te **onderwerp** nie. Daarom bid ons. Deur en in die gebed steek ons ons hande hulpbehoewend na God toe uit en smee ons om die werking van sy **Gees** in ons harte. Eers moet die Gees sy Woord tot in ons harte dra.

Deur Woord en Gees word ons goeie onderdane van ons Here Jesus, maar ons word nie eensklaps volmaakte burgers van sy ryk nie. Dit is 'n groeiproses. Daarom verklaar die Kategismus hierdie bede so: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons **hoe langer hoe meer** aan U onderwerp. Dit is 'n groeiproses wat eers tot volkommenheid kom wanneer ons die dag deur die doodsjordaan trek. Dan eers sterf ons die laaste reste van ons opstandigheid en ons dislojaliteit af.

HOE LANK HIERDIE BEDE GEBID MOET WORD

Die uitleg van die bede eindig met die woorde: **totdat die volkommenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees**. So lank moet hierdie bede weerklink: tot daardie dag wanneer Jesus weer kom en almal – vriend en vyand – voor Hom die knie sal moet buig en sal moet erken dat Hy die Here, die Koning, is.

Na daardie dag verlang elke gelowige, omdat ons Koning, wat ons so innig liefhet, dan van ons die eer en die eerbied sal ontvang wat ons aan Hom verskuldig is.

DIE BEDE OM DIE KOMS VAN DIE KONINKRYK EN DIE KERKWERK VAN CHRISTUS

Hierdie bede om die koms van die koninkryk en die kerkwerk van Christus het alles met mekaar te make. Daar is die nouste verband tussen Sondag 48 en 21:

- In Sondag 21 hoor ons van die kerk. Daar bely ons: die Seun van God vergader, beskerm en onderhou sy kerk. Hierdie kerkvergadering, kerkbeskerming en kerkonderhouding doen Hy deur sy Woord en Gees.
- In Sondag 48 hoor ons eweneens van die kerk. Die Vader word gebid om deur sy Woord en Gees die kerk te vergader (te laat groei), te beskerm (te bewaar) en te onderhou.

Ons moet die verband so sien:

- Die bede dat ons Vader sy koninkryk sal laat kom, is 'n gebed om die werk van Christus: Onse Vader, laat u Seun ons (sy kerk) deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou.

Sondag 49

Die derde bede: Laat u wil geskied

Vraag 124: Wat is die derde bede?

Antwoord: *Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.* Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).

(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Ef 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.

Vraag 124

Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Dit gaan om die gebed dat God se koningswil sal geskied in ons lewe, en nie ons wil nie.

Antwoord 124

DIE NOODSAK VAN HIERDIE BEDE

Om te doen wat iemand anders wil hê dat ons moet doen, dit is nie so maklik nie. Ons doen baie liever wat ons self graag wil, ons eie wil. Dit geld ook ten opsigte van ons verhouding met God. Van nature wil ons ons nie onderwerp aan God se wil nie en is dit vir ons **onmoontlik** om ons aan die wil van ons God en Koning te onderwerp. Ons is immers dood in die misdade en die sonde. Maar selfs na ons wedergeboorte, na ons opstanding uit die graf van die sonde, moet ons dit met skaamte saam met Paulus uitkerm: "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek." (Rom 7:19)

ONSE VADER, MAAK U ONS GEWILLIG OM U KONINGSWIL TE DOEN

Ons kan en wil onself nie aan die wil van God onderwerp nie. Daarom is hierdie derde bede 'n noodroep tot God: Onse Vader, maak **U** ons u gewillige onderdane.

Hoe diep beskamd is die verklaring van die Kategismus ook by hierdie bede nie vir ons nie, want die Kategismus lê die bede so uit: **Gee** dat ons ons eie wil prysgee om aan aan u wil gehoorsaam te wees. **Gee** U ons die gewilligheid en die gehoorsaamheid, want anders het ons dit nie.

Hierdie bede is daarom 'n smeking om die daaglikse, reddende nabyheid van ons Verlosser, Jesus Christus. Hierin pleit ons dat die Seun van God deur sy Gees aan ons 'n nuwe hart en 'n gewillige gees sal gee. Vir geen oomblik kan ons sonder Hom leef nie.

ONS EIE WIL EN GOD SE WIL

Gee dat ons **ons eie wil** prysgee. Ons het almal **ons eie wil**. Selfs 'n klein kind wat in sy wiegie lê, het 'n eie willetjie. En hoe kan so 'n kind nie skreeu totdat hy sy sin kry nie! En dit wil ons almal graag hê: ons sin kry, dat dit wat ons wil, sal geskied.

Teenoor ons sondige eie wil, staan **u wil**, die wil van God. Sy wil moet geskied in ons lewens. Die lewe draai immers nie om ons en ons willetjie nie, maar om die wil van ons Maker en ons Koning. Wat Hy graag wil hê en wat Hy van ons eis moet by ons in die middelpunt staan. Wat meer is: alleen dié wil is goed vir ons. Die belydenis praat van die wil van God **wat alleen goed is**. Toe die mens in die paradys sy eie wil gevolg het, het sonde, siekte en dood die wêreld in gekom, en oral waar die mens sy eie wil volg, daar sien ons 'n spoor van ellende, liefdeloosheid en twis.

Ons moet ons eie wil prysgee, bowenal daarom dat alleen in die navolging van God se wil God sy eer kry.

PRYSGEE

Ons moet ons eie wil **prysgee**. Ons moet eie wil verloën, afsweer.

Ek wil vir julle in die verband 'n mooi voorbeeld gee. Dit is die verhaal van een van die groot reformatore, Johannes Calvyn. Toe hy nog maar 27 jaar oud was, moes hy uit sy eie land, uit Frankryk, vlug, omdat hy daar vervolgt is oor sy geloof.

Calvyn het baie van studeer gehou en hy het by homself gedink: Ek wil nog baie uit die Bybel leer; ek wil graag mooi en goeie boeke vir die mense skryf; as ek daarom maar net 'n klein kamertjie het waar ek kan studeer, dan sal ek doodgelukkig wees.

Maar God het iets anders met hom gewil. Op 'n aand het Calvyn in Genève gekom en die volgende dag wou hy verder reis. Maar toe is hy opgesoek deur 'n klein mannetjie met flikkerende oë, wat al vir 'n paar jaar besig was om die evangelie in Genève te verkondig, maar die groot werk was te veel vir hom alleen. Sy naam was Farel en hy het gesê: "Calvyn, God het u hierheen gebring en hier is baie werk vir u om te doen; u moet hier bly."

Calvyn wou dit egter nie doen nie. Hy het gesien hoeveel werk daar was en dat daar nie veel van sy studie-ideale tereg sou kom nie. Daarop het Farel opgestaan en Calvyn met 'n donderende stem toegeroep: "In die Naam van die almagtige God verklaar ek dat u studies net 'n voorwendsel is; indien u weier om u met ons aan die werk van God te gee, God sal u vervloek, want u soek uself en nie Christus nie."

Vir Calvyn het dit gevoel asof hy die stem van God self gehoor het. En hy het nie gewaag om die stem ongehoorsaam te wees nie. Hy het sy eie wil prysgegee en in Genève gebly.

ONS EN ALLE MENSE

Ons moet daarop let dat die Kategismus sê dat ons bid dat **ons en alle mense** ons eie wil moet versaak. Ook in hierdie bede is geen sweem van egoïsme nie. Die **ons** – dit is ek én my medegelowige. Maar ons bid ook vir **alle mense**, ook die wat buite die kerk is. Omdat ons soveel omgee vir die eer van God se Naam, daarom bid ons vol verlange hierdie gebed en is dit ons innige begeerte dat alle mense hulle sal onderwerp aan die wil van die Here.

SONDER TEËPRATERY

Dit is nie genoeg om ons aan die wil van die Here te onderwerp nie. Ons moet dit ook doen **sonder teëpraterij**. Ons moet ons gewilliglik – en nie teësinne nie – buig onder sy Woord.

SODAT ONS GOEIE KONINKRYKSBURGERS KAN WEES

Onse Vader, gee dat ons aan u wil gehoorsaam sal wees, sê die Kategismus, **sodat** elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan uitvoer soos die engele in die hemel. **Ons getrouheid** in ons amp en beroep is '**n gawe van God**. Hy moet en Hy wil ook op ons gebed ons onderdanig maak aan sy wil, **sodat** ons as gevolg van dié genadewerk van Hom ons amp en beroep met gehoorsaamheid aan sy rykswet vervul.

ONS AMP EN ONS BEROEP

Hier is sprake van **twee dinge**:

- Eerstens **ons amp**.

Dit is ons amp van profeet, priester en koning (Vgl. Sondag 12, v/a 32).

As **profete** moet ons gewilliglik en met vreugde die Woord van ons Koning uitdra in die wêreld.

As **priesters** moet ons lewe 'n liefdesoffer wees: liefde vir God en liefde vir ons naaste.

As **konings** moet ons heers oor die sonde.

- Tweedens ons **beroep**.

'n Fabriekswerker het 'n beroep, maar ook 'n huisvrou. Beroep beteken: om geroep te wees. Ons is deur God geroep om hierdie of daardie werk te doen en om Hom daarin te dien. Nooit mag ons dink ons roeping is minderwaardig in vergelyking met iemand anders s'n nie. Daar waar Hy ons geplaas het, wil Hy deur ons gedien word. Ons werk daarom nie in die eerste plek vir brood en botter of om ons baas daarmee te plesier nie. Ons vervul ons Godgegewe roeping met getrouheid en erns om God daarmee en daarin te eer.

AMPSBEKWAAMHEID: BELOFTE EN GEBED

Die naam Christen beteken gesalfde. Ons is gesalf in die **amp** van profeet, priester en koning (vgl. HK 12:32).

- Vir hierdie taak wil God ons ook toerus deur die salwing met sy Heilige Gees. ***Toe ons gedoop is***, is ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun ***én die Heilige Gees***. In die uur van ons doop is die Heilige Gees wat bekwaam maak, aan ons ***beloof***.
- Ons het dus die belofte van bekwaammaking, maar nou leer hierdie Sondag ons ook om te bid om die belofte van die Gees, om die Gees van bekwaammaking. Immers, God die Vader wil sy genade en sy Heilige Gees alleen aan hulle gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (HK 45:116).

DIE VOORBEELD VAN DIE ENGELE

In die derde bede word ten slotte aan ons 'n voorbeeld voorgehou hoe ons ons amp en beroep moet vervul: Onse Vader ... laat u wil geskied, **soos in die hemel** net so ook op die aarde. Vader, help ons om ons roeping net so getrou soos die engele in die hemel te vervul. In die hemel is daar geen opstand teen God nie. Die engele doen met vreugde die werk van God en daarby sing hulle: Eer aan God.

Sondag 50

Die vierde bede: Gee ons ons daaglikse brood

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood.* Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).

(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.

Vraag 125

In hierdie vraag gaan dit oor die bede dat ons Vader ons ons daaglikse brood sal gee.

Die grootste dwaasheid van die mens van die een-en-twintigste eeu is dat ons, wat ons daaglikse behoeftes betref, leef asof God nie bestaan nie:

- Het ons meer geld nodig, beding ons self vir 'n beter salaris. Op ons knieë gaan ons egter nie.
- Is dit droog, smag die veld na reën en smag die diere na voedsel, kyk ons naorstiglik na die weervoorspelling en hoop ons die wind gaan draai. Bid tot God, dit doen ons egter nie.
- Is ons siek, dan gaan ons na die dokter. Dat God die medisyne moet seën, dit vra ons egter nie.

O, wanneer dit gaan om ons **siele**heil, besef ons nog dat ons God nie kan mis nie. Wanneer dit egter by ons **liggaamlike** welsyn kom, by ons daaglikse brood en botter, dan leef ons asof ons selfversorgend is, asof dit iets is waarin ons self moet en kan voorsien.

Hierdie onderskeid ken die Bybel egter nie. God sorg vir ons siel, maar ook vir ons liggaam. Hy is die Gewer van ons geestelike spys, maar ook van ons daaglikse brood. Dit leer Jesus ons in die Onse Vader, wanneer Hy ons leer om aldus te bid: "Onse Vader, gee ons vandag ons daaglikse brood."

Antwoord 125

IN HIERDIE VIERDE BEDE VAN DIE ONSE VADER BELY ONS DRIE DINGE:

1. Dat ons hemelse Vader **die enigste Bron is van alles wat goed is**

Toe jy vanoggend jou ontbyt genuttig het, het jy toe nagedink waar dit vandaan kom? O, miskien dink jy: Ma het dit by die kruidenierswinkel gekoop en hy het die meel weer by die meulenaar gekry en dié het die koring weer by die boer gekry. Maar Wie het die koring op die land laat groei? Die Here het dit gedoen. As Hy nie reën gegee het nie en as Hy die plantjies nie laat groei het nie, dan het die meulenaar geen koring gehad om te maal nie en dan het die kruidenierswinkel geen meel gehad nie en dan sou jy vanoggend geen brood op tafel gehad het nie. Jy het dus jou ontbyt van vanoggend aan die Here te danke. Hy is die Gewer daarvan.

Dit hoor ons ook in Psalm 145:15, 16: "Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehag." Dié wonder het ook vanoggend aan jou ontbyttafel gebeur: die HERE het sy hande geopen en jou versadig.

Maar wanneer ons bid "Gee ons ons daaglikse brood", bid ons nie alleen om spys en drank nie. Die woordjie **brood** sluit veel meer in. Daarmee vra ons: Wil U ons versorg met **alles wat nodig is vir die liggaam**. Dit sluit ook dinge in soos ons klere en ons woning, ons gesondheid en ons lus en moed om te werk.

Ons moet verder daarop let dat ook in hierdie bede daar geen sprake van egoïsme is nie. Immers, ons bid nie "Gee my my daaglikse brood", nie. Nee, dit is **ons**. Gee **ons** ons daaglikse brood. Hierdie gebed leer ons daarom om in ons daaglikse gebede ook aan **ons medemens** te dink. Hoeveel mense is daar nie vandag wat honger ly nie? Hier in ons eie

land is daar duisende mense, ook gelowiges, wat werkloos is. Ons moet aan hulle dink in ons gebede. Christus eis dit van ons, want die Onse Vader is 'n modelgebed, 'n voorskrif van hoe al ons gebede daar moet uitsien. Ook in ons gebed moet dit blyk dat ons buig onder die gebod van naasteliefde.

Gee ons ons daaglikse brood. Maar hoe gee die Here dit aan ons? Doen Hy dit soos met die Israëliete in die woestyn, waar Hy manna laat reën het uit die lug? O, dit spreek vanself, die Here kan dit vandag nog op daardie manier doen. Dit behaag die Here egter om dit nou **langs die weg van getroue arbeid** te doen. Ons moet werk vir ons daaglikse brood. Die Bybel sê immers: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet..." (Gen 3:19) En: "...as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie." (2 Tess 3:10) Hierdie bede is daarom nie 'n verskoning om nie te werk nie, maar die Here wil op hierdie gebed aan ons werkgeleentheid gee en die krag om ons daaglikse brood te kan verdien. So wil Hy ons gebed verhoor: Gee ons ons daaglikse brood.

2. **Dat ons sorg en arbeid, sowel as God se gawes kan sonder sy seën ons nie tot voordeel kan strek nie**

Ons moet daaglik getrou arbeid, anders het ons geen brood op tafel nie. Dit is die duidelike boodskap van die Woord van God. Ons moet ook voorsorg tref vir die dag van môre. Dit leer onder andere Spreuke 6:6-8: "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys! Hy wat geen aanvoerder, opsigter of heerser het nie, maak sy brood klaar in die somer, bêre sy voedsel weg in die oestyd." So leer die Bybel ons uit die natuur, na die voorbeeld van die mier, om getrou ons werk te doen en voorsorg te tref vir die dag wanneer ons nie meer kan werk nie, wanneer die winter van ons lewe aangebreek het en ons oud geword het. Deur pensioenskemas en polisse moet ons dus ook voorsiening maak vir ons oudag.

Werk en voorsorg, dit is dus eg Bybelse gedagtes. Maar nou voeg die Kategismus ook nog hierdie Skriflering daarby: dat al ons sorg en arbeid **sonder u (God se) seën ons nie tot voordeel kan strek nie**. Dit sê Salomo in Psalm 127:1, 2: "As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – net

so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!" Sonder die seën van die HERE is al ons arbeid en al ons moeite tevergeefs.

Dink daaraan as jy môre skool toe gaan: As die Here nie sy seën daaroor gebied nie, kan jy geen sukses van jou werk maak nie. Dink ook aan hierdie bede wanneer jy na die dokter toe gaan, want ook sy werk en sy medisyne is sonder die seën van die Here van geen nut nie.

3. Dat ons ons vertroue van alle skepsele moet aftrek en op God alleen moet stel

Die geloofswete dat ons Vader die **enigste Bron** is van **alles wat goed is**, en dat al ons sorg en arbeid en ook sy gawes sonder sy seën ons nie kan baat nie, bring ons tot die bede: **Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek en op U alleen stel.**

Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie, sê Psalm 146:3-4. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Vertrou op die HERE, sê die digter (v.5): “Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die HERE sy God.”

Aan God alleen die eer, ook wat betref ons daaglikse brood. Gee aan God alleen die eer deur Hom alleen te vertrou vir brood en sukses. Let op die woorde **enigste** (enigste Bron) en **alles** (alles wat goed is) en **alleen** (ons vertroue op God alleen stel).

Mense verwag soveel van die tegniek en wetenskap in ons tyd. Die mens het ook alreeds so ontsaglik baie bereik. Dink maar net aan die mediese wetenskap, watter wonderlike operasies word daar nie vandag al gedoen nie! En tog – as God ons oproep na ons ewige huis, kan geen dokter, hoe briljant ook al, Hom keer nie. Geneeshere staan dikwels magteloos – maar by die Here is uitkoms, ja selfs uit die dood.

ONS DAAGLIKSE BROOD EN CHRISTUS

Gee ons **ons** brood. Met daardie woordjie **ons** sê ons: **Ons het reg op daardie brood**. Ons is immers kinders van God en by ons doop het ons Vader beloof: Hy wil ons as ons Vader

met alle goeie dinge versorg. Net soos wat ons kinders reg het daarop dat ons hulle voedsel sal gee, so mag ons ons hemelse Vader om ons daaglikse brood vra.

Een ding mag ons nooit vergeet nie: dit is **genaderegte**. Deur ons moedswillige sondeval in Adam het ons alle reg op kindskap van God en daarmee saam al ons aanspraak op ons kinderregte verbeur. Danksy Jesus Christus alleen is ons herstel in ons posisie as kinders van God. Daarom sê Johannes: "Maar almal wat Hom (d.i. Jesus) aangeneem het, aan hulle het Hy mag (reg) gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo." (Joh 1:12)

Christus moes alle kinderregte ontbeer sodat óns weer ons kinderregte kon terug ontvang. Hy moes 'n woning ontbeer en op 'n stadium verklaar: die jakkalse het gate en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie. Hy moes woningloos wees, sodat ons weer 'n dak bokant ons hoof kan hê. Hy moes dit aan die kruis uitroep: Ek het dors – Hy moes water ontbeer, sodat ons weer brood en drank kan ontvang uit die hande van ons hemelse Vader. Hy het deur sy lyding alles vir ons terug verdien. Danksy Hom, danksy God se genade in Christus, het ons weer regte, kinderregte. Maar dit is genaderegte, want eintlik het ons dit verbeur. Alleen in die Naam van Jesus Christus kan ons aanspraak maak op spys en drank.

Jesus, die Seun van God en self ook God, is **die enigste Bron van alles wat goed is**. Alleen deur Hom is daar weer vir ons brood en botter, klere en onderdak.

Sondag 51

Die vyfde bede: Vergeef ons ons skulde

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.* Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14.

Vraag 126

Vraag en antwoord 126 behandel die vyfde bede: **Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.**

DIE VERBAND TUSSEN DIE VIERDE EN DIE VYFDE BEDE

Die vyfde bede van die Onse Vader begin met die woordjie **en**: En vergeef ons ons skulde. Daarmee word hierdie bede ten nouste verbind aan die vierde bede, waarin ons vra vir ons daaglikse brood.

Hoekom sou die twee bedes tog so op die allernouste manier aan mekaar gekoppel word? Laat ek dit so verduidelik: in die bede om brood vra ons om **lewe**. Maar nou is dit so dat ons oorgenoeg voedsel kan hê en buitengewoon goeie gesondheid kan geniet – en tog nie **lewend** is nie, maar in werklikheid **dood** is! Hoe kan dit wees? Wel, as ons verhouding met die Here nie reg is nie, dit wil sê as ons sondeskuld nog soos 'n muur tussen ons en Hom staan, dan is ons eintlik lewendig dood. Daarom volg op die bede om ons daaglikse brood die bede om skuldvergifenis. Want dan lewe ons waarlik, in die volle sin van die woord:

as ons berg-hoë skuld voor God uitgedelg is, as ons weer mag lewe in die lig van God se vriendelike aangesig.

Antwoord 126

In hierdie antwoord gaan die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser (Matt 18:23-35) behandel word, omdat dit hierdie vraag so duidelik toelig.

In hierdie bedede doen ons **drie dinge**:

1. ONS BELY ONS SKULD

Op 'n keer het die Here Jesus aan sy dissipels 'n pragtige gelykenis vertel:

Daar was eenmaal 'n slaaf wat diep in die skuld was by sy heer, die koning. Hierdie man het 'n baie lelike ding gedoen. Hy het geld verduister: die enorme som van 10 000 talente. Net om julle 'n idee te gee hoeveel geld betrokke was: Dit sou 'n arbeider in daardie tyd 1 000 werksweke gekos het om slegs 1 talent te spaar. So onmoontlik groot was hierdie man se skuld.

Hy is voor die koning gedaag en die eis is aan hom gestel: Betaal. Natuurlik kon die man dit nie doen nie. Daarom het die koning die verdoemende vonnis oor hom uitgespreek: "Verkoop die man maar, met sy vrou en kinders daarby, en alles wat hy het!"

Luister nou na wat Jesus van ons sondeskuld by God sê in die vyfde bedede: Om die **grootheid** van ons skuld by die Here te benadruk, praat Jesus hier in die vyfde bedede nie van skuld nie, maar van **skulde**. So ontsaglik groot en soveel is ons sonde dat Jesus dit nie in die enkelvoud nie, maar in die meervoud aandui.

Met die woorde **Vergeef ons ons skulde** bely ons ons **misdade** (dit wil sê die sondes wat ons **daagliks** doen) en **die boosheid wat ons altyd aankleef** (dit wil sê ons **erfsonde**, ons sondige geaardheid).

Ons staan diep by God in die skuld. Ons is **arm sondaars**, brandarm skuldenaars, wat nie 'n sent van ons skuld kan betaal nie. Ons maak selfs die skuld nog daagliks meer (HK 5:13).

Ook ons vonnis kan nie uitbly nie: Ons is die ewige dood skuldig. Die Regter vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sondes (**die boosheid wat ons altyd aankleef**) sowel as die werklike sondes (**misdade**), en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf; soos Hy gesê het: *“Vervloek is elkeen wat nie bly in die boek van die wet om dit te doen nie”*. (HK 4:10)

2. ONS VRA OOK OM SKULDVERGIFFENIS

By die aanhoor van die vreeslike oordeel het die man in die gelykenis op sy knieë geval en die koning om genade gesmeek: "Heer, wees geduldig met my, en ek sal u alles betaal." Toe het daar iets gebeur so verbysterend wonderlik, ja eintlik ongehoord, dat sy medeslawe dit seker byna nie kon glo nie: "En die heer van daardie dienskneg het hom innig jammer gekry en hom die skuld kwytsgekeld." Hy hoef **niks** daarvan terug te betaal nie, want dit is wat die woord "kwytskeld" beteken.

Dit is nou presies wat God met ons doen wanneer ons hierdie bede bid. Ons skuld is onmeetbaar groot en tog sê Hy: "Ek sal daar nooit meer aan dink nie." (Heb 10:17) Dit is 'n onbegryplik heerlike wonder.

Moet egter nie die groot fout maak om te dink dat gebed maar 'n goedkoop manier is om by God uit die skuld te kom nie. Dit het God die hoogste prys gekos om ons te kan vergewe. "Julle is duur gekoop." (1Kor 6:20) Dit het Hom sy Seun gekos.

Hierdie bede bring ons by die kruis van Golgota. Daar het Christus dit uitgeroep: "Dit is volbring!" (Joh 19:30). Die Griekse woord wat Jesus daar gebruik, **tetelesthai** (dit is volbring), is dieselfde woord wat in die wêreld van destyds op kwitansies geskryf is as die skuld heeltemal gedelg en afbetaal is. God het met sy Seun betaal. Dit is voorwaar geen goedkoop genade nie. Dit het Jesus die bittere en smadelike dood van die kruis gekos om ons rekening by God weer skoon te kry.

Self kan ons nooit ons rekening by God vereffen nie, net so min as die slaaf in die gelykenis. Wat meer is: ons maak ons skuld net daagliks meer. Daarom vra ons in hierdie bede: Wil ons ons skuld nie toereken nie **ter wille van die bloed van Christus**.

Maar wanneer ons so bid om vergifnis, bid ons nie net vir onself nie. Ons bid immers in opdrag van Jesus: Vergeef **ons**! Ons verrig in ons gebed **priesterlike werk** deur nie alleen vir onself te bid nie, maar ook vir ander. Ons bid vir ons gesin, vir ons gemeente, vir ons naaste, ja selfs vir ons vyande. So is ook hierdie bede vol liefde vir ons medemens.

3. ONS BID IN DIE VYFDE BEDE OM DANKBAARHEID

Dankbaarheid – daarop kom die woorde **soos ons ook ons skuldenaars vergewe** neer

Laat ek dit weer toelig met die gelykenis wat Jesus vertel het:

Die slaaf wat so diep by sy heer in die skuld was, het die ontsaglike groot wonder ervaar dat sy koning sy berg-hoë skuld sommer net so kwytskeld het.

Maar dan, wanneer hy op pad huis toe is, gebeur iets skokkend. Op sy terugpad ontmoet hy 'n mededienskneg wat hom die karige bedraggie van honderd pennings skuld. Dit is 0.016% van die 10 000 talente wat hy self aan die koning geskuld het.

Dit is dus niks in vergelyking met wat hom kwytskeld is deur die koning nie. Hy moes so dankbaar gewees het oor die groot skuld wat hom kwytskeld is dat hy die klein bedraggie wat sy mededienskneg hom geskuld het sommer maklik oor die hoof kon sien. Maar iets vreesliks gebeur: Hy gryp sy mededienskneg aan die keel en sê vir hom: "Betaal my wat jy skuld." Die man val op sy knieë en smeek om uitstel, maar die hart van sy skuldeiser is so hard soos 'n klip. Hy laat die man summier in die tronk gooi.

Toe die koning hiervan hoor, was hy baie kwaad. So 'n verskriklike ondankbaarheid! **Alles** is dié man vergewe, maar hyself kan **niks** vergewe nie. **Maar nou is daar vir hom ook niks vergewing meer nie.** Opnuut word hy voor die regbank van die koning gebring en sy vonnis word gevel: Hy is oorgegee in die hande van die pynigers.

En dan sê Jesus wat Hy met die hele gelykenis by ons wou tuisbring: "So sal my hemelse Vader ook aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte vergewe nie."

SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE

Ons moet hierdie woorde reg verstaan.

- Dit beteken sekerlik **nie** dat ons vergewing **'n voorbeeld vir God** is nie: dat God ons in gelyke mate moet vergewe waarin ons ons skuldenaars vergewe nie. Dan sou dit maar sleg met ons gegaan het, want ons is ook in hierdie werk van vergiffenis nog onvolmaak.
- Dit is beslis ook **nie** so bedoel dat ons God se vergiffenis **verdien**, omdat ons ons skuldenaars vergewe nie. Die slaaf wat sy heer 10 000 talente geskuld het, het juis kwytskelding gekry nog voordat dit geblyk het dat hy geen genade vir sy medeslaaf gehad het nie. Ook wat ons vergewensgesindheid betref, geld die woord: “Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.” (Fil 2:13)
- Tog is daar **'n onlosmaaklike verband** tussen God se vergiffenis van ons en ons vergewing van ons skuldenaars. Dit laat die gelykenis duidelik sien. God skenk ons net vergiffenis as ons bereid is om mekaar te vergewe. Waar ons nie bereid is om te vergewe nie, blokkeer ons die gebed om vergewing.
- Ons Kategismus wys ons die weg na **die regte verklaring**. In ons bereidheid om mekaar ook te vergewe, sien ons 'n **bewys van God se genade in ons** aan die werk. God maak ons in sy genade en deur sy genade vergewensgesind. Van nature is ons nie vergewensgesind nie. Ons haat en ons sweer wraak en ons vervolg mekaar. As ons egter aangegryp is deur die wonder van God se skuldvergifnis, sy **genade** aan ons, en as Hy met sy **genade** in ons hart werk, dan word ons vergewensgesind.

Sondag 52

Die sesde bede en slot van ons gebed

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.* Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd (e) nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).

(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.* Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).

(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.

Vraag 129: Wat beteken die woord *Amen*?

Antwoord: *Amen* wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).

(a) 2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.

Vraag 127

Vraag en antwoord 127 behandel die sesde bede: **En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.**

Antwoord 127

DIE VERBAND TUSSEN DIE VYFDE EN DIE SESDE BEDE

Die vorige keer het ons die vyfde bede van die Onse Vader behandel: Vergeef ons ons skulde. In hierdie Sondag gaan dit oor die sesde bede: **Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.**

Daar is 'n baie nou verband tussen dié twee bedes. Albei gaan oor ons **sonde**. Ons sonde bestaan naamlik uit twee dele: **sondeskuld** en **sondesmet of -mag**:

- Daar is eerstens die **sondeskuld**. Laat ek so verduidelik: Ons sonde stel ons skuldig voor die Regter van hemel en aarde; dit maak dat ons veroordeel sal word tot die straf van die ewige dood. In die **vyfde bede** "Vergeef ons ons skulde", vra ons ons hemelse Vader dat Hy ons skuld sal uitdelg om Christus wil en dat Hy ons so sal verlos van die straf van die ewige dood.
- Maar die sonde bestaan nie net uit skuld nie. Daar is ook nog in die tweede plek die **sondemag of -smet**: Die sonde is 'n mag in ons lewens; ons natuur is besmet, sodat ons van nature niks anders as sonde kan doen nie. En daarvoor bid ons nou in die **sesde bede**: om verlossing van die sondemag in ons lewe. "Here, verlos ons van ons sondige gedagtes, woorde en dade."

Dit is so 'n belangrike onderskeid, sondeskuld en sondemag, dat ek dit met 'n beeld nog duideliker by julle wil tuisbring, met die beeld van 'n misdadiger wat voor 'n regter staan:

- Eerstens kan ons sê: As so 'n man voor die regter verskyn, word hy, as gevolg van sy misdade – of noem dit maar sondes – **skuldig** bevind. Dan word hy gevonnissen tot 'n straf, byvoorbeeld. tronkstraf, om te betaal vir sy sondeskuld en te boet vir sy misdaad.

- Maar tweedens is daar nog iets: sy **misdadige neigings**, sy bose karakter. En daarvoor word hy ook tronk toe gestuur, om gerehabiliteer te word van sy slegte natuur en van hom 'n beter mens te maak.

Dit is nou presies wat met ons die geval is:

- Ons is misdadigers voor God. 'n Godswonder het egter gebeur. Iemand anders, nl. Christus, het die **sondeskuld** op Hom geneem en die straf vir ons gedra. En daarvoor bid ons ook telkens wanneer ons gesondig het: Vergeef ons! En dit word ons vergewe. Dit is **die vyfde bede**.
- Maar met die wegneem van ons sondeskuld is ons nog nie beter mense nie. Ons bly nog sondaars wat daaglik misdade pleeg. Ons sit nog met daardie misdadige geaardheid en, soos 'n gewone misdadiger gerehabiliteer moet word in 'n tronk, so moet ons ook gerehabiliteer word. Ons moet ontslae raak van die **sondige neigings** en die misdadige trekke in ons. Daarvoor vra ons in die **sesde bede**: "Lei ons nie in versoeking nie ...", dit wil sê: "Bevry ons van ons bose natuur."

Om maar weer terug te kom by die beeld van die misdadiger met sy swak karakter: as hy die dag uit die tronk kom, is daar soveel versoekings. Hy het so 'n stryd teen homself en die versoekings wat op hom afkom. 'n Diamantdief het eenmaal in die tronk vir my gesê: Een ding wat hy nie **kan** doen **nie**, is om by 'n mooi diamant verby te loop. Sy natuur is te swak en die versoeking is te sterk!

So is ons almal! Ons natuur is so swak en die versoekings storm daaglik van alle kante af op ons af. En ons **kan nie** daarteen weerstand bied nie. Ons kan nie by die verlokkinge verbyloop nie. Dit trek ons soos 'n magneet aan.

VERSOEKINGS

1. *God versoek ons nie*

So 'n stelling klink tog vreemd. Waarom moet ons dan bid: "Onse Vader ... lei ons nie in versoeking nie ..."?

Ons sal die antwoord op ons vrae in die Bybel moet gaan soek. In Jakobus 1:13: "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie, Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, **en self versoek Hy niemand nie.**"

Ons moet onthou: daar is 'n groot verskil tussen **beproof** en **versoek**.

- Om te **beproof**, geskied met 'n goeie doel. Om te beproef beteken om iemand op die proef te stel, om hom te toets of hy getrou is of nie. Dit het God met Abraham gedoen toe Hy hom beveel het om Isak te gaan offer: Hy het Abraham se geloofsgehoorsaamheid getoets.
- Om te **versoek**, daarenteen, beteken om iemand te verlok tot die kwaad. Dit doen Satan met ons.

Kan God dan nooit versoek nie? O, Hy kan met wyse oogmerke ons in die versoeking lei. Daar staan van die Here Jesus dat Hy "... deur die Gees weggelei (is) die woestyn in om versoek te word deur die duiwel" (Matt 4:1). Maar die bedoeling van die Gees was nie om Hom te versoek en te verlok tot die sonde nie. God se oogmerk was om die gehoorsaamheid van sy Seun te beproef en voor 'n toets te stel.

Dit kan die Here vandag nog met ons doen: sy kinders in die versoeking lei. Die bedoeling van die Here daarmee is egter nie om ons tot 'n val in die sonde te bring nie. Nee, Hy beproef ons geloof om te sien of ons in sulke situasies aan Hom gehoorsaam sal bly en of ons in sulke gevaarsituasies in die geloof na Hom sal gryp om hulp. **Dit is dus die bedoeling van die woorde "lei ons nie in versoeking nie"**: Indien U dit in u wysheid nodig ag, help U my dan om staande te kan bly en om die toets te slaag. Onse Vader, verlos U my dan van die Bose, wat van die beproewing 'n versoeking wil maak.

2. Satan en sy trawante versoek ons

God versoek ons dus nie tot die sonde nie. Maar wie is dan die vyand?

Ons het drie vyande, sê die Kategismus. Ons belydenis praat van **doods**-vyande, want hulle lei ons na die ewige dood.

Hierdie drie is die **duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur**.

Vyand nommer 1 is die **duiwel**: Hy "loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind", sê 1 Petrus 5:8. Voortdurend lê hy op die loer vir sy prooi of hy nie 'n kans het om u in sy kloue te kry nie.

Hy het ook twee handlangers: vyand nommer 2 en nommer 3.

Vyand nommer 2 is **die wêreld** waarin ons leef. Dit is die wêreld met al sy prikkelende versoekings tot seks, rykdom en eer. O, die wêreld ken die kuns om die sonde so aangenaam en so aanloklik moontlik voor te stel!

Maar dan is daar nog **vyand nommer 3: ons eie sondige natuur**. Dit gaan met ons soos met alle leërs: Daar is altyd 'n verraaier in jou midde, 'n hensopper in eie geledere. En hoe gevaarlik is dit nie as die vyand so, op dié manier, langs (binne-in) jou sit nie! As hy saam met jou in die fort sit, want wanneer jy dit die heel minste verwag, gooi hy die poorte oop vir die vyand om in te kom!

So gaan dit ook geestelik met ons. Die vyand sit binne-in ons, in ons hart. Ons **eie** sondige natuur is die verraaier! Hou goed met hom rekening!

3. *Ons oorwinning oor ons versoekings*

Ons staan voor drie uitermate gedugte teenstanders. Is ons opgewasse teen hierdie so magtige vyande? Nee, sê die Kategismus, **ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie**. Ons eie kragteloosheid bely ons dus in hierdie bede.

Maar as ons dan weet hoe swak ons is en as ons die oormag teen ons ken, dan moet ons 'n **Bondgenoot** soek, en dit doen ons wanneer ons bid "Onse Vader ... verlos ons van die Bose." Daarmee sê ons: **Wil U, o Vader, ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk.**

Reeds in antwoord 49 het die krag van die Heilige Gees ter sprake gekom. Gaan lees weer wat daar oor sy werk gesê is. Die Heilige Gees **verbind ons deur die geloof aan ons Here Jesus Christus**, en in Hom, ons Here Jesus, is ons meer as oorwinnaars en sal ons triomfeer. Daarom roep Paulus die Efesiërs op: "Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte." (Ef 6:10) En in Filippense 4:13 sê die apostel: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

Met die sesde bede roep ons tot die Here Jesus en sy Gees om toe te tree tot die doodstryd wat ons het om te stry. Met die sesde bede mobiliseer ons die magtigste leer en die kragtigste weermag wat daar is: God Drie-enig.

Saam met hulle stry ons **totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal**. Daardie **totdat** is totdat ons by Christus is of totdat Christus weer kom.

Vraag 128

Die Onse Vader eindig met 'n lofprysing:

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Antwoord 128

ONS GEBEDSKRISIS

Talle gelowiges se gebedslewe verkeer dikwels in 'n krisis. Ons bid en bid, maar so baie kere lyk dit asof daar glad niks gebeur nie. Ons omstandighede bly onveranderd.

Onder sulke omstandighede is ons geneig om te vra: **Wil** die Here ons ooit help? Of nog erger: **Kan** Hy ons ooit help? Het dit nog enige sin om te bid?

Ons is sekerlik nie die eerste gelowiges wat die krisis van die gebed ervaar nie. Hoor Job (30:20) bid op die ashoop: "Ek roep U aan om hulp, maar U antwoord my nie; ek staan daar, en U staar my aan". En luister na Dawid in Psalm 22:3: "My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie ...".

ONS GEBEDSGRONDE: WANT ...

Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid. Met hierdie een woordjie **want** word vir ons gesê wat **die vaste grond onder ons voete** is. Met hierdie **want** word vir ons die **redes** gegee **waarom ons so seker kan wees** dat die Vader ons **kan** en **wil** en **sal** help:

- Want **aan u behoort die koninkryk**

Die Here is Koning. Hy is in beheer. Daarom kan Hy ook skenk wat ek in die Onse Vader van Hom vra.

Dit moet ons gebedsekerheid gee.

- Want **aan u behoort die krag**

Daarmee spreek ons uit dat Hy nie alleen wil help nie, maar dat Hy dit ook inderdaad kan doen. Hy het die krag om ons gebede te verhoor. Hy is die Almagtige.

Dit moet ons gebedsekerheid gee.

- Want **aan u behoort die heerlikheid**

Die eer, kan ons ook maar sê. Dit gaan om die eer van sy Naam. Ter wille van sy heerlike Naam sal Hy sy beloftes aan ons ook waar maak. Sy Naam is immers HERE, getroue Verbondsgod.

Dit moet ons gebedsekerheid gee.

GEBEDSVERHORING IS 'N SAAK VAN GELOOF

Inderdaad, nou, op die oog af, lyk dit asof daar van God se koninkryk hier op aarde niks tereg kom nie. Ja, vir die liggaamlike oog lyk dit asof die Here glad nie die bede "Laat u koninkryk kom" verhoor nie. Die goddeloosheid neem hand oor hand toe. Dit lyk eerder asof die duiwel koning is. Deur die geloof weet ons egter: Op Golgota is die duiwel verslaan en die Here Jesus regeer. Dit was die groot deurbraak van die koninkryk van God. Nou sien ons uit na die koms van die koninkryk in volheid en volkomeheid.

Nou is daardie vreeslike siekte nog aan die werk en nou lyk dit asof God nie verhoor as ons om genesing bid nie. Maar luister wat die Here van die nuwe aarde sê: "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." (Op 21:4) Ook dit is deel van die verhoring van die Onse Vader-gebed.

Vraag 129

Ons kom by die laaste woord van ons gebed: **Amen**.

Antwoord 129

ONS GEBEDSVERTROUE

Vir die meeste mense sê die woordjie **Amen** nie meer veel nie. Vir baie beteken eintlik maar net: punt, klaar.

Daarom is dit belangrik dat ons besondere aandag aan die woord "Amen" sal gee.

In die oorspronklike teks van die Heidelbergse Kategismus staan letterlik: "Wat beteken die **woordjie**: Amen?" Woordjie (verkleinwoord). Inderdaad is dit 'n woord-**jie**, Dit is 'n klein ou woordjie, maar wel is dit 'n woord groot en ryk in betekenis.

Dit is 'n Aramese woord, 'n woord uit die Ou Testament, en dit beteken **vas, seker, waaragtig**. Daarmee spreek ons ons gebedsvertroue uit. Daarmee verklaar ons: Dit staan vas, dit is verseker: God **sál** my ook verhoor in alles wat ek van Hom gevra het in hierdie volmaakte gebed. Daaraan twyfel ek nie.

Hoe kan ons so seker daarvan wees? Ag, as ons na onself kyk, het ons geen rede om te dink dat God na ons sal luister nie. Deur ons sondes het ons al sy guns en liefde verbeur.

Maar in die Nuwe Testament (Op 3:14) word ons Here Jesus Christus "die Amen, die getroue en waaragtige Getuie" genoem. En, sê Paulus (2 Kor 1:20): "... hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons." In Hom is al God se beloftes vas en seker.

Ons Here Jesus Christus is die grond van ons gebedsvertroue. Sy offer is die fondament van ons sekerheid.

Met ons **Amen** slaan ons dus ons oë op na die Amen van God, na ons Here Jesus, in Wie die verhoring van ons gebede gewaarborg en verseker is.

Enkele geraadpleegde bronnen

- BLOK, MJC. 1969. Beleden beloften. Groningen : De Vuurbaak.
- BREMMER, RH. 1991. 52 open vensters. 52 catechismuspreken. Niezijl : Boekhandel Dijksterhuis
- DEDDENS, K. 1982. Dit is uw leven. 54 Catechismuspreken. Terneuzen : Bareman.
- DIJK, K. 19?. De Catechismuspreek in haar verscheidenheid. Franeker : Wever.
- FEENSTRA, JG. 19?. Het eigendom des HEEREN. Korte verklaring van den Heidelbergschen Catechismus. Kampen : Kok.
- HAITJEMA, Th L. 1962. De Heidelbergse Catechismus als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk. Wageningen : H Veenman en zonen.
- HOLWERDA, B. 1975. De dingen die ons van God geschonken zijn. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.
- KOHLBRUGGE, HF. 19?. De eenvoudige Heidelberger. Catechismuspreken. Franeker : Wever.
- OORTHUYS, G. 1948. De eeuwige jeugd van Heidelberg. Amsterdam : Uitgeversmaatschappij Holland
- PRAAMSMA, L. 1959. Lerende hen onderhouden. I Zondag 1-24. Kampen : Kok.
- PRAAMSMA, L. 1960. Lerende hen onderhouden. II Zondag 25-52. Kampen : Kok.
- TUNDERMAN, JW. 1949. 't Beginsel der eeuwige vreeugde. Deel I. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.
- TUNDERMAN, JW. 1949. 't Beginsel der eeuwige vreeugde. Deel II. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.
- URSINUS, Z. 1977. Het schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus. Deel 1. Nu in hedendaags Nederlands herschreven en van een inleiding voorzien door J van der Haar. Dordrecht : JP van den Tol.

URSINUS, Z. 1978. Het schatboek der verklaringen over de Heidelbergse Catechismus. Deel 2. Nu in hedendaags Nederlands herschreven en van een inleiding voorzien door J van der Haar. Dordrecht : JP van den Tol.

VAN ANDEL, H. 1934. De eenige troost. Deel I. Franeker : Wever.

VAN ANDEL, H. 1935. De eenige troost. Tweede deel. Franeker : Wever.

VAN BRUGGEN, J. 1991. Annotations to the Heidelberg Catechism. Neerlandia : Inheritance Publications.

VAN DER BANK, JH, BOS, G, IMMINK, FG, NOORDEGRAAF, A, VAN DER VELDE, MJG, VERBOOM, W. 1993. Kennen en vertrouwen. Zoetermeer : Boekencentrum.

VAN KOOTEN, R, e.a. 1981. Naar zij reine leer. 64 preken over de 52 zondagen van de Heidelbergse Catechismus. Utrecht : Den Hertog's Uitgeverij.

VAN KOOTEN, R. 1996. Aan zijn voeten. Onderwijs en verdieping in de geloofsleer. Leiden : JJ Groen en Zoon.

VAN SLIEDREGT, J. 1980. Adam en Christus. Uw enige troost. Zondag 1-7. Huizen (NH) : J Bout en Zonen.

VAN SLIEDREGT, J. 1983. Vaderschap en kindschap. Uw enige troost. Zondag 8-16. Huizen (NH) : J Bout en Zonen.

VAN SLIEDREGT, J. 1985. De bazuin zal klinken. Uw enige troost. Zondag 17-24. Huizen (NH) : J Bout en Zonen.

VAN SLIEDREGT, J. 1986. Waartekenen en zegelen. Uw enige troost. Zondag 25-33. Huizen (NH) : J Bout en Zonen.

VAN SLIEDREGT, J. 1988. Mijn wet in uw binnenste. Uw enige troost. Zondag 34-44. Huizen (NH) : J Bout en Zonen.

VAN SLIEDREGT, J. 1989. Het gebed als ademtocht. Uw enige troost. Zondag 45-52. Huizen (NH) : J Bout en Zonen.

VELDKAMP, H. 1975. Zondagskinderen. Kanttekeningen bij de Heidelbergse Catechismus. Deel 1 en 2. Franeker : Wever.

VENEMA, FF. 19?. Wat is een Christen nodig te geloven? Groningen : Vuurbaak.

VERBOOM, W. 1996. De theologie van de Heidelbergse Catechismus. Twaalf thema's: De context en de latere uitwerking. Zoetermeer : Uitgeverij Boekencentrum.

VERSTEEG, JP. 1978. Het gebed volgens het Nieuwe Testament. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

VONK, C. 1950. De Voorzeide Leer. Hasekamp : Schiedam.

Bylaag oor Sondag 1

Tot roem en prys van Gods genade

... sing ons van sy reddingsdade in Hom wat die Geliefde is

Sondag 1 breedvoerig

Sondag 1 'n voorlied van die skrywer

Dit is die gebruik by die skryf van 'n boek dat 'n skrywer 'n **voorwoord** skryf.

In die voorwoord sê die skrywer in kort wat hy in sy boek by ons wil tuisbring.

1. Vraag en antwoord 1 is 'n lied oor God se werk in Christus

Ek noem my voorwoord doelbewus nie 'n voorwoord nie, maar 'n voor-**lied**.

Ek wil dit in die vervolg verduidelik.

Vraag en antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus kan in 'n sekere sin met reg 'n lofsang genoem word, 'n loflied op **God se werke in Christus**. God se werke in Christus word grootgemaak en vorm die heerlike inhoud daarvan.

Ek kon nie anders nie as om by die bestudering van die evangeliese lofsang van vraag en antwoord 1 te sing van hierdie evangelie van ons belydenis nie:

Tot roem en prys van Gods genade,

die grond van ons behoudenis,

sing ons nou van sy reddingsdade

in Hom wat die Geliefde is.

Uit Hom in wie ons nou weer vry is

van skuld, deur sy verlossingsbloed,

in Hom, in wie die heil berei is,

kom seënstroom ons tegemoet. (Totius – Skrifberyming 24:3)

2. Vraag 2 tot 129 'n verdere uitwerking van die lied van God se dade

Vraag en antwoord 1 is dus 'n lofprijsing van God se werke in Christus.

Daarby moet ons ook sê: Die res van die Kategismus is 'n verdere uitwerking van hierdie lied. In die volgende vrae en antwoorde gaan die Heidelbergse in besonderhede van hierdie wonderwerke sing. Die Heidelbergse is een groot lofsang. Elke vraag is 'n vers, 'n strofe in hierdie hemelse lied.

3. Die hart van hierdie lied is wat God gedoen het in Christus

Steeds – dwarsdeur hierdie lied – van Sondag 1 tot en met Sondag 52 is **die werke van God in Christus die hart en die middelpunt**:

Die inhoud van die lied



Die werke van God:

☞ Die werke van God in Christus is die hart van hierdie lied

☞ Hierdie werke troos ons

WANT

- Sy werke maak ons tot sy eiendom en Hy hou ons tot eiendom
- Sy werke gee ons geloofssekerheid, sy werke bring ons tot goeie werke.

4. Psalm 25, 'n gebedspsalm

Daar is nog 'n lied, wat 'n prominente plek inneem. Dit is Psalm 25 vers 2 soos Totius dit berym het:

*Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,*

om met lus daarop te gaan.

Drie belangrike lesse in Psalm 25



1. Die HERE moet ons die regte Weg **leer**
2. Daardie **Weg** is **Christus**
3. Die HERE moet ons ook **die lus** gee om op daardie Weg te gaan.

1. Die HERE moet ons die regte Weg **leer**.

As Hy die pad nie aan ons bekend maak in sy Woord nie, sal ons dit nooit ken nie.

As Hy ons nie geloofsoë gee om dit te sien in die Bybel nie, sal ons vir ewig blind bly daarvoor.

2. Daardie **Weg** is **Christus**

Hý is die Weg en niemand kom tot die Vader behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6).

3. Die HERE moet ons ook **die lus** gee om op daardie weg te gaan.

Van nature is ons nie self lus om op daardie pad te gaan nie. Inteendeel, Filippense 2:13: dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

5. Om die lied van die Kategismus te verstaan, is 'n gebedsaak

Psalm 25 is een groot gebedspsalms.

Dit begin in vers 1 met die Woorde: ***Tot U, o HERE, hef ek my siel op.*** Dit beteken: Dawid bid tot die HERE. Hy weet dat hy dit ***ook moet vra*** van die HERE dat Hy hom die weg sal wys en op die weg sal lei.

Daarom:

- om iets te kan begryp van die Evangelie van die Kategismus, is 'n gebedsaak;
- om lus te wees om daaruit te leef, is gebedsverhoring.

Daarom begin en eindig my lesse ook met Psalm 25.

6. Die verheerliking van Christus is my lewenslied dwarsdeur die lesse

Die verheerliking van Christus is my lewenslied.

Dit is ook in kort saamgevat my lewensboodskap wat ek in hierdie lesse by julle wil tuisbring. Dit moet julle by hierdie voorwoord of voorlied onthou.

Al is dit ook die laaste wat ek sou moes skryf, is dit ook alles wat ek wou – nee, moes – skryf my lewe lank.

AH Bogaards – 2021

Inleiding: die goue draad

1. Hou hierdie kosbare belydenis vas

Die Heidelberger, die eenvoudige Heidelberger, hou daaraan vas, my kinders! Dit was die woorde van 'n bekende teoloog, Hermann Friedrich Kohlbrugge (1803-1875), op sy sterfbed.

Dit is ook my oproep aan ons jeug en aan elkeen wat hierdie stuk lees.

Hoekom is dit só belangrik dat ons dit moet vashou? Om hierdie rede:

2. Christus word in die Kategismus verheerlik

Christus word in die Kategismus verheerlik.

Vraag en antwoord 1 laat ons sien wat God die Vader in Christus gedoen het en nog doen en soos 'n goue draad loop dit deur tot aan die einde van Sondag 52.

3. Die Vader en die Heilige Gees word in Christus ten hoogste geëer en verbly

Christus word verheerlik en bekendgemaak in hierdie belydenis, maar ook die Vader en die Heilige Gees.

Nooit staan die Vader en die Heilige Gees los van Christus nie, want dit moet ons weet:

- Nooit word die **Vader** meer geëer as in sy Seun nie. In die Seun leer ons die Vader ken en sien ons wat se Vader ons het: 'n Vader wat sy eie Seun vir ons gegee het. In die verlossingswerk van die Seun lê die Vader se liefde ook vas – gewaarborg.
- En die **Heilige Gees**, die ander Trooster, doen niks liewer as om ons te troos met die troos van Christus nie.

4. Hoe ons die Kategismus moet verstaan en verklaar

As ons die Kategismus reg wil verstaan, is daar **twee reëls** wat ons moet volg:

1. Ons moet na die **Woord** luister en

2. ons moet goed luister na wat die **Kategismus** self sê.

1. Die **eerste verklaringsreël** as ons die Kategismus wil verklaar, is om te gaan kyk waar in die **Bybel** die Kategismus sy woorde kry.

Immers, ons belydenis wil net die Woord naspreek. Die Heidelbergse Kategismus is 'n skatkamer. Dit put sy rykdom uit die goudmyn van die Woord. Ons belydenis wil die Skrif naspreek. Wie daarom die Kategismus wil verklaar, moet dit vanuit die Woord doen.

Ek noem net **een voorbeeld**: die woordjie **troos**. Ons kry die woord dwarsdeur die Bybel en altyd slaan dit op Christus. In Psalm 23 word van die goeie Herder, van Christus gepraat en daar jubel die Psalmskrywer: die stok en die staf van hierdie Herder, d.w.s. sý werk, dit vertroos my. Hy is ons Troos.

2. Die **tweede verklaringsreël** is om mooi na die Kategismus self te gaan luister.

Want wie kan ons beter verduidelik wat 'n skrywer bedoel as die skrywer self. Daarom moet ons ook met die Kategismus die groot verklaringsreël volg: skrif (kategismus) met skrif (kategismus) vergelyk.

Ook hier noem ek **een voorbeeld**: In deel drie van die Kategismus kom ons by ons goeie werke, ons dankbaarheid. Maar as ons mooi luister na die skrywer van die Kategismus, sal ons weet dat ons hierdie goeie werke nie uit eie krag kan doen nie: In die deel oor die verlossing laat die Kategismus ons sien dat ons dankoffer 'n vrug en gevolg van die kruis is. (Sondag 16:43) ***Deur sy krag ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bose luste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy.***

Les 1: Vraag 1. Ons enigste Troos

1. Die groot belangrikheid van die voorwoord van die Kategismus

Ek begin met die behandeling van Sondag 1, maar ek gaan my in hierdie les ***beperk tot vraag 1***, omdat Sondag 1 so 'n belangrike Sondag is.

Ek sal verduidelik waarom ek so sê: Elke goeie boek het 'n voorwoord of 'n inleiding. In so 'n voorwoord sê die skrywer kort en kragtig wat hy in sy boek wil leer. As jy dit gelees het, verstaan jy sommer dadelik die boek beter: jy sien die groot lyn in die boek, die groot boodskap van die boek, baie helder. Dit is iets soos 'n gids, wat jou vooraf al wil sê wat jy op die roete kan verwag en die pad beter kan ken en waardeer waarop die boek jou lei.

En nou het ons in Sondag 1 so 'n inleiding.

1. In die ***eerste vraag en antwoord*** kry ons '***n samevatting*** van die hele Heidelbergse Kategismus:

Kort en kragtig sê vraag en antwoord 1 vir ons waaroor dit gaan in die hele res van hierdie belydenis. Dit gaan oor **jóú enigste troos in lewe en in sterwe** en daardie troos is **Christus**.

Sien julle nou waarom Sondag 1 so belangrik is: Sondag 1 ons laat naamlik sien en help ons om te **verstaan** waaroor en oor Wie hierdie hele belydenis gaan.

2. In die ***tweede vraag en antwoord*** kry ons ***die indeling*** van die troosboekie:
 - my sonde,
 - my verlossing,
 - my dankbaarheid.

2. Vraag 1: troos, enigste, in lewe en in sterwe, jou

Kom ons begin dan by vraag 1: ***Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?***

Ek gaan by 4 gedagtes stilstaan:

1. Troos
2. Enigste
3. In lewe en in sterwe en

4. Jou

Kom ons begin dan by die woordjie

2.1. Troos

Ons het **troos** nodig.

Troos beteken: Daar is iets wat ons hartseer maak.

Ons **sonde** is die oorsaak van ons hartseer, want:

- deur ons sonde is God vertoornd op ons en ons verdien sy straf;
- deur ons sonde is ons verhouding met ander mense stukkend, en
- deur ons sonde is daar siekte en dood.

Waar kom die Kategismus aan die woordjie troos?

Die belydenis kry dit in die Bybel. Ons moet dit steeds by die verklaring van die belydenis onthou: Die Kategismus wil net die Skrif naspreek. Deur die Bybel te raadpleeg, moet ons dus die woorde in die Kategismus verklaar.

Die boek Jesaja begin in hoofstuk 40:1 met die woorde:

Troos, troos my volk, sê julle God. Daarom staan Jesaja 40 tot 66 ook bekend as die **Troosboekie** van God se volk.

Israel het troos nodig gehad, want as gevolg van hulle sondes het God hulle gestraf: Hulle was in ballingskap in Babel. Dit het beteken: hulle was weg uit die beloofde land, weg van die tempel, waar God gewoon het. Dít was hulle **hartseer**, hulle **smarte** en - die **oorsaak** daarvan was hulle sondes.

Maar nou kom Jesaja in hoofstuk 40 met 'n opdrag tot die profete: Gaan troos my volk. Sê vir hulle: Hulle hartseer is verby, want die straf is op 'n einde. Hulle gaan terugkeer na Kanaän toe; hulle gaan terug na die tempel toe, terug na God toe.

Hoe is dit moontlik? Het God dan vergeet van hulle sondes? Nee, maar die profete moes Israel toeroep: ... dat ... haar (sonde-) **skuld betaal** is. Die oorsaak van hulle straf, die sonde, is weggeneem, betaal.

In hoofstuk 53 laat Jesaja ons sien hóé dit betaal is: Iemand anders het ons skuld betaal: Die Kneg van die HERE het dit gedoen. Met hierdie **Kneg** word ons **Here Jesus Christus** bedoel. Jesaja 53:3 gee 'n besondere beskrywing van Hom; Hy was '*n man van smarte*, van hartseer.

Met daardie woordjie *smarte* word in die Ou Testament heel in die besonder bedoel: **die hartseer, die smart, die lyding vanweë die toorn van God.**

En nou beskryf Jesaja Jesus met hierdie besondere naam: '*n man van smarte*. Hy was 'n man van smarte, omdat sy hele lewe hier op aarde van begin tot einde deur hierdie smarte gekenmerk is: dat Hy die toorn van God gedra het.

Was Hy dan so 'n groot sondaar? Nee, intendeel, Hy het geen sonde gehad nie. Maar hoekom moes Hy dan so smartlik ly? Dit sê Jesaja 53:5: Hy is ter wille van *óns* oortredinge deurboor, ter wille van *óns* ongeregthede is Hy verbrysel. In Jesaja 53:4 hoor ons nog 'n keer die woordjie smarte: *óns smarte*. Dit staan met nadruk daar: *óns* smarte – die hartseer wat *óns* verdien het. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra.

Dit is mooi om die verband tussen Jesaja 40 en 53 te sien:

- **Jesaja 40** roep dit uit: Troos, troos my volk, want haar **skuld** is betaal, die smart is verby;
- **Jesaja 53** profeteer van die Man van smarte, wat ons smart gedra het. Hy het ons smart gedra, omdat – OMDAT Hy *óns skuld* gedra het het (v 11) en omdat Hy sy siel as **skuldoffer**, as betaling van *óns* skuld, aangebied het.

Dit het vir ons **die teenoorgestelde van smarte** gebring: die **vrede** met God, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (v 3)

2.2. Enigste

Die troos word beskryf as die **enigste**. Daar is nét een troos en dit is Christus alleen.

Onder andere in Johannes 14:6 leer Christus ons dit: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; **niemand** kom na die Vader behalwe deur My nie.

Julle moet maar gaan kyk hoeveel keer die Heidelbergse Kategismus woorde soos **enigste**, **alleen** en so aan gebruik.

Reeds by die toegangspoort tot die reformatoriese Heidelbergse Kategismus en met name in die woord **enigste** hoor ons die eggo van die Reformasie van Luther en Calvyn met sy **alleen** (enigste, Latyn *sola*):

- die Woord **alleen**,
- Christus **alleen**,
- die geloof **alleen**,
- genade **alleen**,
- aan God **alleen** die eer.

2.3. In lewe en in sterwe

Ons soek troos **in lewe** én **in sterwe**. Immers:

- ons kry al **in** (hierdie) **lewe** te make met die sonde en met die toorn van God oor ons sondes, met stukkende mensverhoudings en met die gevolge van die sonde soos siekte en dood en
- **in sterwe**, wanneer ons sterf, kom ons met ons sondeskuld voor die regterstoel van God te staan.

Laastens staan ons stil by die woordjie

2.4. Jóú

Wat is **jóú** troos?

- Geloof is 'n absoluut persoonlike saak.
- Die dominee kan nie vir jou glo nie; jou ouers of voorouers se geloof kan jou nie red nie.

Jy moet dit **sélf** glo en **sélf** bely. Daarom: **jý, jý** – wat is **jóú** enigste troos?

Les 2: Antwoord 1a. Die hoofgedagte: die eiendom van my getroue Saligmaker!

INLEIDING: Die hoofsins of hoofgedagte van vraag en antwoord 1 is: ek is die eiendom van my getroue Saligmaker Jesus Christus

IN HIERDIE LES kom ek met julle by **die onbeskryflik heerlike vrug, die hart van die Evangelie:**

Dit is naamlik my troos: ek is die eiendom van my getroue Saligmaker Jesus Christus.

Dit is die **hoofgedagte** van Sondag 1 en die hele Kategismus en die hele Bybel.

Dit is 'n juigkreet: Ek is eiendom van Jesus.

Ek wil die hele vervolg vir julle saamvat in hierdie volgende aanbieding (=Die hart van die kategismus), sodat julle alles goed kan volg.

Die hart van die kategismus



Ek is die eiendom van my Saligmaker.

1. Ek **wás** voorwerp van God se toorn en ek **wás** slaaf van die duiwel
2. **Noú** is ek kosbare eiendom
3. **My Eienaar** is: my getroue Saligmaker Jesus Christus
4. Nou moet ek ook hierdie **eiendomskap uitleef**

1. Ek wás voorwerp van God se toorn en slaaf van die duiwel

In hierdie **troosryke antwoord** spel die Kategismus **ook ons hartseer** uit.

Hy laat ons naamlik sien **wat die hartseer is waarvan ons verlos is.**

Ek is verlos van

- (die hartseer) **van *al my sondes*** - van my berge van skuld voor die oë van God;
- (die hartseer) **van *alle heerskappy van die duiwel*** – van die vreeslike sondemag.

Hoor julle die woorde ***al*** en ***alles***? Al my sondes, alle heerskappy – alles. Dit beteken: Ons Here Jesus is 'n **volkome** Saligmaker.

En nóú,

2. nóú is ek die kosbare eiendom van my getroue Saligmaker Jesus Christus

Die Bybel is vol daarvan dat die kerk ***eiendom*** van die Here is:

Ons hoor dit al in die **Ou Testament**, onder andere in Psalm 135:4: Want die HERE het Jakob vir Hom uitverkies, Israel as sy ***eiendom***.

En in die **Nuwe Testament** word dit van ons, van die kerk van die Nuwe Verbond gesê: Maar julle is ... 'n volk as ***eiendom*** verkry (1 Petrus 2:9)

Dit is 'n mooi woord: ***eiendom***. Ons sou dit nog beter kon vertaal met ***kosbare eiendom***.

Maar julle moet weet: Agter hierdie woordjie ***eiendom***, lê die gedagte van ***vrygekoop*** en die gedagte van ***'n duur prys***. Steeds lê agter hierdie twee woordjies ***eiendom*** en ***vrygekoop*** die gedagte van ***betaling***.

Dit het die Vader 'n ontsaglike duur prys gekos: die kosbare bloed van die Paaslam, die kosbare bloed van die kruis, van sy liewe Seun.

Luister maar na 1 Petrus 1 vers 18 en 19: Julle weet dat julle nie deur silwer of goud losgekoop, ***vrygekoop*** is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos. En 'n ent verder in 1 Petrus 2:9 sê Petrus: Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as ***eiendom verkry*** ...

3. My Eienaar is my getroue Saligmaker Jesus Christus


Ek is eiendom van *my getroue Saligmaker Jesus Christus*.

Dit is 'n rits van diep gelaaide woorde:

- *my*,
- *getroue*,
- *Saligmaker*,
- *Jesus*,
- *Christus*.

Ons hardloop so maklik oor woorde heen en juis hierdie woorde kry so min aandag in die Kategismusverklarings.

Kom ons kyk na hierdie diamantsnoer:



My – die ware geloof sê: *my*. U het gesterf en U het dit ook vir my gedoen ja, óók vir mý.

Getroue – hier is 'n Saligmaker op Wie jy kan steun en vertrou met die ganse gewig van jou hele bestaan en met die hele ondraaglike las van al jou ellende.

Saligmaker – dit is meer as Gelukkigmaker, want Hy skenk ons nie maar net “gewone” aardse gewone geluk nie, maar die seëninge van God. Die seën van die HERE—dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie. (Spreuke 10:22) Saligmaker beteken Verlosser, maar ook meer as Verlosser, want Hy verlos ons nie net van ons ellende nie, maar Hy skenk Homself in die plek daarvan: Immanuel, God met ons; sy seëninge. Dit is paradys, hemel op aarde. Wie die woord salig (Saligmaker) wil verstaan, moet onder andere die Saligsprekinge van Matteus 5 gaan lees. Die Salig word daar uitgespel met die woorde na die want: Salig ... want (en dan volg waarin die saligheid bestaan) aan hulle behoort die koninkryk van die hemele ...

Jesus Christus – Hy is gesalf (dit is wat Christus beteken) om Jesus te wees, dit wil sê Verlosser van al ons sondes.

4. Nou moet ek ook hierdie eiendomskap beleef en uitleef

Die geloof dat ons eiendom van ons Here is, moet ook 'n stempel op ons lewe plaas. Dit is iets waaruit ons moet leef.

By die opstel van ons Heidelbergse Kategismus het die vors, die regeerder van die Palts, 'n besondere rol gespeel: Hy het aan 'n paar manne opdrag gegee om die Heidelbergse Kategismus op te stel. Sy naam was Frederik III. Later het hy die veelseggende bynaam die Vrome gekry en dit vertel ons baie van hierdie man. Hy het nie net die Kategismus laat opstel nie, maar hy het ook daaruit geleef. Sy geloof het hom in lewensgevaar gebring, maar sy geloof het hom dapper gemaak. Deur daardie geloof het hy op 'n keer geskryf: ***Ek is heeltemal die eiendom van my liewe en getroue Heiland Jesus Christus na liggaam en siel, in lewe en in sterwe. Ek het Hom te veel gekos dat Hy my in die bek van die duiwel sou oorgee. Immers, Hy het my met sy kosbare bloed gekoop. Daarom glo ek vas en seker dat die duiwel met al sy liste en slim streke sonder die wil van my Vader in die hemel nie eens die kleinste haar van my kop skade kan aandoen nie, laat staan nog dat die duiwel dit kan uitruk.***

En so kon Frederik praat, want dit het hy uit die Bybel geleer. Want toe Paulus op 'n keer voor sy regters moes staan, het almal hom in die steek gelaat. Maar dan skryf hy aan

Timoteus: In my eerste verdediging het almal my verlaat ... ***Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor; en ek is uit die bek van die leeu verlos.*** (2 Timoteus 4:16-17).

Les 3: Antwoord 1b. Hoé ek sy eiendom geword het en hoé ek altyd sy eiendom sal bly

My enigste troos is dat ek die **eiendom** van Jesus Christus is.

Nou egter twee belangrike vrae:

1. Hoé het dit gebeur dat ek die kosbare besit van Jesus Christus **geword** het?
Is dit miskien aan **myself** te danke? Is dit danksy **mý** inspanning en **mý** goeie werke dat alles tussen my en God weer reg is? Is dit danksy **myself** dat daar weer liefde vir God en my naaste in my lewe is?
2. Hoé sal ek vir altyd sy eiendom **bly**?
Hang dit ook van **myself** af of ek tot in ewigheid eiendom van die Here sal **bly**? Is dit ek wat Hom vashou tot die einde toe?

Die twee hoofgedagtes



1. Hoé ek Christus se eiendom geword het Antwoord: ✎ Christus betaal ✎ Christus verlos	2. Hoé ek Christus se eiendom bly Antwoord: ✎ Christus bewaar
--	---

1. Dit is *nét* deur die werk van Christus dat ek eiendom word en bly – *nét Hý*

As ons met aandag na antwoord 1 gaan kyk, val die woordjie **Hý** 'n mens dadelik op.

Nét Hý in antwoord 1



- ☞ **Hy** het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.
- ☞ **Hy** bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.
- ☞ Daarom verseker **Hy** my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak **Hy** my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Dit is net **Hý**, **Hý**, **Hý**. Dit is **Hý** voor en dit is **Hý** na.

Hý is die begin tot die einde, die A tot die Z.

Daardie **Hý** is ons getroue Saligmaker, Jesus Christus.

Sy werk en dit alleen staan in die **middelpunt** in Sondag 1 en in die hele belydenis. Dit is ook die hart van die Heilige Skrif.

Hier is geen enkele sprake van mensewerk nie, maar **Hý** doen alles.

Hý alleen – dit beteken dus:

1. nét deur sy werk **wórd** ons sy eiendom en
2. nét deur sy werk **blý** ons eiendom.

Kom ons kyk dan in die vervolg na sy werke.

2. Hóé ek eiendom geword het deur die werk van Christus

Ek word die eiendom van Christus alleen deur en danksy **die werk van Christus**.

Die Kategismus vat hierdie werk van Christus in twee woorde saam:

1. **betaal** en
2. **verlos**.

Kom ons stel dit in 'n diagram voor:



2.1 Hy het betaal vir my sondeskuld

Hy het my sy eiendom gemaak deurdat **Hy** het met sy kosbare bloed vir al my sondeskuld ten volle **betaal** het.

Ons moet weet wat ons verlossing die Vader gekos het: die **kosbare** bloed van sy Seun (1 Pet 1:18,19).

Ons moet ook weet: Hy het **ten volle** betaal. Die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van **alle** sonde (1 Joh 1:7).

Die ware geloof hou hierdie woorde **ten volle** en **alle** (dws dat Christus **ten volle** betaal het en dat sy bloed reinig van **alle** sonde) met alle mag vas, want

- daarmee gee ons God **al** die eer vir ons saligheid en
- daarin lê ons saligheid heeltemal, **geheel en al** vas.

2.2 Hy het my verlos van die sondemag

Hy het my sy eiendom gemaak deurdat **Hý** my **verlos** het van alle heerskappy van die duiwel, van die mag van die sonde. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn: om die werke van die duiwel te verbreek. (1 Johannes 3:8).

Ons getroue Saligmaker red ons nie net van die skuld van die sonde en die toorn van God nie. Hy maak ons ook nuwe mense. Hy herstel ons verhouding met God en met ons naaste.

In sy verlossing van die heerskappy van die sonde lê die geheim van 'n lewe vir God en vir gesonde menseverhoudings. Sy verlossing en dit alleen herstel stukkende verhoudings.

3. Hóé ek eiendom bly deur die werk van Christus

Ek bly die eiendom van Christus alleen danksy die werk van Christus.

Die Kategismus vat hierdie werk van Christus in een woord saam: **bewaar**.

Kom ons vat dit ook in 'n diagram saam:

(2) Die werk van Christus:

Hý hou my sy eiendom

want



Hý bewaar my

Gevolg:

- ✠ Ek bly by sy verlossing en leef daaruit
- ✠ Ek verkondig Christus se werke in my woorde en daade ... dit is wat dankbaarheid is.

Ons moet een ding terdeë besef: As dit van onself sou afhang, sou ons lankal al die troos gelos het en opgehou het om eiendom van ons getroue Saligmaker te bly.

Dit bely ons immers ook in antwoord 127: ***Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie.***

Ons is in onself ***só swak*** dat ons ***nie één oomblik*** staande kan bly nie. Genadiglik verlos ons troue Saligmaker ons nie net nie. Hy sorg boonop daarvoor dat ons by die troos bly. **Hý** doen dit deurdat Hy ons **bewaar**.

Ek het aan die begin gesê dat ons by die **uitleg van die Kategismus 2 reëls** moet gebruik: Ons moet die Kategismus *eerstens* met die Woord verklaar en *tweedens* met met die Kategismus self. Kom ons kyk daarom wat Skrif en Kategismus oor hierdie **bewaring** sê:

1. Wat die **Skrif** betref:

In Johannes 10:28 sê Jesus: En Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

Die Psalms is vol van die bewaringswerk van die HERE. Dit is een van die groot temas in die Psalmboek. Psalm 121 loop oor van vertrouwe in God se bewaring. Die woord bewaar is die sleutelwoord in daardie Psalm. Die woorde bewaar en Bewaarder kom sesmaal voor in die kort Psalm: ... jou **Bewaarder** kan nie sluimer nie. Kyk, die **Bewaarder** van Israel sluimer of slaap nie. Die HERE is jou **Bewaarder** ... Die HERE sal jou **bewaar** vir elke onheil; jou siel sal Hy **bewaar**. Die HERE sal jou uitgang en jou ingang **bewaar**, van nou af tot in ewigheid.

2. Wat die **Kategismus** betref:

In antwoord 31 bely ons in verband met ons **bewaring**: Christus is gesalf tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing, wat Hy vir ons verwerf het, beskut en **bewaar**.

In antwoord 51 hoor ons dat dit die nut van sy koningskap is: dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en **bewaar**.

Samevattend: Christus verlos ons én Hy bewaar ons by die verlossing. Hy laat heeltemal *níks* in ons hande nie, maar Hy neem *álles* in sy hande. In sy hande is ons saligheid verseker en ons troos gewaarborg.

4. Christus se bewaring en my beproewings

Christus se bewaring beteken nie dat daar nooit beproewings op my lewenspad kom nie.

Christus bewaar my só – op so 'n manier - dat **alles**, ook die beproewings, **tot my saligheid moet dien**.

Die geskiedenis van Josef is 'n mooi voorbeeld daarvan: ***Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing*** (Genesis 45:7). Christus se bedoeling met **alles** wat Hy oor Josef se pad gebring het, was die verlossing, die **saligheid**, van die huis van Jakob.

Daardie woordjie **tot** – **tot my saligheid** – beteken: doel, mikpunt, dit wat die Here beoog met beproewings in my lewe: dit moet dien tot my **saligheid**, tot my geseënde lewe by God, met die oog daarop dat ek eiendom sal bly.

5. God die Vader in Christus deur die Heilige Gees is ons enigste troos

Antwoord 1 praat ook van die **Vader** en die **Heilige Gees**:

Christus bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse **Vader**, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.


Christus verseker my ook deur sy **Heilige Gees** van die ewige lewe en maak my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Ons kan dus sê: God die Vader in Christus deur die Heilige Gees is ons **enigste troos**.

Ons kan Vraag en antwoord 1 daarom beskryf as 'n heerlike lofsang op die werk van God Drie-enig.

By die werk van Christus deur sy Gees gaan ons in die volgende les kom.

6. 'n Grafiese voorstelling van Christus se werk



Les 4: Antwoord 1c. Daarom: geloofssekerheid en geloofsgewilligheid omdat Christus ons skuld betaal, ons verlos, ons bewaar

1. Daarom – 'n klein woordjie met 'n groot inhoud

Ons kom in hierdie les by 2 sake:

1. Ons **geloofssekerheid**, ons sekerheid dat ons die ewige lewe het; en
2. Ons **gewilligheid** om die Here van harte te dien, om dankbaar te wees.

Ons moet onself in verband met hierdie 2 sake afvra:

1. **Eerstens:** Kán ek seker wees van die ewige lewe en hóé kan ek seker wees? Is dit deur my goeie werke? **Lê my geloofssekerheidsekerheid in dit wat ek self doen?**
2. **Tweedens:** Hoe kom ek tot die gewilligheid om die Here van harte te dien? **Is dit deur my eie krag dat ek gewillig is?**

Nee, dit is nie danksy **óns** – **óns** werke, **óns** inspanning nie.

Ook hier sien ons **Christus aan die werk**. Ook hier is dit weer net **Hý, Hý**:

1. **Hý verseker my van die ewige lewe; en**
2. **Hý maak my van harte gewillig en bereid om Hom te dien.**

- **Op grond waarvan** verseker Christus my dan van die ewige lewe?
- En **hoe** maak Christus my gewillig om Hom te dien?

Hier wil ek julle aandag vestig op 'n klein woordjie, die woord **daarom**:

- **Daarom** verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en
- **(daarom)** maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Daarom – hier het ons weer so 'n klein woordjie, maar 'n woordjie wat so uitermate belangrik is.

Met die woord **daarom** word die **verseker**-werk én die **gewillig-maak** van Christus deur die Heilige Gees ten nouste verbind aan die werk van Christus in die eerste deel van die antwoord (sy **betaal**, **verlos** en **bewaar**).


Ek kan dit ook so stel: **omdat** Christus vir my sondes betaal het en **omdat** Christus my verlos en **omdat** Christus my bewaar, **daarom** (om daardie rede):

1. **daarom verseker Christus my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe** en
2. **daarom maak Christus my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.**

Ek wil dit nog anders sê::

1. My **sekerheid** van die **ewige lewe** – dit lê in Christus, dit lê die skuldbetalende, verlossende en bewarende werk van Christus.
2. Die **geheim** van **my van harte gewillig en bereid wees om voortaan vir Hom te lewe** – skuldbetalende, verlossende en bewarende werk van Christus.

Kom ons vat dit ook nog saam in 'n diagram:



My **sekerheid** en my **gewilligheid** is uitsluitlik gewortel en gegrond in **die werk van Christus**.

2. Daarom – deur Woord en Gees

In die Reformasie is daar die nouste verband gelê tussen **Woord** en **Gees**:

Christus werk deur sy Woord en Gees en deur sy Woord en Gees verseker Hy ons van die ewige lewe en maak Hy ons gewillig om vir Hom te lewe.

Die Gees is die Gees van die Woord: Hy kom met die Woord na ons toe kom. Daardie Woord is Christus. Die Gees is die Gees van Christus, wat Christus na ons toe bring.

Presies dit kry ons hier in antwoord 1 en na die woordjie **daarom**.

Die skuldbetaling en verlossing en bewaring van Christus is die **Woord** van Christus. **Met daardie Woord** verseker Christus ons **deur sy Gees** van die ewige lewe en maak Hy ons dankbaar.

Die **Heilige Gees** is:


- die ander **Trooster** (Johannes 14:16),
- die Gees van die **waarheid** (Johannes 14:17)

Die Heilige Gees kom egter **nié met 'n ander troos en 'n ander waarheid nie**.

- **Christus is die troos**, waarmee die Gees ons troos. Immers, Hy leer ons alles en herinner ons aan alles wat Christus gesê het (Johannes 14:26). Die Gees doen niks liewer as om Christus aan ons te verkondig nie: **Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig** (Johannes 16:14).
- **Christus is die waarheid** (Johannes 14:6), wat die Gees van die waarheid aan ons verkondig, wat die Vader in die Naam van Christus gestuur het (Johannes 14:26). Die Heilige Gees toon aan ons hoe God se belofte-Woord in Christus be-waarheid word, waar gemaak word, vervul word.

Kom ons vat dit weer in 'n diagram saam:

Christus deur sy Gees én Woord ons LEWE



3. Daarom - ook ons doopsformulier

Kyk ook hoe nou verbind ons **doopsformulier** die **werk van die Heilige Gees** met die **werk van Christus**:

As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, "verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Korintiërs 12:13) **deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik:**

1. **die afwassing van ons sondes en**
2. **die daaglikse vernuwing van ons lewe"**

Die eiendom (ons) word ook eienaars van die skatte van ons Eienaar.

Dit is weereens: Gees en Woord, Gees en Christus.

Les 5: Vraag en antwoord 2. Noodsaaklike kennis

In hierdie les gaan die volgende behandel word:

Noodsaaklike kennis



1. Lewens- en sterwens-noodsaaklike geloofs-kennis
2. Nie maar net verstandswete of – kennis nie
3. Die 3 dele van hierdie noodsaaklike geloofskennis
4. Die herkoms van die driedeling
5. Ellende, Verlossing, Dankbaarheid
6. Moet die drie beslis nooit losmaak van mekaar nie

1. Lewens-noodsaaklik en sterwens-noodsaaklike geloofs-kennis

Lewens-en sterwensnoodsaaklike kennis



Vr. Hoeveel dinge is daar vir jou nodig om te weet, sodat jy in hierdie troos salig kan lewe en sterwe?

1. **Nodig** – noodsaaklik, 'n **moét** – 'n absoluut onmisbare kennis
2. In lewe en in sterwe – lewensnoodsaaklike en sterwensnoodsaaklike kennis
3. 'n **moét** vir
 - a) 'n salig (geseënd) lewe en
 - b) 'n salig (geseënd) sterwe

Om deel te kan kry aan die enigste Troos van vraag en antwoord 1, **móét** ons drie dinge **weet**.

Dit gaan om 'n **móét** weet. Dit handel oor 'n kennis wat jy nie kan mis nie, want as jy dit nie het nie, kan jy nie **salig (geseënd) lewe en salig (geseënd) sterwe** nie. Op daardie **lewens-noodsaaklike** en **sterwens-noodsaaklike** kennis gaan die Kategismus in in vraag en antwoord 2.

2. Nie maar net verstandswete of – kennis nie

Dit gaan hier sekerlik ook nie bloot oor **verstandskennis** nie. Dit gaan oor **geloofskennis**.

Hierdie dinge moet ons hart aangryp, ons vertroue en ons lewe verander. Dit gaan daarom dat ons deur die Heilige Gees geleer moet word om **my** te sê: **my** sonde, maar ook **my** Saligmaker. Here, U het gesterf en u het dit ook vir **my** gedoen.

3. Die drie dele van hierdie noodsaaklike geloofskennis

Ek moet drie dinge weet:

1. hoe groot my sonde en ellende is;
2. hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en
3. hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

Hierdie driedeling vorm ook die groot **indeling** van die Heidelbergse Kategismus.

4. Die oorsprong van die driedeling van die Kategismus

Waar kom die Kategismus aan hierdie kennis, hierdie drieërlei kennis?

God openbaar hierdie kennis aan ons in die Bybel.

Die belydenis kry dit onder andere in die Romeinebrief:

Romeine en die driedeling



1. Romeine 1:1 – 3:20

Openbaar ons **sonde en ellende**

2. Romeine 3:21 – 11:

Leer ons die weg van **verlossing**

3. Romeine 12:1 – 16

Handel oor ons **dankbaarheid**

Weer 'n keer sien ons: Ons moet in ons verklaring van die Kategismus in die Woord gaan kyk. Ons Kategismus praat die taal van die Bybel.

5. Ellende, Verlossing, dankbaarheid

Ook in Psalm 130 – in die Ou Testament dus – kry ons die driedeling.

Ter inleiding wil ek 'n diagram gee, sodat julle 'n mooi oorsig oor Psalm 130 kan hê.

Psalm 130



1. ELLENDE

1 ... Uit die dieptes (van my ellende) roep ek U aan, o HERE! ...

3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan (staande bly, dws vrygespreek word voor u regterstoel)?

2. VERLOSSING

4 MAAR by U is vergewing,

3. DANKBAARHEID

4 dat U gevrees mag word ...

2. VERLOSSING

7 ... by Hom is daar veel verlossing;

8 en Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.

5.1 Hoe groot my sonde en ellende is

Psalm 130 oor die grootheid my sonde en ellende



As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?

1. Ongeregtighede (meervoud en met nadruk), nie maar net ongeregtigheid nie
2. As die Here dit in gedagtenis hou: daarvan boekhou
3. Wie sal bestaan (voor sy regterstoel)? Die antwoord is: niemand nie!

Dit gaan nie daaroor dat jy maar net moet weet **dat** jy sonde het nie. Jy moet weet **hóé groot** jou sonde en ellende is.

Dit het die man van Psalm 130 geweet: **As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?** (v 3)

Die woord **ongeregtighede** het die nadruk in die sin. En - dit staan in die meervoud: **ongeregtighede**. Met die meervoud word die grootheid en menigvuldigheid van ons sondes aangedui. Dit staan lewensgroot voor hierdie man van Psalm 130. Hy weet: As die HERE **dit in gedagtenis hou, dit wil sê** as God **van sy ongeregtighede boekhou**, as hy dan voor die regbank van God moet gaan staan, sal hy veroordeeld staan. Maar nie net hy nie, maar hy vra: **Wie sal bestaan** (staan voor die regterstoel van God)? En die vraag veronderstel as antwoord: niemand nie – ook ons nie.

Hierdie sondekennis is **noodsaaklik** vir ons verlossing en dankbaarheid:

1. Hierdie sondekennis is noodsaaklik ten opsigte van ons **verlossing**:

As ons nie waarlik onder die indruk van ons ellende is nie, sal ons ook nooit die behoefte aan 'n verlosser hê nie. Ursinus sê: As 'n mens weet dat jy siek is, het jy behoefte aan medisyne. As jy nie besef dat jy krank is nie, gaan jy nie na die dokter toe nie. Matteus 9:12 leer dit: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is.

Maar dit is die probleem vandag: Die mens is in sy eie oë springlewendig en gesond. En as hy wel iets makeer, ag dan genees ons dit sommer self 'n salfie van ruk-jouself-reg en met 'n pilletjie van sielkunde. Maar na die groot Geneesheer gaan ons nie. Dink maar aan koning Asa: Asa (2 Kronieke 16:12): En in die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere.

2. Hierdie sondekennis is noodsaaklik ten opsigte van ons **dankbaarheid**:

Wie werklik deur die geloof weet van watter verskriklike kwaad, van wat 'n uiterste smart hy gered is, sal dankbaar wees.

5.2 Hoe ek van al my sonde en ellende verlos kan word

1. Die digter van Psalm 130 het **geweet** hoe. Uit die diepte van sy ellende het hy **gebid**. Hy het dus na God toe gegaan.

Psalm 130 oor die verlossing: 1. sy gebed



- 1 Uit die dieptes *roep* ek U *aan*, o HERE!
- 2 ... laat u ore luister na die stem van my *smeking*.

Hy het gewéét hoé om verlos te word: Hy het **gebid**.

Twee woorde vir gebed:

1. Hy het *geroep* (letterlik: *geskreeu*. Wys hoe diep sy nood, angs was.
2. Hy het *gesmeek* (letterlik: *gesmeek om genade*)

Daar word **twee woorde** in verband met sy **gebed** gebruik:

- Hy het **geroep**, *geskreeu* uit die diepte van sy nood. ‘n Mens kan daarin hoor hoe beangs dit hom gemaak het.
- Hy het **gesmeek**, letterlik **gesmeek om genade**, om onverdiende guns.

Hy het **geweet**: Hy verdien dit nie om voor God te bestaan nie. Hy het **geweet**: Hy kan homself nie verlos nie, hy kan nie self vergewing bewerk nie.

2. Maar hy het ook iets anders **geweet**: **Maar by U is vergewing**. Wat ek nie kan doen nie, dit kan U doen, o HERE.

Psalm 130 oor die verlossing: 2. Vergewing en veel verlossing



- 4 Maar by U is *vergewing*
 7 by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is
 daar *veel verlossing*;
 8 en Hy self sal Israel *verlos van al sy*
ongeregtighede.

1. *Maar* by U – dit is die maar van God se genade
2. *Vergewing* – ‘n woord net van God gebruik
3. *Veel* verlossing, verlos van *al* sy ongeregtighede

In die Hebreeus is daar ‘n paar woorde wat **net van God** gebruik word: onder andere die woord **skep** en dan ook die woord wat hier vir **vergewe** gebruik word. Hy moet dit doen en Hy sal dit doen. En op daardie noot eindig die Psalm ook: **en Hy Self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede. Hy Self** – met nadruk.

Dit is mooi om die kontras in die Psalm raak te sien:

Psalm 130

Die groot kontras



1. Die Psalm **begin** met die menigvuldigheid van ons ongeregtighede:

130:3 As U, HERE, die *ongeregtighede* in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?

2. Die Psalm **eindig** met die menigvuldigheid van God se verlossing:

130:7 by Hom is daar *veel verlossing*;

130:8 en Hy self sal Israel verlos van *al sy ongeregtighede*.

- Die Psalmdigter **begin** by sy menigvuldige *ongeregtighede* en
- hy **eindig** daarmee dat daar by die HERE *veel verlossing* is en dat die HERE Israel sal verlos van al sy *ongeregtighede*.

Dit begin en eindig dus met die woord *ongeregtighede*.

Verder stel hy teenoor die **meervoud** van ons *ongeregtighede* die **meervoud** van God se werk, die meervoud van die evangelie: *veel verlossing*, en *Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede*.

Psalm 130 begin in die diepte van ons verlorenheid en dit eindig in die hoogte van God se verlossinge.

5.3 Hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees

Psalm 130

Dankbaarheid: sodat en vrees



Psa 130:4 Maar by U is vergewing, *dat* U *gevrees* mag word.

- ☞ Letterlik staan daar nie *dat* nie, maar *sodat* (gevolglik)
- ☞ Die *vrees* is die gevolg, **die vrug van die vergewing**
- ☞ *Vrees* beteken nie angs nie, maar *liefde, eerbied*

In Sondag 16:43 word die boom van ons dankbaarheid gewortel in die grond van die kruis: Deur die krag van sy kruis word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe, **sodat** die bese lyste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy


In vers 4 sê ons Psalmidigter: By die HERE is vergewing. En dan voeg hy daarby: ***dat*** – eintlik ***sodat, gevolglik*** – ***sodat U gevrees mag word.***

Die ***vrees van die HERE*** is die vrug van skuldvergifenis.

Met die ***vrees van die HERE*** word bedoel: eerbied, liefde vir die HERE, dankbaarheid vir sy genade.

In Sondag 16:43 word die boom van ons dankbaarheid gewortel in die grond van die kruis: Deur die krag van sy kruis ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, **sodat** die bese lyste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy, ***Só*** – deur die krag van die kruis – ***kán*** ek vrugte dra.

6. Moet die drie beslis nooit losmaak van mekaar nie



Die drie - sondekennis, verlossingskennis en dankbaarheidskennis -, die drie hoort onlosmaaklik bymekaar.

Ons moet goed verstaan:

1. Dit is eers **deur die verlossende ingryping van Christus** deur sy Gees en Woord in ons lewe **dat ons oë oopgaan vir ons sonde**. Ons kom nooit uit ons eie tot sondekennis nie. Dit beteken: Reeds wanneer ons tot sondekennis kom, is Christus verlossend, openbarend, met sy Verlossingswoord in ons lewe besig.
2. Maar dit is ook eers **op Golgota** dat ons sien **hoe erg ons sonde is**. Sondekennis kry ons as ons kyk na die kruis. Want ons Nagmaalsformulier verklaar: "...die toorn van God teen die sonde is so groot dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy geliefde Seun, Jesus Christus, met die bittere en smadelike kruisdood gestraf het".
3. Dit is ook absoluut **on-Bybels om ons verlossing los te maak van ons dankbaarheid**. Ons dankbaarheid is 'n noodwendige vrug van ons verlossing. As ons verlos is, sal daar ook die vrugte van dankbaarheid wees. Dit kan nooit so wees

dat ons verlos is en dat daar geen dankbaarheid in ons lewe sal wees nie. Golgota is die vrugbare grond waaruit die vrugte van dankbaarheid voortspruit.

Ek wil dit alles ook nog so aan julle stel:

Die deel oor die verlossing slaan sy vlerke uit oor die dele oor die ellende en die dankbaarheid. Dit wil sê:

Ómdat ons verlos is - dáárom kry ons 'n insig in ons sonde en doemwaardigheid.

Ómdat ons verlos is - dáárom kom daar vrugte van dankbaarheid in ons lewe.

Ómdat ... dáárom.

Ómdat Christus... dáárom ons.

7. Die hele Kategismus, die hele Reformasie, die hele Evangelie in 'n neutedop

Sondag 1 – dit is die hele Kategismus, die hele Reformasie, die hele Evangelie in 'n neutedop.

Dit is 'n kunswerk van God. Dit kon die manne van Heidelberg en die Reformasie nie self gedoen het nie. Dit is al wat ek kan sê.

Die Skrif, die Evangelie in sy samehang, die leer van genade alleen, van Christus alleen – dit gaan in hierdie Sondag vir ons oop.

Wie Sondag 1 verstaan, verstaan die Kategismus, die Reformasie, die Bybel.